Kreatiewe prediking: kreatiwiteit in diens van die

Heilige Gees in die ingewing van die preek

deur

Johan Stephanus Botha

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

PhD

In die Fakulteit Teologie,

Universiteit van Pretoria

Promotor: Professor C J A Vos

Mede-promotor: Prof H J C Pieterse

Augustus 2010

© University of Pretoria

# Voorwoord.

Kreatiwiteit in ‘n kerklike omgewing. Met die eerste blootstelling aan kreatiwiteit het dit onmoontlik geklink. Daar was trouens iemand wat vermaan het dat die kerk nie dinge soos kreatiwiteit nodig het nie. Kreatiwiteit is afgemaak as iets wat die sogenaamde “New age beweging” geformuleer het om die kerk en die wese van geloof te ondergrawe. ‘n Beter prikkel om verder te lees en te verken kon daar seker nie wees nie. In die afgelope tien jaar het die bywoning van verskeie kreatiwiteitskonferensies, wat deur die South African creativity foundation aangebied is, die belangstelling in die toepaslikheid van kreatiwiteit in persoonlike en kerklike verband, gestimuleer. Hierdie studie is die resultaat van hierdie groeiproses, mag dit bydra dat ander ook die waarde van betekenisvolle lewe daardeur kan ontdek.

> The art of **alchemy**: pay attention to your deep and complex interior life, become more sensitive about your relationships, consider your past thoughtfully, and use your imagination at full power. Work from the ground up toward finding the work that will make your life worthwhile (Moore 2008:11).

**Dankwoord:**

Opregte dank aan my gesin, Marina, Johan en Francois, vir julle geduld en ondersteuning.

Dank aan my ouers en familie vir ondersteuning en aanmoediging.

Dank aan Professor Hennie en mevrou Jos Pieterse. U was inspirerend in die manier waarop u my gestimuleer het om meer te gaan ontdek.

Dank aan Professor Cas Vos, u entoesiasme vir die mooi in die lewe is aansteeklik, dankie vir u raad en leiding.

Dank aan Me Hannatjie Klindt en Suzette Brümmer wat gehelp het met die taalkundige versorging.

Opregte dank aan die Kerkraad en lidmate van die NG Gemeente Edleen. Julle geduld en die vergunning in verband met die ophoping en neem van verlof, asook belangstelling en ondersteuning word opreg waardeer.

Dank aan die Onsienbare God wat sigbaar word in gestaltes en gawes waardeur mense U mag leer ken. **SOLI DEO GLORIA.**

**Zondagavond (Okke Jager)**

Amen. Ik heb gepreekt. Nu moet ik wel gaan schelden
En razen op die dwazen in mijn koude kerk,
Die zich bebleiten laten met wat ik vertelde
Met de gelaten slaafsheid van een stenen zerk.

Kan ik het helpen, dat ik alles niet kan zeggen?
Maar voelen jullie dan niet iets van het geweld
Van wat de duurste dominee niet uit kan leggen
En wat geen moeder aan haar kinderen vertelt?

Van pure heerlijkheid is het niet uit te spreken.
Kon ik maar onder aan de preekstoel bij de trap
Een hand aan Jezus geven en Hem laten preken,
En zeggen: pas op't deurtjie, want de ruimte is krap.

Ik zie de hele nacht die legen kerkgezichten
Waar't Woord op afstoot naar mijn lege hart retour.
En in de consistorie bij de nieuwsberichten
Zeggen wij God, de koster en elkaar bonjour.

De vrede ligt op sterven onder de genade
'''t Portaal ligt vol vertrapte psalmen en de preek
Ligt nu bij stukjes en bij beetjes in de paden.
De kostersvrouw kijkt rond:het wordt een drukke week.

Dat Gij de hemel scheurdet en de netten kleren,
Scheur al die maskers en de muren en het dak!
Laat hier eens dalen heel de heerlijkheid des Heren,
Alsof de glazen zee door al haar dijken brak!

Laat me alsjeblieft met rust! Kan niemand dan begrijpen,
Dat preken leven is en sterven tegelijk,
En dat ik bij het amen in mijn arm moet knijpen
Of ik nu droom, dat ik zo arm ben en zo rijk?

Mij bidden is veel wijder dan de twee gebeden,
Waarin mijn bijna-bidden met mijn bidden spot.
En zo ik dan maar voor jullie plaats bekleden,
Gaapkoppen, slaapkoppen, domkoppen, kindren van God.

Mijn armen Zijn te Zwaar voor 'n Zwaar-geladen Zegen.
En voor die grote bijbel in myn hart te klein.
Och Here Jezus, Jezus, Jezus, houd mij tegen, -
Ik spring de preekstoel af, de kerk wordt een ravijn.

Gij hebt de engel der gemeente willen schrijven,
En Zelf hebt Gij het ondertekend met een snik:
"Houd je maar kalm, Ik zal het ook wel blijven.
En houd maar veel van deze mensen – zoals Ik."

**Summary:**

**Creative preaching: Creativity in service of the Holy Spirit in the sermon inception.**

This study deals with creative preaching through exploring pneumatology and creativity as prime ingredients for creative preaching. The researcher sees the problem of preaching in terms of the limited resources for proclaiming the very old message of the gospel of Jesus Christ in a fast changing world. Preaching in the reformed tradition is based primarily upon the Bible and the tradition of the church. The researcher suspects that, given the limitations of the age of the source, the preacher runs the risk of boring the congregation, who regularly attends sermons, by becoming irrelevant to their living conditions through having to repeat the same basic message. The researcher suspects that the preacher may run out of ideas and ways of bringing a relevant message in a fresh way, week after week, and begin to employ all kinds of tricks and gimmicks in order to stay relevant. Creative preaching is suggested as answer to this dilemma.

Creative preaching is studied within the frame of creativity in service of the Holy Spirit. The study strives to explore the field of creativity from a homiletical perspective and bring the results into a pneumatological context by means of a hermeneutical method, with the aim of designing a basic theory for creative preaching.

The first part of the study comprises a literature study of the fields of pneumatology and creativity. Pneumatology is explored in terms of the biblical roots of the use and meaning of the terms *rûaḥ*, p*neuma and paracletos*, as well as a brief theological exploration. A pneumatology for preaching includes the Spirit as carrier of the Word and inspirer of the preacher and listener, within the context of the congregation as dedicated space for the working of the Spirit.

The second part of the literature study deals with creativity as a human capacity that can be learnt and developed. Creativity is a deliberate dynamic activity that produces new, unexpected and meaningful results through creative observation, creative thinking and creative insight.

Empirical research was conducted amongst preachers in the Dutch Reformed Church to ascertain their understanding of creative preaching and their experience of the workings of the Holy Spirit and creativity, in the process of producing a sermon. The research found that preachers understood the Holy Spirit as a vital part of the preaching process. Preachers experience the activity of the Spirit in their normal daily routines as ministers. Preachers do not regard themselves as creative people although they apply principles of creativity primarily in producing visual material for sermons as an additive.

The Research found a need for the concept of creative preaching. Creative preaching is developed and described as a process in which the preacher, with the guidance of the Holy Spirit, employs creative methods like observation, association, imagination and creative thinking in the whole process of sermon creation, from choice of Scripture to the presentation of the sermon. The sermon is structured in such a way as not only to be creative but also stimulating the creativity of the listeners. Creative preaching is stimulating preaching based on scripture, imagination and the inspiration of the Holy Spirit.

| **Sleutelwoorde:** | **Key words:** |
|---|---|
| Kreatiwiteit | Creativity |
| Pneumatologie | Pneumatology |
| Heilige Gees | Holy Spirit |
| Prediking | Preaching |
| Homiletiek | Homiletics |
| Praktiese teologie | Practical theology |
| Kreatiewe prediking | Creative preaching |
| Verbeelding | Imagination |
| Parakleet | Paraclete |
| Verbeeldingryke prediking | Imaginative preaching |

Inhoudsopgawe.

Voorwoord. 1

Summary: 3

Sleutelwoorde: Key words: 4

HOOFSTUK 1 15

INLEIDING. 15

1. Probleemstelling. 20

2. Navorsingsvrae 20

3. Tema formulering en afgrensing met die oog op die navorsing. 24

4. Navorsingsontwerp. 27

4.1. Literatuuroorsig as metode. 28

4.2. Opnames onder mense met praktiese ervarings van die tema. 28

5. Die doelstellings van die studie. 29

6. Teologie. 30

6.1. Samevatting. 33

7. Die Praktiese Teologie. 33

7.1. Praktiese teologie is teologie. 35

7.2. Praktiese teologie is ‘n wetenskap. 36

7.3. Kommunikatiewe handelingswetenskaplike benadering. 38

7.4. Samevatting. 41

8. Homiletiek 41

8.1. Inleiding. 41

8.2. Prediking is die verwoording van die evangelie. 41

8.3. Binne die konteks van die gemeente. 42

8.4. Deur die prediker. 44

8.5. Deur middel van die gesproke woord. 46

8.6. Binne ‘n bepaalde samelewingskonteks. 47

8.7. Op estetiese wyse. 48

8.8. Samevatting. 49

9. Die lewensomstandighede of die konteks waarbinne die studie voltrek word. 50

Hoofstuk 2 54

Pneumatologie 54

Inleiding tot die denke oor die pneumatologie. 54

1. Bybelse agtergrond tot die verstaan van die Heilige Gees. ........................ 54
1.1. Gees in die Ou Testament................................................................... 56
1.2. Samevatting. ......................................................................................... 62
1.3. Die Gees in die Nuwe Testament.......................................................... 64
1.3.1. Die breë raamwerk van die voorkoms van die konsep *pneuma*.......... 65
1.3.2. Die voorkoms van *pneuma* in die Nuwe Testament............................ 67
1.3.3. Samevatting......................................................................................... 71
1.4. Teologiese verkenning van die begrip *pneuma*. .................................. 71
1.5. Die term *παράκλητος*.............................................................................. 74
1.5.1. Die konteks van die Johannes Evangelie. ........................................... 74
1.5.2. Die gebruik van *παράκλητος* in 1 Johannes 2:1.................................. 75
1.5.3. Betekenismoontlikhede van die term παράκλητος............................... 75
1.5.4. Detail analise van die begrip παράκλητος – detail analise.................. 78
1.5.4.1. Johannes 14:15-17........................................................................ 78
1.5.4.1.1. Samevatting:............................................................................. 80
1.5.4.2. Johannes 14:25-26 ....................................................................... 81
1.5.4.2.1. Samevatting.............................................................................. 82
1.5.4.3. Johannes 15:26,27........................................................................ 82
1.5.4.3.1. Samevatting.............................................................................. 85
1.5.4.4. Johannes 16:4b-15 ....................................................................... 85
1.5.4.4.1. Samevatting.............................................................................. 88
1.5.4.5. Johannes 16:12-15 ....................................................................... 88
1.5.4.5.1. Samevatting.............................................................................. 89
1.5.5. Samevatting......................................................................................... 90
1.5.5.1. Die oorsprong van die παράκλητος............................................... 90
1.5.5.2. Die identiteit van die παράκλητος.................................................. 90
1.5.5.3. Die funksie of werksaamhede van die παράκλητος. ...................... 90
1.6. Die pinksterverhaal en die verstaan van die Gees. ............................... 92
1.7. Die Gees en die bemagtiging van gelowiges......................................... 93
1.8. Samevatting. ......................................................................................... 95
2. Die Heilige Gees in die belydenis van die kerk. ......................................... 96
2.1. Die Belydenisskrifte ............................................................................... 96
3. Perspektiewe vanuit die pneumatologie..................................................... 98
3.1. Die leer van die Drie-eenheid en die verstaan van die Heilige Gees...... 98

3.2. Die werking van Gees, geloof en Woord. ..... 101
4. Prakties teologiese perspektiewe ..... 106
4.1. Die Pneumatologiese perspektief. ..... 107
4.2. Teonome resiprositeit. ..... 107
4.3. Die pneumatologie uit prakties teologiese perspektief. ..... 109
4.4. Die Heilige Gees en die prediking. ..... 110
4.4.1. Die verband tussen die prediking en die werk van die Gees. ..... 110
4.4.2. Die Gemeente as kommunikatiewe ruimte van die Gees. ..... 113
4.5. Samevatting. ..... 114
5. Nuwe ontwikkelings in die Pneumatologie. ..... 115
5.1. Die Pneumateologie van Dingemans. ..... 116
5.2. Polkinghorne, die verstaan van God en die metafisika. ..... 117
5.3. Pneumatologie en materie, persoon en krag ..... 119
5.3.1. Materie ..... 119
5.3.2. Die konsep van persoon. ..... 120
5.3.3. Die konsep van krag. ..... 120
5.4. Pneumatologie, Newton en Einstein. ..... 121
5.4.1. Die konsep van gees by Newton en Einstein. ..... 123
5.5. Samevatting. ..... 127
6. Samevatting ..... 130
6.1. Die verstaan van die prediking ..... 131
6.2. Die werk van die Heilige Gees met mense. ..... 132
6.3. Die ruimte waarbinne die Gees met mense werk. ..... 134
6.4. Die Gees en die Woord ..... 135
6.5. Die Gees en Christus ..... 136
7. Konseptualisering oor die werk van die Gees. ..... 136
Die verstaan van die Prediking: ..... 137
Die werk van die Heilige Gees met mense. ..... 137
Die ruimte van die werking van die Gees. ..... 137
Die verhouding tussen die Gees en Christus en die Gees en die Woord. ..... 137
7.1. Samevatting; ..... 137
Hoofstuk 3 ..... 139
Kreatiwiteit ..... 139
1. Edward de Bono – Laterale denke. ..... 139

1.1. De Bono se teorie van kreatiwiteit 142
1.2. Samevatting. 144
2. E P Torrance – Driefase - model vir kreatiwiteit 145
2.1. Torrance se driefase - model vir kreatiwiteit 147
2.2. Samevatting. 149
3. John Baer – Kreatiwiteit as kognitiewe vaardigheid 150
3.1. Die assosiatiewe teorie vir kreatiwiteit. 151
3.2. Samevatting. 152
4. Margaret Boden – Kombinasie teorie. 153
4.1. Samevatting. 154
5. Feldman – Veldteorie. 155
5.1. Die proses van refleksie. 157
5.2. Die proses van die onbewuste denke. 157
5.3. Die proses van verandering 158
5.4. Samevatting: 158
6. Amabile – Konseptuele benadering. 160
6.1. Komponente van kreatiewe optrede. 162
6.1.1. Domein relevante vaardighede. 162
6.1.2. Kreatiwiteitsvaardighede. 162
6.1.3. Motivering. 164
6.2. Samevatting. 166
7. Bohm. Kreatiwiteit as sensitiewe waarneming en denke. 167
7.1. Oorspronklikheid en waarneming. 167
7.2. Verbeelding. 169
7.3. Samevatting. 170
8. Goswami - Kreatiwiteit as kwantum sprong. 171
8.1. Die proses van kreatiwiteit 173
8.2. Samevatting. 175
9. Buzan. Kreatiewe intelligensie. 176
9.1. Samevatting. 179
10. Neethling – Kreatiwiteit, 'n vars benadering tot die lewe. 179
10.1. Heelbreindenke 180
10.2. Samevatting. 183

11. Lemons. Kreatiwiteit en improvisasie. .... 185
11.1. Die kreatiewe produk. .... 185
11.2. Die kreatiewe omgewing. .... 185
11.3. Die kreatiewe persoon. .... 186
11.4. Kreatiewe proses. .... 186
11.5. Improvisasie. .... 186
11.6. Samevatting. .... 187
12. Adair. Om te sien soos nog nooit tevore nie. .... 188
12.1. Samevatting. .... 190
13. Kreatiwiteit. 'n Teologiese raamwerk. .... 191
13.1. Firet – Kreatiwiteit as sorgende aandag. .... 192
13.2. Firet se teologiese opmerkings oor die begrip kreatiwiteit. .... 193
13.3. Samevatting. .... 194
13.4. Lanser – kreatief verby dit wat reeds is. .... 195
13.4.1. Samevatting. .... 197
13.5. Cilliers. Kreatiwiteit as visioenêre proses. .... 199
13.5.1. Samevatting. .... 200
13.6. Metaforiese taal en menslike verbeelding in diens van die prediking. 200
13.6.1. Metafore. .... 200
13.6.2. Verbeelding. .... 203
13.6.3. Prediking en verbeelding. .... 205
13.6.4. Samevatting. .... 208
14. Samevatting. .... 210
14.1. Die konsep van kreatiwiteit. .... 210
14.2. Die elemente van kreatiwiteit. .... 212
14.2.1. Kreatiwiteit en waarneming .... 212
14.2.2. Kreatiwiteit en denke .... 212
14.2.3. Breinteorie. .... 214
14.2.4. Kreatiwiteit en insig. .... 214
14.2.5. Kreatiwiteit en verbeelding .... 214
14.2.6. Meetbaarheid van kreatiwiteit. .... 215
14.2.7. Kreatiwiteit in teologiese raamwerk. .... 216
HOOFSTUK 4 .... 219

Empiriese ondersoek na kreatiewe prediking ........ 219
1. Inleiding. ........ 219
2. Data-insameling. ........ 220
2.1. Onderhoudvoering. ........ 220
2.3. Die onderhoud. ........ 222
2.4. Betroubaarheid van resultate ........ 223
2.5. Die hoofsaak van die ondersoek. ........ 224
2.5.1. Die werking van die Gees in die prediking. ........ 225
2.5.2. Kreatiwiteit. ........ 226
2.6. Die strukturering van die onderhoud. ........ 227
2.6.1. Uitnodiging tot deelname. ........ 227
2.6.2. Inleiding tot die onderhoud: ........ 227
2.7. Verslag van die kwalitatiewe onderhoud ........ 228
2.7.1. Profiel die deelnemers ........ 228
2.7.2. Onderhoudsvrae ........ 228
3. Hooflyne van die predikers se reaksies op die verskillende temas. ........ 228
3.1. Benadering van die preekverhale. ........ 229
3.2. Verhale van predikers. ........ 229
3.2.1. Tekskeuse ........ 229
3.2.2. Bestudering van die teks. ........ 231
3.2.3. Die verwerking van roumateriaal tot 'n preek. ........ 232
3.3. Predikers se verstaan en ervaring van die werk van die Heilige Gees in die preekverhaal. ........ 234
3.3.1. Die misterie van die werking van die Gees ........ 234
3.3.2. Die Gees gebruik die prediker se gawes en vermoëns. ........ 235
3.3.3. Die Gees ontsluit die boodskap vir die preek. ........ 236
3.4. Predikers se verstaan en ervaring van kreatiwiteit. ........ 238
3.4.1. Kreatiwiteit en waagmoed. ........ 240
3.4.2. Vernuwende denke. ........ 240
3.4.3. Kreatiwiteit as visuele gebeure. ........ 240
3.4.4. Kreatiwiteit en multi-sensoriese ervarings. ........ 241
3.4.5. Kreatiwiteit, iets uniek interessant. ........ 242
3.4.6. Kreatiwiteit is 'n doelbewuste daad. ........ 242
3.4.7. Kreatiwiteit moet funksioneel wees. ........ 242

3.4.8. Kreatiewe hulpmiddels. ... 243
3.4.9. Die a-ha-ervaring. ... 244
3.5. Faktore wat kreatiwiteit by deelnemers aan bande lê. ... 244
3.5.1. Die persoonlike faktor ... 244
3.5.2. Die tyd van die dag. ... 245
3.5.3. Beskikbare tyd. ... 245
3.5.4. Die prediker se luiheid of persoonlike ingesteldheid. ... 245
3.5.5. Die invloed van ander mense. ... 246
3.5.6. Toerusting. ... 247
3.5.7. Die grootte van die groep. ... 248
3.5.8. Die uitleg van die fasiliteite. ... 248
3.6. Faktore wat kreatiwiteit by deelnemers aan die navorsing bevorder. ... 248
3.6.1. Sintuiglike stimulering. ... 248
3.6.2. Handelinge wat stimuleer (die goed wat predikers doen). ... 249
3.6.3. Ander mense en gebeure. ... 249
3.6.4. Die teks self en die werking van die Gees. ... 250
3.6.5. Die ingesteldheid van die prediker. ... 251
3.7. Predikers se verstaan en ervaring van kreatiewe prediking. ... 251
3.7.1. Kreatiewe prediking as uitkoms van doelbewuste kreatiwiteit. ... 253
3.7.2. Kreatiewe prediking begin by die teks. ... 254
3.7.3. Kreatiewe prediking, raakvlakke tussen konteks, lewe en teks. ... 254
3.7.4. Kreatiewe prediking is meer as 'truuks' en 'foefies'. ... 255
3.7.5. Kreatiewe prediking is die heraanwending van die bestaande. ... 256
3.7.6. Kreatiewe prediking is meer as gewone prediking. ... 257
3.7.7. Kreatiewe prediking is 'n proses. ... 257
3.7.8. Kreatiewe prediking is om risiko's te neem. ... 258
4. Analise van navorsingsresultate. ... 258
4.1. Die verhale van predikers. ... 258
4.1.1. Keuse van 'n preekteks. ... 258
4.1.2. Bestudering van die teks. ... 261
4.1.3. Van roumateriaal tot preek. ... 261
4.1.3.1. Die rol van ander mense in die beweging van roumateriaal tot preek. 262

4.1.3.2. Die vind en aanwending van hulpmiddels in die beweging van roumateriaal tot preek. ..... 262
4.1.4. Die rol van die preekmanuskrip in die beweging van roumateriaal tot preek. 264
4.1.5. Die rol van die Gees in die beweging van roumateriaal tot preek. .... 266
4.2. Samevatting. ..... 267
4.2. Afleidinge oor die predikers se verstaan en ervaring oor die rol van die Gees in die prediking. ..... 268
4.2.1. Die misterie van die werking van die Gees ..... 268
4.2.2. Die Gees en die gawes en vermoëns van die predikers. ..... 269
4.2.3. Die Gees en die ontsluiting van die boodskap aan die prediker en die hoorder 270
4.3. Samevatting. ..... 271
4.4. Predikers se verstaan en toepassing van kreatiwiteit. ..... 271
4.4.2. Kreatiwiteit gaan om vernuwende denke. ..... 273
Stellings. ..... 273
4.4.3. Kreatiwiteit is ‘n visuele gebeure. ..... 274
4.4.4. Kreatiwiteit en multi-sensoriese ervarings ..... 275
4.4.5. Kreatiwiteit is uniek en interessant ..... 276
4.4.6. Kreatiwiteit is ‘n doelbewuste gebeure. ..... 277
4.4.7. Kreatiwiteit is funksioneel. ..... 278
4.4.8. Kreatiewe hulpmiddels. ..... 279
4.4.9. Die “a-ha-ervaring.” ..... 280
4.5. Belemmerende faktore vir kreatiwiteit van predikers. ..... 281
4.5.1. Interne faktore ..... 281
4.5.2. Eksterne faktore ..... 283
4.6. Faktore wat kreatiwiteit bevorder. ..... 284
4.6.1. Sintuiglike stimulering. ..... 284
4.6.2. Handelinge van die predikers wat kreatiwiteit bevorder. ..... 285
4.6.3. Ander mense en gebeure. ..... 285
4.6.4. Die teks en die werking van die Gees ..... 286
4.6.5. Ingesteldheid van die prediker ..... 287
4.6.6. Die motief vir die prediking ..... 288
4.7. Samevatting. ..... 288

5. Kreatiewe prediking ..... 289
5.1. Kreatiewe prediking is... ..... 289
5.1.1. Kreatiewe prediking is 'n proses. ..... 290
5.1.2. Kreatiewe prediking is 'n belewenis. ..... 290
5.1.3. Kreatiewe prediking word geken aan... ..... 291
5.1.4. Kreatiewe prediking as die uitkoms van doelbewuste kreatiwiteit. ..... 292
5.1.5. Kreatiewe prediking begin by die teks. ..... 292
5.1.6. Kreatiewe prediking sien die raakvlakke tussen konteks lewe en teks. 293
5.1.7. Kreatiewe prediking is meer as 'truuks' en 'foefies'. ..... 293
5.1.8. Kreatiewe prediking is die heraanwending van die bestaande. ..... 294
5.1.9. Kreatiewe prediking is meer as gewone prediking. ..... 295
5.1.10. Kreatiewe prediking behels die neem van risiko's. ..... 295
5.2. Samevatting. ..... 296
HOOFSTUK 5 ..... 297
Kreatiewe prediking: Kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die ingewing van die preek. ..... 297
1. Die Pneumatologiese gesigspunt ..... 298
1.1. Algemene samevatting van die pneumatologiese gesigspunt ..... 298
1.2. Die verstaan van die werking van die Gees soos afgelei vanuit die empiriese navorsing. ..... 304
1.2.1. Die werk van die Gees is buitengewoon en onpeilbaar, onvoorspelbaar en nie rasioneel verklaarbaar nie. ..... 304
1.2.2. Die a-ha-ervaring en die werking van die Heilige Gees. ..... 304
1.2.3. Metafoor as instrument om die verstaan van die werking van die Gees te beskryf. ..... 306
1.2.4. Die Gees, die prediker en die preek. ..... 307
2. Kreatiwiteit ..... 308
2.1. Algemene samevatting van kreatiwiteit. ..... 308
2.2. Kreatiwiteit in die empiriese navorsing. ..... 310
2.2.1. Kreatiwiteit as dekorasie teenoor kreatiwiteit as leefstyl. ..... 310
2.2.2. Kreatiwiteit is meer as visuele aanbiedings, dit is verbeelding. ..... 311
2.2.3. Kreatiwiteit as 'n manier van dink. ..... 312
2.2.4. Kreatiwiteit, ontmoediging en aanmoediging. ..... 313

3. Kreatiwiteit en prediking: ... 314
3.1. Kreatiwiteit en prediking – perspektiewe uit die empiriese navorsing. .. 316
3.1.1. Kreatiewe prediking is ‘n proses. ... 316
3.1.2. Kreatiewe prediking is stimulerende prediking. ... 317
3.1.3. Die teks as basis vir kreatiwiteit. ... 318
3.1.4. Kreatiewe prediking is verbeeldingryke prediking. ... 318
3.1.5. Kreatiewe prediking: Kreatiwiteit in diens van die Gees in die preekgebeure. ... 319
4. Slot. ... 320
Bylaag 1. ... 322
Bibliografie ... 323

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING.

Predikante staan weekliks voor gemeentes met die uitdaging om tydens die erediens te preek. Predikers se primêre opdrag is om die boodskap van Jesus Christus aan die gemeente deur die prediking oor te dra (vgl De Klerk 1977:9; Pieterse 1979; Pieterse 1986; Cilliers 2004; Lose 2008:52 e v). Mense besoek die erediens met die verwagting om hoop daar te kry en selfs al kry hulle dit nie, hou hulle volgens Vos (2007:11) steeds aan om "kerk toe" te gaan.

Die primêre bron vir die prediking is die Bybel (vgl Bartow1997:43). Die Woord van God staan sentraal in die prediking van die evangelie (vgl Cilliers 2004). Nürnberger (2009:9) verklaar dat "Gelowiges leef van God se Woord. Die mees oorspronklike en grondliggende verwoording van die Woord van God kry ons in die Bybel." Die prediking is gevolglik ondergeskik en onderworpe aan die Godsopenbaring soos dit onder meer in die Bybel vervat is (vgl Vos 1996a; Cilliers 2004). Die Bybel regverdig die voortbestaan van die erediens (Burger 2009:17).

Die erediens is een van die plekke waar die Woord van God verkondig word. Dit is as die versamelplek van die gemeente, die hartaar van die gemeente se verhouding met God. Die gemeente is die draer van die waarheid van die evangelie (vgl 1 Tim 3:15). Dit is die plek waar mense gevorm word in hulle geloof en hulle verhouding met God, deur interaksie met die Woord en die Gees van God.

Die prediking word steeds beskou as een van die belangrikste gebeurtenisse in die kerk (vgl Cooper & McClure 2003:2; Wepener & Van der Merwe 2009). Barnard (1985:1) het die prediking die lewensaar van die kerk se lewe en werk genoem, terwyl Müller (1990:9) die erediens as die toppunt en bron van kerklike aktiwiteit beskryf het. Vos (1996b:217) beskryf die prediking as sentrale moment in die Reformatoriese tradisie. Die jongste werke in die veld van die homiletiek is opsigself

'n aanduiding van die belangrike rol wat prediking steeds in die teologie, en per implikasie in die kerk, vervul (vgl Long en Tisdale 2008; Grözinger 2008).

Met die belangrike rol en plek van die prediking in gedagte, asook die "beperkte" primêre bron daarvoor, ontstaan 'n paar vrae. Raak predikers, en selfs hoorders, nie een of ander tyd verveeld met preke nie? Bestaan die gevaar nie dat die prediking, bloot 'n herhaling van dieselfde boodskap is wat net in ander woorde oorvertel word nie? Die vrae sou ook anders geformuleer kan word met klem op die prediker. Raak predikers nie een of ander tyd "leeg gepreek", of gewoon herhalend nie?

Dié vrae ontstaan juis vanweë die feit dat die Bybel, vir eeue reeds die prediking dien. Brueggeman (1989:13 e v) gebruik die voorbeeld van die verwoording van skuld in die prediking. Die prediker se taak is om die werklikheid wat verantwoordelik is vir skuld te beskryf. Daarna moet die alternatief van genade, verlossing en herstel, geskets word vanuit die teks. Dit word gevolg deur die uitspel van die rol van God in die aanbeweeg na 'n nuwe wêreld. Die krisis van die taak is daarin geleë, dat hierdie beweging, van die een werklikheid na die alternatiewe werklikheid tot by God se nuwe wêreld, alles reeds aan die gemeente bekend is. Op hoeveel maniere kan die prediker dieselfde kernboodskap, uit die dieselfde bron, nuut en vars oorvertel? Engemann (2002:30) beskryf prediking wat tred verloor met tyd en ruimte as "uneventfull inactive preaching." Pagitt (2005:18 e v) maak die stelling dat prediking nie meer werk nie. Indien dit gewerk het, sou daar nie soveel nuwe literatuur oor die prediking verskyn het nie, want predikers sou die beproefde metodes wat reeds bestaan steeds met vrug gebruik het.

Die Bybel, as bron vir die prediking het, buiten vertaling, basies onveranderd gebly. Die wêreld verander daagliks in vele opsigte. Die tegnologiese vooruitgang en die ontwikkeling van die wetenskap is 'n daaglikse proses. Kennis en insig oor bykans elke verskynsel word op daaglikse basis vergroot. Daarmee saam het mense se beskouing van die wêreld ook verander (Pieterse 2005c:411; Stiller 2005:6 e v). Pieterse wys op die erfenis van die Verligting en die Kantiaanse epistemologie wat die vertrekpunt dat Skrifkennis ware kennis is, onder druk plaas, asook die invloede

van die postmoderne filosofie. Predikers moet in nuwe omstandighede steeds klaarkom met dieselfde "*ou bron*" om die boodskap van die evangelie te bring. Die risiko dat prediking lewensvreemd en vervelig raak, word groter namate die wêreld verander, kennis vooruitgaan en die lewensfilosofie aanpas by die nuwe omstandighede. Die Bybelskrywers het die boodskap van God se skeppende en reddende liefde binne hulle situasie aan mense gebring. Predikers moet steeds hierdie boodskap van verlossing vir mense, in veranderende omstandighede nuut bekendmaak.

Pieterse (1979:5) het reeds gewys dat die probleem van lewensvreemde prediking nie nuut is nie. Daar word verwys na 'n "skepsis" oor die prediking. Hy wys daarop dat predikante huiwer om met vrymoedigheid en oortuiging die boodskap van die Bybel, wat as Woord van God kom, aan die gemeente te bring (Pieterse 2005a:77). Die geestesklimaat wat die Goddelike werklikheid buite die mens ontken deur God alleenlik immanent te beskou (Pieterse 2005a:78), is waarskynlik medeverantwoordelik vir hierdie toedrag van sake.

Die Woord van God moet egter steeds lewend en bevrydend tot die moderne mens kan spreek. Dit is nie alleen predikers wat dit waag om weekliks te preek nie, lidmate daag steeds op om 'n preek te hoor (Pieterse 2004a:72; Vos 2007:11). Soms kla die lidmate egter dat die prediking vervelig, niksseggend of herhalend is. Volgens Pieterse (2004b:115) sal preke, wat nie 'n verrassende nuwe perspektief vanuit God se oë op ons huidige situasie oopmaak nie, die gemeente verveel (vgl De Roest 2006:178 e v). Hierdie verveling word verwoord deur Skinner (1990) in die inleiding van sy proefskrif. Die woord prediking het sinoniem geword met enige iets wat *"...dull, boring, mundane, predictable..."* is. Runia (2000:101) beskou "*extremely dull and boring"* prediking, wat mense laat belangstelling verloor, as die krisis van die prediking .

Lischer (2005:5) verwys na "The silence of the Words." 'n Stilte wat teweeg gebring word deur die traumatiese gebeurtenisse van die twintigste eeu. "The proclamation of God's justice or God's love meets a wall of resistance first in the throat of the

proclaimer, then in the ears of the hearer." Dit is gevolglik nie net die predikers wat vervelig en herhalend is, of die luisteraars wat belangstelling verloor nie, maar ook die geweld en die kontraste van die lewenskonteks wat die gang van die Woord verhinder. Die prediker verkeer gevolglik in 'n buitengewone dilemma in die sin dat 'n predikant op die kansel klim met die bedoeling om die evangelie te verkondig, maar dat dit "nie in ons natuur sit nie" (Cilliers 1996:4). Cilliers beskryf prediking as iets wat menslik onmoontlik is om dit te doen, terwyl Lischer (2005:12) die beeld gebruik van die prediker wat desperaat is om die regte frekwensie te vind vir die oordrag van die boodskap. Troeger (2007:59 e v) wys op die nood aan prediking, wat die hoop wat God vir ons het in Christus en die Gees, aan mense kan verkondig, sodat hulle verbeelding aangegryp en hulle lewens verander kan word.

Die taak van prediking is steeds 'n noodsaaklike taak aangesien mense steeds behoefte daaraan het. Om uitkoms te vind van die dilemma moet predikers waarskynlik buitengewone stappe neem om die verveling te verbreek en die verbeelding van mense aan te gryp. Predikers wend hulle waarskynlik tot allerlei hulpmiddels om verveling te bekamp, hulpmiddels wat uiteindelik 'n doel opsigself word (vgl Lischer 2005:10 e v). Die hulpmiddels ontneem uiteindelik mense die vermoë om God selfstandig in hulle gedagtes te verbeeld. Dit wat oud en bekend is, moet nuut sigbaar word, dit wat reeds gesê is moet nuut gesê word sodat dit nuut gehoor en verstaan kan word.

Hoewel die prediking in baie opsigte nie meer aan die doel voldoen om die boodskap van God aan mense bekend te maak nie, is en bly dit tog as aktiwiteit wesentlik deel van die werksaamhede van 'n predikant. Van Dam (2007:83) bestempel die voorgaan in 'n "kerkdiens" as een van die kerntake van die predikant, die taak wat die meeste tyd en aandag opneem, 'n taak wat volgens sy beskrywing "een zware belasting" is. Daarby bestempel De Roest (2006:181) die essensie van die preekgebeure as 'n ontmoeting met God en met Christus. Die prediking is nie alleen sentraal in die werk van die predikant nie, maar ook wesentlik tot die doel en die bestaan van die gemeente. Om die stand van sake ten opsigte van die prediking aan te spreek, sal daar aan vernuwing aandag gegee moet word.

Vernuwing is ‘n kernwoord in die populêre literatuur oor die kerk. Leonard Sweet (Sweet 2007:17-20), beskryf die lewensomstandighede van die kerk as ‘n storm van verandering. In die beskrywings van verandering kom begrippe soos postmodernisme, post-christendom en aardverwarming algemeen voor. Elk van die storms vereis volgens Sweet enorme aanpassings (Sweet 2007:19-36). Mense maak nie meer sin van die nuwe ervarings, gebeure, instellings, gebruike en opvattings waaraan hulle blootgestel word nie. Verstaansraamwerke met gerieflike antwoorde vir lewensvrae voldoen nie meer aan die vereistes van mense nie (Sweet 2007:9). Relevante en uitdagende maniere moet gevind word om nuut te leef, te dink en te doen ter wille van die oorlewing van die kerk (Sweet 2007:10).

Niemandt (2007:10ev) se “Nuwe drome vir nuwe werklikhede” sluit by Joubert (2007) aan. “Al waarvan ons seker kan wees, is dat die onverwagte sal gebeur.” Niemandt sluit ook aan by Sweet in die beskrywing van die omstandighede as ‘n vloedgolf van verandering (Niemandt 2007:11). Die kerk moet die lig van die Woord van God te midde van die veranderende omstandighede duidelik laat skyn. Daarvoor sien Niemandt kreatiwiteit as een van die kerk se noodsaaklike geloofspraktyke (Niemandt 2007:62). Niemandt brei uit op die noodsaak van die geloofspraktyk van kreatiwiteit:

> “Die groot uitdaging vir enigeen wat oor die kerk en teologie nadink, is om dit verbeeldingryk te doen, want die Bybel is kuns. Ware teologie ....moet mense in staat stel om nuut na hulleself te kyk in die lig van hulle ganse bestaan.”

Later in dieselfde paragraaf merk hy op dat “ontluikende kerke” kreatiwiteit koester en lei hy af dat kreatiwiteit die “manier is waarop mense deelneem aan die voortdurende ontplooiing van God se plan. Kreatiwiteit getuig dat God aan die werk is” (Niemandt 2007:112).

In die Homiletiek het Troeger (1990) reeds die behoefte aan verbeeldingryke eredienste hanteer. Cilliers (1994a:585 e v) het die noodsaak van verbeeldingryke prediking, na aanleiding van die ontdekking van die aard en volheid van die Skrif, uitgewys. Schweitzer (2001:3) wys op die feit dat die verskynsels kreatiwiteit en verbeelding, nie goed gevestig is in die praktiese teologie nie en dat dit selfs nie

ernstig opgeneem is, of belangrik geag is nie. Die estetiese faset van praktiese teologie moet gevolglik beter uitgewerk word.

Grözinger (2002:167 e v) hanteer kreatiwiteit in terme van homiletiese kreatiwiteit met verwysing na die kreatiewe potensiaal in die Bybel. Troeger (2007:59-71) omskryf 'n teologie van verbeelding. Mense leef in die era van "continuous partial attention." Al die verskillende tegnologiese hulpmiddels wat mense in staat stel om baie take gelyktydig te verrig, lei daartoe dat al die take net gedeeltelike aandag ontvang. Die huidige tyd word as die "age of interruption" beskryf, wat vereis dat verbeelding nodig is om aandag te kan gee aan die "incredible web of life" waarin die mensdom leef. In die situasie van verandering waarna Sweet verwys, asook die uitdaging van Niemandt tot verbeeldingryke nadenke oor kerk en teologie, is die praktiese teologie (vgl Ballard & Couture 2001) en die Homiletiek reeds besig met kreatiwiteit en verbeelding.

## 1. Probleemstelling.

Die kerklike praktyk van die verkondiging van die boodskap van die Bybel deur middel van prediking, te midde van omstandighede van radikale verandering, is sentraal in die formulering van die navorsingsprobleem. Dit is die taak van die prediker om die lig van God se Woord, wat in ou bronne en geykte tradisies geklee is, in 'n nuwe wêreld aan nuwe mense te bring. Die uitdaging om verandering kreatief te hanteer, vereis nuwe denke, benaderings en verwoording van die prediker. Hierdie werklikheid stel besondere eise aan die kreatiewe vermoëns van die prediker in die voortbring van 'n preek.

> *Die nood van prediking in die tyd waarin ons leef is 'n gebrek aan kreatiewe prediking.*

Vanuit hierdie formulering ontstaan 'n aantal navorsingsvrae wat met die oog op die verheldering van die tema gestel moet word. Hierdie vrae moet dien om die navorsing te lei.

## 2. Navorsingsvrae

Die konsep van kreatiewe prediking noodsaak die volgende vrae:

*Wat is kreatiwiteit?*
*Hoe sal mens kreatiwiteit omskrywe of definieer?*
*Hoe werk kreatiwiteit?*
*Wanneer kan iets as kreatief beskou word?*
*Is daar eienskappe waaraan kreatiwiteit gemeet kan word?*
*Is kreatiwiteit algemeen of is dit beperk tot sekere dissiplines of vakrigtings, soos die kunste?*
*Is iets wat nuut is noodwendig kreatief, en omgekeerd, is iets wat kreatief is noodwendig altyd nuut?*
*Wat van mense wat as kreatief gereken word, is dit noodwendig die skilders, musici, of kan 'n dominee ook kreatief wees?*
*Hoe hou kreatiwiteit verband met die prediking?*
*Behoort die begrippe teologie en kreatiwiteit as deel van dieselfde sin gebruik te word?*
*Wat verstaan beoefenaars van prediking onder die begrip kreatiwiteit? Beskou predikers kreatiwiteit as 'n belangrike deel van hulle preekmaak proses?*

Die volgende opmerkings dien om die vraagstelling te versterk, uit te brei en verder te neem. Lanser (2007:65) reken dat kreatiwiteit en teologie bymekaar hoort. Hierdie *hoort* het te doen met die assosiasie tussen skepping en kreatiwiteit. Deur middel van hierdie assosiasie kan kreatiwiteit as 'n teologiese begrip gereken word. Prediking, soos reeds aangetoon, is een van die kerntake van die predikant en word beoefen as deel van teologiese aktiwiteit (vgl Heyns en Pieterse 1990:14-19; Cooper & McClure 2003:1 e v). Dit volg logies dat indien teologie en kreatiwiteit saam hoort, daar ook 'n noue band tussen die prediking as teologiese aktiwiteit en kreatiwiteit is.

*Is kreatiwiteit werklik 'n teologiese begrip en indien wel, hoe pas dit in by die geheel?* Burger (1999:159) beskryf kreatiwiteit as een van die eienskappe van die werk van die Heilige Gees. Hy beklemtoon die teenwoordigheid van die Gees van God by die Skepping en wys veral op die rol van die Gees in die menswording en werk van Jesus Christus. Noller (2002:111) sluit ook aan by die verband tussen die skeppingsaktiwiteit van God en die Gees van God. Die Gees se werk en kreatiwiteit word nou met mekaar in verband gebring. Die Gees is gegee "to comfort and accompany us today in the situations of invention and homiletic creativity."

Niemandt (2007:112) verwoord die verbintenis tussen kreatiwiteit en teologie: “Om na die beeld van God gemaak te wees, is om kreatief te wees.” Die mens as beelddraer van God behoort iets van die kreatiwiteit van God uit te leef om dan so deel te neem aan die voortdurende ontplooiing van God se plan. Kreatiwiteit is gevolglik ‘n getuienis van God se werksaamheid. Kreatiwiteit word nie alleen met teologie geassosieer nie, maar ook gereken as eienskap van menswees wat goddelike werking reflekteer.

Hierdie enkele verwysings bied ‘n wegspringpunt vir die refleksie oor vraag na kreatiwiteit en die verband met geheel van die teologie. Die onderwerp behoort verder uitgewerk te word as deel van die navorsing.

Verdere vrae raak die verstaan van die werking van kreatiwiteit en die verband daarmee tot die werking van God.
*Hoe kan kreatiwiteit reflekterend wees van die werksaamheid van God?*
*Hoe kan kreatiwiteit as verskynsel ten dienste van God se werk deur middel van die gebeure van die prediking gestel word?* Hierdie vrae bring die realiteit van God as deel van die preekproses na vore, sowel as die realiteit van God as kreatiewe God.

Die rol van God in die preekproses kan die beste aangespreek word deur te vra na die rol van die Heilige Gees in die prediking. Lanser (2007:73) definieer kreatiwiteit as “de menslijke mogelijkheid te handelen voorbij wat al is.” In die definisie is daar ‘n element van ontdekking van, of beweging tot iets nuuts. Van Dam neem die gedagte van “handelen voorbij wat al is” verder, deur dit nie te beperk tot blote menslike moontlikheid nie, maar tot by die resultaat van die werk van die Heilige Gees (Van Dam 2007:82). Hierdie assosiasie tussen kreatiwiteit en die werk van die Gees bring ‘n verdere toespitsing in die vraagstelling.

*Hoe kan die werk van die Heilige Gees en die verskynsel van kreatiwiteit in verband met mekaar gebring word?*
*Hoe verstaan praktiese teoloë die werking van die Gees en is dit verskillend van die verstaan in die ander dissiplines in die teologie?*
Oor die werk van die Heilige Gees is daar etlike verwysings in die literatuur wat bydra tot die gesprek oor pneumatologie in die Praktiese Teologie. Pieterse (1993);

Cilliers (1994); Vos (1996a) en De Wet (2005) gee aandag aan die rol en die taak van die Heilige Gees in die Praktiese Teologie. Die vraag na die werking van die Heilige Gees as een van kern aspekte in nadenke oor die praktiese teologie en die prediking, lei uiteindelik tot die vraag na die verband tussen God se werking en die rol van menslike kreatiwiteit daarin.

Pieterse (1993:134-142) trek grondlyne vanuit die pneumatologie om te dien as begronding van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Pieterse se werk, asook die van Vos (1996a) en De Wet(2005) raak aan belangrike momente van die pneumatologie vir die praktiese teologie. Die verwysings in die literatuur dui wel daarop dat vraagstelling oor die pneumatologie gepas is. Die pneumatologie vanuit prakties-teologiese hoek en veral die rol van die Heilige Gees in die prediking, in die besonder kreatiewe prediking, moet verder ondersoek en uitgespel word.

Vos (1995:405) vra of die pneumatologie nie ‘n ban op menslike kreatiwiteit plaas nie? Die vraag bring die verband tussen die Gees en kreatiwiteit nader aan mekaar. In sy antwoord wys hy dat die pneumatologie nie die mens uitskakel nie, maar eerder insluit. Die pneumatologie skep ruimte vir ‘n teonome wederkerigheid waarbinne die mens ‘n kreatiewe vryheid ontvang (vgl Cilliers 1994:252). Vertolking is ‘n kreatiewe omgang met ‘n teks wat aandag gee aan die manier waarop ‘n teks aanmekaar gesit is, en wat tog ook die teks uitmekaar kan haal om dit te laat blom. Vir Vos is kreatiwiteit nie ‘n proses van skepping uit niks nie (Vos 1995:405). Bohren(1971:82-88) benut die konsep van teonome wederkerigheid, tussen mensewerk en die Gees se werk, en pas dit toe op die preekproses, terwyl De Wet (2005) die noodsaak van Skrifgefundeerde prakties-teologiese pneumatologie benadruk. De Wet gaan uit van ’n gebrek aan ’n pneumatologie waarin die ware verhouding tussen die Gees van God en die gees van die mens omskryf en uitgeleef word (De Wet 2005:506).

Hierdie beperkte en voorlopige verwysings na die pneumatologie en die rol daarvan vir die praktiese teologie noodsaak dat hierdie studie die rol en die funksie van die Heilige Gees in kreatiewe prediking verder moet ondersoek en beskryf.

## 3. Tema formulering en afgrensing met die oog op die navorsing.

Vanuit die navorsingsvrae volg dit dat kreatiewe prediking een van die sentrale momente van die studie uitmaak. Die voorlopige hantering van die vrae lei tot verdere vrae ten opsigte van die begrippe *kreatiwiteit, prediking, en die werk van die Heilige Gees.* In die voorlopige literatuurstudie het die konsep van kreatiewe prediking wel by outeurs voorgekom. In die volgende paragrawe word aangesluit by die konsep van kreatiewe prediking, met verwysing na die verstaan daarvan, soos deur die onderskeie outeurs hanteer.

Die prediking moet vernuwend en vars in die realiteit van die gemeente plaasvind. Met die oog hierop word die konsep van *kreatiewe prediking* voorlopig gebruik.

Die konsep *kreatiewe prediking,* word deur Achtemeier (1980); Rossow (1983); Skinner (1990); Elliot (2000) en Engemann (2002) gebruik. Achtemeier (1980) fokus onder meer op die taal en taalgebruik van die prediker. Die prediker moet die Bybelse boodskap so vertaal dat dit die sintuie van die mense aanraak, sodat hulle dit kan sien, voel, ruik en proe (Achtemeier 1980:13 e v).

Rossow (1983) pleit vir homiletiese kreatiwiteit. Hierdie kreatiwiteit is ‘n bereikbare doel vir predikers wat moeite doen om hulle eksegetiese vaardighede en taalkundige sensitiwiteit te verfyn. Die Bybelse rykdom aan kreatiwiteit lê vir Rossow veral in die gebruik van metaforiese en beeldryke taal. Rossow beskryf kreatiwiteit in terme van die aantreklike (attractive) verwoording van prikkelende (provocative) gedagtes, oorspronklike verwoording van nuwe en bekende idees.

Kreatiewe prediking gebeur waar die prediker teologiese waarhede in nieteologiese taal verwoord, tydlose konsepte in eietydse taal weergee en, onveranderlike Bybelse gedagtes of inhoud in veranderlike tydelike vorme kan weergee (Rossow 1983:8). Die evangelie self is vir Rossow kreatief. “It creates saving faith in people. It creates goodness in people” (Rossow 1983:158), en dit gebeur deur woorde. Verbeterde taalvaardighede sal verbetering in prediking teweeg bring. Rossow beklemtoon dat kreatiewe prediking verantwoordelike prediking is.

Skinner (1990) pleit vir kreatiewe Bybelse prediking en beskryf 'n kreatiewe proses wat as resepmatige of stapsgewyse prosesse aangebied word.
Skinner beskryf kreatiwiteit in die prediking. "In preaching creativity occurs where a fresh, provocative, of especially insightful, interpretation of a biblical truth is presented attractively in a manner which differs from the normal" (Skinner 1990:37) Hierdie vaardigheid benodig volgens Skinner, nie noodwendig genialiteit nie. "A moderate intelligence is all that is essential to excel in most fields, provided this is well-disciplined" (Skinner 1990:37)

Elliot (2000) se inkleding van "Creative Preaching" behels die beskrywing van verskillende style van prediking en die aanmoediging tot afwisseling. Vanuit hierdie voorlopige opsomming van kreatiewe prediking vloei die afleiding dat die konsep kreatiewe prediking verder ondersoek en geformuleer moet word. Ter wille van verheldering van die begrip kreatiwiteit word enkele voorlopige, inleidende verwysings na die konsep gemaak met die oog op die tema formulering.

Engemann (2002:29) dui die verband tussen die prediking en die voortgaande skeppingswerk van God as "God's creative activity." Elke keer as mense die evangelie hoor, word hulle opnuut uitgedaag met 'n nuwe toekoms en 'n verandering van die bestaande omstandighede. Die bestaande moet in lyn met die omstandighede van die Koninkryk van God gebring word. Die menslike vermoë tot reaksie word beskryf as deel van die geskape werklikheid. Mense kan reageer en praat oor die impak van God se woorde wat volgens Engemann (2002:30), gevolge inhou vir die verstaan van die preek as kreatiewe handeling. Preke moet impak hê op die realiteit van mense se bestaande omstandighede. "The sermon plays a significant *part in enabling human beings as new creatures* to live and act by faith under the contemporary reality they experience in space and time" (Engemann 2002:31). Hierdie rol van die prediking tussen tradisie en werklikheid kan beskou word as die kreatiewe moment van die prediking.

Die preek moet die krag om te lewe in die bestaande werklikheid kommunikeer, en die dialoog met die Skepper bevorder. "...preaching is a matter of erecting signs formed by language...," hierdie tekens wat deur die prediking opgerig word, help mense om hulle geskapenheid te ontdek en 'n struktuur vir die lewe te skep

(Engemann 2002:35). 'n Kreatiewe erediens sal volgens Engemann (2002:38 e v) ruimteskeppend wees, die toekoms kan antisipeer en die hede met die oog daarop kan verander. Die kreatiwiteit van die prediker toelaat in die vorm van die prediker as aktiewe, outentieke subjek in die prediking.
Kreatiwiteit is 'n gelaaide term wat maklik los en vas gebruik word. As 'n wye veld van studie buite die teologiese veld moet kreatiwiteit ondersoek word in terme van definisie, betekenis, oorsprong, funksionering en dergelike. Volgens die navorser se subjektiewe waarnemings ontken mense dat hulle oor kreatiewe vermoëns beskik. Hulle assosieer hulle kreatiwiteit uitsluitlik met die beoefening van uitvoerende of skeppende kunste. Kreatiwiteit word meestal vertolk as 'n vaardigheid of vermoë waaroor mense wat kunstig kreatief beskou word, beskik.

Neethling (1993:11) stel 'n standpunt wat teenoor die waarneming van die navorser staan. Meeste kreatiewe vermoëns kan deur toepaslike opleiding aangeleer word en is in groot mate nie geneties bepaal nie. Almal beskik oor die een of ander graad van kreatiewe vermoëns. Tog blyk dit dat mense kreatiwiteit nie ernstig opneem nie, maar dit eerder beskou soos Torrance (1994:114) van navorsing in kreatiwiteit gesê het, *creativity research has been called 'a boondoggle'' 'the work of the devil'.*

Die meeste literatuur oor kreatiwiteit word tussen die "selfhelp" boeke in boekwinkels gekry, waar dit saam met ander esoteriese literatuur gerangskik word. Torrance (1999:42) verwys na die verskynsel dat enkele aspekte van 'n groter proses soms as kits-tegniek vir kreatiwiteit aangesien word. Die navorser is van oordeel dat kreatiwiteit meer as net die aanleer van enkele kits-tegnieke is. Daarom behoort kreatiwiteit as denkproses ontgin en geformuleer te word, om vir die predikant sowel as die teologiese dissiplines toeganklik te word.

Om die toeganklikheid te bewerk moet die dissipline van kreatiwiteit in 'n interdissiplinêre gesprek met Praktiese teologie gebring word. In terme van prediking praat Vos (1995) van kreatiwiteit as deel van 'n moment in die proses van preekmaak wat hy die wagtyd noem. "Deur te werk, te mediteer, te bid en te wag, word die weg tot kreatiewe preek ingewing geopen" (Vos 1995:500).

Na aanleiding van Vos en Zerfass se beskrywing van die proses van preek ingewing as speelruimte van die Heilige Gees (Vos1996b:256), kan kreatiwiteit as deel van die gereedskap of gawe van die prediker ten dienste van die Heilige Gees in die ingewing van die preek gebring word. Die rol van die Gees as Heilsbemiddelaar en Verligter van die prediker, word reeds deur Vos (1996a:105) uitgewys. Die ruimte wat binne die begrip teonome resiprositeit (Van Ruler 1969:181; Bohren 1971:76; Vos 1996a:110) geskep word vir die mens om deur die Gees aan die werk gesit te word, sal verder verken word om te sien watter plek daar aan kreatiwiteit, as instrument van die Gees, verleen kan word. Volgens Dingemans (2005:13) se pneumateologie, is die Gees altyd teenwoordig as besielende en inspirerende krag. Hierdie teenwoordigheid van die Heilige Gees in die preekproses moet in hierdie studie teologies en teoreties verder omskryf word.

Vanuit die voorafgaande word die tema vir die studie geformuleer as:

> **Kreatiewe prediking: Kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die ingewing van die preek.**

## 4. Navorsingsontwerp.

Die konsep kreatiewe prediking is, soos reeds aangetoon, ‘n relevante onderwerp vir bestudering. Die feit dat min volledig uitgewerkte teorieë bestaan, en dat die nood van die prediking vir hierdie navorser, ‘n nood aan kreatiewe prediking is, beïnvloed die keuses van die metode in die aanpak van die studie. In die navorsingswetenskap word onderskei tussen studies van verkennende, beskrywende en verklarende aard. Die verskillende moontlikhede word op verskillende maniere benader (Mouton en Marais1989:44). Waar die omvang van beskikbare gegewens beperk is, word die metode van ‘n verkennende studie aanbeveel. Die oogmerk van die verkennende studie, in lyn met Mouton en Marais (1989:43) se oogmerke, is om nuwe insig in die verskynsel van kreatiewe prediking te ontsluit, en om die sentrale konsepte en konstrukte te ekspliseer. Hierdie insigte sal gebruik word om nuwe hipoteses of teorieë te ontwikkel en om prioriteite vir verdere navorsing te help bepaal.

'n Verkennende studie vereis 'n kwalitatiewe benadering tot die navorsing (Mouton en Marais 1989:157). Bowen (2005:209) onderstreep die belang van 'n kwalitatiewe benadering, "*The main strength of qualitative research is that it yields data that provide depth and detail to create understanding of phenomena and lived experiences*." Die essensie van kwalitatiewe navorsing is die gebruik van woordelikse beskrywings van waarnemings teenoor kwantitatiewe navorsing, wat waarneming in syfers uitdruk.

Mouton en Marais (1989:43) beklemtoon drie metodes waardeur verkennende navorsing gedoen kan word. Die metodes behels literatuuroorsig, opnames onder mense met praktiese ervaring van die probleem en ontleding van insig stimulerende voorbeelde. Hulle verwys na die gebruik van onderhoudvoering, ontleding van gevallestudies en die gebruik van informante. Die informasie lei uiteindelik tot die formulering van hipoteses. 'n Oop en plooibare navorsingstrategie word vereis en dat navorser moet bereid wees om nuwe idees en suggesties te ondersoek. Die navorser moet oop wees vir nuwe stimuli.

### 4.1. Literatuuroorsig as metode.

Die literatuurstudie kan aangewend word as inleiding of raamwerk tot die probleem of as agtergrond vir die probleem. Deur literatuurstudie word die bestaande teoretiese insigte beskryf. Die literatuur kan ook soos die studie verloop aan die orde gebring word en funksioneer dan verhelderend tot die probleem. Dit kan ook egter aan die einde van die navorsing as deel van die finale fase ingewerk word met die oog op vergelyking of kontrastering met die resultate of temas wat uit die navorsing voortgebring word.

### 4.2. Opnames onder mense met praktiese ervarings van die tema.

Onderhoude met mense wat kennis of ervaring van die probleem het, behoort verhelderend by te dra tot insig in, en die verstaan van die probleem. Onderhoude word beskryf as tweerigting gesprekke waarin die navorser informasie versamel, met die oog op die verstaan van idees en opinies van deelnemers, oor 'n bepaalde

onderwerp. Die doel van kwalitatiewe onderhoude word deur Maree (2007:87) beskryf as om die wêreld deur die oë van die deelnemer te sien. Maree onderskei tussen oop onderhoude, half-gestruktureerde en gestruktureerde onderhoude. Hy beskryf die half-gestruktureerde onderhoud as geskik vir die kontrolering of bevestiging van informasie wat uit ander bronne verkry is. In die gees van kwalitatiewe navorsing blyk die gebruik van half-gestruktureerde onderhoude as metode van data insameling, vir hierdie studie die mees geskikte. Noukeurige aandag sal aan die kriteria vir geldige navorsing binne die kwalitatiewe benadering geskenk word, sodat bruikbare resultate gegenereer kan word wat aan doelstellings van die studie beantwoord.

## 5. Die doelstellings van die studie.

Die doel van die studie is,

- om tot die wese van die proses van kreatiwiteit deur te dring en,
- om te verstaan hoedat kreatiwiteit, binne die ruimte van die preekingewingsproses, as instrument van die Heilige Gees funksioneer om van prediking kreatiewe prediking te maak.

Om die doel te bereik, word die kreatiwiteit en die pneumatologie op hermeneutiese wyse tot gesprek gebring met die oog op die vorming van ‘n praktiese teologiese teorie vir kreatiewe prediking, wat kan bydra tot die verbetering van die praktyk van die prediking. Die volgende stappe of momente vorm die raamwerk vir die ondersoek.

1. Ondersoek die pneumatologie vanuit prakties-teologiese gesigspunt met die oog op ‘n bydrae tot die homiletiek.
2. Verken die terrein van kreatiwiteit en formuleer ‘n prakties teologiese perspektief op kreatiwiteit vir die homiletiek.
3. Bring pneumatologie en kreatiwiteit in gesprek met die oog op die daarstelling van ‘n prakties-teologiese teorie vir kreatiewe prediking.
4. Operasionaliseer die teorie en toets deur kwalitatiewe navorsing in die praktyk.

Die eerste fase van die navorsing behels die verkenning van die terreine van pneumatologie en kreatiwiteit vanuit prakties-teologiese gesigspunte.  Sentrale konsepte binne pneumatologie en kreatiwiteit moet onderskei en geëkspliseer word met die oog op verstaansverheldering van die bestaande teorieë.  'n Deeglike oorsig van bestaande literatuur moet gedoen word, sodat daar tot die wese en essensie van die relevante verskynsels in elke veld gekom kan word.  Die uiteenlopende karakter van die velde van kreatiwiteit, pneumatologie en homiletiek vra om 'n interdissiplinêre benadering.  Die velde moet in hermeneutiese gesprek gebring word met die oog op afleidinge oor kreatiewe prediking, met spesifieke aandag aan die rol van die Heilige Gees en die kreatiwiteit van die prediker.

Die tweede fase van die navorsing gaan om die ontsluiting van verbande en patrone wat tussen die velde mag ontstaan.  Die besonderhede van die teorieë word deur prosesse van induktiewe veralgemening en abstrahering ontleed en interpreteer om nuwe verbande en moontlike modelle bloot te lê.  Die uiteinde van die fase is om te bepaal watter rol menslike kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees vervul in die ingewing van die preek.

Die derde fase van die navorsing behels die insameling van ervarings van predikers deur  middel van onderhoude.  Resultate van die tweede fase moet vergelyk word met die ervaringe van predikers.  Predikers moet op ewekansige metode gekies word om vrywilliglik deel te neem aan die ondersoek.  Half-gestruktureerde onderhoude moet aangewend word om die verhale van predikers oor die belewenis van die preekingewing te bekom.  Die metode laat ruimte vir dinamika en vloeibaarheid.  Die resultaat van die proses word saamgevat om 'n teorie vir die praktyk van kreatiewe prediking aan predikers beskikbaar te stel met oog op uitvoering as deel van die preekproses.

## 6.  Teologie.

Uit die voorafgaande is dit reeds duidelik dat die studie van kreatiewe prediking vanuit die raamwerk van die teologie aangepak word.  Teologie word beskryf as "die wetenskaplike en deur tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God

aangaande Homself en Sy direkte verhouding tot die kosmos" (Heyns en Jonker 1977:137). 'n Volgende alternatief stel dit breër.

> Teologie is "...die wetenskaplike en die deur tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God, soos dit in die Heilige Skrif vervat is..., soos dit aan die kerk gestalte gee..., soos dit in die dogma bely word... en soos dit deur die amp verkondig word..." (Heyns en Jonker 1977:137).

Die laaste formulering is 'n poging om teologie te definieer in terme van die velde of terreine van die teologie.

Die volgende element van teologie soos dit deur die aangehaalde skrywers geformuleer is, wys spesifiek op die feit dat teologie tydsbepaald is in terme van die kultuurhistoriese situasie. "...teologie [is] nie 'n tydlose aangeleentheid wat in 'n leë ruimte sonder enige verband met die teoloog se gesitueerdheid beoefen kán en mág word nie." (Heyns en Jonker 1977:148). Teologie kan op grond van die aannames bestempel word as kontekstueel. Spangenberg (2002:110) wys op die kontekstuele karakter van teologie as, teologie wat die *"*vingermerke van die tyd waarin dit gekonsipieer is*"* dra. Hierdie gesitueerdheid of kontekstuele karakter van die teologie moet ook verreken word in die tydsgleuf waarin die studie plaasvind.

Hoewel die woord teologie as samestelling van die Griekse woorde *theos* en *logos* die fokus op God plaas, is God self nie die onderwerp van die teologiese studie nie, aangesien "God nie in 'n menslike woord vasgevang kan word nie". In die teologie gaan dit om die bestudering van menslike woorde oor God en menslike geloof in God. Heyns en Pieterse (1990:4) som teologie op as "die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se geloofsuitsprake oor God." Dingemans (2005:112) stel teologie voor as "achteraf" refleksie oor mense se direkte en primêre geloofsverhouding met die Transendente. Dit handel oor sekondêre refleksies en kognitiewe denke oor godsdiens. Teologie is gevolglik nie godsdiens opsigself nie, maar nadenke daaroor en intellektuele verantwoording daarvan. McGrath (2007:101 e v) beskryf teologie as die bestudering van die idees van die Christelike geloof. Teologie is die wetenskap van geloof en geloofsdade wat binne die konteks van die Christelike geloof en kerk beoefen word.

Die beginpunt van teologie is kennis van die Bybel en kennis van God (Heyns en Jonker 1973:128). Die kennis word gekwalifiseer om nie bloot naïewe voor-teologiese kennis (die dat van die Bybelse waarhede) te wees nie, maar teologiese kennis wat ook na die *hoe* van die kennis vra met die oog op verstaan. In die nadenke oor kennis van die Bybel moet daar ook rekening gehou word met verandering van historiese en kulturele situasie van die teoloog en die impak wat die verandering op die nadenke oor God en die Bybel as bron van kennis sal hê (vgl Dingemans 2005:112 e v).

Heitink (1989:69) gee 'n verdere perspektief op die gerigtheid van teologie. "De Theologie richt zicht niet alleen op de kennis van God, maar ook op het kennen van God, de ervaring van het gelovig subject." Hiermee word teologie uitgebrei om nie net kennis (selfs wetenskaplike kennis) nie, maar ook die tot-kennis-kom van God as deel van die menslike verbintenis met God in te sluit. In die verband is Pieterse (1979:39) se verwysing na die taak van teologie as " 'n ver-antwoordingstaak" relevant. Die teologie moet wat die Bybel sê vertaal en verantwoord in 'n woord vir vandag. Dit moet die teks tot verstaan bring, sodat die woord van God tot spreke kom. Daarom het die teologie 'n omvattende hermeneutiese funksie (vgl Thiselton 2007:3 e v).

Teologie kan ook beskryf word as geartikuleerde geloof. Geloof met 'n selfbewussyn. Cooper en McClure (2003:4) beskryf die noodsaak van selfverstaan vir kerk waarin teologie 'n belangrike rol speel. Teologie moet gevolglik krities wees ten opsigte van die tradisie as reeds geformuleerde denke. Teologie reflekteer oor menslike geloof asook menslike beperkinge in denke, historiese konteks en kultuur soos in 'n spesifieke tydvak verwoord.

Teologie is veel wyer en meer omvattend as wat tot dusver aangedui is. Vir baie lank reeds word teologie nie as 'n enkele vertrek of selfs huis beskryf nie, maar eerder "'n koninklike paleis met talle diensknegte wat jare reeds vreugdevolle diens daarin verrig, en met baie ander diensknegte wat voortdurend in verwondering en verwagting toetree" (Heyns en Jonker 1973:128). Heyns en Pieterse (1990:6) praat

van die “skakeringe” van teologie wat die verskillende studievelde behels en dien as perspektiewe op die teologie as ondeelbare geheel.

Die enkele kort verwysings na teologie onderstreep die gedagte van teologie wat as wetenskaplike aktiwiteit, binne ‘n bepaalde konteks of tydsgreep, besig is met geloof en geloofsuitsprake van mense. Hierdie betrokkenheid binne ‘n konteks, impliseer dat teologie ‘n dinamiese aktiwiteit behoort te wees wat in pas met die samelewingsontwikkeling die verstaan van die geloofsverhale nuut formuleer. Teologie is aangedui as ‘n kritiese aktiwiteit. In die besigwees, bevorder die teologie mense se ken en kennis van God deur die Bybelse woord so verstaanbaar oor te dra, dat God ook in die hedendaagse situasie aan die woord kom. Prediking is instrumenteel in hierdie “aan die woord kom van God”. Kreatiewe prediking moet gevolglik as deel van die ryke skakeringe van die teologie bestudeer word met die oog op die relevante bekendmaking van God se heil vir die wêreld.

### 6.1. Samevatting.

Teologie as wetenskaplike antwoord op die openbaring van God is ‘n konteksbepaalde aktiwiteit waarin menslike woorde en idees oor God en die geloof in God die onderwerp is. Die uitgangspunt van christelike teologie is die Bybel. In die omgang met die Bybel en die verskillende tradisies wat met verloop van tyd daaruit onstaan het, word gebruik gemaak van die insigte en metodes wat die hermeneutiek die teologie bied. Teologie werk interdissiplinêr en ook intradissiplinêr.

## 7. Die Praktiese Teologie.

Die teologie, as wetenskaplike aktiwiteit met omvattende hermeneutiese funksie, voltrek binne ‘n bepaalde konteks en bly besig met die geloof in God en die geloofsuitsprake van mense oor God. Die geloof word gedra deur die kennis van God soos afgelei vanuit die Bybel en die belewenisse van mense. Die kennis word gevoed deur die verkondiging van die boodskap van die Bybel wat onder meer in die vorm van prediking geskied. Hierdie aktiwiteit van prediking val binne die raamwerk van die praktiese teologie.

Die praktiese teologie verteenwoordig een van die studievelde van die teologie (Heyns en Pieterse 1990:7; Heitink et al 2000:63). Heitink (1993:105) definieer die praktiese teologie as "de empirisch-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne sameleving." Pieterse (1993:108) som die praktiese teologie op as die teologiese teorie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Hy beskryf praktiese teologie elders ook as "the study of communicative acts in the service of the gospel within the context of modern society" (Pieterse 2004:8).

Volgens Schweitzer (2001:12) behoort die praktiese teologie meer as net 'n kritiese teorie te wees. Die pluraliteit van godsdienstige uitdrukkingsvorme noodsaak die praktiese teologie om tussen tradisie en kontemporêre kultuur as tussenganger te funksioneer. In hierdie siening van praktiese teologie word 'n kritiese hermeneutiek van die kultuur verlang. Openheid om te luister na meer as net die tradisie word 'n noodsaaklikheid saam met 'n kritiese ingesteldheid. Hierdie ingesteldheid moet aangevul en gekomplimenteer word met die herontdekking van kreatiwiteit en verbeelding wat ruimte laat vir menslik ekspressiwiteit. Die verskuiwing wat verlang word, weg van die praktiese teologie as blote toepassing, is 'n verskuiwing na 'n estetiese karakter van die praktiese teologie met ruim spasie vir kreatiwiteit en verbeelding. Praktiese teoloë tree in kreatiewe gesprek met die skeppings van die verlede onder die bewussyn dat dit skeppings van die verlede is wat ook aangepas en vernuwe kan word in die nuwe konteks van die hede (vgl Lartey 2001). Immink (2005:179) beskryf die taak van praktiese teologie. "Practical theology deals with the concrete praxis of faith." Die praxis is die verhouding tussen God en die wêreld waarin God die sprekende en die handelende subjek is.

Osmer (2008) beskryf praktiese teologie aan die hand van vier verskillende take. Die eerste taak waarmee die praktiese teologie besig is, word beskryf as die "descriptive-emperical task" (Osmer 2008:4). Dit gaan in hierdie taak om die versameling van informasie wat help om die patrone en dinamika van spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei en te beskryf. In Osmer en Schweitzer (2003:2) word die taak, met die vraag What is going on?, verwoord.

Die tweede taak word omskrywe as die "interpretative task." Hierdie taak is besig met die waarom-vraag (vgl Osmer 2003) en herbesoek verskillende teorieë en wetenskappe om die geïdentifiseerde patrone te verstaan en te verklaar.

Die derde taak word as die "normative task" beskryf. In hierdie taak word teologiese konsepte gebruik, om etiese norme te daar te stel wat as gids vir reaksie dien, en waaruit geleer kan word in die interpretasie van gebeure. Die vraag wat die taak rig, vra: "What forms ought religious praxis take in this particular social context?" Beide die verlede en die hede is ter sprake in hierdie taak van die praktiese teologie wanneer die bronne van die religieuse tradisie, sowel as die spesifieke konteks van ondersoek, nagegaan word. Norme in die praktiese teologiese konteks is konteksbepaald en word beïnvloed deur die uitkomste van die empiriese en interpretatiewe werk (vgl Osmer 2003).

Die laaste taak word as die "pragmatic task" beskryf. Dit gaan in die fase om aksie strategieë wat die situasie positief kan beïnvloed, asook die refleksie oor terugvoering na uitvoering van die strategie (Osmer 2008). "How might this area of praxis be shaped to embody more fully the normative commitments of a religious tradition in this particular context of experience?" Die kwessie van die toepassing van kreatiwiteit word in die taak vervat. Dit gaan nie om 'n standaard stel reëls wat nagevolg moet word nie, maar die konteks en situasie wat medebepalend vir die aksie word.

### 7.1. Praktiese teologie is teologie.

Daar bestaan algemene konsensus dat Praktiese teologie volledig deel is van die teologie aangesien dit besig bly met die bestudering van die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie van Christus (vgl Heyns en Pieterse 1990; Heitink 1993; Pieterse 1993; De Roest 1998). In die praktiese teologie gaan dit om die kernsaak van die teologie, die saak van die geloof en kerk nl. die evangelie van Jesus Christus en wel die evangelie soos dit in die Bybel vervat is. Pieterse beklemtoon dat die praktiese teologie fokus op die *kommunikasie* van die evangelie (Pieterse 1993:2).

Praktiese teologie is een van die studievelde van die teologie wat die geloofshandelinge van mense onder die soeklig plaas. Dit bly besig met die gebeure van die ontmoeting tussen God en mens met besondere klem op die rol van mense in die ontmoeting wat geskied as 'n teonome resiprositeit. Die praktiese teologie is 'n wetenskap wat 'n teorie vir die praktyk nastreef (Heyns en Pieterse 1990:8, Immink 2005:179). Dit formuleer die prakties-teologiese teorie wat in die praktyk funksioneer, beoordeel die teorieë krities en formuleer nuwes soos nodig (Heyns en Pieterse 1990:12; Heitink et al 2000:54).

Die teologiese identiteit van die Praktiese Teologie word gevind in die kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies deur verskillende handelinge, soos onder meer die prediking, viering van die heil in die erediens, pastorale sorg, kerklike onderrig, diens (diakonia) en gemeentebou. Die handelinge kan weer terug herlei word tot die kern definisie van praktiese teologie as bestudering van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (vlg. Pieterse 1993; Immink 2005:24) en ook in uitgebreide sin, die dinamiese gebeure van die kommunikasie tussen God en mens, en tussen mens en mens in diens van die Here (Pieterse 1993:2).

Dit gaan in die teologie om die kristallisering van die gelowiges se verhouding en ervaring met God soos uitgedruk of vergestalt in die geloof. Dit sien ons in die Bybel, die tradisie, die inleiding van die geloof en godsdienstige handelinge in die verlede en die hede. Teologie word beskou as praktiese wetenskap (vgl Van der Ven 1998:29-33; Heitink 1993:110-112; Pieterse 1993:40). "It is not a speculative, theoretical science." Dit gaan nie net oor die kennis van God nie, maar ook oor die kennismaak met God. Dit is 'n proses van leer van God en ervaring van God op persoonlike vlak, "This learning about God is pre-eminently the field of practical theology" (Pieterse 2004:7).

### 7.2. Praktiese teologie is 'n wetenskap.

Die praktiese teologie is vir baie lank as 'n blote toepassingsvak beskou wat praktyk-opleiding vir die teologie moes waarneem (Heyns & Pieterse 1990:9-11; Schweitzer

2001:11e v). Die beskrywings van die geskiedenis en ontwikkeling van die vak *praktiese teologie* soos uitgedruk in terme van teorie, metode, handelingsvelde en dergelike dui op ‘n algemene aanvaarding van die wetenskaplikheid van die vak (vlg Heyns & Pieterse 1990; Burger 1991; Heitink 1993; Pieterse 1993; Van der Ven 1998; Immink 2005). Praktiese teologie is ‘n wetenskap omdat dit oor ‘n eie studieveld beskik, eie prakties-teologiese teorieë vorm, en wetenskaplike metodes gebruik (Heyns en Pieterse 1990:11; Louw 2003:38).

Die objek van teologie as wetenskap, is die bestudering van mense se geloof in, en hulle geloofsuitsprake oor God. Teologie gaan nie oor die bestudering van God as direkte objek soos dit aanvanklik beskou is nie (vgl Van der Ven 1993; Pieterse 2004). Die veranderinge wat ingetree het sedert die Europese Renaissance en die omwentelinge in beskouinge oor die mens, asook die ontwikkelinge van die verligting en die moderniteit bring ‘n antropologiese skuif mee. Pieterse wys op die toevoeging van die hermeneutiese vraag wat juis die feit van tweerigting verkeer tussen God en mens aan die orde bring. Die fokus van die teologie vanuit hermeneutiese hoek beskou, is die verstaan van die beweging van God se openbaring en die rol van mense in die ontvangs daarvan (Heitink 1993:114; Pieterse 2004:4-8).

Die basis van die geloofhandelinge is volgens Pieterse (1993:5 e v), die handelinge van God met mense in die wêreld, sowel as die geloofshandelinge van mense wat hul geloof kommunikeer met die oog op die ontstaan en opbou van geloof in God. Volgens Pieterse (2004:7) gaan die objek van praktiese teologie om die bestudering van die konkretisering van gelowiges se verhouding met, en ervaring van God, soos uitgedruk in geloof. Dit volg hieruit dat teologie ‘n praktiese wetenskap is. Dit gaan nie net om die kennis van God nie, maar ook om die tot kennis kom van God. Dit is ‘n leerproses, ervaringsproses, persoonlike ken en tot kennis kom van Hom. “This learning about God is pre-eminently the field of practical theology” (Pieterse 2004:7).

Die Praktiese teologie is besig met wetenskaplike ondersoek na die geloofspraxis. Die ondersoek behels die lewe in die lewenswêreld van mense soos hulle dink, ervaar en glo in verhouding met God en medemense. Die lewe speel af in die

algemene samelewing, sowel as in die kerk waar erediens en die bedieninge van die gemeente in verantwoordelikheid teenoor God en die wêreld voltrek word. Die doel van die ondersoeke het die verbetering en vernuwing van die geloof en die geloofsdade van mense in die oog (Pieterse; Greyling & Janse van Rensburg 2004:89). Praktiese teologie voltrek binne handelingswetenskaplike benadering.

Van der Ven (1993) definieer praktiese teologie as empiriese teologie. Praktiese teologie bestudeer die werklike praxis deur middel van empiriese metodes wat by ander dissiplines geleen word. Die praktiese teologie verskil in die verband van die ander dissiplines aangesien die resultate van empiriese aktiwiteit deur teologiese teorie gestruktureer word.

### 7.3. Kommunikatiewe handelingswetenskaplike benadering.

As teologiese wetenskap is die fokus van die praktiese teologie die geloof in, en geloofshandelinge van God. Heitink (1993:114) verwoord die doel van die praktiese teologie in terme van die eenheid van kennis, geloof en handeling en maak die afleiding dat 'n hermeneutiese benadering in die verband die mees geskikte is. In die geloof as onderwerp van die praktiese teologie gaan dit om die ken van God asook die tot kennis kom van God. Heitink (1993:115) verwys na die bronne vir kennis van God as die Bybel, die tradisie asook die gestaltes van geloof wat die historiese sowel as die hedendaagse gestaltes insluit. Die hermeneutiese verband word gelê in die hermeneutiese aktiwiteite as "zeggen, uitleggen, vertalen,... kennen, interpreteren en handelen" (Heitink 1993:115).

Kennis van God is volgens Pieterse (2004:4) nie 'n eenrigting-verkeer-kennis van God nie. Mense speel 'n rol in die tot verstaan kom van die betekenis van God binne die godsdienstige lewe. Hierdie dialogiese gestalte van die verkeer tussen God en mens plaas nie alleen die teologie as geheel nie, maar veral ook die praktiese teologie, binne die raamwerk van die hermeneutiek. "All theological disciplines now accept that their basic method is hermeneutic" (Pieterse 2004:5). Die verwerwing van kennis kom volgens Heitink (1993) in die deurdink van die Woord, en die verstaanbaar maak daarvan in die eie tyd, langs die weg van

interpretasie en verstaan van die mens in eie situasie. In die proses dat die Woord verstaanbaar gemaak word deur interpretasie, moet 'n hermeneutiese weg noodwendig gevolg word volgens Pieterse (2004:8).

In die teologie dien hermeneutiek om deur middel van interpretasie die woordgebeure in die teks opnuut tot woordgebeure in die mond van die prediker in die hede te maak (Pieterse 1993:39). Dit beteken dat die hindernisse vir verstaan opgeklaar moet word. Die teks sowel as die huidige konteks moet verstaan word aangesien die evangelie gerig is op die mens in die konteks van die hede (Pieterse 1979:69). Die begrip hermeneutiek word in Pieterse (2004:72) aangedui as "theoretical reflection on how to interpret the meaning of a text, a passage or the entire context of the Bible and, having interpreted it, considering how to translate that message into the congregations context for the purpose of preaching."

In die beantwoording van elke prakties-teologiese vraagstelling kom die hermeneutiese, empiriese en strategiese perspektiewe ter sprake wat nou met mekaar saamhang (Heitink 1993:106). Pieterse (1979:66) beskou die taak van die hermeneutiese teologie as "...geleë in die verstaan van die Christelike geloof soos dit uit die Skrif neerslag gevind het en die voortdurende nuut verantwoording van die geloof vir elke tyd. Volgens Van der Ven (1989:50) dien die hermeneutiese raamwerk waarbinne die metodes van intradissiplinariteit ingebed is om te verhoed dat "brute positivism, naked empiricism en stupid objectivism" oorneem. Thiselton (2009:4) wys daarop dat hermeneutiek naas die eksegetiese en interpretasie take, ook krities vra "what exactly are we doing when we read, understand, or apply texts." Dit sluit die voorwaardes en die kriteria in vir verantwoordelike, geldige, vrugbare en gepaste interpretasie. 'n Hermeneutiese benadering sal gevolglik interdissiplinêr funksioneer.

Die beginsels van 'n hermeneutiese perspektief soos in Van der Ven (1989:51-52) behels die volgende:

- Die navorser benader die onderwerp van studie vanuit eie voorveronderstellings (prejudices) en moet dus bewus wees van enige persoonlik vooroordele.
- Die navorser is 'n deelnemer aan die leefwêreld van die medemense wie se praxis ondersoek word.
- Die geskiedenis van tekste of persone wat ondersoek word in terme van die invloed daarvan op die navorsers en objek van navorsing.
- Die navorser hou rekening met die konteks van die objekte se lewens – ekonomie, ekologie politiek sosiaal kultureel
- Gedagtes, gevoelens en praxis van die subjekte moet verken en analiseer word vanuit ideologies-kritiese gesigspunt.

Hierdie gedagtes is bepalend vir enige empiriese aktiwiteit.

Die hermeneutiek as proses van verstaan, is noodsaaklik vir die prediking. Dit begin by die omstandighede van die gemeente wat geken moet word in terme van omstandighede, ervaringe, behoeftes en probleme van mense (Pieterse 2004:17). In die hermeneutiese benadering word die Bybelse woord in konteks geanaliseer en dan vergelyk met die hedendaagse konteks waaruit die vraag voortvloei na die betekenis van die Bybel as woord binne die verstaanshorison van ons tyd (Heitink in Heitink, Pieterse & Vos 2000:58). Hierop volg die waarheidsvraag wat volgens Heitink, in elke konteks nuut beantwoord word. Waarheid staan nie byvoorbaat vas nie, maar is relasioneel van aard en word gevind in 'n konkrete situasie. In hermeneutiek gaan dit om "een proces van waarheidsvinding" waarin hermeneutiek, die uitdaging het om die kloof tussen tradisie en ervaring te oorbrug (Heitink in Heitink et al 2000:59). In dié verband beklemtoon De Roest (1998:24) die analise van die christelike praxis in terme van "...the thoughts, perceptions, values and assessments 'behind' the empirically observed and measured 'facts'." Die beelde waardes en interpretasies van die teologiese tradisie, sowel as die histories gevormde agtergrond wat nie deur 'n eksklusiewe empiriese benadering ontsluit kan word nie, moet ook as deel van die hermeneutiese proses ingesluit word.

### 7.4. Samevatting.

Praktiese teologie is besig met die geloofshandelinge van mense wat in die verhouding tussen God en mens binne die konteks van tyd uitgevoer word. Dit is 'n oop dissipline waarin insigte vanuit die teologie en die verskillende teologiese velde saam met die insigte van ander dissiplines, op verbeeldingryke kreatiewe wyse ingespan word om geloofspraktyke van mense krities te ondersoek en te bestudeer. Die doel hiervan is die verbetering en vernuwing van die oue en die ontdekking van die nuwe. In die gebeure is die resultaat nuwe denke oor die teorieë, strategieë en aksies wat in die geloofsraamwerk funksioneer. Praktiese teologie is 'n selfstandige wetenskaplike onderneming wat met openheid en moed die kerk en die mensdom die toekoms in begelei.

## 8. Homiletiek

### 8.1. Inleiding.

In die homiletiek gaan dit om die wetenskaplike bestudering van die prediking. Grözinger (2008:40 e v) beskryf die homiletiek as wetenskap aan die hand van die Aristoteliaanse wetenskapsleer. "Das hervorbringende Können (*poiesis*)" is die vaardigheid om iets na vore te bring, soos die redevoering wat deel is van prediking. "...das handelnde Können (*praxis*)" is die praxis aspek van die prediking en die laaste faset is "das reflektierend-betrachtende Können (*theoria*)" wat spesifieke homiletiese teorie vir die prediking behels.

### 8.2. Prediking is die verwoording van die evangelie.

Die prediker ontmoet ander mense met eie woorde oor die evangelie (vgl Cilliers 2004:25). Prediking is gevolglik die verwoording van die evangelie. Die bron van die evangelie is die Bybel wat as Woord van God beskryf word (Grözinger 2008:253). Bartow (1997:3) beskryf hierdie Woord as "The Word of God is face to face, oral-aural situated, and suasory discourse. It is not a dead letter. It is not reason alone. It is an event of *actio divina* (God's self performance, if you will). It is in fact God's human speech." God se selfopenbaring word gevolglik as 'n "performative event" beskryf wat aandag vra van menslike spraak- en luistervermoëns.

Die preek, as verwoording van die evangelie, is ‘n gebeure waarin die Heilige Gees betrokke is. “Die werking van die Gees is onlosmaaklik verbonde aan die plek en die funksionering van die prediking in hermeneutiese wisselwerking met die situasie.” (Venter 1992:7). Die prediker vervul ‘n intermediêre rol in die bediening van die Woord. Die Woord is God se menslike taal waardeur die Heilige Gees die mens, binne die natuurlike geskiedenis, op menslike grond ontmoet (vgl Bartow 1997:44).

### 8.3. Binne die konteks van die gemeente.

Die verwoording van die evangelie geskied binne die konteks van die gemeente. Volgens Handelinge 20:11 word die evangelie in die midde van die gemeente verkondig. Prediking geskied oor die algemeen daar waar die gemeente bymekaar is in die erediens. Dit geskied deur middel van die prediker as mens in die ruimte van die erediens. Die erediens as ruimte druk ‘n bepaalde stempel op die prediking af, daarom kan Thomas (1976:12-14) sê: “prediking is om aanstaande Sondag tydens die samekoms van die gemeente te preek” (vgl Vos 1996:238 e v; Cilliers 2004:136 e v; Grözinger 2008:99). Die preek is gebonde binne ‘n bepaalde situasie (Vos 2005:289-292). Elke preek is op ‘n besondere tydstip en plek uniek. Die situasie van ‘n preek in ‘n gemeente sal ‘n week later nie meer presies dieselfde wees nie. Prediking moet dus rekening hou met al die aspekte wat saamhang met ‘n spesifieke groep mense binne ‘n spesifieke situasie. Die homiletiek hou voortdurend rekening met die omgewing en situasie waarbinne die preekgebeure moet plaasvind. Die hermeneutiese karakter van die praktiese teologie speel gevolglik ‘n belangrike rol in die homiletiek.

Om saam met ander gelowiges te wees, is wesentlik tot die geloof. Hierdie *saamwees* as gemeente word deur Burger (2009:18) as prioriteit gereken in die gelowige se verhouding met God. In ‘n wêreld waar individualisme hoë aansien het, word dit homiletiese gesproke nie net belangrik vir verhoudings nie, maar ook vir die prediker wat die evangelie in die gemeente gaan verkondig. Individuele behoeftes is belangrik maar die konteks van die gemeente as geheel word van groter belang geag. Die belang van die erediens as die saamwees van die gemeente word beklemtoon deur dit wat daar gebeur. In die erediens word die geloof in mense gevorm deur die werk van die Gees in interaksie met die breër geloofsgemeenskap.

God is in die erediens teenwoordig, sodat die gemeente daar, die seën en verlossing van die Here ontvang deur die werk van die Gees (Burger 2009:20 e v). In die erediens kom die gemeente met hulle stukkendheid en patos (Burger 2009:24), omdat dit die plek is vir gebrokenes om tuis te kom as deel van 'n sorgende, genesende familie. Die implikasie van hierdie beskouing van die gemeente as vergaderplek waar die Woord van God gebring word, plaas 'n besondere verantwoordelikheid op die prediker, wat binne daardie ruimte 'n woord van hoop en troos vir die lewenswerklikheid moet bring.

Die gemeente, en die boodskap van die Bybel wat verkondig word, is deel van 'n lang christelike tradisie. Die prediking is deel van die op-weg-wees met die gemeente van Christus. Om die gemeente as gemeente van Christus te beskryf, is om die identiteit van die gemeente te beskryf. Hierdie identiteit trek die gemeente saam en hou hulle bymekaar. Van hierdie deel word van, en deel hê aan die gemeente, is die prediking 'n belangrike onderdeel wat die identiteit van die gelowiges aan die hand van die evangelie bevestig (vgl Grözinger 2008:99e v). Venter (1992:7) beskryf die prediking na aanleiding van 1 Petrus 4:7-11 as woorde van God. "Die Gees inspireer die Woord en roep en verlig die prediker en die gemeente om die Woord te verstaan en uit te lewe." Hierdie siening impliseer dat die prediker die gemeente moet ken. Kennis van die lewenswêreld van die hoorder, kennis van die lewensvrae waarmee die gemeente worstel (vgl Grözinger 2008:101) is gevolglik wesentlik.

Kennis van die gemeente word met verloop van tyd opgedoen soos wat die prediker die gemeente leer ken en in verhouding met hulle tree. Tisdale (2008:75 e v) kies vir 'n meer doelbewuste leer ken van 'n gemeente. Die proses word in verband gebring met 'n *eksegese* van die gemeente. 'n Aantal redes word aangevoer om die noodsaak van hierdie kennis te onderstreep. Dit is krities om met respek en begrip, met die gemeente om te gaan, daarvoor word 'n "thicker understanding" (Tisdale 2008:76) van die gemeente benodig. Tweedens word kennis van die kommer, vrae, hartseer en ook die drome van die gemeente veronderstel, sodat die prediking vir hulle relevant kan wees. Kennis van die gemeente word ook op verdere terreine van die gemeentelike bestaan vereis, soos kennis van die gemeente se geloof en kennisvlakke. Die inhoud van die kennis word beskryf as "local theologies a

congregation holds dear." (Tisdale 2008:76). Kennis van die gemeente sal die prediker in staat stel om sodanig te preek, dat die gemeente in staat is om boodskap in eie lewe te kan gestalte gee.

Tisdale (2008:83 e v) wys op sewe simbole in die gemeentelike lewe waarvolgens die eksegese van die gemeente gedoen kan word. Geskiedenis, demografie, stories, ritueel en liturgiese patrone, argitektuur en kuns, mense, en gemeentelike gebeure en aktiwiteite, word as die simbole van die gemeente geïdentifiseer. Ander faktore om in ag te neem is die teologie van die gemeente, wat die gemeente se godsbeelde, mensbeskouing en verstaan van roeping, insluit. Hierdie kennis sal die prediker in staat stel om op spesifieke aspekte van die gemeentelike bestaan te kan konsentreer met die oog op die boodskap van die evangelie wat gebring moet word.

'n Laaste aspek waarmee die prediker moet rekening hou, is die bestaan van subkulture in die gemeente (vgl Tisdale 2008:86). Die prediker kan die gemeente beskou deur die lense van etnisiteit, klas, samestelling en oortuigings. In Suid-Afrikaanse konteks mag die kategorieë onbruikbaar wees en sou dit waarskynlik eerder deur die lense van generasie, geslag, menslike voorkeure; sosiale stand en dergelike, onderskei kan word.

### 8.4. Deur die prediker.

Prediking is die verkondiging van die boodskap van die evangelie binne die konteks van die gemeente deur die prediker. Die amp van die predikant sluit die opdrag van prediking, as deel van die roeping en uitvoering van die taak in. Die taak is nie net deel van die roeping of pligte van die prediker nie. Die gemeente het daarby ook steeds die behoefte om die boodskap van God te hoor (vgl Stark 2005:454-458; De Roest 2006:178 e v). Die gemeente wil in die woorde van die prediker, God se boodskap vir hulle verneem, soos dit in die Woord van God deur die preekgebeure ontsluit word (Troeger & Everding 2008:13). Die prediking word geheel en al deur die Skrifwoord beheers, want in die preek moet die lewende Woord gehoor word (Pieterse 1979:87). Thomas (1976:13) praat van die grondhouding van die geloof as, luister na die lees en die verklaring van die Skrif. Die Woord van God word in die

prediking gehoor in soverre die Skrifwoord lewend in die konkrete situasie van die gemeente verkondig word (vgl Bartow 1997:9 e v).

Grözinger (2008:123 e v) gee omvattend aandag "Das »Ich« auf der Kanzel." Die geskiedenis van die verstaan en die plek van die persoon van die prediker word as kontroversieel beskryf. In die huidige teoretisering oor die persoon van die prediker word ondermeer aandag verleen aan die persoonsvaardighede, asook die geslagtelike bewussyn van die prediker.

Die vraag na die rol van die persoon van die prediker word op twee vlakke aangespreek. Eerstens die vlak van die werklikheid (Faktischen Sachsverhalts). Elke prediker is bewustelik of onbewustelik as persoon in die prediking betrokke. "Jeder Prediger ist mit seiner Person in der Predigt präsent – unabhängig davon, ob er dies selbst so wahrnimmt oder nicht." Die tweede vlak is die konsepsionele vlak (Konzeptionellen). "Ich möchte mit meiner Person in meiner Predigt vorkommen." (Grözinger 2008:132). 'n Prediker kan aan die een kant op 'n onintensionele wyse baie persoonlik binne die preek betrokke wees, aan die ander kant kan die persoonlike aspekte van die prediker in die prediking doelbewus beklemtoon word. Wanneer die konsepsionele, of die bewustelike persoonlike prediking plaasvind, mag dit lei dat die hoorders moontlik van die boodskap van die preek vervreem kan word deur die aanwesigheid of afwesigheid van persoonlike elemente in die preek.

Daar is egter 'n middeweg. "Zwishen der *völligen* Identität persönlicher Erlebnisse und der völligen *Differenz* gibt es eine mittlere Ebene, die den werd des Exemplarischen des Erlebnisses ausmacht." Aan die een kant is die die lewenswêreld van die prediker is nie noodwendig identies aan die lewenswêreld van die luisteraar nie. Aan die ander kant is daar nie noodwendig groot verskille nie, "wir haben alle auch Gleiches." Hoewel mense nie almal dieselfde is nie, bestaan daar tog raakvlakke tussen die verskillende belewenisse en situasies wat elke dag ervaar word (Tisdale 2008:79 e v). Op die vlak is die persoonlike aard van die prediking aanvaarbaar, tog moet die prediker daarteen waak om nie in 'n persoonlike selfbejammering, "privatistische Nabelschau" te verval nie (Grözinger 2008:133).

Grözinger (2008:135) beklemtoon die belang van die *persoonlike* in die prediking. Die prediker hoef nie die voorbeeld van die geloof te word nie, dit mag te veel gevra wees. Predikers moet "auf der Kanzel darin erkennbar werden, wie sich in ihrem je individuellen Leben Glauben ausbildet, was ihn näht und was ihn in Frage stellt. Von Gott kann nicht in der Weise »Über-etwas-Reden« gesprochen werden, sondern nur in der Weise eines *verwickelnden* Redens, das die eigene Existenz und die eigenen Erfahrungen nicht ausblendet." Aan die een kant vra die herkenbaarheid van die prediker moed en eerlikheid, aan ander kant vra dit beskeidenheid. Die uitdaging vir die prediker is om met egtheid die moed aan die dag te lê om iets persoonliks te deel op 'n nederige wyse wat nie die fokus van die boodskap wegneem nie.

### 8.5. Deur middel van die gesproke woord.

Prediking is die verkondiging van die boodskap van die evangelie binne die konteks van die gemeente deur die prediker, met behulp van die gesproke woord. In die preek word daar met die gemeente in gesprek getree oor hulle geloof binne die situasie waarin hulle verkeer. Lose (2008:53) beskryf die doel van die prediking as "...drawing people into an encounter with the crucified and risen Christ that they may come to new life and be caught up into the present and ongoing work and story of God." Om so met die gemeente in gesprek te tree, vereis doeltreffende kommunikasie. Prediking het te doen met verstaanbare taal en gepaste dialoog sodat die kommunikasie so suksesvol moontlik kan verloop (Vos 2005:318-325). Van die prediking word die begrip "reimagining" deur Brueggeman (1995:315) gebruik. Die prediking dien om die wêreld en die plek van die mens in die wêreld, onder die geklank van God se Woord te her-ver-beeld. Die prediking is nie bloot net 'n goeie kerklike gewoonte of sinvolle tydsbenutting nie. Long (2008:12) beskryf prediking as Christelike praktyk, "preaching is not ornamental or mere oratorical entertainment. People need to hear the gospel, need to attend to the speech of the living and present God. Prediking moet aandag gee aan die menslike behoefte in reaksie op, en in die lig van God se aktiewe teenwoordigheid in die wêreld.

Brown (2008:101) wys op die belang van die gesproke woord in die prediking. Die prediker het die verantwoordelikheid om die preek sodanig te verwoord, dat dit die boodskap wat gebring word, kan kommunikeer. Predikers moet gevolglik rekening

hou met die verskillende kommunikasie elemente en tegnieke. Taaltegnieke soos metaforiese en simboliese gebruik van taal asook die hindernisse wat kommunikasie kan belemmer is noodsaaklik om van kennis te dra. Brown (2008:104) verwys na 'n aantal hindernisse vir kommunikasie waarvan omgewingsteurnisse, die prediker se eie houding of manier van oorkom, en kommunikasievaardighede, belangrik is. Die aanwending van taal in die preek kan kommunikasie bevorder of belemmer. Verbeeldingryke, verkennende taal sal die hoorder meeneem in die kommunikasie proses. Die manier waarop die prediker die taal gebruik kan ook weer bydra dat die taal die boodskap van die preek oorskadu (vgl Brown 2008:108). Taal kan egter ook eksklusief wees as instrument in die prediking. Taal wat nie sensitief is vir minderhede nie, of wat geslagtelike ongelykheid bevorder, kan mense vervreem van die boodskap. Taal wat te akademies of dalk platvloers, en taal wat kultuurvreemd is, kan ook die kommunikasie belemmer.

Taal is egter meer as die verbale uitdrukking van betekenis. Die nie-verbale aspekte van kommunikasie beïnvloed ook die oordrag van die boodskap. Brown (2008:113) verwys na enkele belangrike aspekte soos die voorkoms van die prediker, oogkontak, gebare, tempo van spraak, tydsbenutting en die afstand tussen prediker en luisteraar as elemente wat die kommunikasie van die boodskap kan bevorder of belemmer.

### 8.6. Binne 'n bepaalde samelewingskonteks.

Prediking is die verkondiging van die boodskap van die evangelie binne die konteks van die gemeente deur die prediker, met behulp van die gesproke woord binne die konteks van die samelewing. Die gemeente bestaan nie in isolasie van die groter geheel van die gemeenskap nie. "They exist in the contexts of the neighbourhood, the city, the state, the nation and the world" (Harris 2008:90). Plaaslike, nasionale en internasionale kwessies is belangrik vir die verstaan van die gemeente. Die effek van globalisering op die gemeente kan nie langer buite rekening gelaat word nie. Die noodsaak van die groter samelewing vir die kerk word beskryf aan die hand van die verantwoordelikheid van die kerk om horisonne te verbreed en die status quo uit te daag (Harris 2008:94). Predikers moet gevolglik rekening hou met dit wat in die

wêreld aan die gang is op byvoorbeeld die vlakke van politiek ekonomie om enkele voorbeelde te noem asook met die kerk op universele vlak.

## 8.7. Op estetiese wyse.

Prediking is die verkondiging van die boodskap van die evangelie binne die konteks van die gemeente deur die prediker, met behulp van die gesproke woord binne die konteks van die samelewing, op estetiese wyse.

Die prediking is nie bloot 'n toepassingsinstrument van die dogmatiek nie (Nicol 2002:185). Prediking is 'n kunsvorm (vgl Grözinger 2008:327). Garhammer (2000:15-19) wys op die lesse wat die prediker by die "Dichtern" kan leer, waardeur die verwantskap of die nabyheid van die prediking en literêre kuns, aangetoon word. Nicol (2002:186) wys op die teorie wat die taak van die prediking beskryf as "to stage a Biblical text rhetorically within the context of a church service in such a way that the congregation can apply it to their own views and experiences." Hierdie taak word in die hermeneutiese terme weergee as "aesthetics of reception." Hierdie ontwikkeling word deur Nicol (2002:187) beskryf as die "*New Homiletic."* Hiervolgens word die erediens as "an ordered form of moving time" beskryf. Dit is 'n beweging van "propositional preaching" na "representational preaching", 'n beweging van 'n "delivered message" na 'n "creative event", prediking as 'n "work of art." Dit gaan om prediking wat georiënteer is na werklikheid van die lewe. "Preaching performs life, life is movement, and preaching, therefore, should be plotted mobility" (Nicol 2002:188). Kuns behoort nie aangewend te word om die idees in die prediking te illustreer nie, kuns is eerder die skepper van 'n unieke realiteit, 'n wêreld van simbole.

Noller (2002:110) beskryf elke preek as 'n unieke onherhaalbare daad van die verkondiging van God se Woord as "an actually new word of faith." Die preek is 'n oop kunswerk waarin ontdekking en kreatiwiteit wesentlik is. Die gebeure word beskryf in terme van 'n "enormous creative potential, which structures both the preparation and the act of preaching itself." Kreatiwiteit gaan nie net om die openheid vir nuwe idees en inspirasie, of die versameling van materiaal nie. Kreatiwiteit gaan ook om die deursien van die periodes van dekonstruksie en frustrasie wanneer die regte woorde gesoek word om uitdrukking te gee aan die

idees. Die hele proses van dekonstruksie en herkonstruksie word aan die werk van die Gees verbind, as trooster en begeleier in omstandighede van "invention and homiletic creativity" (Noller 2002:111). Grözinger (2002:169) verwys na die implikasies van kuns as instrument tot opening van nuwe moontlikhede en interpretasies. "Art facilitates [ , ] communication beyond day-to-day action.... [ and, ] a process of finding sense. Art supplies means to recognising [ and ] facilitates experimenting with the outlining of one's own being." Volgens die uitgangspunt is kuns die medium waardeur die roetine van die lewe uitgedaag word deur eksperimentering. Dit stel mens in staat om anderkant die werklikheid te kan sien, om kreatief te kan wees. Grözinger (2002:175) streef na verantwoordelike kreatiwiteit in die omgang met die Bybel. Prediking gaan om die skepping van sin en betekenis. Prediking kan verstaan word as 'n "answer within an *active* act of reading as it is described by the 'reception aesthetic' (*Rezeptionsästhetik)* (Grözinger (2002:176). In hierdie proses skep die leser sowel as die teks betekenis. Die leser moet gereed wees om in pas te kom met die ritme van die teks, sonder vrees vir die verandering van die status quo. In hierdie beweging noem Grözinger (2002:177) drie fasiliterende faktore naamlik: die energie van die Bybelse woorde, die vermoë van die prediker om die vreemdheid van die Bybelse teks te hanteer en die vreugde wat in die spel met die oorgelewerde materiaal te vinde is. Kreatiwiteit, of estetiese prediking se bedoeling is uiteindelik nie om te vermaak of te beïndruk nie, maar eerder om die hoorder in staat te stel om 'n nuwe taal te vind waarmee hulle bestaan betekenisvol beskryf kan word.

Verbeelding en kreatiwiteit kan as die twee belangrike komponente van die estetiese benadering in die homeletiek uitgesonder word. Die twee komponente word in die afdeling oor kreatiwiteit meer omvattend verken.

### 8.8. Samevatting.

Homiletiek as bestudering van die prediking gee aandag aan die prediking as die verkondiging van die boodskap van die evangelie binne die konteks van die gemeente deur die prediker, met behulp van die gesproke woord, binne die konteks van die samelewing op estetiese wyse.

## 9. Die lewensomstandighede of die konteks waarbinne die studie voltrek word.

Die lewensomstandighede waarbinne die studie uitgevoer word, is ‘n relevante deel van die studie aangesien die verstaan van die situasie of konteks deel vorm van ‘n hermeneutiese werkswyse. Pieterse (2002:76 e v) wys op die belangrike rol van die invloed van modernisering op die mens asook die invloed van die huidige situasie en praktyk. Dit is gevolglik noodsaaklik om ‘n greep op die praktyk en die situasie te hê ter wille van die hermeneutiese proses. “...die konteks van ons tyd dwing ons om ernstig te besin oor ons verstaanswêreld en, die verstaanshorison van ons tyd, met die doel om ‘n sinvolle boodskap in so ‘n kontekstuele verstaanshorison te bring.” (Pieterse 2002:76). Hierdie beginsel van die verstaan van die konteks en verstaanshorison van die tyd het ook ‘n impak op die studie as nadenke oor kreatiewe prediking.

Die verstaanshorison van hierdie tyd kan beskryf word in terme van die begrippe modernisme en postmodernisme. Modernisme word deur Stiller (2005:2) geskets as die resultaat van die denke van Descartes (*cogito ergo sum, I think therefore I am)*. In hierdie denkraamwerk is die rede en die rasionele op die voorgrond. Dit beteken dat alles wat bestudeer word, bestudeer word deur die lens van die rede. Om die wêreld te verstaan, is om die wêreld te verander. Hierdie denkraamwerk het ‘n impak op godsdiens en geloof, “...it challenged the very basis of Christian faith, which had as it(s) starting point the external God” (Stiller 2005:4). Die gevolg is dat natuur en openbaring teenoor mekaar gestel is en geloof en godsdiens geprivatiseer is. Aspekte van die wêreld wat nie met die rede verklaarbaar of kenbaar is nie word in die modernisme uitgerangeer tot die private sfeer. Kennis en sosiale orde word gedemistifiseer. Die verskuiwing in die lewensbeskouing word deur Stiller (2005:4) aan die gebeure van die vroeë twintigste eeu toegeskryf waar die karakter van die redelike mens in die vorm van die verskillende wêreldoorloë sigbaar geword het.

Postmodernisme kan beskryf word as die uitdaging van rasionaliteit as hoeksteen van modernisme (Stiller 2005:5). Thiselton (2009:327e v) beskou dit in terme van die ontroning van die positiwisme en die rasionalisme van die Aufklärung. Dit behels die verwerping van die standardisering van kennis. Die definiëring van postmodernisme is egter kompleks en uiteenlopend. Thiselton (2009:328) omskryf

postmoderniteit aan die hand van die verskille met moderniteit wat by Harvey (Harvey, D 1989.*The Condition of postmodernity :*43) oorgeneem is. “Modernism ....is characterized by purpose and form; postmodernism by play and antiform or dysfunction. Modernism strives for coherence, hierarchy presence and semantics ....postmodernism represents chance, anarchy, absence, and rhetoric ....modernism aims at metaphysics, determinacy, and transcendence, postmodernity replaces this with irony, interdeterminacy, and immanence.”

‘n Ander manier om die verskynsel van postmodernisme te beskryf is met verwysing na die eienskappe wat daaraan verbind word.

- Die mens se subjektiewe ervaringe is ‘n belangrike element in die belewenis van die werklikheid. “Die persoonlike, subjektiewe wêreld met sy ervaringe as die “klein verhale” van elke mens se belewenis, word die oorheersende waarheid van die individu.” (Pieterse 2002:80). Dit bring mee dat die behoeftes van mense aan ervaring en belewenis sterk op die voorgrond binne die huidige konteks is. Die “affektiewe, ervaringsmatige en emotiewe werklikhede” staan op die voorgrond en het belangrike implikasies vir die lewe in die algemeen en in die besonder vir die kerk. Die rede word, deur die lens van die postmodernisme beskou, die instrument wat die waarheid ontdek naas die instrumente van intuïsie en ervaring (vgl Stiller 2005:6).
- Die belang van subjektiewe ervaringe bring mee dat objektiwiteit nie meer ‘n vereiste is nie. Waarheid is ‘n konstruksie van die indiwidu, ‘n persoonlike perspektief. Die een persoon se verhaal is nie die ander se verhaal nie. Thiselton (2009:327) verwys na die einde van meta-narratiewe. Groot verhale wat betekenis en antwoorde aan menslike bestaan verskaf, verloor hulle aanspraak. Hierdie verskynsel impliseer onder meer dat die Christelike verhaal, en die elemente daarvan, nie meer as die betekenisgewer van alle tye beskou word nie (vgl Van Aarde 2009:2). Hierdie verskynsel word duidelik in begrippe binne die teologie soos “non-populist, post-secular spirituality” en “post-teïsme”

- Pluraliteit. Mense is oral tuis, tradisies, kultuur en selfs land verdwyn in die globale werklikheid. Die tendens word sigbaar in die verskillende fasette van

die samelewing soos gereflekteer in die rolprentwese en in die geestelike belewenisse van mense (Pieterse 2002:81).

- Die impak van die tydsgees word ook sigbaar in die waarheidsbegrip van mense. Waarheidsbeskouinge verskuif vanaf ‘n absolute waarheidsbegrip na ‘n waarheid wat in kommunikasie ontdek kan word, wat in verhoudinge sigbaar word in wisselwerkinge tussen insig, kennis en ervaring van mense onderling (Pieterse 2002:83). Waarheid is dus relatief en die greep daarop verskil van mens tot mens (vgl Couchman 2002:9)

- Onder mense vind daar ‘n waarde verskuiwing plaas wat sigbaar word in die gesinslewe, sosiale verskynsels soos nood, armoede en morele verval. Pieterse (2002:84) wys ook op ‘n algemene soeke na spiritualiteit. Die soeke word meegebring deurdat die rasionaliteit van moderniteit wat spiritualiteit van die toneel verdryf het.

Niemandt (2007:20 e v) bespreek die veranderinge in die lewenskonteks in terme van die verskille tussen modernisme en postmodernisme. Dit impliseer dat daar nog altyd iets meer is wat van ‘n saak of onderwerp gesê kan word. In die verband is die opmerking van Grözinger (2007:93) betekenisvol “Even where we have found self-defined and reasonably stable horizons of meaning, we still know that there are alternatives. This condition has been described as postmodernism.”

Van die eienskappe van postmodernisme wat Niemandt (2007) bespreek, is onder meer dat die leefwêreld gekenmerk word die paradoksale geaardheid daarvan. Verskillende wêreldbeelde beïnvloed die leefwêreld van mense gelyktydig sodat die wêreld as ‘n “en/ook” wêreld beskryf word. Dit beteken dat teenoorgesteldes beide waar en geldig is. Ander kenmerke sluit in die soeke na innerlike ruimte, die akkommodering van chaos wat ruimte laat vir verskynsels soos twyfel en onvoorspelbaarheid (Niemandt 2007:28 e v). Grözinger (2007:95) beskryf die implikasies van die postmodernisme, “...there can be no turning back from the manifold ways of interpreting life stories.” Die leefwêreld waarin mense hulle tans bevind, is die leefwêreld van onbeperkte betekenisse. Dit beteken volgens Grözinger (2007:95) dat daar aan die een kant ‘n nuwe vryheid is om baie

moontlikhede van betekenis langs baie weë te vind en aan die ander kant dat die soeke na betekenis basies oneindig is.

Die strik van die beskrywing van die realiteit in terme van modernisme en postmodernisme is dat die versoeking bestaan om een van die moontlikhede te kies en dit op die samelewing te projekteer. Die werklikheid is eerder dat beide die siening in mindere of meerdere mate altyd teenwoordig is. Die eienskappe van die postmoderne denke sou eerder beskryf kan word in terme van ‘n opkomende verskynsel wat nuwe ruimtes en interpretasie moontlikhede ontsluit. Eienskappe van die moderne en die postmoderne wêreldbeskouings kan gevolglik tegelyk betrokke wees en invloed uitoefen op verskillende omstandighede en gebeure. Postmodernisme is gevolglik nie die bedreiging vir, en die ondergang van teologiese denke nie. Dit is eerder ‘n verryking daarvan in die sin dat nuwe moontlikhede daardeur ontsluit word.

In die hierdie hoofstuk is die probleem van kreatiewe prediking geïdentifiseer en uiteengesit teen die agtergrond van die verskillende kontekste van die teologie, praktiese teologie en die homiletiek. Vervolgens word die literatuuroorsig van die hooftemas van die studie uiteengesit.

# Hoofstuk 2

# Pneumatologie

### Inleiding tot die denke oor die pneumatologie.

Vos (1984:10) beskryf die pneumatologie as die lewensasem van die teologie. Die vraag na die werking van die Heilige Gees is een van kern aspekte in nadenke oor die prediking en die rol van kreatiwiteit daarin. In hierdie afdeling van die studie word aandag gegee aan die verskillende maniere waarop die Heilige Gees verstaan word. Die verstaansproses word gedien deur verskillende bronne.

Die Bybel word algemeen in die kerk aanvaar as die bron van goddelike openbaring. In die eerste plek word die Ou en die Nuwe Testament ondersoek vir die voorkoms en verstaan van die Gees.
In die tweede plek word aandag gegee aan die belydenisskrifte en die algemene geloof ten opsigte van die Heilige Gees. In die derde rondte word die pneumatologie verken as bron wat insigte bied in die verstaan van die Gees, soos deur verskillende teoloë met verloop van tyd opgestel. In die vierde deel word die verstaan van die pneumatologie, soos deur die lens van die praktiese teologie gesien, ondersoek.

### 1. Bybelse agtergrond tot die verstaan van die Heilige Gees.

Die Bybel is die versameling boeke of geskrifte waarvan die kerk bely dat dit die Woord van God is (vgl Webster 2003:5; Gaybba 2004:15), wat oor ‘n lang tyd tot stand gekom en versamel is. Die geloofsoortuiging in verband met die Bybel behels dat God homself deur die eeue aan mense bekend gemaak het in die geskiedenis, en dat die Bybel die bekendmaking van God se groot dade weergee (vgl Heyns 1981:11e v; Webster 2003:11 e v; Gaybba 2004). As draer van God se openbaring word die Bybel geag as die draer van die verlossingsboodskap van God vir die ganse mensdom (vgl Pieterse 2002:75). Die Bybel bevat die getuienisse van mense se belewenisse met, en ervaringe van God. Die vroeë kerk het reeds verklaar dat die Heilige Skrif die kanon is waarin die Woord van God eens en vir altyd normatief aan die kerk gegee is (Jonker 1983:25). Die gedagte van die *Heilige* Skrif omvat

aan die een kant die karakter van die Bybel na die menslike aspek daarvan, en aan die ander kant, die karakter daarvan as geskrifte wat deur God gebruik word in vrye selfkommunikasie (Webster 2003:21). Gaybba (2004:16) praat van die Bybel as getuienisse van die openbaring van God of 'n rekord van die openbaring, wat die menslike karakter van die versameling boeke van die Bybel beskryf.

Die Bybelse geskrifte word, hoewel dit deur mense geskrywe is, as van God afkomstig, en gevolglik as normatief beskou. Die term inspirasie word as grond vir die normatiwiteit van die Skrif aangevoer (Jonker 1983:25 e v). Hierdie gronde word uit die Bybel self afgelei op grond van gedeeltes soos 2 Timoteus 3:16 wat dit stel dat die hele Skrif deur God "*geïnspireer*" is. Volgens 2 Petrus 1:20 kan *"...geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig*." Hierdie verwysings word gebruik om beide die bestaan van die Skrif, sowel as die verstaan van die Skrif, aan die werking van die Heilige Gees toe te skryf.

Inspirasie word in die Bybelse begrip *teopneustie* vervat en dui op die besondere werking van die Gees van God in verband met die totstandkoming van die Bybel. Die proses van inspirasie behels nie alleen nuwe kennis wat aan die skrywers meegedeel is nie, maar ook dit wat die Bybelskrywers uit eie waarneming en aanskouing vasgestel, en uit raadpleging van bronne te wete gekom het. Die Gees het aan die skrywers die wysheid gegee (Heyns 1981:22). Die skrywers van die Bybel het as volledige mense onder leiding van die Heilige Gees gestalte gegee aan die geskrifte van die Bybel.

Wat die ontvangs en die verstaan van die Bybelse getuienis aanbetref, is dit nodig om ook die rol van die Gees daarin te onderstreep. Welker (1998:278) wys op twee aspekte met betrekking tot die werk van die Gees en die Woord. "For as God alone is a fit witness of himself in his Word, so also the Word will not find acceptance in men's hearts before it is sealed by the inward testimony of the Spirit." Dieselfde Gees wat gespreek het tot die profete moet ook tot mense deurdring om van die waarheid van die Woord te getuig. Die gesag van die Skrif berus, naas die objektiewe getuienis van die Skrif self en die werk van die Gees, ook op 'n

subjektiewe kant. Berkouwer (1966:41 e v) wys op die sogenaamde verdubbeling van getuienis aangaande die Skrif wat ook ‘n inwendige openbaring insluit. Die Skrif self getuig van gesagvolheid, die Gees lewer ‘n inwendige getuienis van die gesag en die aspekte word uiteindelik vervat in die kerk se belydenis aangaande die Skrif as Woord van God.

Wat die nadenke oor die werk van die Heilige Gees aanbetref, is dit duidelik dat die Bybel daarin ‘n belangrike rol vervul. Om vanuit die Christelike kerk oor die Gees na te dink vra dat die Bybelse gegewens daaroor in ag geneem moet word (vgl Floor 1988:11).

As gevolg van die noodsaaklikheid van die Bybel in die denke oor die Gees, is dit belangrik om deurgaans die invloed van die tydsverloop tussen die ontstaan van die Bybel en die lees daarvan in gedagte te hou. Die tydsgees en die kultuur waaruit die Bybel gelees word, het ‘n definitiewe impak op die verstaan en die interpretasie daarvan (vgl Nürnberger 2009:79 e v). McIntyre (1997:16) maan teen fragmentariese of atomistiese gebruik van die Bybel wanneer daar oor die onderwerp van die Gees gewerk word. Onverantwoordelike gebruik van die Bybel kan inderdaad die gesigspunte of afleidings oor enige onderwerp skeeftrek. Die Bybel is nie ‘n “divinely-guaranteed textbook” nie (Polkinghorne 1991:60). Dit is eerder, “...a prime means by which we come to know God’s dealings with humankind and particularly his self-utterance in Christ” (Polkinghorne 1991:62).

### 1.1. Gees in die Ou Testament.

Die teenwoordigheid van die Gees in die Ou Testament word wyd bespreek in verskillende bronne (vgl Heyns 1981; Heron 1983; Jonker 1983; Vosloo 1983; Vos 1984; Vos 1985; Floor 1988; McIntyre 1997; Welker 1998; Scobie 2003; Gaybba 2004; Dingemans 2005; Thiselton 2007:414). Die woord *rûaḥ* is sentraal in die hantering van die vraag na die verstaan van die Gees in die Ou Testament. Thiselton (2007:416) onderstreep die noodsaak van die bestudering van die Ou Testamentiese tradisie in die vraag na die verstaan van die werk van die Gees as gepaste hermeneutiese horison. Die Ou Testamentiese gebruik van die begrip *rûaḥ*

vorm die fondament vir die gebruik en verstaan van die begrip *pneuma* in die Nuwe Testament.

Die woord *rûaḥ* het 'n reeks betekenismoontlikhede. In die Griekse vertaling van die Ou Testament word die woord *rûaḥ* meestal weergegee met die Griekse begrip *pneuma* (Van Pelt, Kaiser en Block 1997:1073). Wind, beweging of asem word aangedui as vertalingsmoontlikhede in Brown (1986:690). Van Pelt en ander (1997) gee die betekenismoontlikhede aan as "Wind, breath, transitoriness, volition, disposition, temper, spirit, Spirit*."*

Die mees basiese vertolking van die betekenis van die woord *rûaḥ* word vervat in die werkwoord "blowing*"* of in die frase "air in motion*."* 'n Enkelvoudige universele betekenis van die begrip word bemoeilik vanweë die omvangryke betekenismoontlikhede wat daarmee in verband gebring word, asook die onsigbaarheid van die verskynsel (vgl Dunn 2006:6; Thiselton 2007:415). Die enigste manier om die verskynsel te beskryf, is deur die resultaat van die gebeure weer te gee. Van Pelt en ander (1997:1073) wys op die merkwaardige feit dat iets onbegrypbaar soos wind kan beweeg, en beklemtoon die energie wat deur die beweging losgemaak word. Dunn (2006:6) beklemtoon die konnotasie van krag en veral geweld (violence) wat met die konsep van wind geassosieer word.

Kleinknecht en ander (1968) gee 'n omvattende uiteensetting van die begrip *rûaḥ*. *Die begrip rûaḥ* as asem of wind kom wyd in die Ou Testament voor (vgl Kleinknecht et al 1968; Van Pelt et al 1997; Scobie 2003). Wind as kragtige natuurelement word 'n Goddelike instrument van redding in buitengewone omstandighede (vgl Eksodus 10:13, 14:21, 15:8). Wind word ook geskets as instrument van oordeel (vgl Jes 27:8, Hos 13:15). Die noue assosiasie tussen wind, asem en die werkinge van God skep 'n kragtige metafoor waardeur die werking van God verstaanbaar gemaak word. Die Ou Testamentiese gebruik van die *rûaḥ* tref onderskeid tussen God en mens in terme van die andersheid van God, die transendensie van God en die kragtige werking daarvan (vgl Dunn 2006:6; Thiselton 2007:417). Jesaja 31:3 word gebruik om die kontras tussen die Goddelike en die menslike aan te dui (Kleinknecht 1968:365; Thiselton 2007:417). Die verganklikheid van die menslike vlees word teenoor die krag en die mag, die andersheid van die *rûaḥ* gestel. Vlees is die verganklikheid waarvan die mens draer is teenoor *rûaḥ* wat krag en majesteit is, en wat deur God gedra word.

In verband met mense is die *rûaḥ* die lewensbeginsel. Waar die *rûaḥ* optree, is daar lewe (vgl Esegiël 37) en waar die *rûaḥ* weggeneem word, beteken dit die einde van lewe. Die *rûaḥ* word as bron van menslike emosie, intellektuele funksie, houding of wil aangedui (vgl Kleinknecht 1968:361). Die assosiasie van emosies, menslike eienskappe en belewenisse met die *rûaḥ,* maak dit tot 'n term wat help om persoonlike kwaliteite en ervaringe te beskryf. Joubert (2006:282) bring die soort beskrywinge in verband met die ontwikkeling van 'n persoonlike karakter vir die *rûaḥ* wanneer dit in terme van God gebruik word. Mense het 'n *rûaḥ* en word in terme van hulle *rûaḥ* beskryf. God het *rûaḥ* en word uiteindelik ook as *rûaḥ* beskryf. Volgens Dunn (2006:7) word die konsep van die *rûaḥ* sedert die begin van die gebruik daarvan as eksistensiële term gebruik.

Die begrip *rûaḥ* dui op die effektiewe mag wat as dryfveer of bron van buitengewone gebeure aangedui word. In die verband kan die *rûaḥ* as die metafisiese of die numineuse aangedui word. Die werkinge van die *rûaḥ* van God word as skeppende mag of krag aangedui (vgl Van Pelt et al1997; Thiselton 2007:417). Die *rûaḥ* word geskets as skepper en herskepper (vgl Dingemans 2005:138 e v). Na aanleiding van Esegiël 37:9-10,14 word die assosiasie met die *rûaḥ* en die bestaan van fisiese lewe gemaak. Die *rûaḥ* is die mag wat funksioneer is waar insig, kunssinnigheid en wysheid geskep word. Die *rûaḥ* word ook aangedui as die gewer van gawes aan die profete en die bron van moraliteit. Die *rûaḥ* is beide die instrument van oordeel sowel as instrument van verlossing (vgl Jesaja 63:11,14).

Die betekenis van die *rûaḥ* in die Ou Testament, soos dit tot dusver na vore kom, kan opgesom word as *die lewegewende beginsel van God*. Dit funksioneer as instrument van God aan die een kant en as God self aan die ander kant. God beskik oor die *rûaḥ* en is tegelyk ook die *rûaḥ.*

Die gebruik van die terme *rûaḥ* en *Yaweh* saam, word vertaal as die Gees van God. Die bespreking van die betekenismoontlikhede word deur Kleinknecht en andere (1968:365 e v) georden aan die hand van die dinamiese werking van die *rûaḥ*. Die *rûaḥ Yahweh* se werking word aangedui in terme van die vernuwende werking in die

natuur en in die lewe van die volk van God. Dit gaan om die vestiging van die wil van God in die lewens van die mense deur die *rûaḥ Yahweh*. Hierdie werking van die *rûaḥ Yahweh* word beskryf as onvoorspelbaar en onbeheerbaar. Mense kan nie daaroor beskik nie, sodat die *rûaḥ Yahweh* die onberekenbare werking van die wil van God is. Ten opsigte van die skeppende werking van die *rûaḥ Yahweh* word gewys op die skeppende, sowel as die onderhoudende funksie van die *rûaḥ Yahweh*. Kleinknecht (1968:366) beskryf hierdie werking as die "*dynamic creative principle",* die persoonlike skeppende mag van God.

In die konteks van leierskap vervul die *rûaḥ Yahweh* 'n belangrike funksie in die Ou Testament. "The predominant emphasis in the OT, however, is on the Spirit as the means by which God confers special powers and gifts on the leaders of his people" (Scobie 2003:272).
Die rol van die Gees as gewer van leierskap is 'n belangrike moment in die beskrywing van die werk van die Gees (Vgl Kleinknecht 1968; Van Pelt et al 1997; Welker 1998:55; Scobie 2003; Dingemans 2005:139). Die *rûaḥ Yahweh* kom van buite op buitengewone manier en neem besit van mense. Voorbeelde van die ekstatiese belewenisse kom in Rigters 14:6,19, in die verhaal van Simson voor. Ook die verhaal van Saul in 1 Sam 10:6, 11:6 en 19:23-24, dien om die werking van die *rûaḥ Yahweh* te beskryf in die lewens van leiersfigure. Ander voorbeelde sluit in Elia (vgl 1 Konings 18:12 en 2 Konings 2:16), Esegiël en Hosea (vgl Esegiël 8:3; 11:24 en Hosea 9:7) wat beskryf word in terme van die *rûaḥ Yahweh* wat oor hulle as profete vaardig word. Scobie (2003:273) som die werk van die Gees ten opsigte van leierskap in die Ou Testament, in terme van die voorbeelde van Moses (vgl Numeri 11:17 en 25) en die rigters (vgl Rigters 3:10 6:34 en 11:29), op. Spesifieke vermelding word gemaak van die verhale van Otniël, Gideon en Jefta asook die verhaal van Dawid (vgl 1 Samuel 16:13 en 2 Samuel 23:2). Die werk van die *rûaḥ Yahweh* kan vanuit die konteks beskryf word as die gewer van buitengewone gawes wat bo-menslike vermoëns aan mense gee (vgl Thiselton 2007:417).

Die frekwensie van voorkoms van die *rûaḥ* in die profetiese materiaal, is die hoogste in die boeke van Esegiël, Jesaja en Jeremia. Die uitstorting van die *rûaḥ* is 'n belangrike tema in die profetemateriaal (vgl Jesaja 44:3, Esegiël 36:25-27 en 39:29).

Die visioen van Esegiël 37:1-14, waar die vallei vol droë doodsbene deur die *rûaḥ* tot nuwe lewe gewek word, is 'n dramatiese uitbeelding van hierdie verwagting. Hoop vir die lewe lê in God en die *rûaḥ*. Die menslike verhouding tot God word nie langer beskou as iets wat gewoon menslik is nie, maar word beskryf as funksie van die werking van die *rûaḥ*, wat verantwoordelik is vir die hartsvernuwing (vgl Esegiël 36:26 e v).

Joël 2:28-3:21 word in Handelinge 2 gebruik om die gebeure van die verhaal van die uitstorting van die Heilige Gees in perspektief te plaas. Die Joëlteks het belangrike implikasies vir die verstaan van die werking van die *rûaḥ*. Die eerste implikasie is dat die uitstorting van die *rûaḥ* dui op die toekomstige ontvangs daarvan deur alle mense sonder onderskeid van geslag, status of ouderdom. Tweedens word die uitstorting van die *rûaḥ* in verband gebring met profesie en derdens, is die uitstorting van die *rûaḥ* eskatologies bepaald deur die verband met die koms van die dag van die Here (vgl Scobie 2003:276).

Vos (1984:76) wys daarop dat die werkwoorde wat met *rûaḥ* in die Ou Testamentiese tyd verbind word in twee groepe gedeel kan word, werkwoorde van beweging en werkwoorde van in-beweging bring. Die klem val op die feit van die beweging as sodanig. Die *rûaḥ* is 'n manifestasie van God se skeppende mag in beweging (Vos 1984:80). Die term bly aan God verbonde op so manier dat dit God self is wat skeppend en onderhoudend optree (Vos 1984:83). Die *rûaḥ* kan nie sonder of los van God beskou word nie en dien in die Ou Testament as die manifestasie van God se teenwoordigheid. Vos (1984:105) maak die afleiding dat *rûaḥ* nie sondermeer as Gees vertaal behoort te word nie, maar binne konteks beskou en interpreteer moet word.

In die Ou Testament word die lewe van die volk Israel direk in verband met die Gees gebring. Welker (1998:99) wys op die unieke rol wat die *rûaḥ* in die lewe van die volk van God vervul. "The wind sent by God is a power that defines and changes history and representative destinies." Dit is die *rûaḥ* wat volgens die Genesisverhaal oor die waters van die voor-skeppingschaos sweef. Dit is die *rûaḥ* wat in die Eksodusverhaal die sprinkaanplaag tot 'n einde bring en in die vertelling van Numeri

die volk Israel se voeding voorsien. In dié terme beskou Welker die *rûaḥ* as die proses waardeur God homself teenwoordig maak. Dingemans (2005:139) beskryf die Gees in terme van die "Gods invloed op belangrijke gebeurtenissen en vooral op mensen die God in dienst neemt en vernieuwt en verandert." Thiselton (2007:416) beskryf die Gees van God in die Ou Testament nie as "an immanental force like the world soul of the Stoics, but a transcendent life giving power from beyond." Die Gees kan beskryf word as "the Beyond Who is Within."

Floor (1988:12) beskryf dat die Gees in die Ou Testament aan God behoort. "De Geest behoort aan God zoals Zijn hand, Zijn woord, Zijn stem aan Hem behoort." Die Gees word nie in die Ou Testament as afsonderlike Persoon beskou nie en meestal is die verwysings na die Gees in terme van krag, en die werking daarvan. Eienskappe van persoon-wees word wel aan die Gees toegeskryf soos 2 Samuel 23 wat berig dat die Gees deur Dawid *praat.* Nehemia 9:20 lui dat die Gees van God mense *onderrig* en Jesaja 63:10 dat mense deur hulle opstandigheid die Heilige Gees *bedroef*.
Wat die definiëring van die Gees as persoon betref word die werksaamhede van die Gees in die Ou Testament ook ingesluit. Die Gees word beskryf as die gewer van spesiale gawes wat op verskillende terreine, onder meer landbou, argitektuur, regspraak, politiek, wysheid en insig, insluit (vgl Vosloo 1983:62 e v; Floor 1988:12, Scobie 2003:269 e v; Dingemans 2005:139).

Die gawes of vermoëns van die Gees word ook aan die verskillende leiersfigure, rigters, profete en konings, gegee met die oog op die uitvoering van hulle verskillende take. Burger (1999:156) som die werk van die Gees in die Ou Testament op as dat "die Gees oor mense gekom en hulle gevul het met die oog op die werk wat hulle in Gods Naam moes doen." McIntyre (1997:31 e v) wys op die rol van die Gees in die Ou Testament as bemagtiger. Leiers ontvang gawes van leierskap en spesiale vermoëns soos krag in die geval van die verhaal van Simson in Rigters 14. Profete beskryf dat hulle deur die mag van die Gees opgetel en meegevoer word na sekere plekke (Esegiël 3). Vermoëns soos toekomsvoorspelling, profesie en die uitvoering van wondertekens word aan die werking of die aanwesigheid van God se Gees toegeskryf (vgl Joubert 2006).

In aansluiting by Vos(1984:105 e v) kan die aktiwiteite wat aan die Gees van God toegeskryf word, beskryf word as aktiwiteite van God self. McIntyre beklemtoon die belang van die Gees as God se *persoonlike teenwoordigheid* in die lewens van sy mense. Die krag wat aan die teenwoordigheid van die Gees toegeskryf word, is telkens 'n morele krag "power with a moral or, more correctly, a profoundly religious purpose, namely, the ultimate salvation of God's people, as we understand it from the rest of the Old Testament." Die Gees word beskryf as God se "*alter ego* going out of himself into the world to effect his will, or dwell with a person, yet not so as to deprive the person of his identity, but rather to enhance it highly" (McIntyre 1997:34). Die doelwit van die werking van die Gees is vir McIntyre die verlossing van mense of die verryking van die menslike identiteit deur die teenwoordigheid en werking van die Gees, wat uiteindelik ook as die werking van God self beskryf kan word.

Gaybba (2004:201) beskryf die funksie van die Gees in die Ou Testament as die manier "*in which God was present to God's people in a powerful, life giving way*." Wind impliseer dat die Gees, soos die wind, van God uitgaan om te doen wat nodig is en dan weer na God toe terugkeer. Die funksie van die Gees is een van toerusting en die realisering van die teenwoordigheid van God in die lewens van mense. Thiselton (2007:419) beklemtoon die belangrike faset van die toerusting van die *rûaḥ* aan indiwidue sowel as aan gemeenskappe. Indiwidue ontvang die *rûaḥ* met die oog op die uitvoering van hulle Goddelike roeping, en gemeenskappe ontvang die *rûaḥ* met die oog op transformasie, vernuwing en gehoorsaamheid. Die patroon van die optrede, of eerder uitstorting van die *rûaḥ* word die basis van die verstaan van die werking van die *pneuma* in die Nuwe Testament.

### 1.2. Samevatting.

Die *rûaḥ,* of Gees van God, is geskets as die lewensbeginsel wat skeppend en onderhoudend in die kosmos funksioneer. Die Gees is ten nouste aan God verbonde en is aangedui as die manifestasie van die teenwoordigheid van God. Dit is die Gees as God, wat die geskiedenis en die toekoms van die Ou Testamentiese volk definieer. Die *rûaḥ* is op verskeie maniere in verband gebring met die werksaamheid en die teenwoordigheid van God. Die Gees kan beskryf word as 'n transendente mag of krag waardeur die werking van God sigbaar word. Die *rûaḥ,* binne die rykdom van betekenismoontlikhede, sou beskryf kan word as deskriptiewe

metafoor vir die teenwoordigheid van God. God kan nie gesien word nie, gevolglik is die onsigbare kragtige werking van die *rûaḥ* as wind, of asem, die sigbare wat aan God toegeskryf word en wat mense in staat stel om iets van die Goddelike teenwoordigheid en beweging te begryp en verwoord (vgl Van der Watt 2000:22 e v).

Die *rûaḥ* funksioneer as God se beweging in die wêreld, maar ook God se "in-beweging-bring" van die wêreld soos dit in die volksgeskiedenis van Israel opgesom word. Die *rûaḥ* word nie as 'n afsonderlike persoon in die Ou Testament geskets nie, hoewel daar in terme van persoonlike eienskappe na die belewenis daarvan verwys word. Vos (1985:83) se gebruik van die begrip *personifikasie* is in die verband verhelderend. "Die Gees word gelykbetekenend met God sodat *rûaḥ* 'n goddelike predikaat is wat die wese van God omskryf." Waar daar dus in die Ou Testament sprake is van die aktiwiteite van God se *rûaḥ* is dit inderdaad God self wie se teenwoordigheid aan die hand van die begrip *rûaḥ* beskryf word. Die beskrywing van die *rûaḥ* in persoonlike terme skep die ruimte vir mense om met die *rûaḥ* te kan identifiseer.

Ten opsigte van die werksaamhede van die *rûaḥ* gaan dit oorwegend oor die *rûaḥ* as gewer van spesiale gawes met die oog op die funksie van vervulling in diens van God. Die *rûaḥ* is die bemagtiger van mense vir hulle take as gewer van allerlei gawes wat in diens van die koms van God se heling of verlossing gestel word. God se *rûaḥ* is God self. Dit is gevolglik God self wat verrykend en verlossend teenwoordig is in die lewe van sy volk.

Die Ou Testament getuig van die werklikheid van God se teenwoordigheid as *rûaḥ*, wat van die Gees meer as net 'n intellektuele of numineuse konsep maak (vgl Welker 1998). Die Gees is God se veranderende werkende teenwoordigheid wat die lewens van mense, individueel en korporatief, op verskillende maniere aanraak en verryk. Die teenwoordigheid van God as Gees het nie slegs waarde in terme van die skepping en die gawes aan mense nie, maar beïnvloed ook die toekoms van mense op 'n radikale manier. Die verstaan van die *rûaḥ* as beskrywing van God se persoonlike aanwesigheid vorm die basis vir die verstaan van God se betrokkenheid

en teenwoordigheid as Gees in die Nuwe Testamentiese verband. Die Ou Testamentiese verwagting dat die *rûaḫ* van God uitgestort sal word om by almal te wees, is die basis van die boodskap van hoop vir die toekoms. In die Ou Testament word die *rûaḫ* net in drie gevalle met die konsep *k-d-sh,* heilig, aangevul. Psalm 51:13 en Jesaja 63:10,13, beskryf die *rûaḫ* as heilig, anders en uniek.

Die verstaan van die *rûaḫ* in die Ou Testament kan aan die hand van 'n aantal kernagtige stellings opgesom word.

- Die begrip *rûaḫ* is 'n betekenisvolle begrip waarmee die resultate van mense se belewenisse van God beskryf word.
- *Rûaḫ* kan as kragtige metafoor beskou word om die kontras tussen goddelike en menslike werksaamheid verstaanbaar te maak. (Metafoor word in die verband as deskriptiewe funksie beskou vgl. Van der Watt 2000:23).
- *Rûaḫ* word as die bron van buitengewone gawes en vermoëns aan leiers en profete geteken.
- *Rûaḫ* word ten nouste aan God verbind en dien as beskrywing van God self, wat skeppend, vernuwend en onderhoudend as transendente mag werksaam is, en tegelyk ook immanent teenwoordig is in die lewe van die volk van God. *Rûaḫ* is die "Beyond that is within."
- Die persoonlike eienskappe wat aan die *rûaḫ* toegeskryf word, stel die teenwoordigheid van God as *rûaḫ* op 'n persoonlike, lewegewende, kragtige manier.
- Die beskrywinge van die *rûaḫ* in terme van die eskatologiese verwagtinge en uitstorting daarvan vorm die konteks van die verstaan van Goddelike teenwoordigheid in die toekoms.

### 1.3. Die Gees in die Nuwe Testament.

Die woord *pneuma* in die Nuwe Testament word met Gees vertaal. Soos in die geval van die *rûaḫ* in die Ou Testament, dra die woord *pneuma* ook die betekenismoontlikhede van wind of asem, wat soms gebruik word om die lewe en siel aan te dui (vgl Kleinknecht et al 1968:332 e v). Volgens Brown (1986) dui *pneuma* op die krag wat mens beleef in die spirituele sfeer, "The realm of reality which lies beyond ordinary observation and human control." Die mees algemene

gebruik van die begrip in die Nuwe Testament vind plaas as verwysing na die Gees van God, die Heilige Gees, "that power which is most immediately of God as to its source and nature" (Brown 1986:693).

### 1.3.1. Die breë raamwerk van die voorkoms van die konsep *pneuma*.

Die konteks waaruit die term *pneuma* geneem is, help om die rykdom van die betekenismoontlikhede van die begrip te verstaan. Die voorkoms en gebruik van die begrip in die Griekse wêreld word omvattend bespreek deur Kleinknecht (1968:332 e v). 'n Kort opsomming van die verskillende gebruike van die begrip in die buite-Bybelse materiaal sal groter duidelikheid in die verstaan van die term meebring. In die Griekse wêreld word die begrip *pneuma* gebruik om die natuurlike krag van die wind as element, en asem as lewenskrag, aan te dui. Die assosiasie tussen 'n mens se asem en gees word gemaak, sodat daar 'n verwantskap afgelei kan word tussen die menslike gees en die inspirasie en entoesiasme van 'n mens. In die mitologie word die assosiasie tussen die totstandkoming van die wêreld en die beweging van wind as proses van asemhaling, gemaak (Kleinknecht 1968:335).

In die betekenis van wind kom die term voor vir die beskrywing van verskillende vorme van wind, wat stormwind sowel as 'n ligte bries kan insluit. Die element van krag word deurgaans met *pneuma* geassosieer en kan op materiele, geestelike, natuurlike en goddelike betekenismoontlikhede dui. *Pneuma* as asem dui gewoon op die fisiologiese gebeure van asemhaling. Dit is 'n aanduiding van lewe. Die term word nie net van die fisiese element gebruik nie, maar word ook in verband gebring met die term *psige* wat met siel vertaal word. Dit word in teenstelling met die konsep liggaam gebruik, en dui op iets wat die liggaam verlaat met die dood.

Kleinknecht (1968:336) beskryf ook 'n spirituele betekenis waarin die konsep *pneuma* aangetref word. *Pneuma* is die wind of gees wat interpersoonlike verhoudinge raak of wat afkomstig is van die onsigbare goddelike werklikheid. Die term word figuurlik gebruik om die onsigbare goeie of slegte invloede in die lewens van mense aan te dui. Die essensie van die Griekse konsep *pneuma* word beskryf as "that of something which is elementally dynamic, which fills vitally, which snatches away in enthusiasm" (Kleinknecht 1968:337).

In die Mantiese konteks kry die woord die betekenis van "breath which inspires, stirs, enthuses and fills." Digters, priesters en profete is die ontvangers daarvan in spirituele en fisiese optredes. Die begrip kom egter ook voor om die aard van optredes te beskryf as die asem wat van die digter of die voordraer uitgaan.

Die begrip *pneuma* kom ook voor in verband met die woorde *theios en theon* wat daaraan 'n besondere spirituele betekenis gee. Tog word daar nie spore gevind van 'n *pneuma hagion* nie. Die Bybelse gebruik van *pneuma hagion*, wat met Heilige Gees vertaal word, verleen gevolglik 'n betekenis van iets anders, "suprasensual, supraterrestrial"(Kleinknecht 1968:338).

Die begrip pneuma kom ook in mitologiese en religieuse konteks voor. In die klassieke poësie word spore gevind van die idee van "wind as genitor of life" (Kleinknecht 1968:341). Verwysings na buitengewone of ongewone bevrugting word gevind in die Egiptiese en Griekse materiaal. Voorbeelde van verwysings na die verwekking van lewe deur goddelike ingrype bestaan ook in die Griekse wêreld.

Die idee dat wind of asem dien as inspirasie is nie ongewoon in buitebybelse Griekse materiaal nie. Ook die gebruik van *pneuma* in die buitebybelse materiaal, as oorsaak en bron van ekstatiese spraak, is betekenisvol vir die verstaan van die konnotasies daarvan. Die voorbeeld van 'n priesteres wat self die goddelike stem word, word gebruik om die voorkoms te verduidelik. Dit is betekenisvol dat die koms en vertrek van die *pneuma* in die klassieke materiaal gepaard gaan met klanke en geluide. Die vermelding dat *pneuma* nie iets is wat onder menslike beheer is nie word uitgewys as 'n belangrike moment in die klassieke Griekse literatuur, *pneuma* is iets waarmee 'n mens deur 'n god gevul word (vgl Kleinknecht 1968:343-347).

Die belang van die Griekse konsep van die begrip *pneuma* word beskryf as van "slight and secondary significance." Hoewel daar parallelle verstaan van die begrip in die twee kontekste gevind word, word verskille ook aangedui waarvan die belangrikste hier aangehaal word. Die begrip word in die Griekse materiaal nie oor die algemeen in strenge geestelike sin gebruik nie, "it is never set in antithesis to matter as the supernatural, wonderworking, spiritual gift or manifestation of a transcendent personal God" (Kleinknecht 1968:358). Die Nuwe Testament beskryf

nie die *pneuma* in dieselfde terme as waarin die profane Grieks dit doen nie. Nuwe unieke terme word gebruik om die werke van die *pneuma* aan te dui. Teenoor die onpersoonlike meganiese mediasie rol wat in die Griekse omgewing aan *pneuma* toegeken word, word die *pneuma* in Nuwe Testamentiese terme onderskei as onafhanklike goddelike entiteit, wat persoonseienskappe vertoon. In die Griekse konteks word die *pneuma* nie los gesien van die natuurlike konteks en oorsprong as wind of asem nie. In die Nuwe Testament word die begrip met nuwe betekenis en funksie gevul en word die groot verskil aangedui as die andersheid van die God agter die *pneuma* (vgl Kleinknecht 1968:358; Brown 1986:689).

Die breë raamwerk waarbinne die term *pneuma* voorkom, bring die volgende insigte na vore:

- Pneuma is ‘n betekenisryke begrip waarvan die gebruik noue verwantskap toon met die gebruik van die Ou Testamentiese *rûaḥ.*
- Teen die agtergrond van die Griekse wêreld dui die term op natuurelemente, menslike eienskappe asook geestelike ervaringe.
- Die term word gebruik om inspirasie, bronne van ekstase en die manier om aan die goddelike deel te hê, aan te dui. Pneuma vervul ‘n meganiese mediasie rol in die Griekse omgewing.
- Die gebruik van die term in die Nuwe Testamentiese verband is uniek en bring nuwe betekenis aan die begrip deur die persoonlike teenwoordigheid van God aan te dui.

### 1.3.2. Die voorkoms van *pneuma* in die Nuwe Testament.

Ooreenkomste in die gebruik van die begrip *pneuma* in die Nuwe Testament en die gebruik van die begrip *rûaḥ* in die Ou Testament is volop. Enkele voorbeelde word vervolgens aangedui. Die begrip *pneuma* word, soos die *rûaḥ,* ook gebruik om die menslike gees aan te dui. Dit is die aspek van menswees waardeur God die mens op die mees direkte manier kan ontmoet (vgl Brown 1986:693 e v). Die menslike gees is iets waarvan gepraat word asof dit besit kan word, ‘n manier van praat wat mense in die geestelike dimensie uitbeeld. Sterwe word beskryf as, *om die gees te gee*, waarna iemand as gees in die geestelike werklikheid voortleef. Buitengewone gebeure met mense word verklaar in terme van die geestelike wêreld. In die

sinoptiese evangelies is die gedagte van bose, of onrein geeste wat van mense besit neem, en mense se verhoudinge met God belemmer, nie vreemd nie. Die beskrywinge van die geeste in die geesteswêreld word as bose, of die onreine geeste, telkens ondergeskik aan God geteken (vgl Brown 1986:694 e v).
Die voorkoms en gebruik van *pneuma* in die verskillende boeke van die Nuwe Testament word omvattend deur Kleinknecht (1968:396 e v) en Brown (1986:696) behandel. Die essensie daarvan word vervolgens weergegee met die oog op die verheldering van die verstaan van die gebruik en voorkoms van die begrip *pneuma* in die Nuwe Testament, met besondere verwysing na die gebruik daarvan as Gees van God of Heilige Gees.

Kleinknecht (1986) behandel die Nuwe Testamentiese gebruik van *pneuma* in die volgorde van die voorkoms daarvan in die verskillende boeke van die Nuwe Testament. Oor die voorkoms van die term in Matteus en Markus word die beperktheid daarvan uitgewys. Die konsep van die *Pneuma* as krag van God waardeur buitengewone dinge gedoen word, word beklemtoon. Van die buitengewone dade sluit in die vermoë om op te tree en te praat op maniere wat menslik onmoontlik is. Die *Pneuma* kom met die doop van Jesus oor hom (Markus 1:9) en dien om hom as Messias te bemagtig. Die feit dat die *Pneuma* aan die einde van ‘n tydperk van onaktiwiteit, sigbaar en hoorbaar by die doop van Jesus gemaak word, dui op die inleiding van ‘n nuwe tydperk van God. Die aktiwiteit van die *Pneuma* en die verbinding daarvan aan die persoon en werk van Jesus, maak daarvan ‘n Christologiese gebeure.

Die voorkoms en die gebruik van p*neuma* in Lukas en Handelinge ontsluit nuwe betekenis. Die Gees is nie iets wat net oor Jesus kom nie, maar ook iets waaroor Jesus beskik en waardeur hy dinge doen. Jesus word as die subjek van die aksie van die Gees beskryf (Kleinknecht 1968:405), maar ook as Here oor die Gees. Die klem val op die resultate van die teenwoordigheid van die Gees wat in die werke van Jesus beskryf word. Die teenwoordigheid van die Gees in die gemeenskap word beklemtoon. Die wese van die werking van die Gees in die Lukas materiaal word beskryf as profeties van aard. Die aanhaling van die Joël teks in Handelinge 2 as deel van die toespraak van Petrus, word aangevoer as bevestiging daarvan. Oor die werke van die Gees in die Lukas materiaal word die stelling gemaak dat die

wonderwerke wat plaasvind nie direk aan die werksaamheid van die Gees toegeskryf word nie, maar dat dit geskied in die Naam van Jesus, deur die geloof in Jesus en deur die *dunamis*, die krag van Jesus self (Kleinknecht 1968:407).

Die Gees se teenwoordigheid as toerusting aan die volgelinge van Jesus word ook beskryf in die Lukas materiaal. Die volgelinge van Jesus, onder leiding van die Gees, kan onderskeid tref tussen die geeste, die woord van God in moeilike omstandighede verkondig, en self deelneem aan profetiese aktiwiteite. Die Gees is die agent wat gelowiges tot die gemeente toevoeg deur die geloof. Die koms van die Gees is gevolglik nie net ‘n eskatologiese gebeurtenis nie, maar ‘n gebeure wat binne die realiteit van die geloofsgemeenskap as vervulling van die Ou Testamentiese beloftes geskets word. Die Gees word geskets as die teenwoordige wat permanent aan die lede van geloofgemeenskap gegee is. Hierdie ontvangs van die Gees word beskryf as deel van die mense se geloof in Christus. Kleinknecht (1968:412) wys daarop dat die Gees, in die Lukas materiaal, nie die gewer van die geloof of die verlossing is nie. Die Gees word wel aan gelowiges gegee, wat die gelowige in staat stel om ‘n taak te verrig en uitdrukking te gee aan konkrete dade van geloof.

Die gebruik van *pneuma* in die Pauliniese materiaal open ‘n verdere perspektief op die betekenis van die woord. Die invloed van Hellenistiese denke op die verstaan van die koms en die werking van die *Pneuma* by Paulus word omvattend bespreek (Kleinknecht 1968:415e v). Onder die invloed van die Hellenistiese denke verander die siening van die Gees as teken of voorspel van *iets groter*, eskatologies van aard, tot die substansie of die *iets groter* opsigself. *Pneuma* “cannot be regarded as the mere sign of what is to come. As part of the heavenly world *pneuma* is the thing itself.” Gees word volgens hierdie siening verstaan as ‘n substansie wat gebring en gedeel word. Om verbind te wees aan die een wat die kragtige substansie uitdeel, is om verbind te wees aan die kragtige substansie self (Kleinknecht 1968:416). Hierdie siening beteken nie dat die uitsig op die toekoms verval nie. In die Pauliniese materiaal word die verwagting op die einde steeds lewendig gehou deur die beskrywing van die Gees as *aparchê*, eerste vrug of teken van dit wat nog moet kom. Ook word die term *arrabon*, deposito of waarborg van dit wat nog moet kom, gebruik. Die gravitasie punt in die verhouding met die Gees word as die toekoms

omskrywe wanneer die vleeslike liggaam met 'n geestelike liggaam vervang word (vgl 1 Kor 15:42-44) (Dunn 2006:14; Thiselton 2007:421).

Die teenwoordigheid van die Gees hou ten nouste verband met die koms van die Verlosser en met die bestaan van die geloofsgemeenskap (Dunn 2006:18) as direkte resultaat van die aktiwiteit van die Heilige Gees. Die assosiasie tussen Here (*kurios)* en Gees (*pneuma)* in 2 Korintiërs 3:17 versterk die gedagte dat assosiasie met die Christus, 'n assosiasie met die Gees is. Die verhoogde Christus is Gees, en deur die Christus te aanvaar word die sfeer van die Gees betree. Kleinknecht (1968) se hantering van die invloede van die Griekse materiaal wys op die kompleksiteit van die vraag na die verstaan van die Gees in die Pauliniese materiaal (cf. Thiselton 2007:415).

Paulus se eie interpretasie en verstaan van die werk van die Gees word uitgedruk in terme van die Gees as die krag van geloof. (Kleinknecht 1968:425). Fee (1994:8) voeg ook die terme *Persoon* en *Teenwoordigheid* by die term *Krag,* om die betekenis van die Gees by Paulus te beskryf. Die inhoud en die vorm van prediking word deur die wonderwerking van die *pneuma* bepaal. Die Gees verplaas 'n mens vanuit die een werklikheid in die volgende werklikheid, deur die kennis van die gekruisigde. Die Gees is die Gees van die geloof wat die gawe van die geloof gee, tot kennis en belydenis van die Christus. Die Gees is nie slegs die misterieuse krag wat voor die geloof verskyning maak nie, maar die krag wat in en deur geloof gemanifesteer word. Die Gees lyf die gelowiges in die liggaam van Christus in wat van mense, kinders van God maak. Die Gees is vir Paulus die gawe van God, nie die menslike moontlikheid nie. Die Gees is die krag wat roep tot geloof, nie die substansie wat die mens vergoddelik nie. Om in die Gees te lewe, is om vir die vlees te sterf, dit is om oop te wees vir God en medemens (vgl Kleinknecht 1968:425 e v). Thiselton (2007:422) wys op die wese van die ervaring van die Gees wat nie in die ekstatiese belewenisse daarvan opgesluit is nie, maar in die lewenshouding.

> "The experience of the Holy Spirit is not to be identified simply with intermittent "invasions" of spectacular phenomena, but with an empowerment to live out "being in Christ" in Christlike attitudes and conduct, often with awareness that this empowerment is "given" rather than received." (Thiselton 2007:422).

Hierdie aspek kan volgens Thiselton beskou word as een van die wesenlike waarskuwings van Paulus aan die Korintiërs. ‘n Spiritualiteit (be - Geestering) met ‘n eksterne klem kan lei tot “a selfconstructed illusory phenomenon.”

### 1.3.3. Samevatting.

Die voorkoms van *pneuma* in die Nuwe Testament kan op kursoriese wyse opgesom word. Ruimte ontbreek om aan die omvangryke betekenis van die gebruik daarvan volledig aandag te skenk.

- Pneuma word op verskillende maniere gebruik as aanduider van die menslike gees, geestelike verskynsels in die geesteswêreld en as aanduider van die Gees van God, die Heilige Gees.
- Pneuma is die bron van goddelike krag, bemagtiger van mense en van die Christus, sigbaar en hoorbaar in die gestalte van verskillende natuurlike verskynsels as simbole van geestelike werking.
- Pneuma werk in deur Jesus, maar word ook deur hom gestuur en gebruik.
- Pneuma is toerusting aan gelowiges waardeur hulle tot geloof kom, gawes ontvang en kennis tot verlossing verwerf.
- Pneuma is die permanente teenwoordigheid van God by gelowiges en staan in verwantskap met Jesus as Seun en met God as Vader.
- Pneuma het ‘n besliste toekoms gerigtheid in die verwagtinge wat daardeur by gelowiges geskep word.
- Die ervaring van die teenwoordigheid van die Pneuma bestaan nie noodwendig in die vertoning van uitsonderlike aanskoulike geestesverskynsels nie, maar moet eerder in die Christelike lewenshouding en lewenswyse gesoek word.

## 1.4. Teologiese verkenning van die begrip *pneuma*.

Die beskrywing van die verstaan van die werking van die Gees in die Nuwe Testament word in die literatuur benader uit twee verskillende hoeke, naamlik die werking van die Gees voor Pase, en die werking van die Gees na Pase. Hierdie benaderings bring mee dat die Nuwe Testamentiese blik op die Gees as ‘n Christologiese uitsig beskryf kan word.

Die hoofmomente van die beskrywing van die werk van die Gees voor die Pinkster gebeure is te vinde in die Jesusverhaal (vgl Floor 1988:20 e v; McIntyre 1997:45 e v; Welker 1998:183; Thiselton 2007:422). Die rol van die Gees word beskryf in terme van die hoofmomente van Jesus se geskiedenis naamlik geboorte, dood en opstanding.

Die rol van die Gees in die verwekking van Jesus herinner aan die betrokkenheid van die Gees in die Ou Testamentiese skeppingsverhaal. Die fokus van die werksaamheid van die Gees in die geboorteverhaal val op die verwekking van Jesus deur die Gees (vgl McIntyre 1997:47). Die Gees is gevolglik die bron van "vitalizing energy" wat lewe gee. Die Gees is gevolglik kreatief teenwoordig in die koms van die nuwe lewe in die persoon van Christus (vgl Thiselton 2007:423). Die rol van die Gees in die geboorte van Jesus kan beskou word soos die werksaamheid van die Gees ten opsigte van die skepping as c*reatio ex nihilo,* skepping uit niks (McIntyre 1997:49).
Wat die geboorte van Jesus aanbetref, wys Dingemans (2005:532) op die uniekheid van die identiteit van Jesus wat in die konsep van die maagdelike geboorte uitgedruk word. Die maagdelike geboorte word metafories beskou met die beklemtoning van die aanbreek van 'n nuwe tydvak in die geskiedenis. Die metafoor dien om te beskryf dat God op 'n unieke manier in en deur Jesus werksaam was en dat Hy God se unieke verteenwoordiger op aarde is. Dit dui op 'n "innige verbondenheid" tussen God en Jesus (Dingemans 2005:535). Ook Jesus se selfverstaan van sy wese en missie word aan die Gees toegeskryf na aanleiding van Jesaja 61:1-2, soos dit in Lukas 4 en Matteus 12 weergegee word, is die Gees van die Here op hom.

Uit die gebeure rondom die doop van Jesus word daar op twee aspekte klem gelê. Daar is nie 'n pertinente uitspraak soos in die geval van Johannes die doper dat Jesus met die Gees vervul sal wees nie. Nogtans word die doopgebeure belangrik beskou, aangesien dit in al vier die evangelies aangehaal word (Thiselton 2007:423). Die teenwoordigheid van die Gees word eerder geassosieer met die bevestiging van die Seunskap van Jesus. Die verwysing van Johannes dat Jesus met die Heilige Gees en met vuur sal doop (Lukas 3:16, Matt 3:11 en Mark 1:8) belig 'n aspek van die verhouding van Jesus en die Gees wat anders is as die verhouding van die Gees met ander mense. Die gebeure by die doop van Jesus kan as die aanbreek van 'n

nuwe tydperk, die heilstyd van God, die begin van die koms van die koninkryk beskryf word (vgl Floor 1988:23 e v; McIntyre 1997:50; Welker 1998:134 e v; Thiselton 2007:423). Dunn (2006:7) wys daarop dat die doop van Jesus in aansluiting by die Ou Testamentiese verwagtinge oor die uitstorting van God se Gees verstaan moet word. Die verwysing dat Jesus met die Gees sal doop, bring ‘n wysiging in die verwagting dat God die gewer van die Gees is. Dit dien ook om lig te werp op die karakter van Jesus as die Messias waardeur Jesus se middelaarskap in die gebeure aan die lig gebring word. Die Messias, vanuit die Ou Testamenties perspektief, bring geregtigheid en genade vir Jode en heidene, sowel as universele kennis en erkenning van God (vgl Jes 11:2,9). Die vernuwing deur en erkenning van God, word in noue verband gebring met die uitstorting van die Gees, wat weer verbind word met die Nuwe Testamentiese assosiasie tussen Gees en waarheid (vgl Welker 2006:224; Thiselton 2007:423).

Vanuit die gebeure by die doop van Jesus volg die versoeking in die woestyn waarin die rol van die Gees in Jesus se lewe verder onderstreep word. Die toerusting van die Gees hou verband met die opdrag wat van God uitgaan na Jesus, naamlik die verkondiging van die blye boodskap (Floor 1988:250). Dit is reeds uit die vertelling van die versoekingsverhaal duidelik dat die Christus kragtiger as die Satan in die verhaal is. ‘n Sentrale moment in die uitkoms van die verhaal is die fokus op die toerusting van Christus met die Gees. Die verhaal is ‘n demonstrasie van die krag van die Gees in die lewe van Jesus (vgl Welker 1998:187). Die versoekingsverhale dra op ‘n ander manier by om te verstaan dat die teenwoordigheid van die Gees nie gemeet kan word aan die buitengewone nie. Die teken van die Gees is in die verhaal juis geleë in die onderwerping aan die wil van God (vgl Thiselton 2007:424). Teenoor die beskrywing van die verhaal van die versoeking in die woestyn as bewys van Jesus se mag en krag om die bose teë te gaan, volg die standpunt dat die Gees Jesus in staat stel om getrou te wees in sy menslike gestalte deur gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader (vgl Thiselton 2007:424).

Die belang van die werking van die Gees en die opstanding van die Jesus word nie in die sinoptiese materiaal hanteer nie, dit kom wel pertinent na vore in Handelinge en die briewe van Paulus. Die gebeure van die opstanding word in die Pauliniese materiaal aan die werking van die Gees toegeskrywe, soos in die eerste hoofstuk

van Efesiërs. 1 Korintiërs 15 neem die verbintenis verder om ook die verwagting van 'n opstanding uit die dood vir gelowiges daar te stel. 'n Opstanding wat ook ten nouste aan die werking van die Gees toegeskryf word (Dunn 2006:14).
In die evangelie van Johannes val die klem van die werk van die Gees op die ewige lewe as inhoud van die koninkryk (vgl Floor 1988:26 e v). Die Johannes evangelie gee die meeste aandag aan die werking van die Gees (vgl Thompson 2001:145). Die Gees kan beskou word as die gewer van die lewe. In die verband word die herskeppende werk van die Gees, wat deur die prediking van Jesus gerealiseer word, beklemtoon (Floor 1988:28). Johannes 7:37 tot 39 beskryf die kern van die werksaamheid van die Gees, wat na die verheerliking van Jesus deur diegene ontvang sou word wat in Hom glo. Die volledigheid van die koms van God se koninkryk word gevolglik aan die uitstorting van die Gees na die kruisiging en opstanding van Jesus gekoppel. Die Gees is die gewer van die lewe (Johannes 6:63).

Een van die kernbegrippe aan die hand waarvan die Heilige Gees in die Nuwe Testament verstaan word, is die begrip parakleet wat in die evangelie van Johannes voorkom. In die volgende paragrawe word die begrip *parakleet* eksegeties ondersoek met die oog op die verheldering van die verstaan van die Gees in die Nuwe Testament.

## 1.5. Die term *παράκλητος*.

Die voorkoms van die term παράκλητος in die Bybel is uniek aan die Johannes evangelie en briewe. Die begrip word slegs in Johannes 14:16, 26; 15:26; 16:7 en 1 Johannes 2:1 aangetref (vgl Behm 1967:800; Moulton, Geden & Moulton 1978:758; Brown 1984b:1135).

### 1.5.1. Die konteks van die Johannes Evangelie.

Die Johannes evangelie bestaan uit vier dele wat beskryf word as die *proloog* (Joh 1:1-18); *Die boek van tekens* (Joh1:19-12:50); *Die boek van verheerliking* Joh 13:1-20:31) en *die epiloog* (Joh 21:1-25) (vgl Brown 1984a: cxxxviii; Köstenberger 2004:10). Kok (2008:57) beskryf die hoofdeel waarbinne hoofstuk veertien tot

sestien voorkom as: *Die private bediening van Jesus aan sy 'eie'*. Waetjen (2005:327) bespreek dit as deel van die geheel wat strek vanaf hoofstuk dertien onder die opskrif van "The farewell discourse." (cf. Du Randt 1990:26). In hierdie onderafdeling word in die besonder op Jesus se bediening aan, en onderrig van sy dissipels gefokus. In hierdie hoofstukke vorm die onderriggesprekke, waarbinne die begrip *παράκλητος* voorkom, 'n sentrale motief.

### 1.5.2. Die gebruik van *παράκλητος* in 1 Johannes 2:1.

Behm (1967:803) ken 'n juridiese betekenis aan die gebruik van παράκλητος in 1 Johannes 2:1 toe. Jesus tree as Advokaat vir die sondige gelowiges by God in. Brown (1984:1135) verklaar die voorkoms en betekenis van die begrip παράκλητος in 1 Johannes 2:1 soos dit van Jesus gebruik word, met die betekenis van "heavenly intercessor" by die Vader.

### 1.5.3. Betekenismoontlikhede van die term παράκλητος.

Die begrip παράκλητος word in materiaal buite die Nuwe Testament aangetref sedert die vierde eeu voor Christus. Dit word gebruik in die betekenismoontlikhede van "person called in to help, summoned to give assistance ...helper in court" (Behm 1967:801). Die algemene betekenis in die geheel van die gebruik daarvan in die Hellenistiese of Griekse omgewing buite die Nuwe Testament, word opgesom as "legal advisor or helper or advocate in the relevant court." (Behm 1967:803). Joubert (2006:42 -54) doen 'n omvattende analise van die term buite die Nuwe Testament en kom tot die gevolgtrekking dat Behm se beklemtoning van die juridiese strekking van die begrip, beperkend is. Die betekenismoontlikhede van "consoler, intercessor, mediator, helper", kan ook deel wees van die betekenismoontlikhede buite die Nuwe Testament.

Die gebruik van die begrip in die Nuwe Testamentiese tyd verskil van die gebruik daarvan in die materiaal buite die Nuwe Testament. Behm (1967:803) se plasing van die begrip in 'n juridiese konteks in 1 Johannes 2, wat met advokaat weergegee word, is reeds vermeld. Die verklaring van die begrip in 1 Johannes 2 binne die

juridiese konteks, het die kerkvaders gelei om die term in juridiese vorm te interpreteer. In die konteks van Johannes evangelie is die strekking daarvan egter eerder *helper*. Behm baseer die aanname op grond van die inhoudelike van die sending van die παράκλητος. Die gebruik van *comforter*, trooster, word afgewys aangesien die term nie enige betekenisverwantskap met die latere Joodse Messiaanse titel vertoon nie (vgl Behm 1967:804 n32). Die bespreking van die gebruik van die begrip παράκλητος dra nie noodwendig by om die verstaan van die begrip te verhelder nie (vgl Behm 1967:806; Joubert 2006:60), en antwoorde word gesoek in die religieus-historiese agtergrond van die term.

Die soeke na betekenis oorspronge in die Mandese gnostiek konsentreer op die moontlikheid van *helper*. In die geskrifte wat Behm (1967:807 e v) aanhaal, word die betekenisopsies van helper, oppasser, assistent, ondersteuner en afleweraar as moontlikhede aangevoer. Hoewel die oorsprong van die παράκλητος in hierdie kontekste in die hemel is, word menslike helpers nie daardeur uitgesluit nie. Ooreenkomste met die Johannese παράκλητος sluit in dat die *helper* van 'n bo-wêreld kom met 'n openbaring oor die verlede en toekoms. Die openbaring kom deur middel van onderrig en aanmoediging van gelowiges, wat lei tot verlossing en bevestiging van morele optrede.

Die volgende verskille tussen die Johannese παράκλητος en die παράκλητος in die ander materiaal word aangedui. Die veelvuldigheid van *helpers* en hulle outonomie, sonder 'n onderlinge verhouding met die ander verskil van die individualiteit van die Johannese παράκλητος. Die manier waarop Jesus en die παράκλητος in verhouding tot mekaar staan, aan mekaar verbonde en afhanklik is, ontbreek in die gnostiese materiaal. Behm (1967:809) verwerp die gedagte dat die Johannese παράκλητος van die gnostieke gedagtewêreld oorgeneem is.

Die tweede agtergrond, wat ondersoek word om die oorspronge van παράκλητος te bepaal, is die juridiese agtergrond soos gereflekteer in die begrip *advokaat*. 'n Aantal voorbeelde van die verteenwoordiging van mense voor God, word vanuit die Ou Testament en die antieke omgewing bespreek (vgl Behm 1967:809). Voorbeelde wat bekende Ou Testamentiese figure soos, Abraham, Moses, Samuel, Amos en Jeremia insluit, word as moontlike oorsprong van die konsep van advokaat geopper.

In die konteks word advokaat aangedui as een wat intree namens mense in verskillende omstandighede as beskermers of selfs aanklaers. In die Rabbynse literatuur word verdere voorbeelde gevind waar die Torah, die offers en goeie dade as παράκλητος funksioneer (vgl Behm 1967:811). Hier word ook melding gemaak van verwysings na die Gees as advokaat wat verdedig en pleit, maar ook vir Israel aan hulle verantwoordelikheid herinner. Melding word gemaak van die Nuwe Testamentiese konteks (1 Johannes 2:1) om advokaat as betekenis vir παράκλητος te aanvaar. Behm maak die gevolgtrekking dat wanneer 'n keuse tussen die gnostiese *helper* en Ou Testamentiese *advokaat*, as agtergrond vir die begrip gemaak moet word, die Ou Testamentiese *advokaat* die voorkeur keuse is. Die woord παράκλητος word gevolglik teen die agtergrond van die betekenis van advokaat geïnterpreteer met die oog op die bepaling van die betekenis daarvan in die verskillende dele waarin dit na vore kom. Joubert (2006:63 e v) hierteenoor, stel 'n alternatiewe aanpak voor. Die begrip παράκλητος is uniek aan die Johannese literatuur en funksioneer gevolglik op 'n unieke wyse daarin. 'n Forensiese konteks, soos by Behm (1967), word afgewys (Joubert 2006:66). Joubert beredeneer die historisiteit, outeurskap en ontvangers van die Johannes evangelie en kies om die teks in sosio-historiese konteks, eerder as in buite-Bybelse sosio-kulturele konteks, te benader. Die geskrif as sodanig behoort die fokus te wees, met die spesifieke verwysing na die teks, die motief vir die ontstaan, asook die styl daarvan (Joubert 2006:73). Laasgenoemde blyk 'n meer sinvolle opsie te wees aangesien dit gaan om die betekenis van die παράκλητος soos dit in die Johannes evangelie funksioneer.

Louw & Nida (1988:142) bespreek die begrip παράκλητος en verwys daarna as 'n titel vir die Heilige Gees. Betekenismoontlikhede wat aan die begrip toegeken word sluit in: "one who helps by consoling, encouraging, or mediating on behalf of – Helper, Encourager, Mediator." Die begrip trooster (Comforter) wat algemeen gebruik word, word afgewys aangesien dit 'n beperkte beskrywing van die werk van die Gees tot gevolg het. Ook die vertaling van die begrip as 'n term met die juridiese betekenis *advokaat,* word afgewys as beperkend. Negatiewe konnotasies wat die term advokaat mag impliseer, word ook as problematies aangewys. Die begrip "Helper" word as beter vertalingmoontlikheid aanbeveel. Du Randt (1990:26) wys op die problematiek om die meervoudige betekenismoontlikhede met een term te verklaar, en kies om na die "Parakleet" te verwys. Die Parakleet word gevolglik beskryf as

getuie, segsman, vertrooster en helper. Waetjen (2005:341) gebruik die terme "intercessor, an encourager, an advocate", om die betekenismoontlikhede van die Parakleet te beskryf.

In 'n tweede verwysing na παράκλητος word die begrip hanteer as afleiding van *παράκαλέω, "to call upon to provide help"* (Louw & Nida 1988:460). Die vertaling daarvan as helper, word ook aanbeveel vir die begrip in 1 Johannes 2:1.

### 1.5.4. Detail analise van die begrip παράκλητος – detail analise.

#### 1.5.4.1. Johannes 14:15-17.

15 Ἐὰν ἀγαπᾶτε με, τὰς ἐντολὰς τὰς ἐμὰς τηρήσετε· 16 καγὼ ἐρωτήσω τὸν πατέρα καὶ ἄλλον παράκλητον δώσει ὑμῖν, ἵνα μεθ' ὑμῶν εἰς τὸν αἰῶνα ᾖ, 17 τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας, ὃ ὁ κόσμος οὐ δύναται λαβεῖν, ὅτι οὐ θεωρεῖ αὐτὸ οὐδὲ γινώσκει· ὑμεῖς γινώσκετε αὐτό, ὅτι παρ' ὑμῖν μένει καὶ ἐν ὑμῖν ἔσται.

Johannes 14:15 -17 maak deel uit van die groter geheel van 14:1-24 waarin die hoof fokus die liefde is (vgl Köstenberger 2004:434, n64). Reeds in Johannes 13:36 antwoord Jesus die vraag: "Here, waarheen gaan U?" met die antwoord dat die dissipels hom nie daarheen kan volg nie. In Johannes 14:1 word die dissipels aangemoedig om nie *ontsteld* te wees nie, maar geloof in Jesus te hê.

Johannes 14:15 word ingelui met 'n voorwaardelike sin as julle my liefhet Ἐὰν ἀγαπᾶτε με. Gevolg deur τὰς ἐντολὰς τὰς ἐμὰς τηρήσετε. As julle my liefhet sal julle my gebooie onderhou.

Johannes 14:16 vermeld die koms van ἄλλον παράκλητον. Hierdie vers kan beskou word as 'n voortsetting van die trooswoorde van Johannes 14:1. Hierdie uitgangspunt word bevestig in die verwysing van Johannes 14:18 Οὐκ ἀφήσω ὑμᾶς ὀρφανούς, - dat hulle nie wees gelaat sal word nie.

Die woord ἄλλον dui op die besondere verhouding tussen Jesus en die παράκλητον. Brown (1984:644) wys dat Jesus as die eerste parakleet beskou kan word,

aangesien die *ander* voorspraak eers sal kom as hy weggaan. Die woord ἄλλον impliseer dat Jesus ook παράκλητον is. 'n Ander een van dieselfde soort sal in sy plek kom wanneer hy weggaan (vgl Joubert 2006:405). 'n Alternatiewe verklaring is ook moontlik, naamlik dat Jesus nie in die verband die παράκλητον kan wees nie, aangesien die doel van sy koms anders is. 'n Ander een word benodig om παράκλητον te wees wanneer die funksie van Jesus verander met sy weggaan.

Die versoek om die ἄλλον παράκλητον word nou verbind aan die gedagte van die liefdevolle gehoorsaamheid van die dissipels soos in die vorige vers gestel (vgl Köstenberger 2004:434; Joubert 2006:171). Hoewel dit lyk of die versoek om die ἄλλον παράκλητον kondisioneel is aan die liefdevolle gehoorsaamheid, moet die groter geheel waarin die teks voorkom, ingedagte gehou word. Reeds in Johannes 13 is die liefde van Jesus vir sy dissipels met die voetwassing simbolies uitgebeeld. In Johannes 14:1-3 word die verbintenis bevestig met die belofte dat die dissipels gehaal sal word om te wees waar Jesus is. Die versoek om die ἄλλον παράκλητον kan dus beide as kondisioneel aan liefdevolle gehoorsaamheid van die dissipels, sowel as aan die liefde van Jesus vir hulle toegeskryf word. Die παράκλητον sal op versoek van Jesus (ἐρωτήσω) deur die Vader gegee word (δώσει). Die παράκλητον sal vir altyd met hulle wees ἵνα μεθ' ὑμῶν εἰς τὸν αἰῶνα ᾖ,. Jesus se weggaan is noodsaaklik, maar hy laat nogtans nie sy volgelinge as weeskinders agter nie (vgl Joh 14:18).

Die παράκλητον word geïdentifiseer as die τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας,. In Johannes 14:6 word Jesus as waarheid gekarakteriseer, ἐγώ εἰμι ἡ ὁδὸς **καὶ ἡ ἀλήθεια** καὶ ἡ ζωή· Waarheid word in Johannes op verskillende maniere omskryf. Waarheid is die teenoorgestelde van leuens of valsheid (vgl Joh 8:40-46). Waarheid in eskatologiese konteks (vgl Joh 1:17) dui op goddelike waarheid teenoor tydelike of aardse waarheid, waarheid as 'n kenbare konstruk van kennis (vgl Joh 8:32; 16:13), as sfeer van aanbidding of heiliging (Joh 4:23-24; 17:17-19) en as eienskap van egtheid (Joh 1:17; 14:6). Köstenberger (2004:438) wys dat die Gees in al vyf hierdie dimensies aktief betrokke is, deur die waarheid aangaande Jesus te vergestalt as eskatologiese gawe. Die Gees is die gewer van kennis van God, wat aktief in aanbidding en heiliging werksaam is en mense na Jesus aanwys. Die τὸ πνεῦμα τῆς

ἀληθείας, is die παράκλητος wat in Jesus se plek kom om met die dissipels te wees vir altyd. Die τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας, kan nie deur die wêreld geken of ontvang word nie, want hulle kan hom nie sien of ken nie. Die dissipels aanvaar die τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας, want ὅτι παρ' ὑμῖν μένει καὶ ἐν ὑμῖν ἔσται, Hy is met hulle en in hulle.

### 1.5.4.1.1. Samevatting:

Vanuit die verkenning van Johannes 14:15-17 kan die volgende afleidings gemaak word oor die παράκλητος.

- Die eerste *parakleet* uitspraak word gemaak binne die konteks van troos aan die dissipels in die lig van die aankondiging dat Jesus weggaan.
- Liefdevolle gehoorsaamheid vervul 'n belangrike funksie in die versoek om die koms van die παράκλητος. Dit sou selfs as 'n voorwaarde vir die koms van die παράκλητος beskou kan word. Gehoorsaamheid is nie 'n vreemde konsep aan die konteks nie, aangesien gehoorsaamheid aan die liefdesgebod juis die onderskeidende kenmerk van die dissipels teenoor die res van die wêreld is.
- Die παράκλητος is afkomstig van die Jesus se Vader.
- Die παράκλητος word geïdentifiseer as die *gees van die waarheid*.
- Die funksie van die παράκλητος is om vir ewig by die dissipels te bly. Die παράκλητος sal nie net *by* hulle bly nie, maar ook *in* hulle bly.

Vanuit 'n ander hoek sou die volgende afleidings oor die resultaat van die koms van die *parakleet* gemaak kon word. Sonder die *parakleet* sal die dissipels waarskynlik nie in staat wees tot liefdevolle gehoorsaamheid nie, hulle sou bevrees en wees agtergelaat word, sonder enige hoop vir die toekoms. Dit sou nie vir hulle moontlik gewees het om enige van Jesus se werksaamhede in die verlede of die toekoms te verstaan nie.

Die *parakleet* is nie Jesus nie. Die gebruik van die begrip *ander,* is die eerste aanduiding hiervan. Teenoor Jesus wat van die dissipels moet weggaan, word die παράκλητος geskets as die een wat vir ewig by hulle sal bly. Jesus was saam met sy dissipels, terwyl die teenwoordigheid van die παράκλητος beskryf word as nie net met hulle nie, maar ook in hulle.

### 1.5.4.2. Johannes 14:25-26

[25]Ταῦτα λελάληκα ὑμῖν παρ' ὑμῖν μένων· [26]ὁ δὲ παράκλητος, τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον, ὃ πέμψει ὁ πατὴρ ἐν τῷ ὀνόματι μου, ἐκεῖνος ὑμᾶς διδάξει πάντα καὶ ὑπομνήσει ὑμᾶς πάντα ἃ εἶπον ὑμῖν [ἐγώ].

Die uitdrukking Ταῦτα λελάληκα kom ses keer voor in die afskeidsgesprekke van Jesus (vgl Joh 15:11; 16:1,4,6,25,33) en dui op die einde van Jesus se onderrig aan die dissipels (vgl Köstenberger 2004:441; Joubert 2006:188).

Die παράκλητος word slegs op hierdie plek in die afskeidsgesprekke as τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον beskryf. Dit lei tot die afleiding dat παράκλητος 'n ander benaming vir die Heilige Gees is. Die oorsprong van die ὁ δὲ παράκλητος, τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον word, soos in die vorige gedeelte, aan die *stuur* aktiwiteit van die Vader toegeskrywe, πέμψει ὁ πατὴρ. Die beskrywing dat die παράκλητος in die Naam van Jesus (ἐν τῷ ὀνόματι μου) gestuur word, impliseer dat die παράκλητος onder die gesag van Jesus verkeer. Met hierdie uitdrukking word die παράκλητος in verwantskap met, en in verbinding aan Christus geplaas. Die verantwoordelikheid, mag en gesag van die παράκλητος is ondergeskik aan Jesus. Hy word in die Naam van Jesus gestuur om ἐκεῖνος ὑμᾶς διδάξει πάντα καὶ ὑπομνήσει ὑμᾶς πάντα ἃ εἶπον ὑμῖν [ἐγώ].

Die eerste twee funksionele dimensies van die παράκλητος kan met die woorde *onderrig en herinner* beskryf word.
ὑμᾶς διδάξει πάντα - *διδάσκω* - "to provide instruction in a formal or informal or informal setting" vertalingsmoontlikhede: to learn, to know, (kousatiewe vorm – laat leer, laat weet) – *teaching* wat in Afrikaans as *om te onderrig* weergegee kan word (vgl Louw & Nida 1988:414). Die παράκλητος se eerste taak is om Jesus se woorde, soos 'n onderwyser, tuis te bring, te verduidelik of helder te maak.

ὑπομνήσει ὑμᾶς πάντα ἃ εἶπον ὑμῖν [ἐγώ]. - *ὑπομιμνήσκω* – to cause to recall, to remind, to cause to remember, to cause tot think about again. Om te *herinner*. Herinner iemand aan iets, ook om iemand weer te laat nadink "to cause someone to think about again" (Friberg 2000:392). Die emfatiese ἐγώ aan die einde van die sin beklemtoon dat dit oor Jesus se woorde gaan. Die παράκλητος is gevolglik nie 'n

onafhanklike agent nie, maar funksioneer om die volgelinge te help om Jesus se woorde in herinnering te roep.

Die werk van die παράκλητον is om mense te herinner of te laat nadink, sodat hulle kan onthou. Die gedagte van om iemand te motiveer om te onthou, word ook geïmpliseer. Die anamnese is nie net bedoel om die onderrig van Jesus te onthou of in herinnering te roep nie, maar ook om dit te verstaan. "The Paraclete-Spirit's anamnesis brings the disciples to further cognitive perception (of the Father and Son) and based on this deeper understanding (of the Father and the Son), they can make a further belief response" (Joubert 2006:394). Soos Jesus die dissipels geleer het, sal die παράκλητος die dissipels leer en herinner. Brown (1984:652) wys daarop dat die onderrig van die παράκλητος nou verwant is aan die onderrig van Jesus, want hy sal net vertel wat hy gehoor of ontvang het van Christus. Volgens Johannes 8:2 leer Jesus die dissipels. Johannes 14:26 kondig 'n verandering aan, die παράκλητος sal voortaan die dissipels leer.

### 1.5.4.2.1. Samevatting.

Die volgende afleidings kan gemaak word na aanleiding van die hantering van Johannes 14:25-26.

- Die παράκλητος word gestuur in die Naam van Jesus en staan gevolglik onder die gesag, verantwoordelikheid en mag van Jesus.
- Die gedeelte bevestig dat die παράκλητος van die Vader afkomstig is.
- Die παράκλητος word in die verse direk met die Heilige Gees geassosieer.
- Die taak van die παράκλητος, en per implikasie van die Heilige Gees, is om die volgelinge van Jesus in die woorde van Jesus te onderrig en om hulle daaraan te herinner. Die werking van die παράκλητος kan gevolglik nie as 'n onafhanklike werking in hierdie konteks beskou word nie.

### 1.5.4.3. Johannes 15:26,27

26Ὅταν ἔλθῃ ὁ παράκλητος ὃν ἐγὼ πέμψω ὑμῖν παρὰ τοῦ πατρός, τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας ὃ παρὰ τοῦ πατρὸς ἐκπορεύεται, ἐκεῖνος μαρτυρήσει περὶ ἐμοῦ· 27καὶ ὑμεῖς δὲ μαρτυρεῖτε, ὅτι ἀπ᾽ ἀρχῆς μετ᾽ ἐμοῦ ἐστε.

Die verse vorm deel van die groter geheel van Johannes 15:18-25, wat handel oor die wêreld se haat vir die gelowiges (vgl Brown 1984:698). Dit gryp terug op die vraag in Johannes 14:22 – *Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: "Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en nie aan die wêreld nie?"* Die feit dat nie almal die Christus aanvaar nie, is reeds vroeg in Johannes aangeraak. Johannes 3:20 verwys na die kwaaddoeners wat die lig haat, omdat die lig hulle dade sigbaar maak. In Johannes 7:7 word genoem dat die wêreld vir Jesus haat, omdat hy bekend maak dat die wêreld se dade sleg is. Johannes 15:18 verklaar dat wanneer die wêreld die dissipels begin haat hulle moet onthou dat Jesus eerste gehaat is. Teen hierdie agtergrond maak die derde *parakleet* uitspraak sin, as dit as antwoord geneem word op die vraag hoe die dissipels met die haat van die wêreld moet omgaan.

Ὅταν ἔλθῃ ὁ παράκλητος – Wanneer ὁ παράκλητος kom, ἐκεῖνος μαρτυρήσει περὶ ἐμοῦ, sal hy oor my getuig.

ἐκεῖνος μαρτυρήσει περὶ ἐμοῦ. Die παράκλητον sal die werk van Christus bevestig deur die getuienis oor Hom. περὶ ἐμοῦ dui dat Christus die onderwerp van die getuienis is. Die παράκλητος se getuienis van Christus het dus 'n bevestigende funksie.

*μαρτυρέω* is die aktiwiteit van 'n getuie (vgl Friberg 2000:254). μαρτυρήσει word gebruik om te dui op eerstehandse kennis of ervaring van bepaalde feite (bare witness to, declare, confirm).

Dit kan ook gebruik word in terme van 'n verslag of "good report" van iets. In die aktiewe vorm beteken dit om verslag te gee of goed te praat van iets of iemand. In die passiewe vorm word verslag ontvang of word daar goed gepraat van iets of iemand. μαρτυρήσει kan ook gebruik word as emfatiese verklaring deur 'n gesagvolle bron. God, of Gees, of Skrif verklaar iets of getuig van iets. Die begrip kan ook gebruik word in terme getuienis tot die waarheid van iets soos die feitelike inhoud van die evangelie. Joubert verwoord die getuienis funksie van die Gees "to declare, acknowledge and affirm that Jesus is who he claimed to be." (Joubert 2006:397). μαρτυρήσει kan verder ook in forensiese of juridiese opset gebruik word as betroubare verklaring voor die regbank.

Volgens Johannes 15:26,27 stel die παράκλητος die getuienis funksie van die dissipels in werking deur hulle in staat te stel om te kan getuig. Die παράκλητος getuig, en is volgens die vorige verwysings met en in die dissipels van Jesus. Hy leer en herinner hulle aan die woorde van Jesus. Die afleiding kan gevolglik gemaak word dat hy ook die dissipels in staat stel om te kan getuig. *"μαρτυρέω"* as aktiwiteit van die dissipels is daarop gerig om te verklaar, erken en bevestig dat Jesus is wie hy sê hy is, sodat mense tot geloof in hom kan kom. Die dissipels getuig waarvan die Gees getuig. Die onderrig funksie van die παράκλητος kan in die verband betrek word. Dit is die παράκλητος wat leer en herinner en die dissipels ook tot getuienis inspireer. Brown (1984:700) beskou die Gees se werking as onsigbaar, totdat die volgelinge getuienis van Jesus lewer op grond van die getuienis van die Gees.

Die derde *parakleet* uitspraak open 'n nuwe perspektief op die oorsprong van die παράκλητος. ὃν ἐγὼ πέμψω ὑμῖν παρὰ τοῦ πατρός. Jesus self is betrokke in die stuur van die παράκλητος. Hierdie samewerking tussen Vader en Seun is nie 'n nuwe gedagte in Johannes nie, soos die volgende aanhalings aandui:

*Johannes 5:19.* Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so.

*Johannes 8:16-18.* En as Ek oor iemand oordeel, is my oordeel reg, omdat dit nie Ek alleen is nie, maar Ek en die Vader wat My gestuur het. In julle wet staan daar geskrywe dat die getuienis van twee persone geldig is. Nou ja, oor My getuig Ek self én die Vader wat My gestuur het."

*Johannes 10:30.* Ek en die Vader is een."; *38* - Maar as Ek dit wel doen en julle tog nie in My glo nie, moet julle ten minste aan die werke glo, sodat julle kan insien en weet dat die Vader in My en Ek in die Vader is."

Jesus en die Vader word as een geteken, hy doen die werk van die Vader omdat die Vader in Hom is, en Hy in die Vader is. In die lig van die kursoriese aanhalings is dit duidelik dat geen verwarring bestaan as Jesus ook as stuurder van die παράκλητος beskryf word nie.

τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας ὃ παρὰ τοῦ πατρὸς ἐκπορεύεται.

Vir 'n tweede keer word die παράκλητος beskryf as die Gees van die waarheid en wel die keer as die een wat van die Vader uitgaan. Hierdie verwysing kan impak hê op die getuienis wat die παράκλητος lewer, asook dien tot vertroosting van die volgelinge

in omstandighede van haat en vervolging (vgl vers 18-25). In aansluiting by die getuienisfunksie van die παράκλητος sou die gees van waarheid dien om die karakter van die getuienis te begryp. Die παράκλητος getuig van Jesus, en die getuienis is die waarheid wat dien om die verstaan van Jesus te bevestig en te verhelder.

#### 1.5.4.3.1. Samevatting.

Die volgende afleidings rakende die *parakleet* kan uit die voorafgaande gemaak word.

- Een van die funksies van die παράκλητος is om van Jesus te getuig.
- Die παράκλητος word nie net deur die Vader gestuur nie, maar ook deur die Seun. Dit is moontlik vanweë die noue verband tussen die Vader en die Seun.
- Die beskrywing van die παράκλητος as die Gees van die waarheid word herhaal as eienskap van die παράκητος, maar ook as aanduiding van die betroubaarheid van die getuienis wat gelewer sal word.

### 1.5.4.4. Johannes 16:4b-15

Ταῦτα δὲ ὑμῖν ἐξ ἀρχῆς οὐκ εἶπον, ὅτι μεθ' ὑμῶν ἤμην. 5Νῦν δὲ ὑπάγω πρὸς τὸν πέμψαντα
με, καὶ οὐδεὶς ἐξ ὑμῶν ἐρωτᾷ με· ποῦ ὑπάγεις; 6ἀλλ' ὅτι ταῦτα λελάληκα ὑμῖν ἡ λύπη
πεπλήρωκεν ὑμῶν τὴν καρδίαν. 7ἀλλ' ἐγὼ τὴν ἀλήθειαν λέγω ὑμῖν, συμφέρει ὑμῖν ἵνα ἐγὼ
ἀπέλθω. ἐὰν γὰρ μὴ ἀπέλθω, ὁ παράκλητος οὐκ ἐλεύσεται πρὸς ὑμᾶς· ἐὰν δὲ πορευθῶ,
πέμψω αὐτὸν πρὸς ὑμᾶς. 8καὶ ἐλθὼν ἐκεῖνος ἐλέγξει τὸν κόσμον περὶ ἁμαρτίας καὶ περὶ
δικαιοσύνης καὶ περὶ κρίσεως· 9περὶ ἁμαρτίας μέν, ὅτι οὐ πιστεύουσιν εἰς ἐμέ· 10περὶ
δικαιοσύνης δέ, ὅτι πρὸς τὸν πατέρα ὑπάγω καὶ οὐκέτι θεωρεῖτέ με· 11περὶ δὲ κρίσεως, ὅτι ὁ
ἄρχων τοῦ κόσμου τούτου κέκριται.
12Ἔτι πολλὰ ἔχω ὑμῖν λέγειν, ἀλλ' οὐ δύνασθε βαστάζειν ἄρτι· 13ὅταν δὲ ἔλθῃ ἐκεῖνος, τὸ
πνεῦμα τῆς ἀληθείας, ὁδηγήσει ὑμᾶς ἐν τῇ ἀληθείᾳ πάσῃ· οὐ γὰρ λαλήσει ἀφ' ἑαυτοῦ, ἀλλ'
ὅσα ἀκούσει λαλήσει καὶ τὰ ἐρχόμενα ἀναγγελεῖ ὑμῖν. 14ἐκεῖνος ἐμὲ δοξάσει, ὅτι ἐκ τοῦ
ἐμοῦ λήμψεται καὶ ἀναγγελεῖ ὑμῖν. 15πάντα ὅσα ἔχει ὁ πατὴρ ἐμά ἐστιν· διὰ τοῦτο εἶπον ὅτι
ἐκ τοῦ ἐμοῦ λαμβάνει καὶ ἀναγγελεῖ ὑμῖν.

In die gedeelte waar die laaste twee verwysings na die παράκλητος voorkom, word weer aangesluit by die tema van Jesus se vertrek. Ταῦτα is die struktuurmerker wat die nuwe eenheid inlei en dui op alles wat in die afskeidsrede tot dusver gesê is. Ταῦτα δὲ ὑμῖν ἐξ ἀρχῆς οὐκ εἶπον dinge wat nie gesê is nie, aangesien Jesus toe self by hulle was. Nou gaan hy egter terug na die een wat hom gestuur het - Νῦν δὲ ὑπάγω πρὸς τὸν πέμψαντα με. Vantevore is daar reeds na sy terugkeer verwys in Johannes 13:33 – "Ek is nog net 'n klein rukkie by julle. Dan sal julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie" en 14:5 - "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?." Hier volg die antwoord en dit blyk dat die dissipels stom geslaan is daardeur. ἡ λύπη πεπλήρωκεν ὑμῶν τὴν καρδίαν, hulle harte is seer van droefheid.

Die noodsaak van Jesus se weggaan, word in die volgende verse uitgestippel (7-11), en vorm die kern van die vierde *parakleet* uitspraak. Die verwysing na die waarheid ἀλλ᾽ ἐγὼ τὴν ἀλήθειαν λέγω ὑμῖν, dien as bevestiging van die akkuraatheid van wat hy sê, asook om die troos van die uitspraak te beklemtoon. Dit is voordelig vir die dissipels dat Jesus weggaan, συμφέρει ὑμῖν ἵνα ἐγὼ ἀπέλθω. As hy nie weggaan nie, kan die koms van die παράκλητος nie gebeur nie - ἐὰν γὰρ μὴ ἀπέλθω, ὁ παράκλητος οὐκ ἐλεύσεται πρὸς ὑμᾶς·. Weer word Jesus beskryf as een wat die παράκλητος na die dissipels sal stuur.

Van vers agt af word die werksaamhede wat aan die vierde parakleet uitspraak gekoppel word, uiteengesit. Die eerste taak van die παράκλητος word beskryf met die woord ἐλέγξει. Die vertaling van die woord is problematies (Brown 1984:711; Waetjen 2005:359). ἐλέγξει bepaal drie frases in die sin, naamlik: τὸν κόσμον περὶ ἁμαρτίας en καὶ περὶ δικαιοσύνης en καὶ περὶ κρίσεως.

Joubert (2006:228) wys verskillende betekenismoontlikhede vir ἐλέγξει.

- *Onthul of blootstel* impliseer dat die παράκλητος 'n openbarende funksie vervul.

- *Veroordeel of skuldig bevind,* gee aan die παράκλητος 'n juridiese funksie naamlik om getuienis in te samel en skuld te bewys met die oog op veroordeling.
- *Korrigeer of straf,* gee aan die παράκλητος die karakter van opvoeder of toepasser van dissipline.
- *Oortuig* impliseer dat die παράκλητος 'n oorredende funksie vervul.

Brown (1984:705) wys daarop dat die betekenis van ἐλέγξει sodanig gekies moet word dat al die frases waarop dit 'n invloed het, sinvol weergegee kan word. 'n Keuse kan gemaak word na aanleiding van Johannes 8:46 waar Jode uitgedaag word om Jesus skuldig te bevind aan sonde, of soos in die Nuwe Afrikaanse vertaling, *om sonde uit te wys*. Die voorsetsel περὶ (wat as betreffende vertaal kan word) in vers agt, sou skuldigbevinding net op die eerste frase van toepassing kon maak. Brown kies die opsie van bekendmaak, of bewys, as beste moontlike vertaling van ἐλέγξει. Hierdie opsie word ook deur Köstenberger (2004:471) bevestig. Joubert (2006:230) kies vir 'n meervoudige interpretasie wat nie net op een moontlike semantiese veld fokus nie, maar ter wille van duidelikheid van betekenis, ruimte laat vir meervoudige betekenismoontlikhede soos in die vier voorbeelde aangedui. Vir die doeleindes van hierdie studie sou die klem eerder op die drie frases val wat deur ἐλέγξει bepaal word. Die παράκλητος se funksie ten opsigte van περὶ ἁμαρτίας en περὶ δικαιοσύνης en περὶ κρίσεως, dui daarop dat *bewys* as 'n sinvolle betekenismoontlikheid aanvaar kan word.

Ten opsigte van sonde (ἁμαρτίας) word aanvaar dat die basis van die sonde ongeloof is (vgl Brown 1984:712; Köstenberger 2004:472), soos dit ook in vers nege gestel word περὶ ἁμαρτίας μέν, ὅτι οὐ πιστεύουσιν εἰς ἐμέ. Geloof is die vereiste wat gestel word vir deelname aan die verlossing (vgl Joh 3:18; 12:37).

Ten opsigte van die geregtigheid (δικαιοσύνης) gaan dit om die bekendmaking of bewys van Jesus se geregtigheid. δικαιοσύνης δέ, ὅτι πρὸς τὸν πατέρα ὑπάγω καὶ οὐκέτι θεωρεῖτέ με·

Die bewys van die oordeel van die wêreld is geleë in die veroordeling van die owerste van die wêreld. ὅτι ὁ ἄρχων τοῦ κόσμου τούτου κέκριται.

Die inhoud van die oortuigingswerk van die παράκλητος kan in terme van die troos met die oog op die naderende weggaan van Jesus beskou word. Die παράκλητος onthul of bewys die wese van sonde as ongeloof, die geregtigheid aan die kant van Jesus en die voltrekking van die oordeel oor die Owerste van die wêreld. Ongeag van die omstandighede waarin die lesers hulle bevind, sowel as die onbekende wat in die toekoms op die volgelinge sou wag, bied hierdie uitspraak oor die komende παράκλητος, troos en bemoediging van die gelowiges.

#### 1.5.4.4.1. Samevatting.

Die vierde *parakleet* uitspraak bring die volgende aan die lig.

- Jesus sal die παράκλητος stuur, nadat hy weg gegaan het.
- Die παράκλητος sal 'n vertroostende funksie vervul deur die bewyslewering (ἐλέγξει) van die skuld van die wêreld, die geregtigheid van Jesus en die afgehandelde oordeel oor die owerste van die wêreld.

### 1.5.4.5. Johannes 16:12-15

[12]Ἔτι πολλὰ ἔχω ὑμῖν λέγειν, ἀλλ᾽ οὐ δύνασθε βαστάζειν ἄρτι· [13]ὅταν δὲ ἔλθῃ ἐκεῖνος, τὸ
πνεῦμα τῆς ἀληθείας, ὁδηγήσει ὑμᾶς ἐν τῇ ἀληθείᾳ πάσῃ· οὐ γὰρ λαλήσει ἀφ᾽ ἑαυτοῦ, ἀλλ᾽
ὅσα ἀκούσει λαλήσει καὶ τὰ ἐρχόμενα ἀναγγελεῖ ὑμῖν. [14]ἐκεῖνος ἐμὲ δοξάσει, ὅτι ἐκ τοῦ
ἐμοῦ λήμψεται καὶ ἀναγγελεῖ ὑμῖν. [15]πάντα ὅσα ἔχει ὁ πατὴρ ἐμά ἐστιν· διὰ τοῦτο εἶπον ὅτι
ἐκ τοῦ ἐμοῦ λαμβάνει καὶ ἀναγγελεῖ ὑμῖν.

Die begrip παράκλητος kom nie in die verse voor nie. Die begrip ἐκεῖνος dui die τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας aan. Die funksie van die τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας word in Johannes 16:13 met die woord ὁδηγήσει aangedui. όδηγέω beteken om iemand te lei, begelei of te vergesel op sy pad (vgl Friberg 2000:276). Joubert (2006) wys ook op die figuurlike betekenis van "instruct, teach or guide" in 'n onderrig situasie. Mense word deur die τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας in die onbekende begelei op pad na bekendheid. In figuurlike sin impliseer dit begeleiding in 'n onderrigsituasie van 'n posisie van onkunde na kundigheid. Die Gees het in die konteks die gestalte van begeleier of onderriggewer in die waarheid van Christus. Die Gees is die όδηγος wat die gelowige, die weg (Joh 14:6), laat vind (vgl Brown 1984:707).

ὁδηγήσει ὑμᾶς ἐν τῇ ἀληθείᾳ πάσῃ. Waarheid in hierdie sin, dui op waarheid met goddelike oorsprong. Die volheid van die waarheid wat reeds in Jesus ontvang is. Die vraag is of hier sprake kan wees van verdere nuwe openbaring en of dit bloot gaan oor 'n ontvouende openbaring (vgl Brown 1984:715; Köstenberger 2004:473). Die karakter van verduideliking en verkondiging, is in die gebruik van ἀναγγελεῖ ὑμῖν opgesluit. Dit kan ook verheldering en verklaring insluit.
Die τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας is die gids, die instrukteur wat mens na Jesus bring deur sy openbarende onderwysing. Hy bring ook mense na die Vader deur Jesus. Die Gees is instrumenteel aan wat hy gehoor het οὐ γὰρ λαλήσει ἀφ᾽ ἑαυτοῦ, ἀλλ᾽ ὅσα ἀκούσει λαλήσει. Die implikasie hiervan is dat die Gees se kommunikasie gefokus sal wees op die bron of die een wat gesê het.

ἐκεῖνος ἐμὲ δοξάσει, die Gees sal Jesus verheerlik. Hierdie verheerliking geskied deur dat die Gees ὅτι ἐκ τοῦ ἐμοῦ λήμψεται καὶ ἀναγγελεῖ ὑμῖν. In die volgende sinne word dit ook met ὁ πατὴρ verbind. Die Gees sal Jesus verheerlik deur die verkondiging van die dinge wat gaan kom, die dinge wat hy van Jesus ontvang wat ook aan die Vader behoort. ἀναγγελεῖ beteken om nuus te bring, verslag te doen, aan te kondig, verkondig en ook openlik verklaar (vgl Friberg 2000:48). Hierdie aksie van die Gees as verkondiging kan ook die stempel van onderrig voortsit uit die vorige deel, met die strekking van verduideliking of beligting van Jesus.

### 1.5.4.5.1. Samevatting

- Die beskrywing van die παράκλητος as die τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας is reeds in die eerste Parakleetuitspraak gemaak en word in die deel herhaal.
- Die taak van die παράκλητος word in die gedeelte aangedui as ὁδηγήσει, gids of instrukteur aangedui.
- As Gees van waarheid wat in die waarheid lei, is die Gees meer as net die blote oorverteller van die waarheid, die Gees is aktief betrokke in die waarheid.
- Die Gees is betrokke in die openbaring en ontvouende openbaring as verkondiger, beligter of oordraer daarvan.

### 1.5.5. Samevatting.

Die begrip παράκλητος is aan die hand van detail eksegese in die Johannes evangelie nagegaan. Aangesien daar selektief met die teks omgegaan is met spesifieke verwysing na die woord παράκλητος, soos met die werk van die Gees in verband gebring kan word, word die hantering daarvan nie as volledige verkenning voorgehou nie. Vanuit die detail eksegese kan drie temas by wyse van samevatting weergegee word.

#### 1.5.5.1. Die oorsprong van die παράκλητος.

In breë trekke sou die oorsprong van die παράκλητος in die volgende terme weergegee kon word.

- Gegee deur die Vader - δώσει ὑμῖν .
- Gestuur deur die Vader - πέμψει ὁ πατὴρ; παρὰ τοῦ πατρός
- Gaan uit van die Vader - ὃ παρὰ τοῦ πατρὸς ἐκπορεύεται, as Gees van waarheid.
- Gestuur deur Jesus vanaf die Vader - ὃν ἐγὼ πέμψω ὑμῖν παρὰ τοῦ πατρός.
- In die Naam van Jesus.

#### 1.5.5.2. Die identiteit van die παράκλητος.

- Hy is die ἄλλον παράκλητον, Hy is soos Jesus en tog ook meer as Jesus.
- Hy is die τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας, die Gees van waarheid.
- Hy is die Heilige Gees - τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον.
- Die παράκλητος, as τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον is nie net 'n Krag nie, maar word in persoonlike terme beskryf met die persoonlike naamwoord ἐκεῖνος.
- Die παράκλητος is ten nouste verbonde aan Vader en Seun.

#### 1.5.5.3. Die funksie of werksaamhede van die παράκλητος.

- Die παράκλητος is met en in die volgelinge van Jesus - ἵνα μεθ' ὑμῶν εἰς τὸν αἰῶνα ᾖ.

- Deur die παράκλητος word Jesus en sy woorde teenwoordig gestel.
- Die παράκλητος leer en herinner die volgelinge aan die woorde van Jesus.
- Die παράκλητος getuig van Jesus.
- Die παράκλητος vervul 'n vertroostende funksie deur die bewyslewering (ἐλέγξει) van die skuld van die wêreld, die geregtigheid van Jesus en die afgehandelde oordeel oor die owerste van die wêreld.
- Die παράκλητος is die gids / begeleier in die waarheid.
- Die παράκλητος is die verkondiger van die woorde van Jesus en die Vader.
- Die παράκλητος is nie die bron van nuwe waarheid nie, maar werk met die waarheid wat hy ontvang.

Die konteks waarbinne die uitsprake ingebed is word deur Joubert (2006:411) beskryf as die situasie van Jesus se weggaan van die dissipels en hulle vertroosting. "The Paraclete-Spirit, who would come from above, given and sent by Jesus and the Father, would enable them to continue their lives with a new Broker but the same Patron." (Joubert 2006:411). Die Parakleet-Gees is die plaasvervanger van Jesus as *parakleet,* 'n nuwe manier van Jesus se teenwoordigheid (vgl Van der Watt 2000:374). Hy bring vrede vir die bedroefde volgelinge en stel hulle in staat om in liefdevolle gehoorsaamheid leef. Die Parakleet-Gees bemiddel die volgelinge in die vyandige verhouding van die wêreld teenoor hulle en bemagtig hulle om te kan getuig saam met die Parakleet-Gees.

Die noue verwantskap tussen die Gees en die Seun word in die parakleetuitsprake duidelik. Die parakleet is soos Jesus, maar is self nie Jesus nie. Hy is die Gees van waarheid, die Heilige Gees. Van der Watt (2000:370) verken die metaforiese karakter van die gebruik van die term parakleet as beskrywing van die plasing van die Heilige Gees in die verhouding met die Vader en die Seun. Die Heilige Gees word nie as deel van die familie van God beskryf met terme soos vader of seun nie. Die funksies wat aan die Gees as Parakleet toegeskryf word, dien om die verhouding tussen Vader, Seun en Gees te omskrywe. Van der Watt (2000:371e v) toon, deur die voorkoms en die funksie van pneuma in die Johannes evangelie, dat

die verwantskap tussen Vader Seun en Gees ‘n hegte funksionele verwantskap is. Die stuur van die Parakleet en die funksies wat aan hom toegeskryf word, is nou verweef met die doelwitte en fokus wat van Vader en Seun ontleen word. Die Parakleet is die voortsetting van die werk en teenwoordigheid van Jesus. Die Gees word vanuit die beskrywing in Johannes, in die sfeer van God betrek. Van der Watt beskryf Hom as lid van die familie van God. Hy is van die Vader afkomstig, kommunikeer dit wat Hy van die Vader gehoor het, in terme van Jesus en wat hy gedoen het, en sit die familietradisie, soos in Vader en Seun vergestalt, binne die verkondiging van die boodskap van Jesus voort. Die rede vir die wêreld se miskenning van Jesus, word toegeskryf aan die feit dat hulle nie deel van God se familie is nie.

Die funksies van die Parakleet as Gees, wat die waarheid aangaande Christus leer en in herinnering roep, dien om die verwantskap tussen Christus en die Gees te versterk (vgl Joubert 2006:435). Die Parakleet-Gees is gevolglik ‘n verlengstuk van die werk van Jesus soos dit in Johannes beskryf word. Die permanente karakter van die Parakleet se verblyf by die volgelinge is deel van die voortsetting van die werk en teenwoordigheid van Jesus. Thiselton (2007:425) beskryf die werk van die Parakleet –Gees as “promote Christlike holiness.”

## 1.6. Die pinksterverhaal en die verstaan van die Gees.

Die pinksterverhaal bring ‘n wending in die verstaan van die identiteit van die Gees mee. In Handelinge word daar oor die algemeen gepraat van die Gees van God, terwyl Handelinge 16 in die besonder na die Gees van Jesus verwys. Die gebruik van die goddelike titel van Jesus as *Kurios*, Here, bring ’n ander begrip vir die Gees as Gees van die verheerlikte Christus. Die nuwe perspektief in Handelinge bring mee dat die Gees as Gees van Jesus beskryf word *en* as die Gees wat selfstandig optree. Handelinge 5 toon die noue assosiasie tussen die Gees en God. Die Gees is dus na Pinkster op ‘n nuwe manier op aarde teenwoordig en werksaam (vgl Friedrich 1968:406 e v; Floor 1988:42). As Gees van die opgestane en verheerlikte Christus, is die Gees die bemiddelaar deur wie Christus die heilsgebeure na die gemeente bring. Die mag van Christus waarvan die Gees aan die gemeente getuig, is die koninklike mag, die bevrydende mag en die vergewende mag.

Die permanente aard van die teenwoordigheid van die Gees in Handelinge is ‘n volgende belangrike aspek van die verstaan van die Gees in die tydperk na Pinkster. Mense ontvang die Heilige Gees as deel van hulle tot geloof kom en doop (vgl Hand 19). Die gevolge van die ontvangs van die Gees word in sigbare terme beskryf aan die hand van die tekens wat in Handelinge met die ontvangs van die Gees gepaard gaan. Welker (1997:234 e v) wys dat die ervaring van die Pinkstergebeure nie noodwendig op die moeilik verklaarbare van die tekens berus nie. Dit is juis die krag van die Gees wat die boodskap aan die mense uit verskillende agtergronde en kulture op ‘n unieke manier duidelik maak.

### 1.7. Die Gees en die bemagtiging van gelowiges

‘n Laaste aspek van die werk van die Gees soos in die Nuwe Testament na vore kom waaraan aandag gegee word, is die bemagtiging van gewone gelowiges. Dit is nie net profete of konings wat bemagtig word nie, maar ook die gewone gelowiges wat die gawes van die Gees met die oog op geloof in (vgl Vos 2007:15), en diensbaarheid aan God, ontvang. Hierdie diensbaarheid sou ook as diensbaarheid aan die evangelie en die verkondiging daarvan, beskryf kon word. Gewone mense word sedert Pinkster in diens van die koms van God se koninkryk ingespan tot realisering van God se heilsplan. Gelowiges word veral in die Nuwe Testamentiese briewe opgeroep om met die Gees vervul te word met die oog op die lewe in die geloof. Die Gees kry gevolglik ‘n teenwoordigheid as persoon met ‘n spesifieke natuur soos bekend word in sy handelinge in die lewe van die kerk en sy lede. Die Gees dien, volgens De Roest (2006:82), as beweeglike Gees wat mense aanspoor en beweeg, wat hulle oë open vir ‘n bepaalde situasie.

Die bemagtiging van gelowiges deur die Gees word in die Pauliniese materiaal op twee maniere gestalte gegee, naamlik deur die gawes van die Gees en die vrug van die Gees. In die eerste brief aan Korintiërs word die aangeleentheid van die gawes van die Gees op besondere manier hanteer (vgl 1 Kor 12 – 14). Die fokus in die hantering van die gawes val nie op die buitengewone aard van die handelinge of gawes nie, maar op die belydenis van Jesus as Here (1 Kor 12:3). Die doel van die gawes van die Gees aan gelowiges was nie om die gelowige as persoon in die

middelpunt te plaas nie, maar om die voordeel van die geheel te dien (vgl 1Kor 12:7). Gawes is volgens die beskrywing in Korintiërs nie iets waaroor gelowiges beskik nie, maar iets wat deur die Gees gegee word (vgl 1 Kor 12:11). Die geestesgawes, in die geheel beskou, is bedoel om in diens te staan van die voordeel van die gemeente as geheel (vgl 1 Kor 14:26).

In die verband van die geestesgawes verwys Thiselton (2007:437) na die herlewing van belangstelling in die werk van die Heilige Gees. Die vraag word gevra of die belangstelling gebaseer is op 'n bepaalde eksegese of leerstuk, of eerder op 'n behoefte aan vernuwing na meer informele aanbiddingspraktyke? Belangrike aspekte van die denke oor hernude belangstelling in die werk van die Gees moet rekening hou daarmee dat die werk van die Gees nie los van die werk van die Vader en Seun beskou kan word nie. Soos reeds aangetoon in die hantering van die Parakleetuitsprake is die werk van die Gees onlosmaaklik verbonde aan die werk van die Vader en die Seun. Thiselton stel voor dat daar eerder na 'n "*Trinitarian* renewal" as 'n "*Spiritual* renewal" verwys moet word. Die risiko van 'n soort geestelike hoogmoed, wat Thiselton as "*triumphalism*" beskryf, moet in ag geneem word. Die beoefening van geestesgawes kan 'n vorm van hoogmoed meebring wat nie ruimte laat vir selfdissipline nie (Thiselton 2007:442; c f Welker 1997:270). Die Gees se werking, ook in verband met die gawes, berus nie op chaos nie, maar orde, en wel in ooreenstemming en in kontinuiteit met sy werkinge in die verlede. In die hantering van gawes van die spreek in tale en profesie, wys Thiselton (2007:446) op die verskillende interpretasies van profesie. Geen voorskrifte kan gevind word wat bepaal dat profesie van 'n sekere lengte moet wees, of deur middel van sekere ekstatiese ervaringe moet geskied nie. Onvoorbereide en spontane ontvangs van boodskappe is ook nie meer eg, as voorbereide deurdagte boodskappe nie. "...God may work through processes of preparatory reflection, just as God may work through unexpected, instant revelation." (Thiselton 2007:447). Die assosiasie tussen profetiese spraak en die rol van bewustelike gebruik van verstandelike vermoëns, word juis volgens 1 Korintiërs 14:19 en 23 beklemtoon.

Sover dit die gawes aangaan wat deur die gesproke woord beoefen word, wys Thiselton (2007:447) op twee voorwaardes waaraan dit moet voldoen. Dit moet van God kom en dit moet 'n "*intelligible, public, communicative act"* wees. 'n Laaste

woord van Thistelton met betrekking tot die verstaan en hantering van die tekens van die Gees is die waarskuwing dat verhoogde klem op die tekens van die Gees, die risiko vergroot tot "...*losing the very goal of the Holy Spirit's work*, namely to illuminate Christ, the cross, and the future resurrection as the heart of the gospel" (Thiselton 2007:450).

Die tweede manier waarop die Gees gelowiges bemagtig, word volgens Galasiërs 5:22 as die vrug van die Gees beskryf. Teenoor die gawes wat fokus op buitengewone vaardighede, is die klem van die vrug van die Gees op menslike eienskappe. Thiselton (2007:425) beskryf die vrug van die Gees as "Christlikeness." Die eienskappe liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, is die effek wat die werking van die Gees in die lewe van die gelowige moet hê.

## 1.8. Samevatting.

'n Omvattende verkenning van die Gees van God aan die hand van die Bybelse materiaal is nie deel van die hoofdoel van hierdie studie nie. Nogtans is gepoog om 'n oorsigtelike beeld daarvan te vorm.

In die konteks van die Ou Testament is die *rûaḥ* geïdentifiseer as die belewenis van God in die werklikheid waardeur die kontras tussen die menslike en die goddelike werksaamheid sigbaar beskryf word. Die *rûaḥ* is leer ken as bron van buitengewone gawe en vermoëns aan mense waardeur God skeppend, vernuwend en onderhoudend werksaam is. Hierdie werksaamheid is beskryf in terme van God se transendente werking en immanente teenwoordigheid deur middel van die *rûaḥ.*

In die konteks van die Nuwe Testament is die begrip *Pneuma* aangedui as beskrywing van die God se geestelike werksaamheid en teenwoordigheid, 'n begrip wat baie ooreenkomste met die Ou Testamentiese *rûaḥ* vertoon. In die tydperk voor Pinkster is die werksaamheid van die *Pneuma* veral gefokus rondom die persoon en werk van Jesus Christus. In die tydperk na Pinkster vind daar 'n rolverskuiwing plaas wanneer die *Pneuma* nie selektief aan mense gegee word nie, maar aan alle gelowiges. Die P*neuma* as gestalte van God se teenwoordigheid by mense, werk in

'n toerustende hoedanigheid mee aan die glo en ken van God, en in die uitlewing van die verlossing. Die teenwoordigheid van die *Pneuma* gaan nie noodwendig gepaard met buitengewone ekstatiese belewenisse nie, maar word eerder in die christelike lewenshouding en lewenswyse sigbaar.

Vanuit die *parakleet* uitsprake in die evangelie van Johannes word die werking van die Parakleet-Gees omskrywe. Die Vader gee die Parakleet-Gees aan die gelowiges op versoek van Jesus. Hierdie nuwe teenwoordigheid van God by mense gaan van die Vader uit, en word ook gestuur deur die Seun as Gees van die waarheid, die Heilige Gees, tot onderwyser en gids van gelowiges in die woorde en dade van Jesus. Die Parakleet- Gees getuig van Jesus in ooreenstemming met wat hy van die Vader en die Seun ontvang. Die Parakleet- Gees herinterpreteer die woorde van Jesus met die oog op die kontemporêre betekenis van die leer van Jesus, en openbaar so die nuwe, in lyn met die oorspronklike. Die Parakleet - Gees is Jesus se geestelike teenwoordigheid by Sy volgelinge.

In die beskrywing van die werking van die Gees in die na-Pinkstertyd word die Gees geïdentifiseer as Gees van Christus. Die werksaamheid van die Gees kry 'n meer selfstandige karakter wat steeds in noue samehang met Vader en Seun uitgevoer word. Die Gees is beskryf as heilsbemiddelaar wat werksaam is in alle gelowiges deur die verlossingsboodskap aan almal ontvanklik te maak. Die Gees bemagtig die gelowiges met gawes wat dien tot diens aan God. Die Gees beweeg en spoor mense aan in die benutting van gawes tot voordeel van die geloofsgemeenskap. Die Gees bemagtig gelowiges om die "vrug" van die Gees te vertoon tot realisering van 'n egte Christelike lewenswyse.

## 2. Die Heilige Gees in die belydenis van die kerk.

### 2.1. Die Belydenisskrifte

Vir die eerste drie eeue is die Heilige Gees nie 'n onderwerp van intense teologiese gesprek nie (Burgess 1984:2). Die inspirasie van die Gees funksioneer in die daaglikse lewe van die kerk as 'n implisiete gegewe (vgl Willis 2005:103; Thiselton 2007:429). "The apostles share the inspiration of the prophets and go forth with full

assurance of the Holy Ghost." (Burgess 1984:17). Die werking van die Gees in die vroeë kerk kan beskou word as deel van die normale roetine van die kerklike lewe.

Die Didache, 'n vroeg tweede eeuse geskrif, word beskou as die eerste geskrif wat melding maak van 'n "charismatic ministry" (Burgess 1984:21). Thiselton (2007:430) meld dat die geskrif, naas Matteus 28, die eerste is om te verwys na die gebruik van die Trinitariese formule by die doop. Volgens Burgess word die Gees in die *Brief van Barnabas* (70-132 vC) in terme van inspirasie en profesie beskryf, terwyl die *Herder van Hermas* na 'n wegvoering deur die Gees verwys.

Thiselton (2007:431-436) toon aan hoedat die verskillende kerkvaders deur die verloop van die geskiedenis oor die Heilige Gees skryf. Verwysings na die werk van die Gees sluit die volgende temas in. Die inspirasie van die Bybel, die rol van die Gees in die verwekking van Jesus, die skeppingsrol van die Gees, die Gees en orde. Hierdie is enkele van die temas wat genoem word. 'n Meer omvattende verfyning van die verstaan van die werk van die Gees word gevind in die tyd van Athanasius rondom 358 n C.

Die algemene inhoud van die geloof van die kerk word aan die hand van haar belydenisskrifte opgesom. Hierdie uitdrukking van die leer van die kerk vervul 'n belangrike funksie in die sin dat dit die geloofstradisie van die kerk weerspieël.

Die Apostoliese geloofsbelydenis verklaar gewoon 'n geloof in die Heilige Gees. Die Geloofsbelydenis van Nicea was aanvanklik kort en bondig (vgl Bettenson 1967:25) soos die Apostoliese geloofsbelydenis, tot dit later uitgebrei is (vgl Cox 2006:95) om meer omvattend te verklaar dat die Heilige Gees Heer en Lewendmaker is wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete.

Die Heidelbergse kategismus hanteer die inhoud van die geloof oor die Heilige Gees onder die opskrif *God die Heilige Gees en ons Heiligmaking* (Algemene sinodale kommissie 1988:198). Vraag 53 wat handel oor die geloof in die Heilige Gees kan as volg opgesom word: Die Heilige Gees is eerstens saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Tweedens is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, my troos en ewig by my bly.

Artikel 11 van die Nederlandse geloofsbelydenis verklaar dat die Heilige Gees van ewigheid van die Vader en die Seun uitgaan. Hy is nie gemaak of geskep nie, en is die derde Persoon in die Drie-eenheid. Hy is van dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun, ware en ewige God.

Die belydenisskrifte gee uitdrukking aan die hoofmomente van die geloof oor die Heilige Gees soos met die tyd deur die Kerk aanvaar. Die wesentlike daarvan handel oor die Godheid van die Gees. Die plek en die teenwoordigheid van die Gees in die realisering van die heil van God in die persoonlike lewe, kry veral aandag in die Heidelbergse kategismus.

## 3. Perspektiewe vanuit die pneumatologie

### 3.1. Die leer van die Drie-eenheid en die verstaan van die Heilige Gees

Die Triniteitsleer is een van die belangrike leerstukke van die kerk. Volf (2006:3) toon aan dat die Drie-enige God aan die begin en aan die einde van die Christelike pelgrimstog staan. Dit begin met die doop in die Naam van die Vader, Seun en Gees. Die leerstuk van die Drie-eenheid werp lig op menslike verstaan van die verskillende fasette van God. Die verskillende maniere waarop mense God ervaar loop uit op die belydenis van 'n drie-enige God (Cox 2006:95). Die Triniteitsleer dra op verskillende maniere by tot insig in die wyse waarop gelowiges oor onder andere die Gees dink (McIntyre 1997:74). Van altyd af is daar in die kerk oor die Heilige Gees gepraat, en is die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun aanbid en vereer. Sedert die vroegste tye is aan die uitsprake van die Skrif oor die Heilige Gees vasgehou, veral aan die triadiese uitsprake (Jonker 1983:14).

Thiselton (2007:452) identifiseer twee hermeneutiese horisonne waaruit die verstaan van die Triniteit benader kan word. Die eerste is die ervaring van gelowiges in gebed en aanbidding, waarin God as Vader in die Naam van Jesus, deur die Heilige Gees aanbid word. Die tweede invalshoek word gevind in die Nuwe Testamentiese verhale waarin Jesus in samewerking met God die Vader en met die salwing van die Heilige Gees, uitvoering aan sy bediening gee.

Ervaring kan aanleiding gee tot allerlei soorte interpretasie wanneer dit los van die getuienis van Skrif, tradisie en rede beskou word. Tog bied ervaring, as ‘n proses van voorverstaan (Vorverständnis), voorwaardelike toegang tot nadenke oor die onderwerp (Thiselton 2007:253). Ervaring word in verband gebring met Bybelse verhale as interpretasie van die gebeure. Die Bybelse verhaal reflekteer ‘n besondere verhouding tussen Vader en Seun soos die gebruik van Vader as intieme aanspreekvorm tussen Vader en Seun aandui. Die aanspreekvorm verander tot voornaam vir God. Thiselton (2007:457 e v) wys daarop dat God nie net as Vader werksaam is nie, maar ook as Heilige Gees soos in die gebeure rondom die doop van Jesus beskryf word. Hierdie benadering lei tot die afleiding dat die Vader die Seun deur die Gees stuur. Die Seun kom van die Vader deur die krag van die Gees en die Gees bring mense in gemeenskap met Vader en Seun. Die werksaamheid word verder afgelei vanuit die verhale van die vernedering en verhoging van Jesus. Die trinitariese werksaamheid van Vader Seun en Gees word telkens in ‘n nuwe patroon herhaal. Die verhale van die Nuwe Testament waarin die samewerking van Vader, Seun en Gees op verskillende maniere beskryf word, lei uiteindelik tot ‘n trinitariese teologie as afleiding of interpretasie van die verhale. Die essensie van die verstaan van die leerstuk van ‘n Drie-enige God bestaan uiteindelik nie uit ‘n gekompliseerde optelsom waarin drie persone in een wese vervat moet word nie, maar uit die ervaringe van mense wat deur die verhale van die Nuwe Testament gerig word in die verwoording van hulle verstaan van God.

Die klassieke inhoud van die Triniteitsleer lui dat God één wese en drie persone is (Jonker 1983:15; Brümmer 2005:3; Oberdorfer 2006:30; Thiselton 2007:451). Die begrip persoon moet verkieslik nie in moderne filosofiese en psigologiese terme hanteer word nie. Heyns (1981:48) gebruik Calvyn se verstaan van die begrip “persoon” as verheldering van persoon as ’n bestaanswyse of ‘n selfstandigheid (substentia) wat in die wese van God bestaan, ‘n bepaalde verhouding tot die ander bestaanswyses het, en deur onmededeelbare eienskappe van die ander onderskei word. Oberdorfer (2006:27 e v) verken die betekenis van die konsep persoon, soos dit van toepassing gemaak is in die ontstaan van die leer van die drie-eenheid. Indien die begrip persoon na analoog van die algemene verstaan van persoon interpreteer sou word, bestaan die gevaar dat die Heilige Gees ‘n onsigbare entiteit is wat nie as persoon beskou sou kon word nie. Hy verskyn en verdwyn na

willekeur, en doen vreemde bo-natuurlike dinge. Persoon sou volgens Oberdorfer (2005:31) ook nie gewoon in lyn met die Griekse *persona* identifiseer kon word nie. Vir die Grieke beteken *persona* ‘n masker, of ‘n rol in die teater wat van God ‘n toneelspeler sou maak wat van tyd tot tyd in ‘n ander rol verskyn (vgl Oberdorfer 2005:31 e v). Die identiteit van die Gees as persoon behoort eerder in verhouding tot Vader en Seun gevind word. Daarin sou die persoon van die Gees volgens Welker (1998:295) nie soseer op die selfbewuste eienskappe van persoonwees fokus as op die “*selflessness of the Spirit of God.”* Die eienskappe van die selfloosheid van die Gees word gesien in die Gees as die publieke persoon van God, die krag en effektiwiteit, en die redding en vernuwing van die wêreld (Welker 1998:296). Die Gees is ‘n persoon. ‘n *Openbare persoon*, wat nie individueel-menslik selfgesentreer is nie, maar gefokus op Christus, soos reeds in die parakleetuitsprake aangetoon.

Die persone wat deel uitmaak van die drie-eenheid word onderskei, maar nie geskei nie. Die grootste aantal Skrifverwysings na die Gees verwys daarna as *krag* of *werking* eerder as persoon. Die beste manier om die persoonlike karakter van die Gees in die Nuwe Testament te onderskei, is deur die Gees te beskou in verbondenheid aan Christus, as Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan (vgl Jonker 1983:124e v). Die Gees is meer as die onpersoonlike mag of invloedsfeer wat van God uitgaan. Die Gees is God in sy handelende teenwoordigheid, sowel as die “spesifieke wyse waarop God Gód is naas die wyses van die Vader en die Seun” (vgl Jonker 1983:128; Vos 1984:31).

Twee verskynsels wat verband hou met die denke oor die persoonlike karakter van Vader, Seun en Gees binne die Triniteitsleer, is die van Modalisme en Triteïsme. *Modalisme* ontken die persoonlike karakter van die Vader, Seun en Gees, of tipeer dit as blote verskyningsvorme van God sonder dat dit in die wese van God self gegrond is. *Triteïsme* is die verskynsel waar die drie persone in God verselfstandig word teenoor mekaar, tot drie afsonderlike individue. Jonker (1983:131) antwoord op die verskynsels deur die drie persone van Vader, Seun en Gees te behou as “drie onderskeie personele synswyses wat tot die ewige wese van God behoort” wat onderskei maar nie geskei nie kan word nie.

Dingemans (2005:504 e v) verkies om oor God te dink in monoteïstiese terme. God is een en enig en van God gaan daar 'n aanhoudende invloed op die wêreld uit wat God se Gees genoem word. Die Gees is nie 'n aparte persoon nie, "maar een zijnswijze....de *werkwijze* van God", die invloed van God op die wêreld (Dingemans 2005:505). God werk in 'n verskeidenheid mense en veral in Christus, wat opgestaan het uit die dood in die werklikheid van die Gees van die Vader, sodat die Gees trekke en die geskiedenis van Jesus in sigself opneem. Die Gees is nou die Gees van Christus. Die hele geskiedenis van die wêreld word in terme van die Gees deur Dingemans opgesom. Die Gees was betrokke by die skepping, het gewerk deur die profete van die Ou Testament en deur Jesus, en werk in die geskiedenis deur mense en kerke tot en met die voleinding. Dit gaan dus op verskillende werkswyses van een God in die geskiedenis.

Die denke oor die Gees in die raamwerk van die Triniteitsleer help om die Gees nie as aparte entiteit naas God te benader nie. God is die gewer van die heil wat deur Christus verwerf en deur die Gees gerealiseer word.

## 3.2. Die werking van Gees, geloof en Woord.

Die rol van die werk van Heilige Gees in die toe-eiening van die heil van God kan in terme van geloof beskryf word. Geloof is gegrond in God en gebaseer op die Bybel as Woord van God (Webster 2003:32). Hierdie grondslag op God en die Bybel word gelê in die aanvaarding dat die Bybel God se onderwysing aan die mensdom is. Calvyn bespreek die geloof as gawe van die Heilige Gees, "...wanneer ons daardeur verlig is, leer ons God en die skatte van sy goedgunstigheid ken, en sonder die verligting daarvan is ons verstand so blind dat dit niks kan raaksien..." (Calvyn: 223). Die Here leer mense deur sy Woord, bevestig dit deur die sakramente en verlig en open harte deur die Heilige Gees.

Geloof is 'n "nuwe bestaanswyse" waarin mens die regverdiging van God ontvang en waardeur Christus in mens inwoon. Geloof, in aansluiting by die Heidelbergse Kategismus vraag 21, is nie alleen 'n vaste en sekere kennis van God en sy beloftes soos dit in sy Woord openbaar is nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in die harte van mense werk, dat die vergiffenis van

sondes, die ewige geregtigheid en saligheid uit louter genade aan hulle geskenk is. Geloof kom deur die prediking van die evangelie tot stand (vgl Romeine 10:17 en 1 Korintiërs 15:11). Geloof, Woord, prediking en die werking van die Gees is onlosmaaklik aan mekaar verbonde (Webster 2003:45).

Naas die verband tussen geloof en Gees moet die verband tussen Woord en Gees belig word. Hierdie verband word deur Immink (2005:134) verwoord in terme van menslike gemeenskap met God, "Our communion with God is personal in nature and demands a sincere assent from us, therefore it is always a matter of Word *and* Spirit, of Word *and* faith." In hierdie verband gaan geloof oor God wat praat en mense wat hoor, God wat belowe en mense wat vertrou, mense wat bid en roep en God wat hoor.

Wesentlik tot die prediking van die Woord tot versterking van die geloof is die geloof van die prediker. Ook die prediker as verkondiger van die Woord word deur die Gees met die geloof verlig. "The Spirit puts the preacher in touch with Jesus Christ and, by enlightening him or her in the proclamation of the word, provides the way by which the Lord comes to – and speaks to – him or her in preaching that leads to an encounter with God." (De Klerk 2007:188). Fee (2003:5 e v) verwoord hierdie aspek in terme van die begrip spiritualiteit. Spiritualiteit gaan onder meer om die prediker se verlange na God waarsonder eksegese van die Woord nutteloos sal wees.

> "If those who teach and preach God's Word, which preaching must be based on solid exegesis of the text, do not themselves yearn for God, live constantly in God's presence, hunger and thirst after God – then how can they possibly bring off the ultimate goal of exegesis, to help to fashion God's people into genuine Spirituality?" (Fee 2000:7).

Die konsep teologie kan ook bygevoeg word in die noue verwantskap van Woord, geloof en Gees (vgl Sauter 2003:212, Webster 2003:126). Al vier vind uiting binne die konteks van die erediens. God is deur die Heilige Gees, wat deur die gepredikte Woord die geloof in mense werk, teenwoordig. Dit is die Gees wat deur die Woord die heil en die teenwoordigheid van God realiseer (vgl Smit 2009:99 e v). Die Gees is deur die Woord en die geloof aktief werksaam in die teologie.

Geloof is ‘n gawe van die Gees en die beoefening daarvan kan ook aan die werking van die Gees toegeskryf word. Die geloof is gebaseer op die Bybel as basis, wat verkondig word deur die werking van die Heilige Gees. Die uitvloeisel van die gebeure neem gestalte in die lewenstyl van die hoorder onder leiding van die werking van die Gees.

Die werking van die Gees deur die Woord in die prediking is geen onbekende konsep nie. Luther onderskei tussen die gesproke en geskrewe Woord sonder om dit van mekaar te skei. Die prediking van die Evangelie is ‘n voorsetting van die prediking van Jesus wat reeds in die evangelies vervat is. “Although He has ascended to heaven and no longer preaches on earth in person, He has not stopped speaking through his apostles and their successors, nor will he stop extending His Gospel farther and farther and powerfully working in it by means of the Holy Spirit...” (Luther 1956:324 e v).

Artikel 5 van die Nederlandse geloofsbelydenis lui dat die gesag van die Heilige Skrif aanvaar word “nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is.” (Algemene kommissie vir die Erediens 1988:156).

Die noue verband tussen die Gees en die Woord het pertinente implikasies vir die verkondiging van die Woord. Daar bestaan ‘n noue korrelasie tussen die Woord en die werking van die Heilige Gees. Jesus is teenwoordig in die Woord deur die werking van die Gees. Die rol van die Gees word as brugbouer of tolk beskryf, aangesien die Gees die objektief-geïnspireerde Woord in die harte van mense laat tuis kom. Die Heilige Gees is die groot en beslissende “Hermeneutiese faktor” tussen die Woord en die luisteraar (vgl Pieterse 1979:93). Om die Woord te kan hoor as Woord van God, is die werking van die Heilige Gees noodsaaklik. Pieterse (1979:88) stel dit mooi, “Die inspirasie van die Woord in sy Skrifwording word gevolg deur die verligting van die Gees, wat in die lewens van die prediker en die gemeente deur die Woord heen werk.” Hierdie werking vind uiteindelik uiting in die lewe van die gelowige, ‘n lewe wat volgens Immink (2005:50 e v) voortspruit uit die vernuwende invloed van die Heilige Gees, ‘n invloed wat gegrond is in die Woord wat deur die Gees ingang in die menslike gedagte vind.

Die Woord kom tot mense deur middel van die prediking. Die verband tussen die Gees en die Woord vind ook neerslag in die prediking as kommunikasie van die Woord. Die aktualiteit van die Woord is geleë in die evangelie wat deur die Heilige Gees die mens in sy konkrete situasie opsoek (Pieterse 1979:88). Dit impliseer dat die Gees ook in die proses van uitleg en verkondiging werksaam is.

Luther se identifisering van die stem van God en die stem van die prediker wat die prediker die mondstuk van God noem, lei Runia (2000:102) tot die afleiding dat die prediking van Jesus se boodskap geskied "by means of the Holy Spirit." Die innerlike verligting van die prediker deur die Heilige Gees is van deurslaggewende belang vir die prediking. Runia (2000:103) demonstreer die aspek in die voorbeeld van Lidia in Handelinge 16. Paulus het gepreek maar die Here het haar hart vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak (Handelinge 16:14).

> "The Spirit puts the preacher in touch with Jesus Christ and, by enlightening him or her in the proclamation of the Word, provides the way by which the Lord comes to – and speaks to – him or her in preaching that leads to an encounter with God" (De Klerk 2007:188).

Prediking as verkondiging van die Woord staan vierkantig binne die pneumatologiese konteks (vgl Berkouwer 1967:387 e v). Alle openbaring is van God, deur Jesus in die Heilige Gees. God is die Bron, Jesus die Inhoud en die bekendmaking geskied deur die Gees, sodat openbaring in die aksie-sfeer van die Gees plaasvind (Runia 2000:104. Vos (1996a:105) stel dit dat die prediking "pneumatologies geëffektueer" word. "Dit is die Gees wat bemiddel, skenk, wat die prediker en hoorder verlig met christologiese gerigtheid sodat mens deur die Gees Christus kan sien en glo."

Die vraag na die resultaat van die gepredikte Woord wat as geïnspireerde Woord deur die prediker onder leiding van die Heilige Gees gebring word sluit aan by die voorafgaande (vgl Vos 1996a:105). Volgens Immink (2005:74) is die belangrike faktor vir die ontvanger van genade ook die inwoning van die Heilige Gees. Die begeleiding van die prediker, sowel as die inwoning van die Gees in die ontvanger, maak van die beweging van God tot mens 'n effektiewe beweging. In die prediking

geskied daar twee prosesse. Die eerste is ‘n teologiese proses, wat die inisiatiewe van God deur die Heilige Gees behels, die tweede is ‘n kommunikatiewe proses waardeur God ‘n ontmoeting met mense het (vgl De Klerk 2007:187).

### 3.3. Die verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie

Die noue verbintenis tussen die Seun en die Gees is reeds aangetoon in die hantering van die begrip Pneuma in die Nuwe Testament. Uit die nadenke oor die Triniteitsleer word dit duidelik dat daar nie van ondergeskiktheid van die persone in die Godheid gepraat kan word nie, soos ook in die geloofsbelydenis van Athanasius verklaar word. Vader Seun en Gees is gevolglik gelyk en dra elk by om ‘n eie unieke aspek van God bekend te maak.
Die hantering van die verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie geskied aan die hand van twee verhoudingslyne tussen Seun en Gees (vlg Vos 1984:220 e v; Pieterse 1993:136). Die eerste lyn hanteer die Gees as gawe *aan* Christus en die tweede die Gees as gawe *van* Christus. In die eerste verhoudingslyn word Christus se bestaanswyse as mens deur die werk van die Heilige Gees gedra deurdat die Gees betrokke is by die inkarnasie en die vleeswording van Christus (vgl Welker 1998:186 e v). Die Gees dien tydens sy aardse bediening om Christus te versterk en te bekragtig in die heilstaak. Selfs die oorgawe van Christus aan die dood word as werk van die Gees bestempel. Uiteindelik word die opstanding en hemelvaart ook aan die bemagtiging van die Gees as gawe aan Christus toegeskryf. McIntyre (1997:241 e v) wys daarop dat enige akkurate verwysing na die persoon van Christus ook die teenwoordigheid van die Heilige Gees moet insluit.

In die tweede verhoudingslyn word die Gees as gawe van Christus beskryf (Vos 1984:221 e v; Pieterse 1993:136). Die kerklike belydenis van die Gees, as Gees van Christus en Gees van God en self ook God, erken die Godheid van die persoon en die werk van die Heilige Gees. Dit is deur die werk van die Heilige Gees dat die heil in die lewens van mense toegepas en geëffektueer word (vgl Vos 1984:224). Die werk van die Gees is die werk van God self. As Gees van Christus maak hy mens bewus van liefde, en wek hy wederliefde. Die Gees laat die werk van Christus aan die kruis by mense tuiskom (McIntyre 1997:242). In die denke oor die versoeningswerk van Christus is die rol van die Gees in terme van die voltooiing

daarvan onontbeerlik. Die Gees is van die begin van die koms van Christus na die wêreld betrokke, tot en met die realisering van die heil aan die mens en ook daarna.

Welker (1998:220 e v) som die funksie van die Gees van Christus in konkrete terme op na aanleiding van die hantering daarvan aan die hand van die Bybelse gegewens. Die Gees van Christus is die krag wat hulp verleen in verskeie omstandighede waarin individue of gemeenskappe magteloosheid of vasgelopenheid ervaar, die krag wat op selflose wyse mense versamel om deel te word van die sigbare koms van die ryk van God. Die Gees van Christus bemiddel bevryding van mense in moeilike omstandighede en sonde. Hy bewerk persoonlike, sowel as gemeenskaplike herstel en bied bewaring in verskeie lewenskontekste. Die Gees transformeer, vernuwe en open mense vir God se kreatiewe werking. Die Gees stel hulle tot onderskeiding in staat en maak hulle bewus van God se teenwoordigheid.

Die Christologie en die pneumatologie is twee selfstandige groothede naas mekaar (vgl Rebel 1981:125). In die denke oor die werk van die Gees en die werk van Christus moet mens gevolglik met die heilshistoriese binding van die Gees aan Christus rekening hou, sowel as met sy immanente trinitariese verhouding tot die Seun. In die verhouding is die onderskeid van die werk van die persone as deel van die wese van God belangrik. Die werk van die Gees kan nie met die werk van die Seun verwar word nie. Die Gees is nie ‘n *alter Christus* nie (McIntyre 1997), Hy vervul ‘n ander soortige rol in die realisering van die heil aan die wêreld. Die Gees is nie bloot ‘n modus van die teenwoordigheid van Christus nie, maar vervul ‘n selfstandige unieke rol (Vos 1984:241).

## 4. Prakties teologiese perspektiewe

De Roest (1998:34) lê ‘n pertinente verband tussen die praktiese teologie en die werk van die Heilige Gees. *Practical theology...is based upon reflection on the work of the Spirit.* Dit is die werk van die Gees wat nuwe moontlikhede vir kommunikatiewe handelinge open. Die praktiese teologie ondersoek die omstandighede waarin die Gees nuwe moontlikhede open. Dit is ook noodsaaklik dat daar aan die kant van die uitvoering van die handelinge, ‘n openheid vir die werk

van die Gees is. Die gedagtes van De Roest open die weg tot diepere nadenke en verkenning van die verstaan van die werk van die Heilige Gees vanuit die praktiese teologiese gesigspunt.

## 4.1. Die Pneumatologiese perspektief.

De Wet (2005) omskryf die probleem van die pneumatologiese perspektief vanuit die hoek van die hermeneutiese wisselwerking tussen die normatiewe en die konkrete werklikheid. Die normatiewe werklikheid dien as refleksiedomein waarin daar basisteoreties gewerk word. In die konkrete werklikheid vind die praktykteoretiese teorievorming plaas. Die twee domeine verkeer in 'n hermeneutiese wisselwerking met mekaar. Die probleem bestaan daarin dat die basisteorie geformuleer kan word vanuit die normatiewe onder leiding van die Heilige Gees, maar dat die praktykteorie uiteindelik eerder van menslike krag, kreatiwiteit, innovering en vaardigheid spreek (De Wet 2005:507). De Wet pleit vir 'n dubbele benadering waarin die mens in sy konkrete situasie gesien word en waarin God in die geloof gesien word, 'n pneumatologie wat nie vasbrand op metafisiese en onsigbare vlak nie. Pieterse (1993:135) het egter reeds die dilemma aangespreek. Menslike handelinge in diens van die evangelie is sinvolle handelinge as deel van 'n aktiewe deelname aan die handelinge van God. Die verhouding tussen die handelinge van God en die handelinge van die mens in diens van die evangelie, word uit die perspektief van die werk van die Heilige Gees binne 'n kommunikatiewe paradigma benader. In die verband is die gebruik van aanwending van teonome resiprositeit as ruimte waarin die Gees mense aan die werk stel van belang.

## 4.2. Teonome resiprositeit.

Die begrip teonome resiprositeit word aan Van Ruler (1969:181) ontleen wat die Christologiese kategorieë van Middelaarskap en plaasvervanging met die begrip "reciprociteit" vervang. Dit is die teonome aard van die "reciprociteit" wat die outonomie van die mens in die toeëiening van die heil kwalifiseer. Cilliers (1994:252) verduidelik "teonome resiprositeit" as 'n verhouding tussen God en mens wat deur God geïnisieer en in stand gehou word. Dit geskied in 'n egte verhouding waarin die aandeel van die mens onontbeerlik is. Die begrip *teonome* dui daarop dat

God die inisiatief neem terwyl die begrip *resiprositeit* op die wisselwerking tussen God en mens dui (Cilliers 1996:68). Hierdie verhouding word bewerk deur die duursame werking van die inwonende Heilige Gees (Cilliers 1994:252). Immink (2005:87) som hierdie wisselwerking op in terme van die inwoning van die Gees wat nie net tot mense getuig nie, maar ook met mense getuig. Hierdie getuienis met mense beteken "...that we are not simply acted upon, but that we act along with the Holy Spirit. There is a full reciprocity between God and man." "Theonome reciprociteit" gee te kenne dat dit die Gees is wat alles doen en gee om ons wil te bevry. "Reciprociteit" dui op die kenmerk van die werk van die Gees nl. dat die Gees óns aan die werk sit (vgl Van Ruler 1969:181; Rebel 1981:141; Vos 1984:278; Cilliers 1994:68; De Wet 2005:511).

Rebel (1981:141) beskryf die werking van die Gees nie net as iets wat aan mense geskied nie, maar ook iets wat saam met mense geskied. Die Gees getuig nie net tot die mens nie, maar ook mét die menslike gees. Dit beteken nie dat 'n mens passief word in die proses nie. Vos(1995:405) stel dit dat die pneumatologie die mens insluit in die werk van God. Die pneumatologie skep juis ruimte vir 'n teonome wederkerigheid waarbinne die mens 'n kreatiewe vryheid ontvang (Vos 1996b:138). Cilliers (1998:93 e v) verwys na die aandeel van die mens in die verhouding God en mens, as onontbeerlik. Die mens bly, ondanks die inwoning van die Gees, net 'n mens. Iemand wat in kreatiwiteit, mondigheid en selfbewussyn optree sonder om in humanisme te verval (De Wet 2005:511).

Teonome resiprositeit kan opgesom word as die verhouding waarin God inisiatief neem, om deur die inwonende werking van die Heilige Gees met en deur mense as instrumente, sy doel te bereik. Dit is die ruimte waarin mense die vryheid ontvang om God, as volledige mense met hulle menslike inisiatief as medewerkers van God, diensbaar te wees.

Bohren(1971:82-88) pas die teonome wederkerigheid tussen mense werk en die Gees se werk toe op die maak van die preek. "Wirkt der Geist nicht nur in uns und an uns, sondern eigentlich immer auch mit uns – im Sinne von zusammen mit uns. Er nimt uns in sein Handeln hinein. Er aktiviert uns, indem er aktiv wird. Was in der Christologie Stellvertretung heißt, heißt in der Pneumatologie Reziprozität. Theonome Reziprozität" (Bohren 1971:76).

Volgens Cilliers (1994:252 e v; 1998:93 e v) sien Bohren die werk van die Gees en die metodologie van die prediking as verskillende aspekte van die wederkerige verhouding tussen God en mens. Die verhouding word deur God geïnisieer en in stand gehou. Die Gees gee gevolglik aan die "maakbare", die menslike, nuwe waarde. In die ruimte van die pneumatologie is daar balans tussen die vraag *wie mag* preek en *hoe mag* gepreek word (Cilliers 1994:252).

Volgens Rebel (1981:141) werk die Heilige Gees in, aan en met mense. Die Gees getuig nie net tot 'n mens nie maar ook saam met die menslike gees. Die Gees bekeer op so manier dat 'n mens homself kan bekeer. In díe stelling is die geaardheid van resiprositeit as kenmerkende van die werk van die Gees goed saamgevat (vgl Vos 1996a:110).

In die wisselwerkende verhouding behou God deurgaans die eer. Sy handelinge staan voorop en is die faktor wat alles moontlik maak. Cilliers (1996) wys daarop dat teonome resiprositeit nooit 'n vereenselwiging tussen God en mens beteken nie. Dit impliseer ook nie dat mense God se werk komplimenteer of tot vervulling bring nie. Teonome resiprositeit is eerder 'n wyse waarop uitdrukking gegee word aan die evangeliese siening van God se genade en mens se dankbaarheid daaroor (Cilliers 1996:68).

### 4.3. Die pneumatologie uit prakties teologiese perspektief.

Met die uitstorting van die Heilige Gees het die nuwe tydvak van die Kerk aangebreek. Die koninkryk van God wat in Christus aangebreek het, het deur die uitstorting van die Gees, 'n werklikheid vir die gelowiges geword. Saam met die realisering van die koninkryk kom ook die taak om die evangelie uit te dra na elke volk, taal en nasie. Hierin funksioneer die Gees as die Kraggewer van die getuies in hulle opdrag tot verkondiging. De Roest (1998:34) noem dat die praktiese teologie gebaseer is op die "...reflection on the work of the Spirit. The actions of the Spirit opens up new possibilities for acting communicatively and, conversely, those actions should remain receptive to the dynamic effect of the Spirit." Hy maak die verbintenis tussen die Gees wat in die kerk werk en die Gees wat in Christus gewerk het, en maak die afleiding dat dieselfde Gees besliste invloed op die Christelike praktyk sal

hê. De Roest (2006:137) noem die ontstaan van die christelike gemeenskap die resultaat van die sturende krag van die Heilige Gees. Pneumatologie is op die wyse ook deel van die objek van studie in die praktiese teologie. Burger (1991:83) lê ook besondere klem op die werk van die Gees in die praktiese teologie in sy uitgebreide definiërende omskrywing daarvan. Praktiese teologie moet, volgens Burger (1991:84), vanuit die pneumatologie aangepak word.

Die Gees en die kommunikatiewe gebeure van die evangelie word ten nouste met mekaar verbind (vgl Pieterse & Vos 1991; Pieterse 2005c:417). Die kommunikatiewe gebeure van die evangelie geskied deur middel van die werk van die Gees. Die Gees vernuwe mense deur die opwekking van geloof, om die geskiedenis tot sy einddoel te lei. Hierin word mense as medewerkers betrek, wat as totale selfstandige en redelike wesens met handelingsbevoegdheid en vrye keuse optree, onder leiding van die Gees. Die geloof in die Heilige Gees is verbind aan die geloof in die Vader en die Seun as God. In die Gees het ons met God self te make. Die werk van die Gees word so in die praxis van God geplaas en daarmee saam ook as deel van die ondersoekveld van die Praktiese Teologie (Pieterse 1993:138). Die werking van die Gees het ‘n onlosmaaklike band met die Woord in die gebeure van die preek (Stark 2005:205).

## 4.4. Die Heilige Gees en die prediking.

### 4.4.1. Die verband tussen die prediking en die werk van die Gees.

Die verhaal van die uitstorting van die Heilige Gees bied die basis vir die verbinding van die werk van die Heilige Gees en die prediking. Volgens die beskrywing van die gebeure in Handelinge gaan die uitstorting van die Gees gepaard met die verskynsel van prediking (vgl Handelinge 2:14). Die algemene stelling dat die Heilige Gees betrokke is in die preekmaak proses rig die nadenke oor die Heilige Gees en die verstaan van die Heilige Gees (De Roest 2006:182-186).

Die hele beweging van die inspirasie van die Woord, die beweging daarvan deur middel van kommunikasie en die tuiskoms van die Woord by die hoorder, gebeur binne die pneumatologiese ruimte. In die ruimte maak die Heilige Gees nie alleen die openbaring van die Woord moontlik nie, maar ook die verstaan daarvan aan die

verkondiger en die tuiskoms by die ontvanger. Dit gebeur in die erediens waar God teenwoordig is en besig raak met en in die lewens van mense. Die lewende, selfopenbarende God bring mense in die kragveld van sy seënende, vergewende, helende en lewensveranderende liefde waar Hy mense se lewens deur sy Gees nuut maak (vgl Burger 2009:23).

In die preekproses vervul mense ‘n belangrike rol. Die Heilige Gees vervul ‘n belangrike rol in die uitvoering van die prediking (Floor 1987:8-11; Bartow 1997:44; Dingemans 2005:13; Van Dam 2007:82). Hiervoor word mense gebruik wat as gestuurdes, nie met hulle eie woorde of in eie krag of wysheid uitgaan nie, maar met die krag van die Heilige Gees. Dit is egter nie bloot ‘n soort spiritualisme wat die mens in die proses ontken nie. Die prediker is en bly persoonlik betrokke by die werk van die prediking, ook wat die inhoud, aanbieding en taal daarvan aanbetref.

Die betrokkenheid van die Gees in die prediking kan in vier momente saamgevat word. Die Heilige Gees *openbaar* die inhoud van die prediking, *onderrig* die predikers en is self kragtig in die prediking *teenwoordig,* sodat Hy saam met die prediking *getuig* (Floor 1987:12 e v). Dingemans (2005:149) beskryf mense as God se mede-arbeiders, deurdat hulle met hulle kundigheid ingeskakel word by die lewendmakende werk van die Gees. In die beweging van inspirasie tot by verkondiging is daar ‘n noue verband tussen die werk van die Gees en die gebeure wat in die proses voltrek word.

In die effektuering van die heil deur die Gees is die rol en die plek van die Bybel as geïnspireerde Woord van God in die kommunikering van die evangelie belangrik. Die Woord word gehoor en verstaan deur die bemiddeling van die verligting deur die Heilige Gees. God kom tot mense in die Woord deur die werk van die Heilige Gees (vgl Runia 2001:34 e v; Stark 2005:458 e v). Die werk van die Gees word as intermediêr in die koms van die Woord beskou. Die Gees rus die mens toe met die oog op die menslike aandeel aan die koms van die Woord. Die praxis van God geskied deur die Gees. Hierin gebruik die Gees mense om die evangelie te kommunikeer deur hul vermoëns , persoonlikhede, rasionaliteit, kommunikasievaardighede en handelingskompetensies (Pieterse 1993:139). In die woorde van Vos (1996a:105): “Dit is die Gees wat bemiddel, skenk, wat prediker en

hoorder verlig met 'n christologiese gerigtheid sodat mens deur die Gees Christus kan sien en glo." Die heilsmiddel van die Gees is die Skrifgeworde Woord wat van God se heilsbemoeienis vertel. Die volle heil van God kom in die preek op ons af.

Die Gees skenk in die sirkel ook die geloof om die getuienis van die heil te kan glo. (vgl De Roest 2006:137). Moltmann (2000:145 e v) noem die Gees in die verband die "fons vitae" die bron van die lewe wat saam met Christus lewe gee en verlossing realiseer. Oor die inhoud van die prediking sou baie gesê kon word. Venter (1992:3) som die sentrale inhoud van die prediking op na aanleiding van 1 Korintiërs 2:10-13 as die "Godsopenbaring –i.c. die dieptes van God wat deur die Heilige Gees ondersoek en openbaar word." Vir die verkondiging van hierdie "dieptes van God" word 'n "kongruensie" tussen die gees van die prediker en die Gees van Christus vereis.

Die preek is die wyse waarop die Gees mense deur die saad van die Woord wederbaar(1 Pet 1:23,24) en van sy inwoning bewus maak (Vos 1996a:109).
Daar is reeds gewys op die feit dat die Gees, volgens die reformatoriese beskouing, deur die Woord werk. Die woordgebondenheid van die Gees en die geesgebondenheid van die Woord (Pieterse 1993:135 e v) is 'n belangrike aspek van die gebeure van die prediking. So ook is die afhanklikheid van die prediker van die Heilige Gees, waarsonder die arbeid rondom die verkondiging tot niks sou kom nie, 'n noodsaaklikheid (vgl Floor 1987:16). In aansluiting hierby, hoort die beskrywing van De Roest (2006:139) van die besieling van die prediker as die werk van die Gees wat ook die hoorders tot verstaan beweeg. Hy benadruk die feit dat die werking van die Gees nie die medewerking van die prediker uitsluit nie, die hoorders moet ook antwoord op die verkondiging. God betrek nie alleen mense deur die Gees en woord om te verkondig nie maar ook om te reageer. Daar is 'n wederkerigheid tussen God en mens in die erediens wat begin die inisiatief van God (Wepener 2009:191). Die werk van die Gees is die bekendmaking van die mag van God wat in en op die skepping werksaam is (Welker 1998:2).

Die Gees is die openbaarder van die skeppende krag van God, waardeur alle skepsels in ryk vrugbare, lewensinstandhoudende en beskermende verhoudinge kan bestaan. Hierin is die prediking instrumenteel in diens van die Gees in die bereiking

van die doel. Die kerk as ruimte waarbinne die gebeure geskied, die gelowiges aan wie en deur wie dit geskied, kan nie anders as om in afhanklikheid van die Gees te funksioneer nie (Polkinghorne & Welker 2000:119). Die hele proses wat rondom die prediking afspeel, vanaf die keuse van 'n teks, asook die eksegese en die hermeneutiese proses is deel van, en onderworpe aan die werk van die Heilige Gees (vgl De Klerk 2007:188). Heitink et. al. (2000:60) beskryf hermeneutiese werk as werk wat moed en kritiese vermoëns, asook vertroue op die Gees van waarheid vereis. "...alle hermeneutiek is ten diepste pneumatologisch van aard." Die werking van die Gees is onontbeerlik vir die prediking in terme van dit wat die prediking vooraf gaan sowel as in terme van dit wat volg op die prediking.

### 4.4.2. Die Gemeente as kommunikatiewe ruimte van die Gees.

Pieterse en Vos (1991:12 e v) gee 'n uiteensetting van die gemeente as kommunikatiewe ruimte. Onderskeid word gemaak tussen die kerk as die liggaam van Christus en Christus as die Hoof van die Kerk. Binne die Kerk as liggaam is daar ruimte vir mensewerk geïnspireer deur die Gees in gehoorsaamheid aan die Bybel. Die ruimte waarbinne die werk gebeur is die ruimte van die verbond, waarin die samesyn van God en mens uitdrukking vind.

Aan die verbond is daar 'n tweeledige dimensie, dit gaan van God uit, maar sluit nooit die menslike verantwoordelikheid uit nie (Pieterse 1993: 140), dit is die ruimte wat die Gees skep waarbinne die teonome wederkerigheid voltrek word. Die Gees is in die geloofsgemeenskap deur God se Woord en mense, skeppend werksaam (De Roest 2006:71 e v). Burger (1999:12) beskryf gemeentes as geestelike werklikheid. "Die gemeente is die volk van God, die liggaam van Christus, 'n skepping van die Gees." Pieterse (1993:140) wys ook op die belang van die gemeente as die ruimte waarbinne die Gees werksaam is. Die samesyn van God en mens vind veral in die gemeente plaas en dit word gedra deur die teenwoordigheid van die Gees by die gemeente. Die ontstaan van die gemeente kan toegeskryf word aan die verkondiging van die evangelie as die hart van die kerk (De Roest 2006:71).

Pieterse en Vos (1991:13) noem die gemeente 'n dialoogkerk aangesien mense in hulle verskeidenheid op verskillende maniere op die heil van God antwoord en reageer, moet die verskillende interpretasies met mekaar in gesprek gebring word.

Dialoog en argumentasie vind in die kragveld van die Gees as kommunikatiewe ruimte plaas (Pieterse 1993:141). Die gemeente is die skepping van die Gees waarbinne die parakleet in die besonder werksaam is met mense as medewerkers. In hierdie ruimte van die gemeente word die Gees beskryf as die subjek van die kommunikasie (Pieterse & Vos 1991:13). Dit is die Gees wat die ruimte skep vir menslike vryheid en kreatiwiteit. Dit is die Gees as "liefdesbode", wat die liefdesband tussen God en die gemeente en die gemeente onderling, bepaal. Die gemeente is die "geestelike huis" waar die Gees saam met die gemeente woon. Dit is ook die huis waar die Gees mense aan die werk sit in diens van God. Dit is die ruimte waarin God deur die Gees in die preek aan die woord kom (vgl Cilliers 2004:136; Grözinger 2008:99).

### 4.5. Samevatting.

Die noue verband tussen die praktiese teologie en die werking van die Gees is duidelik aangetoon. De Wet (2005) se pleidooi om 'n pneumatologiese basisteorie word beantwoord wanneer die praktiese teologie pneumatologies benader word.

Die pneumatologiese benadering van die praktiese teologie geskied vanuit Teonome Resiprositeit. Dit is die Godgeïnisieerde verhouding met mense, waarin mense deur God aan die werk gesit word met die onontbeerlike taak van die realisering van God se roeping of doel, deur middel van die duursame ervaring van die inwoning en inwerking van die Gees, wat aan en in mense van God se troos getuig (vgl Van Ruler 1969:181; Bohren 1971:76 e v; Rebel 1981:141; Vos 1984:278; Cilliers 1994:68; De Wet 2005:511)

Die prediking is deel van die opgaaf van die praktiese teologie waar mense deur middel van die verkondiging van die evangelie nuwe lewenshoop ontvang en realiseer. Die Gees vervul 'n kardinale rol in en deur die prediker en hoorder, by wyse van die bekendmaking van, en die herinnering aan die boodskap van Christus in die preekgebeure.

Die rol van die Gees in die voltrekking van God se heilsplan soos uit die Ou en Nuwe Testamentiese gegewens afgelei, is duidelik tot dusver aangetoon. Die Gees is, as God se geestelike teenwoordigheid, die bemagtiger van mense in diens van God op

verskillende maniere. Die voortsetting van die heilsplan realiseer onder meer by wyse van die verkondigingstaak, waar mense as volledige mense met die krag en bystand van die Gees, in die prediking en die luisterprosesse aanwesig is. God se openbarings-, onderrig-, verkondigings- en getuienisrol deur die Gees in die prosesse, is aangetoon. Die Gees is wesenlik deel van die sirkel van die prediking vanaf die openbaring aan die prediker, tot by die praktiese realisering daarvan in die lewe van die hoorder. Die Gees is beskryf as die *fons vitae* van die openbaring wat deur die preekproses heen in die ruimte van die gemeente en die gemeenskap in die dialoog tussen God en mens voltrek word.

## 5. Nuwe ontwikkelings in die Pneumatologie.

Die wisselwerking tussen die huidige kultuur en lewenswêreld van moderne mense en die Christelike tradisie soos deur die kerk bewaar en deurgegee, noodsaak dat daar nuut gedink moet word oor die Christelike geloof (Dingemans 2005:2). Nie alleen word daar nuut gedink oor die Christelike geloof nie maar veral ook oor die pneumatologie.

Vanuit die metafisiese gesigpunt is daar weinig of selfs geen ruimte vir 'n konsep soos gees, hetsy die menslike of goddelike gees nie (Polkinghorne 2006:169). Hierdie stand van sake vereis aanpassing en verskuiwings in denke en benadering ook in die pneumatologie. Shults (2008:271 e v) wys op konseptuele verskuiwings op die terrein van die filosofie, wat impak maak op die denke in teologie en die wetenskap. Ontwikkeling in die gebruik en verstaan van die konsepte materie, persoon en krag, met die impak daarvan op pneumatologiese denke word deur Shults (2008) beskryf. Vondey (2009:3) wys op die metodologiese verskuiwings in die wetenskap wat in die twintigste eeu plaasgevind het. Skuiwe van die Ptolomese kosmologie na die Kopernikaanse kosmologie, word duidelik in die teologie na die Verligting gereflekteer. Die verskuiwing in wêreldbeskouing, met die kennis dat die aarde om die son wentel, se impak op filosofie en teologie, asook die invloed van Newton word as voorbeelde aangetoon. Vondey (2009:4) wys daarop dat die vervanging van die Newtoniaanse paradigma vir die fisika, met die model van relatiwiteit van Einstein nie in die teologiese denke gereflekteer word nie.

Vervolgens word aandag gewy aan voorbeelde van die verskuiwinge wat in die teologie, op grond van veranderde filosofiese en wetenskapsbeskouings gemaak kan word. Aandag word geskenk aan die werk van Dingemans, Polkinghorn, Shults en Vondey. Die sieninge kan uiteraard nie volledig uitgepak word nie en dien bloot as voorbeelde van denke anders as die tradisionele wat tot dusver beskryf is. Die insigte word bloot opsommenderwys weergegee.

## 5.1. Die Pneumateologie van Dingemans.

Dingemans (2005:124 e v) maak onder meer gebruik van insigte en elemente van die prosesfilosofie van Whitehead, soos deur Cobb uitgewerk, in die formulering van sy pneumateologie. In die prosesteologie word daar nie uitgegaan van ‘n teïstiese beskouing wat God buite of bokant die wêreld plaas, of as skepper of “motor” van die wêreld beskou nie. Ook word daar nie vanuit panteïstiese denke uitgegaan, waarin God en wêreld saamval, en waarin alles wat gebeur God se wil is wat net aanvaar moet word nie. Die uitgangspunt is eerder die van *panenteïsme*. Dit beskryf God se immanente transendensie. “God doordingt met zijn wezen onze wereld. God is verweven met onze wereld. Hy is er deel van, maar valt er niet mee samen.” (Dingemans 2005:125).

Dingemans se Pneumateologie word gebaseer op die uitgangspunt van die eenheid van God (Dingemans 2005:128). Die beweging van die een God noem hy die “Roepende” (Dingemans 2005:130), wat sigself manifesteer in die skepping, heilsbemiddeling en vernuwing, van mens en wêreld. ‘n Beter manier om van God te praat is in terme van God as “*ene* Macht of het ene *Pneuma*” (Dingemans 2005:131), wat bo, onder of agter die empiriese ervaring van die werklikheid staan, en personifieer word in die gestalte van Jesus. God is nie die *causa causarum* of die Almagtige vir Dingemans (2005:132) nie, maar die Roepstem wat roep, die Mag wat deur belofte en gebod mense in die toekoms in trek. “God is ‘leven’ en leven is de actualisering van het zijn, het proces waarin potentieel zijn tot actualiteit wordt.” (Dingemans 2005:132).

Dingemans kyk na die Triniteit as ‘n handelingstriniteit. Van die een God gaan daar ‘n invloed uit op die wêreld wat God se Gees genoem word (Dingemans 2005:137).

Die Gees word nie as aparte persoon beskou nie maar as 'n "zijnswijse" of "werkswijze" van God waardeur die invloed op die wêreld uitgaan. Jesus was *uniek*, aangesien hy, vol van die *Geest* van God optree. Hierdie vol wees van die Gees van God onderskei hom van ander mense, hoewel hy steeds voluit mens gebly het. Selfs na sy dood blyk dit dat God steeds deur hom in mense werksaam bly. Die een God werk, volgens Dingemans (2005:137), deur sy Gees op verskillende wyses. Die een Gees, retrospektief beskou, werk in Christus, in Israel deur die profete, in die mens, die natuur en heel aan die begin ook in die skepping. Agter die Gees staan God wat die wêreld deur sy Gees beïnvloed.

## 5.2. Polkinghorne, die verstaan van God en die metafisika.

Polkinghorne sluit op verskillende maniere aan by die nuwe ontwikkelinge in die wetenskap deur kern begrippe en teorieë wat in die wetenskap geformuleer is, te benut in teologiese denke. Die onsekerheidsbeginsel van Heisenberg en die chaosteorie (vgl Polkinghorne 1998a:50 e v; 2006:174) vorm deel van Polkinghorne se verduideliking van die verstaan van God en geloof, in 'n wetenskaplike universum.

Wetenskaplike vooruitgang het die skynbare effek dat die verwagtinge van God en goddelike optrede binne die wêreld verminder. Polkinghorne (1989:5) gebruik die voorbeeld van droogte en reën. Daar was 'n tyd dat droogte beskou is as Goddelike straf en reën as Goddelike seën. In 'n wêreld waar die wetenskap ontdek en verklaar, word droogte sowel as reën, verklaar in terme van die invloed van die aarde se hitte uitstraling op see en atmosfeer. Hierdie natuurlike verklaring maak gebed as versoek en danksegging gevolglik oorbodig, aangesien reën en droogte natuurverskynsels geword het. Die vraag ontstaan na die verstaan van die rol en plek van God in die moderne wetenskaplike wêreld. Werk God los van, of buite die natuurwette om as 'n soort van "intervensionist" God (Polkinghorne 1989:6), die "divine clockmaker" wat van tyd tot tyd inmeng of betrokke raak om die wysers van die werkende horlosie (die aarde) te verstel? Of is God aktief teenwoordig binne die natuurlike wetmatigheid? Dit is die taak van die teologie, volgens Polkinghorne, "to show the mutual consistency of these differing kinds of involvement and so to exhibit the underlying harmony that enables them to be spoken of as acts of the one and

true God" (Polkinghorne 1989:7). Die verwagting van standvastigheid en ordelikheid kan egter tot rigiditeit lei, wat in sekere vaste patrone sekere reaksies van God verwag.

Die verwagting dat God algemeen betroubaar sal wees kan ook daartoe lei dat God heeltemal ontmagtig word ten opsigte van indiwiduele gebeure. Dit maak van God niks meer as 'n deïstiese instandhouer van die natuurprosesse nie. God is egter meer as instandhouer, meer as die abstrakte God van die natuurlike teologie. Polkinghorne (1989:10) beskryf God as die lewende God wat aan die Israel en sy kerk bekend word deur die Heilige Gees.

Die Heilige Gees waardeur God aan Israel en die kerk bekend word, het 'n bepaalde verborge kwaliteit. Die verborge teenwoordigheid van die Gees word deur Polkinghorne (2006:170 e v) aangespreek. Die benaming *deus absconditus,* is 'n gepaste benaming vir die Gees as verborgene. Omdat die werking van die Gees nie altyd sigbaar is nie kan die idee ontstaan dat die Gees afwesig is. Polkinghorne gaan uit van die siening dat die Gees, hoewel soms versluier, steeds teenwoordig is as die Gees van waarheid in omstandighede waar waarheidsoekende gemeenskappe bedrywig is. Wanneer die wetenskaplike, na 'n periode van rus tot skielike insig kom, beskryf Polkinghorne (2006:172) dit as die werking van die versluierde Gees van waarheid.

Polkinghorne (1998a, 2006) gee aandag aan die verstaan van God aan die hand van modelle uit die wetenskap. God is nie soos een of ander natuurwet in die Newtoniaanse wetenskapsleer, wat onveranderd bly ongeag die konteks nie. Volgens twintigste eeuse wetenskap is daar baie intrinsieke onvoorspelbaarhede inherent aan die prosesse in die fisiese wêreld. "...quantum theory....permits us only to assign probabilities for the observed outcomes of quantum events" (Polkinghorne 1998a:51). Nog 'n betekenisvolle ontdekking van die wetenskap is die identifisering van "widespread sensitivity to minute details of circumstance displayed by those many systems whose behaviour is called 'chaotic'." Die chaos teorie gaan uit van 'n bepaalde sensitiwiteit in sisteme en word beskryf aan die hand van die voorbeeld van die vlinder se vlerkslag iewers in 'n woud wat 'n lugbeweging veroorsaak, wat indien dit groei en toeneem 'n orkaan elders kan veroorsaak, "...infinitesimal

differences in the initial state of a chaotic system can exponentiate to produce increasingly radically divergent consequences." (Polkinghorne 2006:174). Nogtans is toekomstige gedrag van die sisteem nie heeltemal toevallig nie, aangesien orde en wanorde in subtiele patrone verweef word wat toekomstige gedrag toeganklik maak binne die sisteem. Die wetenskap se beeld van die werklikheid is nie 'n helder beeld nie maar uiteindelik onverwags dof.

Polkinghorne werk na 'n verklaring wat die Gees nie net sigbaar maak in onverwagse diskontinue vertonings van krag nie, maar 'n Gees wat deurlopend teenwoordig en aktief betrokke is in die ontstaan en voortbestaan van die kosmos. 'n Verklaring wat nie teenoor die ontdekkings van die wetenskap gestel word nie, maar juis saam met die wetenskap 'n beskrywing van God se werking in die kosmos oordink.

## 5.3. Pneumatologie en materie, persoon en krag

Shults (2008) pas die ontwikkeling in die gebruik en interpretasie van die konsepte van materie, persoon en krag, in die pneumatologie toe.

### 5.3.1. Materie

'n Dualisme in die verstaan van die verhouding van die materiele en die geestelike wêreld, plaas materie en gees naas mekaar in 'n verhouding, waarin die een nie op die ander invloed het nie. Die hantering van die verhouding loop uit op twee moontlike resultate, óf 'n deïstiese teenstelling tussen die materiele en die geestelike, óf 'n sameflansing van die konsepte as een substansie (panteïsme) (Shults 2008:273).

In die hedendaagse fisika word materie beskou as substanse wat dinamies verbind is deur die konsep van energie. Ruimte, tyd, materie en energie word saam beskou in velde van energie, wat as fisiese vorme ervaar word. 'n Pneumatologie waarin die Gees verstaan word as "an all-embracing and all-pervading dynamic presence, in which all creaturly spatio-temporal forms of energized 'material' live and move and have their being, invites more relational, holistic, and embodied practices in spirituality." (Shults 2008:284).

### 5.3.2. Die konsep van persoon.

Die manier waarop die konsep *persoon* verstaan word, word terug gevoer na die eerste eeue na Christus. ‘n Persoon word beskou as individuele substansie van rasionele aard, wat beskik oor intellek en wil as eienskappe in die individuele siel. Die siening word aan Boetius en Augustinus toegeskryf (Shults 2008:276). Die beskouing van God in terme van persone vind uiting in die Triniteitsleer. Sieninge van God as ‘n persoon met verskillende modi van optrede gee aanleiding tot Modalisme. Die persoonsbeskouing gee aanleiding tot die formulering van die verstaan van die Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan. Die moderne psigologie dink oor persone in terme van verhoudingskonsepte. Moderne beskouinge van persoon dink nie meer aan geïsoleerde indiwidue en hulle rasionele kapasiteit nie. “Personhood is mediated by relations to others within systems of relations.” (Shults 2008:277). ‘n Pneumatologie waarin die Gees verstaan word as in ‘n verhouding tot Vader en Seun, wat mense verwelkom in die “divine community”, behoort aanleiding te gee tot sensitiwiteit in sosiale verbande tussen mense (Shults 2008:285). ‘n Voorbeeld van die beskouing en die toepassing daarvan word by Thiselton (2007:456) aangetref waar die Triniteit in terme van verhoudingskonsepte geformuleer word.

### 5.3.3. Die konsep van krag.

Volgens die meganistiese liniêre beskouing van natuurlike beweging, sal ‘n oorsaak of krag in die verlede, die huidige en toekomstige toestand van iets bepaal. Binne die raamwerk van die beskouing, is dit eenvoudig om ‘n plek aan ‘n geestelik krag in die kosmos toe te skryf as veroorsakende faktor van gebeure. Die toepassing van die verstaan van veroorsaking op die goddelike, lei tot die metafoor van ‘n horlosiemaker-God wat die skepping ontwerp en in beweging bring waarna hy terugstaan (Shults 2008:280). In die moderne filosofie word ruimte vir meer dinamiese, nie- lineêre en holistiese konsepte van krag en beweging geskep. Massa en beweging word geïntegreer in energievelde ($E=mc^2$). “...this opened up new possibilities for conceptualizing the human experience of temporality and causation.” (Shults 2008:280). Die teologie wat vasgevang is in die konsep van ‘n

veroorsakende faktor in die verlede, is geneig om die krag van die Gees deterministies te verstaan. Shults gebruik die voorbeeld van die sistematisering van die geloof in die heilsorde, waar die gelowige deur sekere stappe beweeg wat 'n oorsprong in die verlede het. 'n Nuwe beskouing van tyd gee nuwe insig in die verhouding tussen die eskatologiese teenwoordigheid van die Skepper-Gees en die toekomstige skepping. Die nuwe benadering sal lei tot 'n pneumatologie waarin die Gees verstaan word as die "promising presence of Eternity to time, constituting the creaturely experience of temporality precisely by calling all things to share in the absolute Beauty of God" (Shults 2008:285). Hierdie pneumatologie sal mense uitnooi tot deelname in vorme van spiritualiteit, wat die toekoms oopsluit as gawe om mense as agente van hoop te bevry.

Om die vernuwing in die pneumatologie te bewerk, beskryf Shults (2008:285 e v) drie noodsaaklike uitdagings. Die eerste is die uitdaging om die verhouding tussen God en wêreld sodanig te verwoord dat dit nie in die dualisme van deïsme, of die monisme van panteïsme vasval nie. In die verband word hulp gevind in die "apophatic theology", wat God nie in terme van een bepaalde tipe van wese of substansie definieer in vergelyking met, of in kontras tot geskape wesens nie. Dit lei tot die beskrywing van God in terme van die Onvergelykbare Teenwoordigheid "that is closer to us than we are to ourselves" (Shults 2008:285).
Die tweede uitdaging gaan oor die vermyding van Modalisme en Triteïsme. "...we ought to move beyond thinking of the three 'persons' of the Trinity as three repetitions of the same kind of rational individual, who happen to take different roles."(Shults 2008:285).
Die derde uitdaging word beskryf as "...depicting the power of the divine Spirit in a way that escapes the constraints of early modern fatalism and volunterism..." sonder om uitsig te verloor van die idee van God as die absolute grond van alles (Shults 2008:286).

## 5.4. Pneumatologie, Newton en Einstein.

Vondey (2009) voer aan dat pneumatologie, sedert Einstein, in 'n ander kosmologiese raamwerk verstaan moet word. Hy beskryf Newton se filosofie wat oop is vir die integrasie van God as die "ultimate cause of all phenomena in the

physical universe" (Vondey 2009:7). Newton beklemtoon twee aspekte van die natuur naamlik "absolute time and space" en die relatiwiteit van tyd en ruimte wat geld van beweging. "...relative time 'is any sensible and external measure of duration by means of motion' and relative space is defined as 'any movable measure of dimension' of absolute space" (Vondey 2009:8). Ruimte is daardie spasie wat 'n liggaam volmaak en beweging is die verandering van posisie van 'n liggaam van een relatiewe plek na 'n ander. Hierdie ruimte en tyd is die universele verwysingsraamwerk van alles wat bestaan, en kan deur middel van 'n liniaal en 'n horlosie gemeet word.

Tyd en ruimte is kenmerke van alles wat bestaan, ook van God as Ewige en Alomteenwoordige. Daar kan gevolglik geen leë ruimtes of tye bestaan nie, aangesien God altyd oral teenwoordig is (Vondey 2009:9). Newton se anderse, transendentale God verkeer in interaksie met die werklikheid deur middel van "an agent….the alchemical spirit, charged with animating and shaping the passive matter of the universe." (Vondey 2009:11).

Hierteenoor word Einstein se interpretasie werklikheid beskryf. Teenoor die siening wat ruimte en tyd as "absolute, nonmaterial coordinates of the physical universe" beskou, sien Einstein die universum as onbeperk (Vondey 2009:13). Die relatiwiteitsteorie van Einstein postuleer dat "the properties of space and time are not independent of the material universe ....Einstein postulates a codependent spatiotemporal universe" (Vondey 2009:13). Ruimte en tyd kan gevolglik nie bloot met lineaal en horlosie gemeet kon word nie. Die algemene relatiwiteitsteorie verbind die uitdying (extension) van ruimte tot die duur van tyd (Vondey 2009:14), en die konsep van krag word deur die konsep van veld vervang(Vondey 2009:15).

Einstein se gedagtegang laat nie veel ruimte vir God nie (vgl Vondey 2009:16). Die antropomorfiese beskouing van God word as bron van konflik tussen wetenskap en godsdiens beskryf met die gevolg dat Einstein eerder kies vir 'n "cosmic religious feeling", wat as 'n vorm van panteïsme beskryf word (Vondey 2009:16). Dit gaan in essensie oor die teenwoordigheid van God in die kosmos. Einstein se verbintenis van "space-time and matter" plaas God buite die fisiese realiteit. Einstein se panteïstiese godheid se teenwoordigheid word as 'n "superpersonal"

teenwoordigheid beskryf. (Vondey 2009:17). Hierdie beskouing staan in kontras met 'n trinitariese beskouing van God, wat die persone in verhouding tot mekaar stel. Die Godsbeeld van Einstein, skets 'n rasionele God wat in die natuurwette verstaan kan word. "The immanentist, unitarian, impersonal, and pantheistic qualities of Einstein's universe stand in stark contrast to the transcendent, trinitarian, and personal structures of classical theism." (Vondey 2009:17).

### 5.4.1. Die konsep van gees by Newton en Einstein.

In Newton se terme kan die bestaan van God nie sonder die konsepte van tyd en ruimte beskryf word nie. "The supreme God is an eternal, infinite, and absolute perfect being..." (Vondey 2009:18). God bestaan volgens Newton, oral en altyd, binne dieselfde ruimtelik-temporele raamwerk. 'n Uniforme en universele eter word beskou as die intermediêr van God. "The world is formed and shaped by a cosmic *pneuma* or ether" (Vondey 2009:20). Die moontlikheid van direkte goddelike betrokkenheid in die skepping is sentraal tot die verstaan van gees by Newton. Daar is 'n direkte kousale verband tussen God se bestaan en die aktiwiteit van die kosmos deur 'n lewende gees (vital spirit), "only spirit could penetrate to the centers of bodies without causing retardation…. the divine Spirit is responsible for the conformity and coherence of life, even if it is not possible to determine this Spirit as the ultimate cause of all things"
Pneumatologie in terme van Newton beskryf die Gees as 'n noodsaaklike komponent vir 'n natuurfilosofie. Die Gees is die intermediêre agent van die transendente God in die skepping, die universele beginsel wat teenwoordig is in alle natuurlike verskynsels. Die Gees is interne medium van onbepaalde tyd en ruimte, 'n "cohesive and conforming force in nature" (Vondey 2009:22).

Einstein se relatiwiteitsteorie vervang Newton se *koördinate* van tyd en ruimte met die *simmetrie* van tyd en ruimte, en die konsep van kragte met die veldteorie, 'n verskuiwing wat berus op die verhouding tussen ruimte- en- tyd -kontinuum en materie. Einstein verwerp die meganistiese beskouing wat natuurlike verskynsels reduseer tot die kragte wat tussen die partikels bestaan. Newton se eter was die sentrum van alle kragte wat in die universum werk (Vondey 2009:23). Einstein's

special theory of relativity stripped the ether of its fundamental mechanical quality, immobility, and in so doing made the ether unnecessary (Vondey 2009:23).

Vondey dui 'n aantal Pneumatologiese implikasies vanuit die siening van Einstein aan. Die universum soos deur Einstein beskou laat nie ruimte vir iets soos Newton se "divine agent" of 'n kousale verhouding tussen God en die fisiese universum nie. (vgl Vondey 2009:25). Einstein se eie religiositeit "consists in a humble admiration of the infinitely superior spirit that reveals itself in the little that we ... can comprehend of reality. Einstein's cosmology endorsed neither an atheistic concept of reality nor the pneumatological perspective of Christian theism. The "spirit" he admired was the rational order of the universe." (Vondey 2009:26).

Die basis van 'n pneumatologie in Einstein se verstaan van die universum bestaan vir Vondey (2009:26) daarin dat gees 'n noodsaaklike komponent in die wetenskaplike onderneming is. Gees is die rasionele orde van die universum, die "universal principle" van natuurlike verskynsels. Gees word beskryf as die simmetrie van die ruimte-tyd-kontinuum, 'n bestaan wat geen fisiese of materiele werklikheid besit nie. Gees is binne die raamwerk van Einstein bloot 'n ordeningsbeginsel van bestaan, nie die lewensbeginsel van alle aktiwiteit nie (vital principle). Gees kan beskou word as goddelike essensie eerder as goddelike persoon. Enige antropomorfiese eienskappe is trouens onversoenbaar met die gedagte aan gees volgens Einstein. Trouens God en God se Gees is grootliks onversoenbaar met die perspektief van Einstein (Vondey 2009:27) .

Vondey (2009:27) beskryf die verstaan van die Gees in terme van vyf paradigmaskuiwe wat die denke van Einstein teweeg bring. Die skuiwe is belangrik vir 'n pneumatologie na aanleiding van die erfenis van Einstein se "superpersonal, nonetherial, and nonsubstantial spirit" binne 'n algemene kosmologiese raam. Die verstaan van die transendente karakter van die goddelike natuur, die Triniteit en die beskrywing van gees as persoon word as besondere uitdagings in die verband beskou.

- *Orde*. Die uitdaging om gees binne die kosmiese orde te inkorporeer, beteken dat die gedagte aan 'n transendente God as eerste oorsaak van die

kosmos, laat vaar moet word. ‘n Pneumatologie moet die funksionering van die Gees binne die geskape werklikheid asook binne die kousale verhouding van God en kosmos, indien kousaliteit gehandhaaf word, beskryf. In die verband voorsien Vondey ‘n metodologiese uitdaging tot vorming van pneumatologie as interdissiplinêre en trans-teologiese dissipline. Op konseptuele vlak moet die werking van die Gees verstaan word in terme van orde, organisasie, harmonie, wanorde, chaos en diskontinuiteit.

- *Rasionaliteit* (Vondey 2009:28 e v). Wanneer rasionaliteit pneumatologies beskou word, gaan dit nie om ‘n gelykstelling van die Gees met die kosmiese rasionaliteit nie, maar eerder “to discover the role of the Spirit in the origin, availability, and distribution of reason in the physical universe.” Menslike rede, verbeelding en verstaansvermoë moet ingespan word om die dualisme gees-vlees aan te spreek in die pneumatologie. Dit vra dat die rol van die Gees in die oorsprong, beskikbaarheid en rede in die fisiese wêreld ontdek word. “Rationality is therefore an essential aspect of integrating the miraculous into a theology of nature.” (Vondey 2009:29).

- *Relationality* (verhoudings). Die uitdaging aan die pneumatologie is om te bepaal hoe die Gees betrokke is in die verhoudinge van al die “constituents of creation”, op beide die kosmiese vlak, en die vlak van partikels. Die klem is die verhoudinge nie die tradisionele teïstiese idee van wese, of die wetenskaplike benadering van objekte nie. Dit gaan om die Gees as persoon. “…understanding of the property of the Spirit as person in terms of the rationality of the universe can be complemented by the personal presence of God's Spirit in the world and in the creature” (Vondey 2009:30). Dit gaan nie net om die interne trinitariese verhouding tussen die persone nie, maar die manier waarop ‘n relasionele kosmos in verhouding met God bestaan. “…an interpretation of Spirit in a relational way tells us not only about God *in se* and God *quo ad nos* but also about the *opera Dei ad extra* as they relate God to creation and, through creation, God to himself.”(Vondey 2009:31).

- *Symmetry.* Die begrip simmetrie is teologies vreemd. Die beskouing van gees in Newtoniaanse terme vertoon ‘n dualisme aangesien dit beide ewig en

stoflik voorgestel word. In Einsteinse terme is die kosmos ‘n eenheid van vorm en bestaan. “This unity is described primarily in terms of the symmetry of the natural world and with no recourse to a concept of the supernatural.” (Vondey 2009:31). Die simmetrie word onderskei op grond van die rasionele orde van die kosmos, en van die verhoudingsgeaardheid van die natuurlike verskynsels binne die ruimte-tyd-kontinuum. Teologies beskou dra die begrip simmetrie nie net by tot die verstaan van die reëlmatigheid van die geskape werklikheid nie. Fisika dien as bron vir die ontwikkeling van beginsels terwyl die teologie die gevolge daarvan interpreteer. “Pneumatology is in a unique position to make the status of symmetry in contemporary cosmology more explicit in terms of the biblical witness of the ubiquity of the divine Spirit.” (Vondey 2009:32).

- *Movement* (Vondey 2009:34). Die teologie beskou God as die beweger van die kosmos en gee nie as sodanig aandag aan die beweging van God self nie. Die transendente God, volgens die Newtoniaanse uitgangspunt, bestaan onafhanklik van die skepping en die beweging van die skepping. Die begrippe transendent en immanent word volgens Vondey afgelei binne die beeld van ‘n statiese universum. Die Gees is tegelyk die beweging *van* die kosmos sowel as beweging *in* die kosmos. Die Gees is “both mover and moved, subject and object of creation” (Vondey 2009:34). Ruimte-tyd relatiwiteit open die weg vir ‘n dinamiese integrasie van die Gees in die kosmos. Die aan en afwesigheid van God kan verstaan word in terme van simmetrie-skepping of simmetrie-verbreking. Vondey stel die begrip *kenosis* as rasionele beweging van God, wat simmetrie van die skepping met God herstel. ‘n Newtoniaanse uitgangspunt maak net voorsiening vir *kenosis* na buite, terwyl die beweging na binne nie deel is van hierdie ruimte en tyd nie. Skepping is ‘n simmetrie vormende gebeure. In die verstaan daarvan is God basies nie geaffekteer deur die gebeurtenis nie. Wat die verstaan van *beweging* aan die proses verander is die heen en weer beweging waar dit nie net gaan om ‘n uitgaande *kenosis* nie maar ook ‘n terugkerende *kenosis*. “...the *kenosis* of the Spirit can be seen as a movement of God away from God that always seeks to return to God. In the act of giving, the Spirit does not abandon God but moves from God into creation in order to create and

sustain that creation and eventually to return creation to union with God."(Vondey 2009:35).

Uitdagings vir die pneumatologie is die integrasie van God se Gees as "order, rationality, relationality, symmetry, and movement" in die tradisionele teïstiese konsepte van *transendensie* van die goddelike*, Triniteit* van God en die *persoon* van die Gees. "The contemporary task is to understand the Spirit in the physical universe, rather than the metaphysical; in time, rather than the eschaton; in space and matter, rather than the supernatural; in movement, rather than in presence."(Vondey 2009:36).

## 5.5. Samevatting.

Die nuwere denke stel die uitdaging aan die pneumatologie om anders en nuut te dink oor die verstaan van die Gees. Dingemans se beskrywing van die verstaan van God as die Roepende, laat 'n leemte in terme van die beskrywing van die rol van Jesus Christus daarin. Dingemans se beskrywing van Jesus as buitengewoon begaafde mens, sal moeilik inslag in 'n tradisionele Christelike teologiese raamwerk vind. Dit laat die gedagte ontstaan van Jesus as 'n half-god. God raak op teïstiese manier betrokke by die skepping en leef geestelik voort in die gedagtes van volgelinge na sy dood. Die transendente word juis in die panenteïsme oorkom deur die immanensie van God in Jesus deur die Gees 'n regmatige plek te gee, sonder om dit te oorbeklemtoon. Die aansluiting by die prosesteologie lei daartoe dat God juis in sy immanensie binne die skeppingsproses vasgevang word as gevangene in sy eie skepping. Op 'n ander manier gaan dit juis om die deïstiese siening van God wat skep en dan die skepping aan eie lot oorlaat, te oorkom.

Die verskuiwing na die beskouing van God as Gees, die Roepende, oorkom die probleme wat met die omskrywing van die begrip persoon ondervind word. Dingemans beweeg weg van die tradisionele beskouing van God in trinitariese terme en beskryf die werking van God in terme van bestaanswyses van God as Gees.

Polkinghorne se agtergrond in die wetenskap stel hom in staat om teorieë wat vreemd aan die teologie is in te span met die oog op 'n nuwe verstaan van God. Die

konsepte waarmee hy werk is kompleks en self moeilik verstaanbaar vir iemand buite die veld van die quantum fisika. Polkinghorne dink in ander kategorieë as teïsme en deïsme oor God. Deur die toepassing van die onsekerheidsbeginsel van Heisenberg kan God se skynbare afwesigheid of onaktiwiteit in die kosmos, anders verwoord word. Chaos teorie toon die noue verbande tussen die elemente van die skepping as sisteem aan, en bied insig in die manier waarop sisteme, waarvan God ook deel is, funksioneer. Polkinghorne stel God teenwoordig as liefdevolle God deur sy Gees, ook in die ruimtes waar die moderne wetenskapsbeskouing geen ruimte vir God laat nie. Die moontlikheid om na aanleiding van die wetenskaplike teorieë oor die aard van lig as golf en partikel op meer as manier na ‘n saak, in die geval die pneumatologie, te kan kyk, is ‘n wins in die denke van Polkinghorne

Die benadering tot pneumatologie vanuit die verskuiwings in die konseptualisering van Persoon, materie en krag bring die belang van die impak van wetenskaplike ontwikkeling op teologiese denke opnuut na vore. Die verandering in die verstaan van die konsep van persoon vanaf ‘n individuele rasionele substansie tot ‘n verhoudingswese, bring ‘n persoonlike karakter tot die verstaan van God. In die verstaan van God as Triniteit bring dit die verhouding tussen die lede van die Triniteit op nuwe manier ter sprake, en dit beklemtoon die potensiaal van ‘n nader verhouding tussen God en mens. Die persone in die trinitariese verstaan van God is persone wat in verhouding staan en ook in verhouding tree.

Die dualisme tussen die vleeslike en geestelike wat in deïstiese of panteïstiese terme verwoord word, word deur die dinamiese werking van die Gees opgehef. ‘n Pneumatologie wat die opheffing ernstig opneem vra om relasionele, holistiese en beliggaamde geestelike praktyke.

Die verskuiwing van die beskouing van krag vanaf ‘n lineêre Newtoniaanse konsep van krag as veroorsakende gebeure in die verlede, tot die beskouing van krag as dinamiese, nie-lineêre, holistiese konsep as energieveld, bevry teologie van ‘n deterministiese beskouing. Krag as geestelike begrip is nie meer bloot die veroorsakende faktor in die verlede nie, maar juis die dinamiese teenwoordigheid van God in die hede. Die Gees as krag van God was nie net skeppend teenwoordig

aan die begin as veroorsaker nie, maar is in die hede dinamies teenwoordig in die ontsluiting van mense, om draers van hoop te wees.
Pneumatologie oorkom die dualisme van vleeslike en geestelike en dink in terme van die Gees as persoon in relasionele verband, die krag van God in die hede wat mense tot 'n hoopvolle lewe begelei.

Die verrekening van die denke van Einstein vir die hedendaagse pneumatologie is 'n uitdagende vraagstuk. Die teorieë is in meeste opsigte nie alleen vreemd aan die teologie nie maar ook 'n rasionele uitdaging. Teenoor die transendente, trinitariese Godsbeeld wat 'n persoonlike God in teïstiese terme beskryf, staan Einstein se Godsbeeld as 'n immanente, unitariese, onpersoonlike God wat in panteïstiese terme beskryf kan word.

In die Newtoniaanse wêreld van absolute tyd en ruimte is God die oorsaak van alles, en oral en altyd dieselfde. Daar is 'n kousale verband tussen God en die universum. In die Einsteinse wêreld van relatiewe tyd en ruimte is God nie afhanklik van, of buite die universum nie. God is nie 'n materiele of fisiese realiteit nie. Daar is nie ruimte vir 'n kousale verband tussen kosmos en God nie, geen persoonlikheid nie, net 'n essensie, 'n universele beginsel.

Vondey se vergelyking van die Newtoniaanse en die Einsteinse beeld of beskrywings van God en Gees, dui aan hoedat die raamwerk van waar denke oor God benader word, 'n impak op die uitkoms sal hê. Dat Einstein nie in die eerste plek besig was met teologiese denke maak die beoordeling van die standpunt oor God wat aan hom toegeskryf word, moeilik. Tog het sy wetenskapsbeskouing 'n omvangryke impak en behoort teologie ook vanuit hierdie raamwerk beoefen te kan word.

Vondey se hantering van die vyf paradimaskuiwe se impak op teologiese denke oor God en die Gees van God, gee aanduiding van die koersverandering wat 'n ander wetenskapsparadigma vereis. Alternatiewe denke oor God in terme van die begrip *orde* bring God en die Gees tot binne die geskape werklikheid. Binne die vyf momente kan vrae gevra word oor die verstaan van die Gees binne die terme van orde, rasionaliteit, relasionaliteit, simmetrie en beweging. Hoe raak die ordebeginsel

die verstaan van die Gees van as immanente teenwoordige wat deel is van die kosmos? Hoe kan die Gees in terme van die rasionaliteit van die kosmos as oorsprong, beskikbaarheid en rede van die fisiese bestaan beskou word? Wat is die verskillende elemente van die kosmos se verhouding tot die Gees? Hoe is die Gees op simmetrie-skeppende of simmetrie verbrekende wyse binne die kosmos werksaam? Hoe kan die Gees as beweging in die kosmos en beweger van die kosmos verstaan word?

## 6. Samevatting

Die verkenning van die pneumatologie uit die hoek van die Bybelse perspektief, die belydenis perspektief en die prakties teologiese perspektief het 'n klomp gegewens en gedagtes gegenereer wat tot 'n logiese eenheid saamgebring moet word. Dit was in die verkenning slegs moontlik om die oppervlak van die omvangryke tema aan te raak. Vervolgens moet die gegewens gesistematiseer en georden word aan die hand van die ontluikende temas.

Die volgende temas word onderskei vanuit die geheel:

- Die verstaan van die prediking.
- Die werk van die Heilige Gees met mense.
- Die ruimte waarbinne die Gees met mense werk.
- Die Gees en die Woord.
- Die Gees en Christus.

Met die inleiding tot die studie is pertinente vrae gevra. Wanneer die lens van die prediking op die voorafgaande fokus kom die vrae weer ter sprake. Sommige van die vrae het reeds 'n aanpassing ondergaan deur die proses waarin die literatuur verken is. Die volgende staan uit as sentrale vrae.

- Wat is die rol van die Heilige Gees in die prediking?
- Kan daar reeds op die stadium enige ruimte gevind word vir kreatiwiteit en indien wel hoe lyk daardie ruimte en hoe word dit aan die prediking gekoppel? (vgl Lanser 2007 en Van Dam 2007)
- Hoe verstaan praktiese teoloë die werking van die Gees?
- Wat is die verband tussen God se werking en menslike kreatiwiteit?

- Watter rol word aan die Heilige Gees toegeken in proses van die preek?

## 6.1. Die verstaan van die prediking

Vanuit die denke oor die prediking in die studie tot dusver word die volgende momente by wyse van samevatting geformuleer. Die doel daarvan is om die lens van prediking te slyp met die oog op die beskouing van die werk van die Heilige Gees daarin. Vanuit die literatuur is dit duidelik dat daar 'n aantal verskillende gesigspunte aan die prediking verbonde is soos dit met die frase "die prediking dien..." of "die prediking is..." beskryf word. Daar is ook verskillende momente gevind wat die doelwit, wese, inhoud en bedieningsinstrument van die prediking beskryf. In die volgende paragrawe word 'n kernagtige samevatting geformuleer van die verskillende elemente.

Die prediking is beskryf as die bekendmaking, formulering of verwoording van die evangelie vir die tyd en die kommunikering daarvan (vgl De Klerk 1977:9; Pieterse 1979; Pieterse 1986; Cilliers 2004; Lose 2008:52 e v). Anders gestel prediking staan in diens van die teologie in die sin dat die Woord daardeur aan die woord kom en dat mense daarin tot verstaan van die Woord gebring word.

'n Kern begrip wat in verband met die prediking gebruik word is die begrip *ontmoeting*. God ontmoet mense, die gemeente, die wêreld in die prediking sodat gesprek plaasvind. Die gesprek lei tot 'n horisonsversmelting tussen die horisonne van God se Woord in die teks en die hede van die menslike horison (vgl Pieterse 1979). Die ontmoeting vind binne die konteks van die gemeente plaas (vgl Vos 1996:238 e v; Cilliers 2004:136 e v; Grözinger 2008:99).

Aan die prediking is bepaalde doelwitte toegeskrywe. Naas die bekendmaking en kommunikasie-temas dien die prediking die voortbestaan van die gemeente, die gelowiges se verhouding en ervaring van God in die geloof, die deelname van die gelowiges aan God se plan met die wêreld en God se vernuwingswerk deur die Gees (vgl Vos 1996b).

Enkele van die kern begrippe wat met die wese van die prediking in verband gebring is, dui aan dat die prediking ten doel het om die boodskap van God of die Woord van God, *bekend te maak*, *te kommunikeer, tot verstaan te bring en aan die woord te stel*. Die objek van hierdie handelinge is die wêreld, die gemeente, mense. Dit is, soos reeds aangedui, doelgerigte handelinge. Die persoon wat bekend maak en die wyse waarop die bekendmaking geskied is telkens God of die Gees van God, sodat die prediking as instrument van God of instrument van die Gees dien.

Een van die kern elemente van die prediking is die Woord van God, of soos dit ook beskryf word, die evangelie soos dit in die Bybelse verhale gedra word. Dit word telkens duidelik uit die gegewens oor die prediking dat die element wesentlik is in al die verskillende beskouinge wat nagegaan is (vgl Pieterse 1979; 1993; 2004; Vos 1996; De Roest 2006; Stark 2005).

Naas die sentraliteit van die Gees en die Woord in die prediking vervul die persoon van die prediker 'n belangrike rol. Die belangrikste tema of beskrywing van die persoon is dat die prediker onder leiding van, of in diens van die Heilige Gees optree. Prediking en prediker staan vierkanting binne pneumatologiese konteks.

## 6.2. Die werk van die Heilige Gees met mense.

Vanuit die opsomming van die werk van die Gees in die Ou Testament blyk dit dat die Gees mense beweeg en in beweging bring (vgl Vos 1985). Die Gees vergestalt die teenwoordigheid van God (vgl Gaybba 2004) as God self, en dien om mense te bemagtig en met gawes toe te rus sodat God se wil gerealiseer kan word (vgl Burger 1999). Ook in die Nuwe Testamentiese verstaan van die optrede van die Gees onder mense, staan die bemagtiging en toerustingswerk van die Gees duidelik uit. Die beweging en aansporing van mense na 'n nuwe situasie is ook as deel van die werk van die Gees uitgewys (vgl McIntyre 1997 en De Roest 2006).

Die toepassing van die uitsprake in die prediking kan in die volgende lyne gedoen word. Die teenwoordigheid van die Parakleet as *helper, trooster, advokaat* en voortsetter van die werksaamheid van Jesus, is 'n belangrike insig vir prediking wat besig is met die verkondiging van die evangelie van Christus. Die werksaamhede

van die Parakleet kan teenwoordig gestel word in die aanloop tot en in die proses van die prediking. Die funksie van die Parakleet om te herinner aan, en te onderrig in die woorde van Jesus is wesenlik tot die prediking as verkondiging van die evangelie. Prediking sou as getuienislewering bestempel kon word, waar die Parakleet as betroubare getuie wat inspireer met waarheid tot getroue getuienis, funksioneer. Die Prediking kan as troosgebeurtenis vir mense binne die nood van die alledaagse lewe in die wêreld beskou word. Hierin funksioneer die troos van die Parakleet ten opsigte van die geestelike nood van skuld, die versekering van geregtigheid in Christus en die afhandeling van die oordeel oor die owerste van die wêreld.
Die prediking kan ook beskryf word as 'n toerustingsgeleentheid. In die verband is die Parakleet, as gids en begeleier van die waarheid, as instrukteur wat onderrig en toerus, se persoonlike teenwoordigheid basis van die funksie van die prediking. Elkeen van die verskillende dimensies van die werksaamheid en die teenwoordigheid van die parakleet, kan in die konteks van die prediking sinvol aan die orde gebring word. Die Parakleet Gees kan as die draer en die ondernemer van die preekgebeure bestempel word.

Die kerk bely oor die begin van die geloof in mense, dat dit die Heilige Gees is wat mense laat deel aan die verlossing en die troos in Christus (vgl Heidelbergse Kategismus vraag 53). Dit is die Gees wat mense tot geloof in, en kennis van God bring (vgl McIntyre 1997). So is dit die funksie van die verligtende werk van die Gees om gerig te wees op die gees en hart van die mens (vgl Pieterse 1979; Floor 1987). In díe verband is die verwysing na die Gees as die "inner teacher" van belang, aangesien die Gees in die harte van mense indring wat hulle in staat stel om die heil hulle eie te maak (vgl Nicol 1986). Dit is deur die Gees dat mens vernuwe en getransformeer word om oop te kan wees vir God se vernuwende en transformerende werking. Dit is die Gees wat die onderskeidingsvermoë skenk en die mens bewus maak van God se teenwoordigheid.

Wat die toerusting van die Gees betref is die realiteit van die gawes van die Gees aan die gelowiges uitgewys. God benut die gewone menslike gawes sowel as die buitengewone gawes van die Gees met die oog op die realisering van Sy doel. De Roest (2006:82) het gewys op die manier waarop God teenwoordig is in die lewe

van die Kerk en mense se oë open deur die werking van die Gees. Die mens word nogtans nie so oorgeneem dat sy eie identiteit verlore gaan nie, die inwoning van die Gees verryk en versterk eerder die identiteit (vgl McIntyre 1997). In die verband van toerusting is 'n opmerking oor die rol van die Gees in die lewe van die prediker van belang. Die Gees bemiddel, skenk en verlig die prediker sowel as die hoorder om Christus deur die Gees te kan sien en te kan glo (vgl Runia 2000). Die prediker leef en werk in afhanklikheid van die Gees wat inspireer, roep en verlig sodat die prediker die Woord kan verstaan en uitleef (vgl Venter 1992). Hierdie gebeure speel af binne die ruimte waarin die Gees met mense werk.

### 6.3. Die ruimte waarbinne die Gees met mense werk.

Oor die algemeen sou mens die ganse kosmos as ruimte vir die werk van die Gees kon beskryf. In die studie blyk dit tot dusver, dat die ruimtes wat in die besonder uitstaan die is van die gemeente (vgl Pieterse & Vos 1991), die verbond (vgl Pieterse 1993) en die ruimte waarin dialoog plaasvind (vgl Pieterse & Vos 1991). Die ruimte wat egter alle ander ruimtes van die werksaamheid van die Gees omvat is die ruimte van teonome resiprositeit. (vgl Bohren 1971; Rebel 1981; Jonker 1983; Vos 1984; 1995; Pieterse & Vos 1991).

Die begrip teonome resiprositeit is 'n beskrywing van die Godgeskape ruimte waarbinne die mens na die volheid van sy menswees met al sy gawes en vermoëns God deur die Gees tot diens kan wees. In die ruimte gaan dit om God wat inisiatief neem in die wisselwerking tussen God en mens (vgl Cilliers 1994; 1996). In hierdie ruimte getuig God deur die Gees nie alleen tot die mense nie maar ook saam met die mens (vgl Immink 2005). Die gevolgtrekking is gemaak dat die Gees alles doen en gee om mense aan die werk te sit (vgl Rebel 1981; Vos 1996b). Hierdie insluiting van die volledige mens in God se werk (vgl Vos 1984), het belangrike implikasies vir die gebeure van die prediking waarin prediking 'n mengsel word van God se werk en mense se werk. Die belangrike insig dat hierdie saamwerkruimte waarin mens deel van God se werk kan word, op God se inisiatief juis ook plek maak vir die mens en sy gawes, is aangedui. Ruimte word gevolglik geskep vir kreatiwiteit binne die gebeure wat in die ruimtes afspeel (vgl Vos 1996b; Cilliers 1998). Die werking van die Gees ten opsigte van die gee van spesiale gawes, soos in die verhale van die

Ou Testament beskryf is (vgl Eksodus 34), bevestig die verstaan van die Gees as die Bron van gawes. Die metodologiese vaardighede met die oog op die prediking, sowel as die werk van die Gees, word as verskillende aspekte van dieselfde taak gesien (vgl Bohren 1971; Cilliers 1994). Nogtans staan God se werk en inisiatief steeds voorop in die gebeure. Teonome resiprositeit impliseer nie 'n vereenselwiging tussen God en mens nie maar eerder die uitdrukking van die verhouding tussen genade en dankbaarheid (vgl Cilliers 1996).

Die inisiatief binne die ruimte behoort aan die Gees. Die mens se aandeel is die afhanklikheid wat in die gebed om die Gees se koms die grondhouding van die gelowige word. Mense is nie passief in die werking van God nie, maar volledig ingesluit as deel van die werking onder die leiding van die Gees (vgl Vos 1996b).

### 6.4. Die Gees en die Woord

Die verband tussen die werk van die Gees en die verkondiging van die Woord van God deur die prediking, is duidelik aangedui (vgl Floor 1988). Die uitgangspunt van die reformasie dat die Woord opsigself ongenoegsaam is (vgl Jonker 1983; Floor 1988) lei tot die verstaan van die Woord as instrument van die Gees. Die werk van die Gees is aangedui as voorwerk van die Woord, 'n werk waarsonder die Woord sonder meer leeg is (vgl Pieterse 1979). Die band tussen die Gees en die Woord begin met die ontstaan van die Woord wat aan die inspirasie van die Gees toegeskryf is. Die inspirasie is eenmalig objektief, teenoor die subjektiewe getuienis van die Gees in mensehart met die oog op die verstaan van die Woord (vgl Jonker 1983). In die verband is die gedagtes van Calvyn aangedui wat die ingang van die Woord in die lewens van mense aan die getuienis van die Gees toegeskryf het (vgl Welker 1994). Sonder die Gees is niks van die Woord verstaanbaar nie (vgl Pieterse 1979). Dieselfde Gees wat die skrywer inspireer het, inspireer ook die leser en die hoorder van die Skrif.

Die Gees kan egter ook sonder die Woord werk. Die Gees is nie eensydig immanent aan die Woord nie (vgl Pieterse 1979). God kom in die Woord deur middel van die werk van die Gees sodat die Gees intermediêr is in die koms van God deur die Woord (vgl Pieterse 1993; Vos 1996a). Die Heilige Gees is die geheim van die aktualiteit van die Bybel, as God se Woord in mensetaal (Pieterse 1979).

Die Skrif self wys dat die werk van die Gees noodsaaklik is vir die verstaan daarvan (vgl Pieterse 1979).

Die ontvang en aanvaarding van die Woord is aan die Gees verbonde. Die uiterlike hoor van die Woord en die innerlike getuienis van die Gees gaan saam. Die inspirasie van die Woord in sy skrifwording, word gevolg deur die verligting van die Gees wat in die lewens van die prediker en die hoorder deur werk (vgl Pieterse 1979). Die aanvaarding en die toe-eiening van die heil wat in die Woord gekommunikeer word, geskied deur die Gees (vgl Heyns 1981; Jonker 1983). Ook die lewe uit die geloof, as ontvangs van die regverdigmaking en uitleef van die heiligmaking, is aan die werk van die Heilige Gees verbind. Dit is die Gees wat die realisering van die heil in die daaglikse lewe moontlik maak (vgl Jonker 1983).

### 6.5. Die Gees en Christus

Die tweeledige blik op die verhouding tussen Christus en die Gees in terme van die Gees as Gawe aan Christus en gawe van Christus is aangedui as belangrike moment in die verstaan van die selfstandigheid van die Gees. Calvyn het reeds aangetoon dat die Gees nie ‘n plaasvervanger vir Christus is nie maar eerder Christus en die mens bymekaar bring as Brugbouer (vgl Jonker 1983). Ook is die Gees nie bloot ‘n teenwoordigheidsmodus van die Christus nie, maar vervul ‘n eie selfstandige rol (vgl Vos 1984). Hierdie selfstandige rol word veral in die boek Handelinge aan die lig gebring (vgl Floor 1988).

Die Gees fokus op die realisering van die verlossingsplan (vgl McIntyre 1997). Waar Christus deel is van die verkondiging van die heil, is die Gees deel van die proses van uitleg en verkondiging (Pieterse 1979). Die Gees, wat van die begin tot die einde deel is van die verlossingswerk, is die toepasser van die werk van Christus, die een wat die heil effektueer (vgl Vos 1984; Pieterse & Vos 1991)

## 7. Konseptualisering oor die werk van die Gees.

Die samevatting van die 5 momente word vervolgens aan die hand van leidende vrae bekyk om tot die essensie van elke afdeling te kom. Vrae soos: Wat word

gedoen? Aan wie? Hoe gebeur dit? Deur wie gebeur dit? Die vrae lei tot die volgende stellings:

**Die verstaan van die Prediking:**

Prediking is die verkondiging van die Woord van God aan die gemeente deur middel van hermeneutiese en kommunikatiewe metodes soos deur die prediker toegepas.

**Die werk van die Heilige Gees met mense.**

Die Gees werk direk en indirek met, en deur mense. Die Gees werk deur middel van hulle sintuie, gawes en bedieningsinstrumente soos die prediking, wat objektief en subjektief in hulle lewens gebeur.

**Die ruimte van die werking van die Gees.**

Die Gees werk in die ruimte van 'n wederkerige verhouding tussen God en mens. In die verhouding neem God die inisiatief om deur die Gees met mense te werk, saam met ander mense as medewerkers, deur middel van goddelike gawes en menslike vermoëns.

**Die verhouding tussen die Gees en Christus en die Gees en die Woord.**

Die Gees inspireer die Woord, prediker en hoorder tot innerlike en uiterlike hoor van die Woord. Die Gees, as selfstandige toepasser van die heilswerk van Christus, lei mense tot aanvaarding en toepassing van die Woord van God.

## 7.1. Samevatting;

Prediking is die verkondiging van die Woord van God aan die gemeente deur middel van hermeneutiese en kommunikatiewe metodes soos deur die prediker toegepas. Dit is die gebeure waardeur die Gees direk en indirek, met en deur mense, deur middel van hulle sintuie, gawes en bedieningsinstrumente werk. Hierdie gebeure geskied binne die ruimte van 'n wederkerige verhouding tussen God en mens. God neem die inisiatief deur saam met mense as medewerkers, deur middel van hulle gawes en vermoëns, die geïnspireerde Woord van God by mense tuis te bring.

# Hoofstuk 3

# Kreatiwiteit

In hierdie afdeling word die hooflyne van kreatiwiteit, soos in die literatuur gevind, weergegee.

### 1. Edward de Bono – Laterale denke.

Edward de Bono se naam word algemeen geassosieer met die konsep van “lateral thinking.” Die soort denke benader probleemoplossing op onortodokse soms onlogiese maniere. In De Bono (2007:4) word “lateral thinking” beskryf as “...the creativity concerned with changing ideas perceptions and concepts. Instead of working harder with the same ideas, perceptions and concepts, we seek to change them.”

De Bono (1996:3) hanteer die betekenis van die konsepte kreatief en kreatiwiteit. Op die mees basiese vlak beteken dit om iets nuut tot stand te bring. De Bono brei daarop uit deur die byvoeging van waarde. Iets wat nuut en waardevol is, sou reeds as kreatief beskou kon word op die terrein van die kunste. In die verdere omskrywing van die term word die uniekheid van die nuwe “iets” wat gedoen of gemaak is, uitgebrei deur verwysing na besondere *vaardigheid* wat daarvoor vereis word. ‘n Kreatiewe voorwerp of objek kan beskryf word as iets nuut, waardevol en uniek wat besondere vaardigheid van die vervaardiger vereis het.

Die kwalifikasies wat bygevoeg word om die andersoortigheid van die onderwerp te beklemtoon word vervat in die terme *onverwagsheid* en *verandering*. Met die terme as kwalifikasie poog De Bono om kreatiwiteit in ‘n hoër baan te plaas. De Bono se benadering tot kreatiwiteit is nie die verbetering van die soort kreatiwiteit wat met die kunste geassosieer word nie. Die fokus is op die *verandering* van konsepte en persepsies. Verandering vind in ‘n hoër baan plaas en vind uiting op die vlak van die konkrete produk. Die begrippe *eerste orde* en *tweede orde* sou kon dien om die verstaan van De Bono se gedagtes oor kreatiwiteit te verhelder. Kreatiwiteit is ‘n eerste orde verandering wat nuutheid, andersheid, uniekheid op ‘n verassende

manier as tweede orde verskynsel manifesteer. Die eerste orde verandering vind plaas in die denke van die kreatiewe persoon, terwyl die resultaat as tweede orde verskynsel, die konkrete sigbare produk is.

Die werking of die aanloop tot die kreatiewe gebeure word verduidelik aan die hand van die gedrag van informasie sisteme. De Bono werk spesifiek met die “behaviour of selforganizing information systems”, waarin dit gaan om die vorming en benutting van patrone. Die aard van kreatiwiteit kan afgelei word vanuit die analise van gedrag en potensiele gedrag. Met die stelling, “The logic of creativity is the logic of self patterning systems” (De Bono 1996:4), hef De Bono die misterie rondom kreatiwiteit of “lateral thinking” op. De Bono wys die logika van kreatiwiteit aan en illustreer die noodsaak daarvan. Hy stel ‘n aantal tegnieke voor waardeur kreatiwiteit bemeester kan word (vgl De Bono1996; 1999 en 2007).

De Bono (1996) se werk sluit af met ‘n gedeelte oor die toepassing van kreatiwiteit. Hy onderskei tussen alledaagse en spesifieke kreatiwiteit. Die volgende voorbeeld dien as illustrasie van die soort tegnieke wat De Bono voorstel om kreatiwiteit mee te bevorder.

*Challenge* (De Bono 1996:240 en 314). Hierdie tegniek word beskryf as die sleutel tot daaglikse kreatiwiteit. De Bono vra, “Do we have to do things this way? Is there a better way of doing this?” Die bedoeling van die vrae is nie om krities te wees nie, aangesien kritiek nie as kreatiwiteit beskou word nie. Hierdie vrae bevorder die gewilligheid tot kreatiewe denke deur uitdaging van die huidige manier van doen. “The challenge includes a pause to wonder why something is done in a certain way.” Die doel van hierdie uitdaging is om uit te vind of die manier van doen bloot gewoonte geword het, en of dit dalk net gebeur om aan die verwagtinge van ander mense te voldoen. “The challenge is a gentle sort of dissatisfaction and a belief that there might be a possibility of a change for the better.” Die toepassing van die tegniek van “uitdaging” se waarde is geleë in die geleentheid tot nadenke oor handelinge, asook die doelbewuste geleentheid tot die ontsluiting van kreatiewe moontlikhede. Herhalende gewoontes word as deel van die *Challenge* tegniek uitgedaag. Die redes waarom sekere handelinge as herhalende gewoontes gevestig word, hou verband met die feit dat die behoefte aan iets anders nog nie

geïdentifiseer is nie, of dat die huidige manier van doen as voldoende beskou word vir die doeleindes van die handeling. De Bono (1996:109) noem die volgende redes waarom dinge bloot gebeur of gedoen word uit gewoonte:

- *The continuity of neglect* . 'n Bepaalde produk of handeling is probleemvry, gevolglik dink niemand meer oor die gebeure of handelinge nie. Dinge word outomaties op 'n bepaalde manier gedoen. In die kerklike konteks sou die wyse waarop die erediens ingerig word as voorbeeld kon dien. Niemand kla daaroor nie, gevolglik word aanpassings of veranderinge nie oorweeg nie. Deur aandag te gee aan handelinge en gebeure deur *kreatiewe uitdaging* mag alternatiewe beter metodes gevind word, wat die gebeure kan verbeter of verryk.

- *The continuity of lock-in. G*ebeure en gedagtes moet bloot aansluit of ingepas word by ander bestaande gebeure of gedagtes. Omstandighede of reëls bepaal dat 'n handeling op 'n bepaalde manier uitgevoer moet word. In die kerklike konteks sou 'n bepaalde praktyk in stand gehou word bloot omdat dit in 'n kerkorde voorgeskryf is. 'n Ander voorbeeld wat De Bono (1996:110) vermeld is die uitleg van die rekenaar se sleutelbord. Die bestaande patroon van uitleg, ook bekend as die QWERTY patroon, vind oorsprong in die era van die meganiese tikmasjien waar die uitleg gedien het om die tikspoed van die gebruiker te verlaag, wat tegniese probleme van die masjien aanspreek.

- *The continuity of complacency.* Herhaalde sukses met 'n handeling verhinder nadenke oor die handeling, aangesien die idee posvat dat dinge vir altyd op dieselfde manier sal werk. Die uitgangspunt is geleë in die volgende vraag: Waarom moet iets wat werk verander word? "When things go wrong we never challenge the central concept but look for all sorts of peripheral reasons why the concept is not working." (De Bono 1996:111).

- *The continuity of time-sequence*. Om vasgevang te wees in die volgorde waarin dinge deur die loop van die geskiedenis gedoen is. De Bono (1996:111) beskryf die verskynsel as volg: "The time sequence in which our

experience arrives allows that experience to arrange itself into structures, institutions, and concepts." Die voorbeeld word genoem van die gebruik van ontwerp konsepte wat in die spoorvervoer omgewing ontwikkel is, wat oorgedra is na die lugvervoer omgewing, bloot omdat spoorvervoer 'n gevestigde praktyk was voor die aanbreek van die lugvervoer era.

Die waarde van die *Challenge* as kreatiewe tegniek is daarin geleë dat stagnering in die uitvoering van take, of in die denke oor verskynsels, voorkom word. Die tegniek se gereelde toepassing skep die ruimte vir innovering en verandering van praktyk en gewoontes wat gevestig raak. Die toepassing daarvan in die konteks van die kerklike praktyk sou moontlik kon aanleiding gee tot weerstand, waar tradisies en praktyke bevraagteken en uitgedaag word.

### 1.1. De Bono se teorie van kreatiwiteit.

Mense se waarneming van die wêreld geskied aan die hand van vasgelegde of bestaande patrone. Die patrone help om goed te herken op grond van vorige ervaring, veral wanneer die ervaringe goed gevestig is. "The brain can only see what it is prepared to see (existing patterns)" (De Bono 1996:11). Die brein word beskou as 'n "self-organising information system" (De Bono 2007:4). Patrone van informasie word in die brein gebêre, wat herkenning of klassifisering van nuwe informasie deur assosiasie moontlik maak. Die blote analise van informasie lewer volgens De Bono geen nuwe idees nie. As gevolg van die gevestigde patrone kan mens net idees kies wat jy reeds het. Hierdie keuse wat gemaak word, word aan patroonvormende gedrag toegeskryf. Patroonvormende gedrag word toegeskryf aan die resultaat van waarneming. "Perception is the process of setting up and then using this patterns." (De Bono 1996:12).

Die patroonmatige gedrag of optrede vorm die agtergrond vir De Bono se laterale denke. Hy gaan uit van die verwagting dat dinge op 'n bepaalde geykte manier sal gebeur of gedoen word, selfs al bestaan daar alternatiewe roetes of maniere. Indien mens op een van die "syspore" of alternatiewe roetes beland, en dinge anders doen, bestaan die moontlikheid om terug te keer na die beginpunt en insig te verkry in wat gebeur het. Hierdie insig lei tot 'n nuwe idee of roete wat gevestig word sodat dinge

anders gedoen kan word. Aanvanklik kan mens terloops of per ongeluk op die syspore beland. Deur oefening en tegniek kan die syspore of alternatiewe roetes egter doelbewus verken word. De Bono se bedoeling met laterale denke is om die syspore of alternatiewe roetes doelbewus te volg deur as't ware dwars oor die hoofspoor patroon te beweeg met die oog op nuwe kreatiewe idees. Hierdie waardevolle kreatiewe idees moet in retrospeksie, logies wees, en inpas in bestaande waardesisteme (De Bono 1996:15).

De Bono se teorie word opgesom op deur te wys op die brein se geaardheid om inkomende informasie toe te laat om self in patrone georganiseer te word. Hierdie selfgeorganiseerde patrone word uiteindelik aangewend in die proses van waarneming. Die asimmetrie van die patrone lei tot humor en kreatiwiteit (De Bono 1996:15), deurdat die andersheid daarvan opvallend word.

Tydsverloop is die tweede noodsaaklike aspek in die denke van De Bono. Aangesien informasie oor tyd ingeneem word, beteken dit dat die patrone wat bestaan telkens verander moet word om informasie op 'n ander manier te orden. Kreatiwiteit word benodig om van die tydelike strukture wat deur 'n spesifieke volgorde van gebeure geskep is los te kom (De Bono 1996:17). Nuwe informasie moet geïntegreer word, maar nie in die ou patrone, strukture, konsepte of persepsies nie. Die brein werk volgens De Bono nie soos 'n biblioteek waar nuwe informasie net op leë rakke gepak word nie, die hele sisteem moet verander word om die nuwe informasie te kan akkommodeer.

Die essensie van De Bono se "lateral thinking" word die beste weergegee in sy eie woorde. "With lateral thinking we move 'sideways' to try different perceptions, different concepts, different points of entry. We can use various methods, including provocations, to get us out of the usual line of thought." (De Bono 1996:53). Dit gaan om waarneming of persepsie en die generering van nuwe, verskillende gesigspunte.

De Bono onderskei tussen spesifieke en algemene laterale denke. Vir die spesifieke benadering word 'n stel sistematiese tegnieke gebruik om konsepte en persepsies te verander en nuwes te genereer. In die algemene benadering word meervoudige

benaderinge en moontlikhede verken. Die uiteindelike doel van die doelgerigte kreatiewe denke is om die patrone wat deur informasie in die brein gevorm is te verbreek en op nuwe maniere nuwe idees te genereer. Die vaardigheid is nie eksklusief tot sekere mense of groepe mense beperk nie, maar kan deur almal aangeleer en toegepas word.

### 1.2. Samevatting.

Die essensie van De Bono se gedagtes kan opgesom word as die doelbewuste verandering van idees, persepsies en konsepte met die oog op die daarstelling van nuwe waardevolle, unieke, idees en konsepte. Die patrone van denke wat deur waarneming gevestig word, moet deur doelbewuste tegnieke verander word, sodat alternatiewe persepsies, metodes en konsepte wat van die gewone verskil, geskep kan word. Tegnieke kan aangeleer en toegepas word in bykans enige situasie, deur bykans enige persoon.

De Bono se waarde is geleë in die potensiaal tot die ontsluiting en ontginning van nuwe moontlikhede. Die insig wat gebied word in die manier waarop die brein as selforganiserende informasie sisteem voorgestel word, wek sensitiwiteit vir potensiele verstarring wat kan intree as gevolg van die patroonmatige hantering van informasie. Die gedagte dat die bekende eerder herken sal word as die onbekende, verklaar waarom dit meestal moeilik is om nuwe moontlikheid of potensiaal te ontdek. Die belangrike rol van tyd in die vaslegging van informasie in patrone, sowel as in die skepping van nuwe patrone, bring ook sensitiwiteit vir die ervaring van omslagtigheid wat in die ontdekking van iets nuut ervaar kan word.

Die belangrikste leemtes in die teorie van De Bono het te doen met die kompleksiteit van die tegnieke wat aanbeveel word met die oog op die bemeestering van “laterale denke.” Die resepmatige benadering tot die toepassing van laterale denke en die patroonmatige werking van die brein as ‘n selforganiserende informasie sisteem, mag dalk juis aanleiding gee dat ‘n nuwe vorm van stagnasie aan die hand gewerk word. Die toepassing van die verskillende resepte kan uiteindelik ook lei tot patroonvorming, wat juis die ontdekking van nuwe insig aan bande kan lê.

**2. E P Torrance – Driefase - model vir kreatiwiteit.**

Torrance bestudeer kreatiwiteit in die konteks van die opvoedkunde. Hy het veral bydraes gelewer op die terrein van die meting van kreatiwiteit.

Torrance (1994:7) beskryf kreatiwiteit as

> "…the process of sensing problems or gaps of information, forming ideas or hypotheses, testing and modifying these hypotheses, and communicating the results. This process may lead to one of many kinds of products verbal and non-verbal, concrete and abstract."

Kreatiewe idees moet volgens Torrance aan sekere vereistes voldoen. "At the highest level it is required that a creative idea be true, generalisable, and surprising in the light of what was known at the time the idea was produced" (Torrance 1994:8). Torrance (1999:44,45) wys daarop dat kreatiwiteit meer is as 'n gelukskoot (chance) of moeitevrye vinnige oplossings. Kreatiwiteit is eerder 'n hoër orde verstandelike proses as 'n regressiewe gedagteproses.

'n Sentrale moment in kreatiwiteitsdefinisies is die begrip *nuutheid*. "The production of something new or original is included in almost every definition of creativity." (Torrance 1994:28). Begrippe en frases wat gebruik word, dui kreatiwiteit aan as 'n suksesvolle tree die onbekende in. "...getting of the main track...", 'n frase wat ook aan De Bono se siening herinner, is deel van die essensie van die beskrywings van kreatiwiteit as verbreking van bestaande patrone.

Ander woorde en frases wat met kreatiwiteit verband hou is woorde soos openheid, om nuut te kyk, om een ding toe te laat om aanleiding te gee tot 'n volgende, die kombinering van idees en die ontdekking van nuwe verhoudinge tussen verskillende idees. Wanneer kreatiwiteit in terme van produkte uitgedruk word, word die resultate van die proses sigbaar in uitvindsels of wetenskaplike teorie.

Kreatiewe denke vereis 'n aantal vaardighede. Torrance (1994:36) noem die volgende vaardighede as aanduiders van kreatiwiteit:

- *Sensitivity to problems*
- *Fluency* (die vermoë om groot hoeveelhede idees te produseer)

- *Flexibility* (die vermoë om ‘n verskeidenheid of variasie van idees of benaderinge tot dinge te openbaar)
- *Originality* (die vermoë om nuwe ongewone en innoverende idees te genereer)
- *Elaboration* (die vermoë om te uitbrei en die detail van idees aan te vul.)
- *Redefinition* (om iets op ‘n ander manier te sien of definieer, wat verskil van die gebruiklike vasgestelde of bedoelde weg.)

Hierdie vaardighede of aanduiders vir kreatiwiteit, is onderskei in die proses van die opstelling van die meetinstrumente vir kreatiwiteit. Die waarde daarvan is veral in die aanleer van kreatiwiteit met die oog op die toekoms en toekomstige veranderinge.

Kreatiewe en kritiese denke is twee modi van denke wat belangrik is in die proses van kreatiewe probleemoplossing en ander kreatiewe optredes. Twee patrone van leer en denke word in die navorsing onderskei, “one in which the logical, rational mind is dominant, and the other in which intuïtive, creative non-logical mind and other states of conciousness are dominant.” (Torrance 1994:112). Beide hierdie patrone of modelle word belangrik geag vir kreatiewe denke. Hierdie patrone kom ook by ander in die veld voor onder ander benamings. Osborne praat van “critical intelligence” en “creative intelligence”, De Bono beskryf dit as “lateral thinking” en “vertical thinking.” Torrance, met die opvoedkunde as raamwerk, kies om te praat van “learning creatively or learning by authority, by being told” (Torrance 1994:112).

Die belang van kreatiwiteit word beskryf as ‘n noodsaaklike komponent van ‘n lewe gevul met groei en verandering. Torrance (1994:190) beskryf dit as ‘n leefstyl. “Creative thinking is a lifestyle, a way of perceiving the world, a way of interacting with others. Dit gaan om die realisering van lewenspotensiaal wat insluit die ontwikkeling van talent en die tap van ongebruikte potensiaal. Kreatiwiteit gaan om verkenning van nuwe plekke en idees, sensitiwiteit vir die probleme van mens en natuur. Torrance (1995:24) gee ‘n aantal redes waarvoor kreatiewe denke belangrik is. Hy noem onder andere die belang van persoonsontwikkeling en “mental health”; die versameling van inligting en die toepassing van kennis; die toekoms van die

beskawing waar, nie net ingenieurs en wetenskaplike nodig is nie, maar kreatiewe ingenieurs en wetenskaplikes.

**2.1. Torrance se driefase - model vir kreatiwiteit.**

Torrance (1994:217 e v) het 'n driefase- model vir kreatiewe leer en onderrig ontwikkel. Die eerste fase gaan oor die skepping van verwagting wat die leerder moet voorberei om die verbintenis tussen die leermateriaal en die toekoms te sien. Die tweede fase gaan oor hulp aan die leerder om die leerstof te ontgin, deur informasie versameling en die raaksien van die onverwagte. In die derde fase moet iets gedoen word met die nuwe informasie.

Die fokus van Torrance se model is op die verkenning en ontdekking deur vrae, eksperimentering en manipulasie, teenoor die leer-deur-outoriteit metode. Kreatiewe leermetodes bevat 'n ingeboude motiveringsisteem wat eksterne motivering beperk en selfs oorbodig maak. Om op kreatiewe wyse te leer moet iemand die gapings in kennis ontdek. Dan moet daar gesoek word na dit wat die gapings kan vul. Mense se nuuskierigheid en ondersoekende geaardheid moet, in diens van hulle kognitiewe behoefte om te wil weet, ingespan word. Kreatiewe vermoëns lewer 'n belangrike bydrae in die verband. Vaardighede word ontwikkel deur middel van oefening, kreatiewe denke word ook deur oefening ontwikkel. Torrance (1994:221) vergelyk die beoefening van kreatiewe denke met die beoefening van sport of die speel van 'n musiekinstrument. Die sport, sowel as die bespeling van die instrument, verbeter na gelang van die hoeveelheid oefening wat speler insit.

In die eerste fase van die model vir kreatiewe leer is opwarming vir kreatiewe denke 'n opvallende aspek. Die mate van opwarming word volgens Torrance (1994:222) bepaal deur die soort resultaat, en die aard van nuwigheid of andersheid van die idees wat verwag word. In die proses gaan dit om die motivering tot verhoogde kreatiwiteit, die skepping van die begeerte om te weet, en die verhoging van antisipasie. Deelnemers se aandag moet gewen word, hulle nuuskierigheid en verbeelding moet geprikkel word.

In die tweede fase moet die onverwagte ervaar word. Nuwe informasie moet geassimileer word anders is die ou aangeleerde response voldoende, en kreatiwiteit gevolglik oorbodig. Torrance (1994:225 e v) noem 'n agtal tegnieke wat in die tweede fase handig is. Enkele van die tegnieke word kortliks bespreek.

- *Digging deeper*. Hierdie tegniek word gebruik om dieper as die oppervlak te beweeg, sodat die bedekte of verborge ontdek kan word.
- *Looking twice* behels dat daar meer as een keer met informasie omgegaan word. Kinders hou daarvan om meer as een keer na 'n storie te luister. In die addisionele deurgaan van stof, word nuwe vrae gevra en nuwe assosiasies gemaak.
- *Listening for smells* daag die deelnemer uit om die verskillende sintuie te gebruik. Kongruensie moet tussen ervaringe bewerk word. Byvoorbeeld kongruensie tussen reuk en smaak.
- *Listening, talking to a cat or crossing out mistakes* moedig die leerder aan om na die aangebiede informasie te luister, en om daarmee in gesprek te tree.

In die derde fase moet die een gedagte tot 'n volgende ander gedagte lei, en moet daar iets met die versamelde inligting gedoen word. Mense moet verby die klas en handboek geneem word sodat verdere ondersoek en navorsing gestimuleer word. Torrance (1994:229) identifiseer ook in die fase 'n aantal tegnieke wat die uitkomste van die fase dien.

- *Singing in one's own key* is 'n tegniek waar persoonlike betekenis aan informasie gegee word, waarna dit in die persoonlike konteks toegepas word.
- *Building sand castles* gaan om die stimulering van verbeelding en fantasie met die oog op die skepping van die ideale oplossing vir 'n situasie.
- *Shaking hands with tomorrow* neem die informasie in die toekoms in. 'n Mens se beeld van die toekoms bepaal sy optrede in die hede. Die tegniek moedig leerders aan om wyer te dink as die hier en nou.

## 2.2. Samevatting.

Torrance se bydrae tot die verstaan van kreatiwiteit, die vereistes daarvoor en die kenmerke daarvan, bring verheldering in die verstaan van kreatiwiteit. Kreatiwiteit is 'n proses van ideevorming waartydens alternatiewe ontdek word deur onder meer om nuut na dinge te kyk. Kreatiwiteit is 'n aanleerbare, ontwikkelbare vaardigheid, 'n leefstyl waardeur lewenspotensiaal gerealiseer word.

Die volgende aantal vaardighede wat Torrance beskryf, verduidelik kreatiwiteit as 'n stelselmatige, identifiseerbare gebeurtenis, met vaardighede wat aangeleer kan word. Die volgende vaardighede is beskryf:

- sensitiwiteit vir probleme of gapings;
- die vermoë tot vloeiende denke wat generering van die maksimum aantal idees aanmoedig;
- buigsaamheid of variasie om verskeidenheid van idees te bewerk;
- oorspronklikheid wat lei tot nuwe en innoverende idees;
- uitbreiding en uitbouing van gedagtes,
- asook die vermoë tot herdefiniëring van die bestaande deur nuut sien en dink,

Vir diegene wat eie kreatiewe vermoëns wil ontwikkel, bied die lys van vaardighede die geleentheid tot groei en ontwikkeling. Torrance se tegnieke met die oog op die bevordering van kreatiwiteit dien om die vaardighede uit te bou.

Torrance se gebruik van tegnieke vorm nie die hooffokus van kreatiwiteit nie. Die klem val eerder op die ontwikkeling en die aanleer van kreatiewe denke, waarin die tegnieke van ondersteunende waarde is. Die noodsaak van vernuwing en verandering in denke om die nuwe wêreld te hanteer is 'n belangrike moment in die motivering tot kreatiwiteit. Nuwe omstandighede tolereer nie ou en gerieflike idees nie, maar stel nuwe uitdagings aan die mensheid ter wille van oorlewing (Torrance 1995:5).

Torrance se driefase- model vir kreatiwiteit is beperk in die sin dat dit oorspronklik met die oog op die onderwys sisteem ontwikkel is. Die oorspronklike oogmerk maak dit egter nie onbruikbaar vir toepassing in ander velde nie. Die eerste fase as skepping van verwagting met die oog op die ontdekking van nuwe insig lê die

verband tussen die hede en die toekoms. Met die oog op die toepassing van kreatiewe denke in die preekproses bied die fase die ruimte aan die prediker om iets nuut met verwagting te soek. Nuuskierigheid en die verwagting vir die onverwagse behoort openheid te skep vir dieper delf en twee keer kyk, met die oog op 'n nuwe perspektief, soos dit in die tweede fase van die model aangedui word. Die waarde van die derde fase is geleë in die konkrete aanwending van die nuwe idees.

Deur die openheid en die verwagting vir die nuwe, wat in Torrance se verstaan van kreatiwiteit veronderstel word, sowel as die vaardighede en tegnieke wat kreatiwiteit bevorder, word die benutting en aanwending van kreatiwiteit nie net as opvoedkundige moontlikheid veronderstel nie. Kreatiwiteit kan inderdaad ook binne ander terreine, soos die teologie aan die hand van die model werkbaar gemaak word.

## 3. John Baer – Kreatiwiteit as kognitiewe vaardigheid.

John Baer (1993) werk met kognitiewe teorieë onderliggend aan kreatiwiteit, met besondere verwysing na "divergent-thinking" en "associative" teorieë vir kreatiwiteit. In aansluiting by Guilford se teorie van divergente produksie wys hy daarop dat kreatiwiteit en divergente denke sinoniem geword het (Baer 1993:12). Divergente produksie gaan oor die *hoeveelheid* uiteenlopende gedagtes of idees wat oor 'n bepaalde vraag of onderwerp gegenereer kan word. Die resultate van Guilford se werk vir kreatiwiteit is, soos by Torrance, die vier kategorieë faktore wat belangrik geag is as aanduiders van kreatiwiteit.

Die kategorieë behels die volgende:

- *Fluency* is die vermoë om 'n groot aantal idees te genereer.
- *Flexibility* is die vermoë om 'n wye verskeidenheid idees te genereer.
- *Originality* die vermoë om ongewone of oorspronklike idees te genereer.
- *Elaboration* is die vermoë om idees uit te brei (Baer 1993:14).

Divergente denke word oor die algemeen gereken as die enkele, veeldoelige, kreatief-relevante vaardigheid. Baer (1993:15) verwys na die standardisering van

die vier kategorieë soos deur Torrance in sy vraelyste vir die meting van kreatiwiteit. Hoewel divergente denke belangrik vir kreatiwiteit is, wys Baer daarop dat die vaardighede teenwoordig mag wees, sonder dat dit noodwendig toepas word. Die vaardigheid moet dus ontwikkel en ingeoefen word sodat dit toegepas kan word (vgl Baer 1993:17,18).

### 3.1. Die assosiatiewe teorie vir kreatiwiteit.

Die teorie van Mednick hanteer die proses onderliggend aan kreatiwiteit. Aan die grond van die teorie lê die gedagte van Poincare (Baer 1993:19). "To create consists of making new combinations of associative elements which are usefull..." Verskillende elemente vanuit verskillende oorspronge, kan op drie maniere bymekaar gebring word. "Serendipity" (toevalligheid) dui op die toevallige samevloeiing van assosiatiewe elemente binne 'n bepaalde omgewing wat lei tot kreatiewe insig. "Similarity" (gelyksoortigheid) dui op die gelyksoortigheid van elemente, wat kan lei tot allerlei assosiasies tussen elemente. "Mediation" (tussenkoms, voorspraak) dui op die saambring van elemente deur middel van simbole.

Baer (1993:20) wys op vyf faktore wat die moontlikheid van die generering van kreatiewe oplossing kan beïnvloed:

- Belang van domein-spesifieke kennis
- Die rol van die hoeveelheid assosiasies, nie die spoed daarvan nie.
- Verskille in persoonlike en kognitiewe styl.
- Die keuse van kreatiewe kombinasies
- Die assosiatiewe hiërargie – die manier waarop die indiwidu sy assosiasies orden.

Baer se hantering van Mednick se teorie gee insig in die prosesse onderliggend aan kreatiwiteit, veral in die rol van divergente denke en die vermoë om deur assosiasie met verskillende opsies om te gaan (Baer 1993:22,23).

## 3.2. Samevatting.

Kreatiwiteit is die *vermoë om baie uiteenlopende idees te genereer in aansluiting by die vier kenmerke*, waaraan kreatiwiteit gemeet word, naamlik “fluency”; “flexibility” “originality” en “elaboration.” Saam met die generering van idees, gaan die ontwikkeling of aanleer van die vermoë om assosiasies en verbande tussen idees te kan maak, met die oog op die stimulering van nog meer nuwe kreatiewe idees. Volgens die teorieë kan kreatiwiteit as kognitiewe proses of vaardigheid beskryf word.

Die beskrywing van kreatiwiteit as divergente denke, of die soort denke wat groot hoeveelhede uiteenlopende idees oor ‘n onderwerp voortbring, beperk die verstaan van kreatiwiteit. Kwantiteit is nie noodwendig ‘n waarborg vir kwaliteit van idees nie. Die produksie van ‘n veelheid van idees oor ‘n onderwerp kan ‘n doel opsigself word, sonder dat die idees enige nut of bydrae lewer tot die onderwerp of tema ter sake.

‘n Nuwe perspektief wat Baer se teorie meebring is die belang van domein-spesifieke kennis. Die noodsaak van kennis van die domein waarin nuwe idees gesoek word, sal bydra tot die identifisering van dit wat werklik nuut is. Sonder kennis van die terrein of die vak waarin kreatiwiteit benodig word, bestaan die gevaar dat dieselfde ou gedagtes telkens weer na vore gebring kan word. Kennis van die domein sal ook die denker help om die relevansie van die nuwe idees as verbetering te kan insien.

Kombinering van bestaande idees, en die assosiasie van idees wat nooit tevore met mekaar geassosieer is nie, het die potensiaal om nuwe variasies op ‘n tema te ontsluit. Die assosiasie van verwante en onverwante idees, vorm die basis vir die ontstaan van metafore. ‘n Metafoor is in essensie die assosiasie van verskillende idees of konsepte wat dien om die verstaan van een of meer van die konsepte te verhelder. Later in die hoofstuk word pertinente aandag aan die ontstaan en gebruik van metafore gegee.

## 4. Margaret Boden – Kombinasie teorie.

Margaret Boden(1994) werk vanuit die raamwerk van die sielkunde. Die probleem van die definiëring van kreatiwiteit word benadruk in Boden se inleiding. Kreatiwiteit word toegeskryf aan menslike intuïsie sonder dat die verskynsel wat as intuïsie beskryf word, werklik verstaan word. Die moontlikheid van 'n wetenskaplike definisie vir kreatiwiteit word gevolglik onmoontlik geag, aangesien die onvoorspelbaarheid van kreatiwiteit skynbaar enige sistematiese verduideliking daarvan uitsluit. Boden kom tot die gevolgtrekking dat dit juis die paradoksale geaardheid van die konsep is, wat bydra tot die misterie van kreatiwiteit as verskynsel.

Die misterie van die verskynsel van kreatiwiteit, word toegeskryf aan 'n woordeboekdefinisie wat die paradoksale geaardheid daarvan aandui in die gedagte van "to bring into being or form out of nothing" (Boden 1994:75). Die definisie werk volgens Boden met die onmoontlikheid van skepping uit niks, wat aanleiding gee daartoe dat mense kreatiwiteit as "goddelike intervensie" of selfs "romantiese intuïsie en insig" verklaar.

Boden wys op 'n wetenskaplike gesigspunt wat kreatiwiteit benader as "novel combinations of old ideas." Die verrassende van die kreatiewe idee is geleë in die onwaarskynlike nuwe kombinasies van idees. Nie alleen moet die kombinasies nuut wees nie maar ook interessant. Die kombinasie teorieë beklemtoon die waardeaspek van die nuwe idees wat voortgebring word. Die waardevraag is belangrik in die beoordeling van die nuwe kreatiewe idees, aangesien dit die bruikbaarheid van die nuwe idees sal aandui.

Die verklaring van hoe die kreatiewe proses binne die kombinasie teorie werk, is die volgende belangrike bydrae van Boden. Baie van dit wat as kreatief geag word, bestaan uit die ongewone kombinering van verskillende elemente wat nie noodwendig altyd met mekaar geassosieer word, of selfs voorheen met mekaar gekombineer is nie. Die kombinasie teorie van Boden is gepas om die verrassende kombinasies van verskillende elemente met mekaar te verduidelik.

Boden (1994:76) onderskei tussen psigologiese kreatiwiteit en historiese kreatiwiteit. Die psigologiese verwys na denke wat totaal nuut en uniek is wat by iemand vir die eerste keer voorkom. Historiese kreatiwiteit is die soort kreatiwiteit waardeur ‘n idee ontdek word wat nog nooit tevore in die geskiedenis van die mensdom deur iemand ontdek is nie. Die groot vraag bly uiteindelik vir die Boden die waardevraag. Die vraag is kultuur bepaald en lei tot die gevolgtrekking dat wat binne een konteks vir ‘n bepaalde groep waardevol en kreatief is, nie noodwendig vir ‘n volgende groep waardevol of kreatief sal wees nie.

### 4.1. Samevatting.

Boden se beskrywings en verstaan van kreatiwiteit lei tot die gevolgtrekking dat kreatiwiteit ‘n paradoksale, misterieuse konsep is. Die konsep is misterieus en onvoorspelbaar op grond van die definisie dat kreatiwiteit in wese gaan om die voortbring van iets uit niks. Boden se kombinasie teorie behels onder meer die kombinasie van ou of bestaande idees op nuwe wyses, waar die kombinasie lei tot verrassende en interessante resultate. Die eienskappe van die resultate van kombinering behoort nie alleen verrassend of interessant te wees nie maar moet ook waardevol wees. Werklike kreatiewe idees, idees wat ‘n karakter van oorspronklikheid vertoon, ontstaan nie noodwendig vanuit ‘n vasgestelde stel ontstaansreëls nie. Kreatiwiteit kan dus ook deur ‘n *ingewing van die oomblik vorm* van insig, voortgebring word.

Die beklemtoning van die waarde van die produk wat na vore gebring word is ‘n wins in Boden se verstaan van kreatiwiteit. Die insig dat die konteks of kultuur bepalend is vir die beoordeling van iets as kreatief en waardevol, bring die insig dat die beoordeling van oorspronklikheid en waarde ‘n subjektiewe aangeleentheid is. Die implikasie hiervan is dat die kreatiewe denker moet aanvaar dat die kreatiewe idees wat gegenereer word, nie noodwendig ‘n algemene aanvaarding sal hê nie. Net soos die kunstenaar vrede maak met die feit, dat nie almal ewe veel waarde aan ‘n gedig of die skildery as kreatiewe werk sal toeken nie. In die konteks van die prediking sou die gewaarwording impliseer dat nie al die lidmate noodwendig eweveel aanklank by ‘n preekaanbieding sal vind nie.

## 5. Feldman – Veldteorie.

Feldman, Czikszentmihalyi & Gardner (1994:1) definieer kreatiwiteit as "…the achievement of something remarkable and new, something which transforms and changes a field of endeavor in a significant way. In other words ...the kind of things that people do that changes the world."
Die bestudering van kreatiwiteit vind plaas binne die spesifieke domein of veld waarin die kreatiewe gebeure voorkom. In die studies is bevind dat daar sekere periodes in die geskiedenis is waarin bepaalde kreatiewe ontdekkings gemaak is. 'n Ondersoek na die sosiale en die historiese omstandighede van die tyd dui daarop dat die tydsgees (zeitgeist) van 'n bepaalde era, 'n bepalende rol in die kreatiewe ontdekkings vervul het. Die belang van die studies is daarin geleë dat die ontstaansprosesse van nuwe idees, sowel as die omstandighede binne spesifieke areas en kulturele kontekste, ondersoek is.

Kreatiwiteit word nie net in die breë algemene verband ondersoek nie. Die veld waarin dit plaasvind, wat die sosiale en kulturele aspekte van die professie, sowel as die werk of vaardigheid insluit vervul 'n belangrike rol in die ondersoek n kreatiwiteit. Naas die domein, wat die struktuur en organisasie van kennis en informasie asook die veld insluit, is die individu ook deel van die ondersoeke na die verstaan van kreatiwiteit.

Die tendens dat mense hulle fisiese en sosiale wêreld doelbewus transformeer, is 'n unieke menslike eienskap (Feldman et al 1994:17). Die unieke maniere van aanpassing en transformasie, onderskei die mens van ander lewensvorme. Die uniekheid word omskrywe as die vermoë tot kultuurskepping, wat artefakte en idees voortbring wat die leefkondisies van die wêreld behoort te verbeter. Verandering gebeur teen 'n vinnige pas wat gekenmerk word deur variasie van kultuur tot kultuur, asook die vermoë om die veranderinge wat plaasgevind het, te probeer omkeer of verander. Die konteks van doelbewuste verandering, wat kultureel bepaald is, vorm die agtergrond of die veld waarteen die verskynsel van kreatiwiteit verstaan moet word.

Kreatiwiteit word benader vanuit verskillende perspektiewe.

- Eerstens, die van *die kreatiewe persoon*.

- Tweedens, *die produk* wat die inspanning van die persoon meebring.
- Derdens, *die proses* waardeur die nuwe produk of idee voortgebring word.
- Vierdens, *die reaksie* van mense op die bestaan van die produk.

Bestudering van een van die perspektiewe kan nooit die ander perspektiewe buite rekening laat nie. Die bestudering van kreatiwiteit op die manier in die breë raamwerk, sal bydra dat 'n verskynsel nie verdraai (distorted), vergroot (inflated), of oor-veralgemeen (overgeneralized) word nie (Feldman et al 1994:17-20).

Die raamwerk waarbinne kreatiwiteit plaasvind word omskrywe in terme van drie sub-sisteme. Die sisteme van die individu, die domein en die veld. Binne hierdie sisteme is daar 'n prosesmatigheid aanwesig. Die proses behels dat 'n individu nuwe kennis van uitdagende domeine bekom waarna die nuwe kennis, aan die domein voorgestel en aangebied word. Die nuwe kennis word binne die veld oorweeg en beoordeel. Die kennis, wanneer dit aanvaar word, word dan as deel van die veld geag. Al drie aksies van sub-sisteme is noodsaaklik vir kreatiwiteit om te gebeur (vgl Feldman et al 1994:21). Hierdie benadering verruim die denke oor kreatiwiteit. Feldman wys daarop dat daar tradisioneel op die individu gefokus word wanneer dit gaan oor kreatiwiteit. In die individuele fokus gaan dit om spesifieke eienskappe of karaktertrekke van persoon en persoonlikheid (Feldman et al 1994:24). In die breër benadering verkeer indiwidue, velde en domeine in voortdurende interaksie met mekaar. Individue maak bydraes tot domeine wat oor strukture beskik, wat weerstand kan bied of verander.

Feldman beskryf die denkprosesse betrokke in kreatiwiteit in 'n drieledige model. (Feldman et al 1994:28 e v). Die eerste moment van die model gaan oor *die uniekheid van die menslike* organisme om te kan reflekteer. Die tweede oor *die vermoë van die onderbewuste* om verandering te kan verbeeld en die derde oor *die vermoë om die wêreld te verander*. Die menslike vermoë tot refleksie oor die wêreld en eie vermoëns, stel die mens in staat om te reageer op eie gedagtes en gevoelens deur dit te probeer verstaan, kategoriseer, analiseer en modifiseer. Die vermoë om te verstaan en te verander, bring mee dat mense die omgewing aanpas en verander om aan te pas by wat hulle voel en waarneem, en wat vir hulle voordeel inhou. Die menslike eienskap van doelgerigtheid is deel van die proses, wat mens in staat stel om te reageer op iets wat ontdek is tydens refleksie. Dit is dan juis die proses wat

gebruik word om op verskillende maniere verandering, innovasie of nuutheid wat 'n verskil maak, teweeg te bring.

Vervolgens 'n kort bespreking van die prosesse in Feldmann en ander se drieledige model vir kreatiwiteit wat aan die orde gebring word as die prosesse van refleksie, onbewuste denke en verandering.

## 5.1. Die proses van refleksie.

Die proses van refleksie of die vermoë daartoe, word beskryf as die vaardigheid van mense om hulself as mense te kan ken en om eie ervaringe, sowel as die ervaringe van ander, te kan bestudeer. Die doel van die bestudering is die verstaan van eie uniekheid of identiteit. Die eienskap het baie te doen met die "bewussyn" waar die vermoë tot simboliese en abstrakte denke gevorm word. Die proses van refleksie en abstrakte denke is wesentlik tot enige teorie van kreatiwiteit. Binne die proses van refleksie oor 'n ervaring, word vergelykings met die ervaringe van ander gedoen, wat uiteindelik tot leer aanleiding gee. Deur refleksie word onder meer nuutheid ontdek wat verandering kan ondersteun.

## 5.2. Die proses van die onbewuste denke.

Die tweede proses word beskryf as "Transformational impulses from the unconsciousness" (Feldman et al 1994:32). Die proses gaan oor die soort denke wat vanuit die onbewuste ervaring van die krag van verandering, voortgebring word. Dit is denke wat 'n oorsprong het in die beskikbare bewyse van die moontlikheid van verandering. Die proses van refleksie, word gebou op die bewussyn van die ervaringe van die onderbewuste, en die bewuste uiterlike ervaringe. Die resultaat van refleksie kan aanleiding gee tot verdere denke wat nuwe kreatiewe gedagtes voortbring. Dit gaan in die proses van onbewuste denke oor die rol wat gedagtes, drome en fantasie, as unieke menslike vermoëns, tot verandering bydra. Hierdie aspek van menswees is volgens Feldman (1994:33) belangrik vir menswees. Enige beskrywing of nadenke oor kreatiwiteit behoort die aspek van die rol van die onbewuste in te sluit, aangesien dit deel is van menswees.

Die kenmerke van onbewuste prosesse is belangrik in die verstaan van kreatiwiteit. Onbewuste prosesse is *vloeibaar, aaneenlopend, aktief en vrugbaar.* Die onbewuste prosesse het toegang tot alle ander informasie wat beskikbaar is, soos sintuiglike waarneming, persepsies, asook die rasionele bewussyn. Onbewuste prosesse kan ook ingespan word in diens van bewustelike doelwitte. Die onbewuste prosesse gebeur aaneenlopend, soos wat dit soms ervaar word deur kunstenaars en skrywers wat droomtoestande en toestande van semi-bewussyn, aanwend as deel van hulle bronne van kreatiewe inspirasie. Die onbewuste prosesse staan agter die impulse wat verandering, en inspirasie tot verandering, voortbring.

## 5.3. Die proses van verandering.

Die derde proses gaan oor die verandering van die wêreld. In die spel tussen verandering en stabiliteit, word innoverende nuwe idees gebore. Die bewussyn dat die wêreld moet en kan verander, is deel van die uniekheid van menswees. Die gedagte dat die wêreld ‘n beter plek kan wees sit agter baie van die ontdekkings wat reeds die wêreld getransformeer het. In die gebeure vervul domein, veld en kultuur belangrike rolle. In die interaksie tussen bewaring van belangrike aspekte, kwaliteite van ervarings en die behoefte aan verandering, vind kreatiwiteit plaas.

## 5.4. Samevatting:

Kreatiewe werk is nie alleen die voltrekking van individuele dryf, begeerde, moeite of interpretasie nie. Kreatiwiteit gebeur binne die konteks van die bestaande omstandighede, wat invloed en kontrole het oor die proses. ‘n Fyn balans tussen die omgewing waarbinne die kreatiewe werk plaasvind, en die indiwidu wat die kreatiewe gedagtes voortbring, is as noodsaaklik aangetoon. Die interaksie tussen die intensionele handelinge, en die domein en veld, is ‘n uitstaande kenmerk in die teorie van Feldman. In die teorie is die rol van die konteks meer as net die beoordeling van die kreatiewe waarde van die produk. Die omgewing dra by tot verandering, en word self ook verander in die proses soos dit uit die geskiedenis aangedui is. ‘n Wesentlike vraag ten opsigte van kreatiwiteit as verskynsel, is of die omgewing se rol in die gebeure, as bevordering of verhindering van kreatiwiteit dien.

Die belang van refleksie, onbewuste denke en verandering, asook die rol van die onderbewussyn in die generering van nuwe idees en verandering, is opvallend. Die komplekse aard van kreatiwiteit as die doelgerigte proses van verandering in gedagtes en kulture, kom na vore in die samespel tussen indiwidu en omgewing (die domein en veld) waarbinne beweeg word. Dit blyk dat kreatiwiteit volgens die teorie van Feldman as algemeen toeganklike menslike vermoë beskou word. 'n Denkproses wat binne konteks voltrek word waar die vermoë tot transformasie van die omgewing, as inherente menslike eienskap funksioneer. Die aanleer van 'n paar tegnieke om kreatiwiteit te bevorder, sal volgens die teorie van Feldman, nie noodwendig bydra tot kreatiewe optrede nie. Daar moet rekening gehou word met die onsigbare dimensie van die menslike onderbewussyn.

Kreatiwiteit is die handeling waardeur iets nuut bereik word binne 'n bepaalde veld of domein, as deel van die menslike vermoë tot transformasie. Dit geskied in die sisteme van die indiwidu, domein en veld as proses van ontdekking, onthulling, oorweging en aanvaarding. In die gebeure speel die denkprosesse van refleksie, onbewuste gedagtes en verandering as interaksie tussen behoud en behoefte aan verandering, 'n belangrike rol.

Die vraag na die toepaslikheid van die veldteorie van Feldman, binne die raamwerk van die tema van kreatiewe prediking, moet ten slotte hanteer word. Die belangrike rol wat deur Feldman aan die omgewing toegeken word, is noodsaaklik vir die nadenke oor kreatiewe prediking. Bevorder of belemmer die omgewing waarbinne die prediking plaasvind die prediker se kreatiewe vermoëns? Word daar rekening gehou met die onderbewussyn van die prediker in die nadenke oor kreatiwiteit in die prediking? Kritiek ten opsigte van hierdie vraag sou met reg navraag na die verstaan van die konsep van onderbewussyn insluit, 'n navraag wat nie deel van die fokus van hierdie studie uitmaak nie. Laastens moet daar oor die tema van die menslike vermoë tot transformasie van die omgewing gereflekteer word. die vraag is of hierdie vermoë tot transformasie van die omgewing in die interaksie tussen behoud en verandering, in berekening gebring in die strewe na 'n kreatiewe kerklike omgewing?

## 6. Amabile – Konseptuele benadering.

Amabile (1996) benader kreatiwiteit vanuit die sielkunde. In die aanloop tot die hantering van die onderwerp word aangesluit by 'n aantal definisies van deelnemers binne die vakgebied. 'n Aantal van die definisies word vervolgens weergegee as 'n bydrae tot die verheldering van die konsep kreatiwiteit met die bedoeling dat dit die verstaan en werking daarvan sal verhelder.

Amabile (1996:20) verwys na John Watson se vraag "How the new comes into being?" Die vraag is gebaseer op die metode wat die digter sal aanwend om 'n verbale skepping, soos 'n gedig, voort bring. Watson antwoord: "The answer is that we get them by manipulating words, shifting them about until a new pattern is hit upon." Die gewig van die kreatiewe proses, bestaan volgens die siening, in die manipulasie van woorde, om nuwe patrone te skep.

Koestler (Amabile 1996:20) se benadering verskil van Watson.

> "Creativity involves as bisociative process, the deliberate connecting of two previously unrelated 'matrices of thought' to produce a new insight or invention. According to him the process includes the displacement of attention to something not previously noted, which was irrelevant in the old and is relevant in the new context; the discovery of hidden analogies as a result."

Die klem van die benadering val op die doelgerigte proses van assosiasie tussen onverwante gedagtes met die oog op nuwe insig. 'n Sprong van irrelevant in een konteks, na relevant in 'n nuwe konteks.

Die benadering van die Gestalt psigologie tot kreatiwiteit word deur Amabile (1996:20) weergegee. "…creativity and insight arise when the thinker grasps the essential features of a problem and their relation to a final solution." Saam met die gedagte van insig in probleem oplossing, behoort die benadering van Newel (Amabile 1996:20) gelees te word. "Creative activity appears simply to be a special class of problem-solving activity characterized by novelty, unconventionality, persistence and difficulty in new problem formulation." Die twee definisies beklemtoon die aanwending van kreatiwiteit in probleem oplossing. Kreatiwiteit gaan daarom dat die probleem gesnap word, en die moontlike oplossings in verband

daarmee gebring word om, soos in die definisie van Newel, nuwe onkonvensionele oplossings te genereer.

Guilford (Amabile 1996:21) definieer kreatiwiteit in terme van 'n persoon. "Creativity refers to the abilities that are most characteristic of creative people..." "...creative personality is then a matter of those patterns and traits that are characteristic of creative persons." Hierdie persoongerigte benadering tot kreatiwiteit kom volgens Amabile in die meeste navorsing oor kreatiwiteit na vore. Kreatiwiteit word aangewys aan die hand van die resultate of produkte, wat met begrippe soos "surprise, satisfaction, stimulation and savouring" beskryf word. Begrippe wat met die produkte self verband hou, is begrippe soos "novelty, a stated uncommoness" en "adaptive to reality." Die meeste van die beskrywings vertoon 'n graad van subjektiwiteit. Die afleiding kan gemaak word dat kreatiwiteit 'n individuele verskynsel is, wat eie aan mense is wat bepaalde karaktertrekke vertoon. Dit kan ook dui op produkte wat aan sekere beskrywings beantwoord.

Amabile noem haar eie definisie van kreatiwiteit die "conceptual" definisie.

> "A product or response is creative to the extent that appropriate observers independently agree it is creative. Appropriate observers are those familiar with the domain in which the product was created or response articulated. Thus, creativity can be regarded as the quality of products or responses judged to be creative by appropriate observers, and it can also be regarded as the process by which something so judged is produced."

Dit gaan in die definisie om die ooreenstemming van die waarnemers van die resultaat, produk of proses, waarvolgens iets tot stand gekom het in 'n bepaalde veld. Die definisie word verder ontwikkel wanneer die vereistes vir die beoordeling van kreatiwiteit aangedui word as "...the extent that (a) it is both novel and appropriate, usefull, correct or a valuable response to the task at hand , and (b) the task is heuristic rather than algorithmic" (Amabile 1996:35). Heuristiese take word omskryf as take waarvan die oplossing nie voor die hand liggend is nie, terwyl algoritmiese take beskryf word as take of probleme waarvan die oplossing duidelik of roetine is.

## 6.1. Komponente van kreatiewe optrede.

Amabile (1996:83 e v) onderskei drie noodsaaklike komponente vir kreatiewe optrede. Hierdie vaardigheidskomponente word beskryf as "Domain relevant skills", "Creativity relevant skills" en "task motivation." Vervolgens word die drie vaardigheidsvelde kortliks verken met oog op die bydrae wat dit kan lewer tot die verstaan van kreatiwiteit.

### 6.1.1. Domein relevante vaardighede.

Domein relevante vaardighede as eerste komponent, behels aspekte soos feitelike kennis van die domein, tegniese vaardighede wat tegniek en talent omvat, en domein spesifieke vaardighede. Hierdie vaardighede word beskou as die basis van waaruit nuwe reaksies moet voortvloei, en word ook beskryf as kognitiewe bane wat nodig is vir die oplossing van spesifieke probleme (Amabile 1996:85). Die teorie agter die komponent gaan uit van die veronderstelling dat 'n groot stel vaardighede of kennis sal lei tot groter kanse om iets nuuts tot stand te bring, deur die kombinasie van die bestaande kennis en idees. Die vaardighede en kennis sluit onder meer kognitiewe, perseptuele en motoriese vermoëns in, asook formele en informele opleiding binne die domein. Amabile (1997:86) maak die afleiding dat daar 'n hoë korrelasie tussen kreatiwiteit en bekwaamheid in die roetine domeinrelevante take is. Kennis en vaardigheid is volgens die redenasie 'n belangrike onderdeel van kreatiwiteit binne 'n bepaalde domein of veld. Die afleiding word gemaak dat 'n toename in domein relevante vaardighede, ook kan lei tot 'n toename in kreatiwiteit.

### 6.1.2. Kreatiwiteitsvaardighede.

Die tweede vaardigheidskomponent is die kreatiwiteitsvaardighede. Volgens Amabile (1996:88) sal kreatiwiteitsvaardighede 'n persoon in staat stel om verby vorige reaksies of produkte te kan beweeg. Kreatief-relevante vaardighede word onderskei in terme van kognitiewe styl, kennis van heuristiese tegnieke, asook werkstyl. In die verkenning van die elemente is dit duidelik dat onderskeid gemaak kan word tussen eienskappe en vaardighede. Ten opsigte van kognitiewe style, word 'n aantal relevante eienskappe vir kreatiwiteit onderskei in terme van vaardighede (Amabile 1996:88).

- *Breaking perceptual set* is die vermoë om 'n ander benutting van 'n voorwerp te kan insien. Dit sou ook bloot weergegee kon word as die vermoë om ander moontlikhede in 'n voorwerp of idee te kan sien.
- In *Breaking cognitive set*" word geykte onsuksesvolle metodes van probleem oplossing laat vaar, wat oplossing van die probleem op 'n nuwe baan plaas.
- *Understanding complexities* dui op die eienskap van 'n persoon om insig en waardering te toon vir komplekse uitdagings.
- *Keeping response options open as long as possible* beteken dat die opsie om ander idees te ondersoek altyd oop bly.
- *Supending judgement* laat ruimte dat alle idees in oorweging geneem kan word. Soveel moontlik idees oor 'n bepaalde saak of probleem word versamel, met die uitgangspunt dat daar nie iets soos 'n dom of onvanpaste idee is nie.
- *Using 'wide' categories,* stel 'n persoon voor die geleentheid om soveel, en wyduiteenlopende verwantskappe as moontlik, tussen diverse brokkies informasie toe te laat.
- *Remembering accurately* gee aan mense 'n voordeel in kreatiewe prosesse.
- *Breaking out of performance scripts* maak die denker vry van die vasgestelde formaat of volgorde waarin die take en probleemoplossing normaalweg aangepak word.
- *Perceiving creatively* gaan oor die kritiese vermoë om dinge anders as ander mense waar te neem of in te sien, asook om terloopse of toevallige waarnemings te maak van belangrike nuwe informasie.

Kennis van heuristiese metodes met die oog op generering van nuwe idees is aanleerbare vaardighede wat kreatiwiteit kan verbeter. Amabile (1996:89) vermeld enkele tegnieke wat baie herinner aan die tegnieke wat De Bono ontwikkel het. Tegnieke is hulpmiddels om tot groter insig te kom. Die volgende is voorbeelde van sulke tegnieke.

- Laat vaar die logiese oplossing as alles faal, en probeer 'n doelbewuste teen-intuïtiewe metode of benadering.
- Benader die bekende asof dit onbekend is en vir die eerste keer ontdek word.

Die motief vir die gebruik van die tegnieke is om die vasgelooptheid wat soms in die hantering van moeilike probleme voorkom op te hef, en moontlike nuwe oplossings te oorweeg.

*Werkstyle wat kreatiwiteit bevorder* is ‘n derde element van die kreatiewe vaardigheidskomponent. Amabile (1996:89) onderskei kenmerke van die ideale werkstyl wat kreatiwiteit bevorder.

- Die vermoë om vir lang periodes gekonsentreerd te werk,
- om in staat te wees om onproduktiewe metodes en moeilike probleme tydelik te “vergeet”,
- deursettingsvermoë.

Eienskappe wat aan persoonlikheid toegeskryf word vanuit navorsing sluit in: selfdissipline, die vermoë om persoonlike gratifikasie of bevoordeling uit te stel, aanhou te midde van frustrasie, onafhanklike oordeel, verdraagsaamheid vir dubbelsinnigheid, interne lokus van kontrole, openheid vir risiko en selfgeïnisieerde taakgeoriënteerde strewe na uitmuntendheid. Van al die eienskappe bevind Amabile (1996:90) dat onafhanklikheid die mees algemene kenmerk van kreatiewe persone is. Onafhanklikheid word gekenmerk deur die afwesigheid van konformerende gedrag en afhanklikheid van sosiale goedkeuring. Navorsing toon dat sosiale druk tot konformering, ‘n hindernis vir kreatiwiteit is.

Kreatiewe vaardighede bestaan uit twee verskillende aspekte. Aan die een kant is sekere eienskappe wat sommige mense beter in staat stel om kreatief te wees. Aan die ander kant is daar tegnieke en metodes wat aangeleer en ingeoefen kan word om die kreatiewe vaardighede te ontwikkel en te verbeter.

### 6.1.3. Motivering.

Motivering as derde vaardigheidskomponent onderskei tussen ekstrinsieke en intrinsieke motivering. Amabile (1996:91) gaan uit van die standpunt dat intrinsieke motivering bevorderlik is vir kreatiwiteit, terwyl ekstrinsieke motivering ‘n hindernis kan wees. Intrinsieke motivering gaan oor die persoon se houding teenoor, en

belangstelling in die taak wat verrig moet word. Ekstrinsieke faktore word gedefinieer as faktore wat die indiwidu se uitvoering van die taak beheer. Amabile (1996:93) maak die afleiding dat motivering vir die uitvoering van een of ander taak 'n noodsaaklike rol sal speel in die kreatiewe uitvoering daarvan of nie.

Die teoretiese model van Amabile (1996:93) bring die drie komponente bymekaar. Motivering speel 'n belangrike rol in die *inisiëring en voltooiing* van die spesifieke taak. Motivering is bepalend vir die soort uitkoms wat van 'n taak verwag word. *Domein-relevante vaardighede* is die materiaal of die bronne wat gebruik word gedurende die proses. Hierdie komponent bepaal die pad wat gevolg word in die bereiking van die doelwit, asook die kriteria wat ingespan sal word ten opsigte van die uitkomste. *Die kreatiewe vaardighede* beheer die proses in die respons fase en bepaal die manier waarop die soeke na uitkomste sal verloop. Al drie die komponente is saam noodsaaklik vir kreatiwiteit om plaas te vind. Die komponente funksioneer as eenheid, en kan gevolglik nie die proses individueel beïnvloed nie.

In 'n praktiese uiteensetting van die werking van model vir die beoefening van kreatiwiteit, word die drie komponente in verband met mekaar gebring. In die eerste fase van die model word 'n taak of 'n probleem gestel. In die fase vervul die motivering vir die aanpak van die taak, 'n belangrike rol in die kreatiewe aanpak daarvan. Die tweede fase word beskryf as die voorbereiding tot die generering van oplossings of response. Domein-relevante vaardighede word ingespan om relevante informasie en response te formuleer. Verskillende bane of roetes vir die hantering van die probleem of taak is beskikbaar waaruit keuses gemaak kan word. Tydens die derde fase moet bepaal word watter graad van uniekheid of nuutheid van die produk of respons verwag word. Beide taakmotivering en kreatiewe vaardighede kom in spel tydens die fase, wanneer buigsaamheid in die verkenning van kognitiewe bane en moontlikhede gedoen word. Tydens die vierde fase word die keuse van die vorige fase se geldigheid oorweeg ten opsigte van die domein-relevante vaardighede. Tegnieke en metodes wat binne die betrokke domein voorkom word aangewend om die gepastheid van keuses en oplossings te bepaal in terme van korrektheid, waarde en bruikbaarheid in die betrokke veld. In die laaste fase word keuses gemaak op grond van die bevindinge van die vierde fase. Indien die doelwit wat tydens die eerste fase gestel is bereik word, is die taak afgehandel.

Volgens die model breek die einde van die proses aan indien daar geen bruikbare opsies gevind is nie. Sou daar wel vordering wees in die rigting van doelbereiking, kan die proses weer by fase een begin, indien die motivering om die probleem weer aan te pak, reg is.

### 6.2. Samevatting.

Vanuit Amabile se hantering van die verskillende definisies oor kreatiwiteit word die kompleksiteit van die konsep duidelik. Die definisies toon hoe die verskillende benaderinge tot kreatiwiteit op verskillende aspekte van die proses fokus.

- Kreatiwiteit as die *manipulasie* van elemente soos woorde om nuwe patrone te skep.
- Kreatiwiteit as *konteks-sprong* en onkonvensionele *probleemoplossing*.
- Kreatiwiteit as *resultaat van persoonlike eienskappe* van mense.
- Kreatiwiteit as *konsensus* deur kenners wat die regte eienskappe in 'n produk bespeur.

Hierdie samevatting van definisies beklemtoon die buitengewone aard van kreatiwiteit as konsep. Amabile se fokus op die subjektiewe karakter van die verskynsel soos deur die konsensus van waarnemers bepaal word, sluit aan by Feldman se gedagte oor die belang van die konteks as beoordelaar van kreatiwiteit. Kreatiwiteit word beoordeel aan die hand van die kwaliteite van die resultate soos beoordeel deur gepaste waarnemers.

Die komponent model van Amabile verskaf 'n raamwerk waarbinne die proses van kreatiwiteit in aksie gestel kan word. Vanuit die model is dit duidelik dat kreatiewe optrede nie deur domein-relevante vaardighede alleen, of selfs in kombinasie met die regte motivering sal geskied nie. Die samespel tussen die verskillende komponente van die model is 'n belangrike insig. Die motivering, die persoonlike vaardigheid en die domein relevante vaardighede kom in spel. Amabile se beklemtoning van die domein relevante vaardighede hou verband met die beoordeling of meting van kreatiwiteit deur gepaste waarnemers. Die vraag ontstaan, wat kwalifiseer 'n gepaste waarnemer? Impliseer die vraag dat net

predikers kan beoordeel of ‘n preek kreatief is of nie? Predikers beskik tog oor die domein relevante vaardighede vir die prediking.

Vaardigheid en kennis is aangedui as belangrike eienskappe vir die persoon wat in ‘n spesifieke konteks uiting gee aan kreatiewe vermoëns. Sonder die vaardigheid met die houtwerk gereedskap en kennis van die plan, kan ‘n paar planke aanmekaar gespyker word wat nie noodwendig ‘n tafel sal wees nie. Die samespel van motivering, persoonlike vaardigheid en kennis van die omgewing waarbinne kreatief opgetree word, is die belangrike wins van Amabile se model.

Die toepassing van die model vir die praktiese teologie en die prediking hou in dat predikers kenners van hulle vakgebied moet wees. Kennis van die tegnieke en style asook die vaardigheid om dit te kan toepas word gedra deur die motief waarmee die taak verrig word. Die ontginning van eie aangebore kreatiwiteit, sowel as die aanleer van tegnieke om kreatiwiteit te bevorder, blyk noodsaaklik addisionele komponente vir enige prediker te wees.

## 7. Bohm. Kreatiwiteit as sensitiewe waarneming en denke.

Bohm (1998) beskou kreatiwiteit as die tot stand bring van iets met ‘n “quality of originality.” Kreatiwiteit is die rede vir die bestaan van wetenskap, aangesien wetenskap fokus op die ontdekking van iets wat tot dusver onbekend is, “iets” wat beskik oor ‘n “fundemental kind of significance.” Die motief of die beweging tot die ontdekking word gedra deur die behoefte om iets nuuts te ontdek of te skep wat “...whole and total, harmonious and beautifull” is. Om dit te kan regkry word oorspronklikheid vereis (Bohm 1998:1-3).

### 7.1. Oorspronklikheid en waarneming.

Oorspronklikheid en die vermoë tot waarneming gaan hand aan hand. Van enige waarnemer word vereis om vooropgestelde idees oor ‘n onderwerp te laat vaar sodat ontdekking van die nuwe kan plaasvind. Waarneming as die vermoë om iets nuuts raak te kan sien is dan essensieel vir oorspronklikheid. “Real perception that is to see something new requires a person to be attentative, alert, aware and sensitive.”

Hierdie eienskappe maak dit moontlik om te kan onderskei wat nuut is en wat bloot gebaseer is op vooraf geleerde kennis.

Die essensie van kreatiwiteit word opgesom in die konsep van *sensitiewe persepsie*. Persepsie word omskryf as die onderskeid tussen wat nuut en anders is, teenoor dit wat afgelei is vanuit vorige bestaande kennis. “Creativity of some kind may be possible in almost any conceivable field. Creativity is founded on the sensitive perception of what is new and different from what is inferred from previous knowledge” (Bohm 1998:4-6).

Bohm (1998:12) illustreer die proses van persepsie aan die hand van die voorbeeld van Einstein. “Einstein’s basic step was to perceive a new set of essential differences, from which there arose a new relationship of similarity, and thus a *new order of space and time*.” Waarneming lei tot nuwe vrae oor fisiese verskynsels wat weer lei tot nuwe gewaarwordinge oor, in die geval, eienskappe van materie. Kreatiwiteit is nie die blote toepassing van dit wat ander ontdek het in nuwe velde, of selfs die kombinasie of uitbreidings van ander ontdekkings nie. Om kreatief te wees vereis om te verstaan wat ander gedoen het sowel as om te onderskei, tussen die gedagtes of ontdekkings van ander en die nuwe insig wat na vore kom. “It is the feeling out of such differences that will indicate the new similarities that are appropriate to his own situation” (Bohm 1998:13).

‘n Kreatiewe persepsie kan lei tot ‘n nuwe ordening van die bestaande kennis, sonder om die kennis na te boots, of die geldigheid van die bestaande kennis te bevraagteken. “It serves as it were, to help to put our knowledge of the older laws into a more appropriate order, while at the same time it extends the frontiers of knowledge in quite new ways. (Bohm 1998:14). Kreatiwiteit as waarneming behoort die bestaande patrone raak te sien vanuit die bestaande kennis en strukture, en dit sodanig te onderskei dat die orde gevarieer, verstel en aangepas kan word om die waargeneemde feite te kan akkommodeer. Dit gaan daarom dat daar vanuit die geykte patrone van denke en verstaan weggebreek kan word, om nuut te kan waarneem.

Kreatiewe waarneming bring die bewussyn van 'n stel nuwe verskille of ooreenkomste na vore, wat nie gebaseer word op vorige kennis nie. Die nuwe ontdekkings word gestruktureer in nuwe ordes en strukture. Die proses vorm nuwe harmonieuse eenhede wat die verstaan van die nuwe ontdekkings op 'n unieke maniere beïnvloed (Bohm 1998:16). Die proses voltrek in die kreatiewe denkstaat, 'n staat wat Bohm vergelyk met die van jong kind wat altyd oop is om nuwe goed te leer, nuwe verskille en ooreenkomste raak te sien en nuwe ordes en strukture te aanvaar. Dit is 'n staat van denke "that is continually and unceasingly observant of the fact of the actual order of the medium in which one is working."(Bohm 1998:18).

Die kreatiewe proses is gevolglik 'n rasionele proses wat algemene sensitiwiteit van die denker vereis om nie alleen te sien nie, maar ook te onderskei tussen waarneming en voorveronderstelling. Kennis van bestaande raamwerke en veronderstellings waarbinne gehandel en gedink word is noodsaaklik vir kreatiwiteit sowel as 'n verstaan van wat dit beteken om oorspronklik en kreatief op te tree en te dink. Kreatiwiteit vereis vaardige denke. "You must think faster than the horse; or else you will go where the horse wants to go" (Bohm 1998:23). Oorspronklike en kreatiewe denke gaan die meganiese uitvoering van prosesse vooraf. Die soort denke kan ver vooruit sien en aanpassings maak om gebeure wat negatief kan wees te keer voor dit gebeur. Binne die metafoor van die ruiter, beteken dit dat die perd gestuur word, volgens die waarneming en denke van die ruiter. Dit vereis dat voorveronderstellings en uitgangspunte wat gewoonte geraak het, verbreek moet word, sodat nuwe rigtings ingeslaan kan word.

## 7.2. Verbeelding.

Verbeelding speel 'n belangrike rol in Bohm se denke oor kreatiwiteit. Verbeelding gaan oor die vermoë om te kan "ver-beeld" wat nog nie ervaar of gesien is nie. Bohm onderskei tussen verbeelding as kreatiewe en intelligente denke, en verbeelding as meganiese kapasiteit wat die gedagtebeelde wat uit die assosiasies van die geheue voortkom, herrangskik (Bohm 1998:41). Die vorming van denk-beelde en rasionele insig is deel van die kreatiewe proses. Die ontdekking van die relevansie van vrae, wat verwarrende konsepte in bestaande denke uitwys, is sentraal tot die ontdekking van 'n nuwe beskouing van die wêreld. Hierdie

ontdekking kan met insig gelyk gestel word. Die vorming van insig vind plaas in 'n oomblik van verstaan, wat ontvou in die verbeelding en binne nuwe lyne van "...discursive reasoning which are free of the contradiction and confusion that was previously present. (Bohm 1998:50).

Bohm (1998:53) onderskei tussen *imaginative and rational insight* en *imaginative and rational fancy,* waar eersgenoemde beskryf word as "the primary act of perception through the mind along with its immediate display", en die tweede as "the construction or putting together of known concepts and images in logical order." Hierdie samestelling van die bekende konsepte in 'n logiese orde dien as die fondament van kennis, terwyl die waarnemingshandeling en die vertoning daarvan, die struktuur vorm wat op die kennisbasis gebou word (Bohm 1998:54).

Die intelligensie van kreatiwiteit word nou verbind aan insig. Intelligensie is vir Bohm (1998:55) 'n soort verstandelike wakkerheid (mental alertness) wat die essensie van waarneming vorm. Insig is een van die kwaliteite van intelligensie. Insig is nie bloot 'n produk van geheue of opleiding nie, elke situasie moet nuut beskou kan word. Insig het meer te doen met proses van waarneming deur die intellek of die verstand. Die verstand se verbintenis moet losgemaak word van die tendens om aan die gevestigde en beperkte kategorieë vas te hou, sodat die kuns van waarneming deur die intellek kan plaasvind.

## 7.3. Samevatting.

Kreatiwiteit gaan oor die skepping van iets nuut wat 'n kwaliteit van oorspronklikheid en betekenis vertoon. Aan die grond van die proses is 'n fyn sin vir waarneming wat Bohm *sensitive perception* noem. Hierdie fyn waarneming is bedoel om dit wat nuut en anders is, te onderskei van die bestaande. Bohm se beklemtoning van die onderskeid tussen wat ander sê, en die insig wat dit meebring, is 'n belangrike onderskeid waarmee predikers moet rekening hou. Die belang hiervan is dat die saak vir die prediking nie dit is wat die prediker gelees of gehoor het wat nuut is nie, maar die insig of die nuwe verstaan wat daardeur bewerk word. Om kreatief te wees beteken dus nie om ander na te praat nie, maar juis om deur fyn waarneming 'n andersheid te ontdek.

Kreatiwiteit is egter meer as net sensitiewe waarneming. Die waargeneemde moet ook verwerk word. Nuwe ordening van bestaande kennis deur die nuut waargeneemde, of onderskeide kennis, vind plaas met die oog op die verstelling van bestaande patrone van kennis. In die proses funksioneer ‘n nuwe denkstaat wat oop is vir ontdekking en leer, ‘n denkstaat wat vergelyk kan word met die denkstaat van ‘n kind. Die kwalifikasie dat mens *onophoudelik opmerksaam* moet wees, dui daarop dat kreatiwiteit nie iets is wat aan of af geskakel word nie. Die afleiding kan gemaak word dat kreatiwiteit ‘n leefwyse is.

Die Kreatiewe proses is ‘n rasionele proses waarin vaardige en vinnige denke noodsaaklik is. Kreatiwiteit is gevolglik nie ‘n lukrake gebeure waarvoor gewag kan word nie. Kreatiwiteit, volgens die insigte van Bohm, is ‘n doelbewuste rasionele gebeure wat met intelligensie gepaard gaan. Wanneer ‘n voorveronderstelling of ‘n uitgangspunt met ‘n nuwe kreatiewe uitgangspunt vervang word, is dit ‘n rasionele besluit gebaseer op waarneming en vaardige denke. Kreatiwiteit verlang dat daar vooruit gedink word, sodat die denker die koers bepaal, nie die gang van die omstandighede nie.

Bohm se insig in verbeelding as die “ver-beeld-ing”, of sigbaar maak van nuut ontdekte patrone of prosesse as denkbeelde en rasionele insig in die gedagtewêreld, is ‘n belangrike bydrae tot die verstaan van kreatiwiteit. Die kreatiewe verbeelding is ‘n gebeure waarin die nuwe as ‘n gedagtebeeld in die gedagtewêreld geskep word. Hierdie gedagtebeelde is die resultaat van die fyn waarneming en vinnige denke van die kreatiewe gebeure. Gedagtebeelde moet egter nie net in die gedagtes bly nie, anders is dit niks meer as dagdromery nie. Die verbeeldingswêreld moet dieper verken en bedink word, met die oog op die realisering of toepassing daarvan binne ‘n nuwe realiteit.

### 8. Goswami - Kreatiwiteit as kwantum sprong.

Kreatiwiteit is ‘n noodsaaklikheid vir die samelewing. Sonder kreatiwiteit sal gemeenskappe sonder vitaliteit wees, en ‘n mens se siel sal verhonger en uitsterf (Goswami 1999:16). Goswami se benadering tot die verstaan van kreatiwiteit vereis

'n geïntegreerde wêreldbeeld. Hy vind dit in die kwantum meganika. Kreatiwiteit is moontlik binne die wêreldbeeld van die kwantum teorie omdat 'n

> "...quantum mind will come up with, in addition to the old, a number of previously unexplored possibilities, among which may well be a never-before-manifested answer that is really new….quantum physics gives us a revolutionary way of conceptualizing about our selves, our minds, and thus about our creativity" (Goswami 1999:31).

Goswami (1999) beskryf kreatiwiteit as "...the process of bringing something new into being" (Goswami 1999:34). Onderskeid word getref tussen die begrippe "situational creativity" en "fundamental creativity." Situasionele kreatiwiteit beskryf die oplossing van nuwe probleme deur die kombinering van ou idees op nuwe (novel) maniere. "Fundamental creativity" beskryf hy as "true originality of which only conciousness in its unconditioned freedom is capable" (Goswami 1999:34). Fundamentele kreatiwiteit kan opgesom word as egte oorspronklikheid. Die oorspronklikheid word nie beïnvloed deur die konteks nie en is die resultaat van vrye denke.

Die probleem met die verstaan van kreatiwiteit hou verband met die assosiasie tussen kreatiwiteit en die konsep van skepping uit niks. Die gedagte lei tot beswaar, aangesien die heersende wêreldbeeld bepaal dat dit onmoontlik is om iets uit niks tot stand te bring. Dit lei tot die vraag wat die konsep "nuut" beteken. Goswami (1999:35) erken dat daar materieel gesproke waarskynlik nie veel is wat nuut is nie, daarom verskuif die klem van dit wat materieel nuut of anders is, na nuwe betekenis of gedagtes, wat in die bewussyn ontspring. Die nuwe betekenis wat uit die skilderkuns en die digkuns uitgelok word, word as kreatief beskou.

Die betekenis van die konsep "nuut" het 'n impak op die definisies van kreatiwiteit in situasionele en fundamentele konteks. "Fundamental creativity is the manifestation of something new in a new context of value through a process that involves discontinuity." Fundamentele kreatiwiteit voltrek in 'n nuwe konteks van waarde. Dit dui op iets betekenisvol wat nog nie van te vore bestaan het nie. "Situational creativity consists of creating a new product or solving a problem in a way that reflects new meaning and value in an old context or a combination of old contexts."

(Goswami 1999:36). In die verband sou kreatiwiteit impliseer dat daar 'n konteksverskuiwing plaasvind.

Die essensie van kreatiwiteit kan in drie basiese begrippe opgesom word as "discontinuity, consiousness and meaning." Die uitdaging vir die kreatiewe is om nuwe kontekste te vind wanneer die nuwe nie in die bestaande konteks inpas nie. "...sometimes, creativity is that simple: recognize that what is not forbidden is allowed" (Goswami 1999:39). Wanneer intuïsie die beperkinge van die huidige konteks onthul is dit tyd om die vrae op te volg en 'n nuwe konteks te vind of te skep.

## 8.1. Die proses van kreatiwiteit.

Die proses van kreatiwiteit word as vier fases beskryf.

- Fase een is die fase van voorbereiding en behels hoofsaaklik die insameling van informasie. Intuïsie, gevoel en ruim denke (an open mind) is belangrike voorvereistes vir fase een.
- Fase twee word beskryf as die inkubasie fase. Al die gedagtes en gevoelens wat versamel is moet die geleentheid kry om bewustelik en onbewustelik te kan grondvat. Aktiwiteite wat deel van die fase vorm is onder meer ontspanning, spel en slaap.
- Die derde fase is die illuminasiefase, die "eureka moment" of die "a-ha ervaring." In die fase vind verheldering plaas wat lei tot nuwe idees of gedagtes, wat skielik te voorskyn kom.
- Fase vier word die verifikasiefase genoem. Die nuwe idee of insig word uitgewerk, geverifieer en geëvalueer (Goswami 1999:43).

Goswami se definisie vir kreatiwiteit word geformuleer teen die agtergrond van die kwantum fisika. "To see the potency of creativity, we must realize that creativity is a discontinuous jump out of the existing system. When this discontinuous jump out of a system involves a new context of value that manifests a new product, it is an act of fundamental creativity." (Goswami 1999:57).

Om die gebeure van die moment van kreatiwiteit te verstaan gebruik Goswami die kwantum teorie as verduideliking. "Creative thoughts that shift our contexts or reveal new meaning are discontinuous leaps from our ordinary stream-of-consciousness

thoughts" (Goswami 1999:67). Nuwe idees kom voor in kontekste wat verwyderd is van die probleem, soos weerligstrale tydens ‘n storm, sonder dat mens noodwendig weet waar die idees vandaan kom. Die teorie agter die kwantum sprong help om hierdie diskontinue gebeure van kreatiwiteit te begryp. ‘n Kreatiewe moment word beskryf as die skielike sterwe van ‘n ou gedagtepatroon terwyl ‘n nuwe gedagtepatroon die plek daarvan onmiddelik inneem, sonder enige kousale of lokale verband tussen die twee gebeurtenisse.

> "Our thoughts are quantum objects. They, too, expand in possibility (becoming superpositions of many possible thoughts) when we are not paying attention to them. If, by chance or perseverance or both, a new possibility arises, and we collapse it by looking, we have a hit, a quantum hit, a discontinuous collapse of a creative event that reveals a new context of meaning" (Goswami 1999:74).

Die menslike gedagtewêreld is gevul met baie verskillende gedagtes. Die uitdaging is om op die regte oomblik te kyk en ‘n nuwe gedagte te identifiseer. Die regte gedagte is egter nie sommer enige gedagte nie, aangesien kreatiwiteit nou verbind word met waardes. Waarheid is vir Goswami die belangrikste waarde. "All acts of fundamental creativity are in some ways attempts to express some absolute trancendent truth, this truth is a common aspect of archetypal themes" (Goswami 1999:79). Kreatiwiteit is ‘n poging om aan die transendente absolute in die relatiewe van die immanente uitdrukking te gee. "It tries to encapsulate the infinite with finitude" (Goswami 1999:80). Die gedagte vol potensiaal, wat raakgesien word in die gedagtewêreld as ‘n absolute, word deur die kreatiewe proses gerealiseer of gekonkretiseer. Die gevolg is dat die onbeperkte van die gedagte wêreld op een of ander manier in die realiteit vasgevang word. Anders gestel, die visie wat in die skilder se gedagtewêreld ontstaan word deur die kreatiewe proses ‘n tasbaarheid in die skildery. Hierdie proses geskied in die kwantum modaliteit.

Die hantering van die nuwe waarheid wat ontdek word lê in wat Goswami die kwantum modaliteit noem. "It is our quantum self that communicates the new to us, which is felt as intuition in our ego mode ....it is our intuition that gives us a vague feeling that something new is to be done" (Goswami 1999:151). In die proses moet die oue gedekonstrueer word om plek te maak vir die nuwe. In aansluiting by Carl

Rogers stel Goswami (1999:152) dat die voorbereidingsfase in die kreatiewe proses 'n "open mind" vereis asook die oortuiging dat die bestaande idees, programme en kontekste, onvoldoende is. Die voorbereiding loop uit op die res van die proses, waar werk en rus afwisselend bydra tot die ontwikkeling van nuwe onaangeleerde stimuli, konflikte en teenstrydighede, wat insig en nuwe idees voortbring.

## 8.2. Samevatting.

Goswami se teorie vir kreatiwiteit kom vreemd voor as gevolg van die vreemde konteks van die kwantum meganika, waarteen dit aangebied word. Die verplasing van die kreatiwiteit weg van die produk na die proses daarvan, is waardevol vir die verstaan daarvan. Kreatiwiteit is 'n diskontinue sprong tussen verskillende, onverwante kontekste, waar probleme of vraagstukke gedekonstrueer en herkonstrueer kan word in die nuwe. Die klem val nie op die nuwe produk of konsep wat tot stand gebring word nie, maar op die krag van die betekenisverskuiwing wat bewerk word. Die onvoorspelbaarheid van die gebeure wat in die metafoor van die onbekende oorsprong en bestemming van weerlig weergegee word, kommunikeer iets van die misterie van kreatiwiteit.

Goswami se sistematisering van die verskillende fases van 'n kreatiewe proses as voorbereiding, inkubasie, verligting en verifikasie, bring nuwe verstaan in die proses van kreatiewe denke. Teenoor die teorieë wat sterk klem lê op die omgewing, eienskappe en kennis wat noodsaaklik vir die kreatiewe proses is, laat Goswami ruimte vir die onbekende nuwe gedagtes om neerslag te vind. Die rol van intuïsie as aanduider van die behoefte aan verandering en nuwe koers is veral waardevol.

Die beste beskrywing van die Goswami se verstaan van kreatiwiteit, is die verduideliking dat die gedagtes wat in vryheid in die onbeperkte van die transendente sfeer rondswerf, immanent word deur die kreatiewe proses. Die voorbeeld van die skilder, wat deur die kreatiewe proses die prentjie wat in die

gedagte leef deur middel van die medium van verf en tegniek sigbaar maak sodat dit betekenis kan kommunikeer, is ‘n gepaste beeld om die gebeure mee vas te vang.

Wat die beoordeling van hierdie teorie betref bring die toevalligheid, wat onderliggend aan die teorie is, ‘n grys area na vore. Die feit dat die ontdekking van die nuwe afhanklik gemaak word van die denker se toevallige raaksien daarvan op die regte oomblik, maak van die kreatiewe gebeurtenis is gebeure wat van kans of ‘n gelukskoot afhanklik is.

Goswami se waarde is geleë in die alternatiewe konteks van die kwantum teorie waarbinne kreatiwiteit beskryf word. In die proses is die persoon se sensitiwiteit vir nuwe gedagtes belangrik. Kreatiwiteit vereis ‘n funksionering in die kwantum modaliteit waar dekonstruksie van die oue en herkonstruksie van die nuwe ‘n noodsaaklikheid is. Die rol van intuïsie sowel as die intensionele soeke na die nuwe, impliseer ‘n voortdurende openheid of sensitiwiteit vir die nuwe wat skielik en onverwags uit vreemde oorde mag opduik.

### 9. Buzan. Kreatiewe intelligensie.

Buzan (2001) werk met die konsep “Creative intelligence.” Kreatiewe intelligensie word beskryf as “the ability to come up with new ideas, to solve problems in original ways, and to stand head and shoulders above the crowd in terms of your imagination, your behaviour, and in your productivity” (Buzan 2001:6).

Buzan onderskei ‘n sewetal faktore wat deel uitmaak van kreatiewe intelligensie en beklemtoon die feit dat elk van die elemente aangeleer of ontwikkel kan word. Die volgende opsomming verteenwoordig die elemente van kreatiewe intelligensie soos deur Buzan (2001:7) onderskei.

- Linker- en regterbrein denke, die vermoë om al die verskillende vaardighede wat toegeskryf word aan die linker en regter hemisfere uit te voer deur die gebruik van die “heelbrein.”

- Die vermoë om gedagtes sigbaar te maak deur die tegniek van "mind mapping" (breinkaarte) waardeur gedagtes deur middel van woorde en beelde op papier vasgevang word.
- Die spoed waarteen nuwe idees gevorm kan word wat hy, "fluency" noem.
- Buigsaamheid of aanpasbaarheid. Die begrip "flexibilty" sluit die vermoë in om verskillende soorte idees voort te bring, verskillende strategieë of benaderinge te kan volg ten opsigte van 'n saak, ander uitgangspunte te oorweeg en ou gedagtes in nuwe volgordes te rangskik. Dit geskied deur al die verskillende sintuie in die proses te gebruik, met die oog op skepping van nuwe idees.
- Oorspronklikheid. Dit behels die generering van ongewone, unieke, eksentrieke idees waaraan niemand anders tevore gedink het nie.
- Uitbreiding van idees. Die vermoë om 'n sentrale gedagte uit te bou in alle moontlike rigtings tot geen opsies meer oor is nie.
- Assosiasie. Die vermoë om deur middel van assosiasie van verskillende idees, kreatief te wees.

Buzan se algemene uitgangspunt is dat kreatiwiteit deur enige persoon aangeleer kan word. Die proses word vergelyk met die oefening van verwaarloosde spiergroepe wat oor die kapasiteit vir sekere aktiwiteite beskik en bloot geaktiveer moet word (Buzan 2001:16). Die algemene waarneming word gemaak dat die ontwikkeling van die een onderontwikkelde area ook 'n impak op ander areas van aktiwiteit het. Mense wat op die gebied van syfervaardigheid onderrig is, het verbetering getoon op die terreine van verbeelding en musikaliteit (Buzan 2001:17). Die waarneming lei tot die afleiding dat die sfere van die brein op een of ander manier oor en weer informasie uitruil met die gevolg dat die brein sinergeties informasie opbou, wat bydra tot die algemene intelligensie en kreatiwiteit.

Buzan beklemtoon die noodsaak van heelbrein denke, wat beteken dat die volle spektrum van kortikale vermoëns ingespan word. Hy verwerp die siening wat onderskeid tref en mense kategoriseer as denkers met linkerbreinvoorkeur of regterbreinvoorkeur. Die implikasie van die beskrywing van mense as regterbreindenkers, is dat sulke mense net helfte van hulle breinkapasiteit benut. Hulle funksioneer soos 'n atleet wat net met die linker of die regter helfte van die liggaam probeer hardloop (Buzan 2001:21-24).

Verskillende vermoëns word aan die verskillende dele van die brein toegeskrywe. Funksies wat te doen het met woorde, logika, syfers, volgorde, lineariteit, analise en die gebruik van lyste word aan die linkerbrein werking toegeskryf. Aan die regterbrein word funksies van ritme, ruimte bewussyn, dimensie, verbeelding, dagdromery, kleur en 'n bewussyn vir die geheel toegeskryf (Buzan 2001:14). Navorsing bevind dat wanneer die een kant van die brein aktief is, die ander kant geneig is om in 'n staat van rus te verkeer. Die afleiding word gemaak dat meeste mense die brein nie volledig benut nie (Buzan 2001:15).

Buzan het 'n hele reeks "rate" vir die verbetering van heelbreindenke. Sy werk is baie prakties ingestel en fokus op tegnieke wat kreatiwiteit stimuleer. Buzan se belangrike bydrae tot die bevordering van kreatiwiteit is die gebruik van breinkaarte (Buzan 2000; Buzan 2001:35-44). Die motief vir die ontwikkeling van die tegniek word onder meer aan die skoolsisteem toegeskryf. Die skoolsisteem word beskryf as die "non-creativity prison." Gebrek aan kreatiwiteit is die resultaat van die manier waarop mense deur die skoolsisteem gaan. Dit begin by die manier waarop mense notas van lesings maak. Notas word normaalweg met een kleur pen of potlood afgeneem op papier waarop lyntjies gedruk is. Notas word gerangskik binne die lyntjies op die papier en lees van links na regs. Volgens Buzan verveel die metode die brein aangesien die lyste, lyne, nommers, ordes en letters op die terrein van die linkerbreinvaardighede is. Die verwaarlosing van die regterbrein elemente beteken dat net helfte van die brein benut word. Die alternatief vir die soort lineêre denke, is die benutting van uitstralende denke of "radiant thinking" (Buzan 2001:39). Die breinkaartkonsep demonstreer die gebruik van kleure, vloei, visuele ritme, beelde, prente, dimensie en rangskikking van spasie en ruimte in die denkproses. Die elemente bring die vaardighede van die regter hemisfeer van die brein in spel saam met die linkerbrein en aktiveer die hele brein. Buzan verwys na verskillende geniale denkers en ontdekkers van die verlede soos Da Vinci, Galilei, Einstein en Darwin wat hulle idees deur woorde en beelde op papier sigbaar verbeeld het (Buzan 2001:45-49).

### 9.1. Samevatting.

Die waarde van Buzan vir denke oor kreatiwiteit is geleë in die manier waarop kreatiwiteit deur eenvoudige tegnieke en oefeninge vir alle mense toeganklik gemaak word. Die benadering toon aan hoe verbeelding, gedrag en produktiwiteit verander en verbeter kan word, deur die aanvaarding van 'n kreatiewe leefstyl. Die benutting van die breinkaart metode is 'n handige hulpmiddel wanneer dit eers bemeester is. Buzan se verduideliking van die aanleer van die breinkaart tegniek asook die helder verduideliking van die resultate maak dit meer toeganklik. Aan negatiewe kant sou iemand wat 'n voorkeur vir die gebruik van die linkerbrein kapasiteit het, moontlik gefrustreerd raak wanneer notas nie ordelik, netjies en eenvormig binne die lyne van die bladsy gemaak word nie. Die sirkulêre uitleg van die breinkaart en die "kopskuif" wat dit vra, mag dalk na te veel moeite lyk. Waarskynlik sal mense met 'n natuurlike voorkeur vir die funksionering in die aktiwiteite van die regterbrein veel makliker by Buzan se teorie aanklank vind. Die uitdaging is uiteindelik nie of die regter of linker hemisfeer van die brein benut word nie, maar dat die hele brein ten volle benut word.

## 10. Neethling – Kreatiwiteit, 'n vars benadering tot die lewe.

Neethling werk vanuit 'n opvoedkundige agtergrond. Die uitdaging vir die een-en-twintigste eeu is om die vermoë te ontwikkel om die hele brein te gebruik, sodat moontlikhede en oplossings geskep kan word, wat doel en passie in die lewe kan teweegbring (Neethling 2004:8). Neethling se belangrike bydrae tot kreatiwiteit is die ontwikkeling van heelbrein denke. Die manier waarop mense dink is die een aspek waaraan verstellings of verandering aangebring kan word.

Volgens Neethling (2001:9) bestaan daar meer as vierhonderd definisies wat kreatiwiteit probeer omskrywe. In sy werk volstaan hy met die inleidende gedagte dat kreatiwiteit 'n ervaring is, 'n vars of nuwe benadering tot die lewe waardeur nuwe lig gewerp word op die manier waarop mens sigself, die lewe, die besigheid, organisasie, land en selfs wêreld sien. Die soeke na 'n definisie word opgesom: "...one should not even try to define that which is undefineable" (Neethling 2001:9). 'n Enkele omvattende definisie vir kreatiwiteit blyk onmoontlik te wees.

Neethling (2005:12) gee ‘n omvattende opsomming van woorde en gedagtes wat met kreatiwiteit in verband gebring word. 'n Opsomming van begrippe uit woordeboeke lei tot die volgende belangrike begrippe: “able to create, inventive, imaginative, ground-breaking, generative, innovative, original, expressive, artistic ingenious, inspired, stimulating, productive, visionary, clever, gifted.” Neethling som die gedagtes oor kreatiwiteit op in ‘n eenvoudige sin as, “an openness (of eye and mind) to discover the creative possibilities out there“ (Neethling 2005:14).

Kreatiewe mense is in staat om tussen informasie te kan onderskei en te prioritiseer. Hulle kan die alternatiewe reg kies en die detail daarvan uitwerk sonder om oorhaastig te wees. Kreatiewe mense is in staat om te wag tot die regte sprong of moment in die gedagtes kan plaasvind. Kreatiwiteit is nie iets wat oorerflik is nie, maar ‘n vaardigheid wat aangeleer en ingeoefen kan word. Kreatiewe mense word beskryf as mense wat probleme kan raaksien, definieer en oopmaak. Hulle is in staat om van die gewone algemene idees te kan wegstuur om skaars en oorspronklike oplossings te vind (Neethling 2004:27).

Neethling (2004:28 e v) sluit aan by die ander skrywers se terme en brei dit uit as hy die eienskappe of vermoëns van kreatiewe optrede in die volgende terme of frases aandui:

- Fluency, smooth and agile thinking,
- Originality, unique and novel thinking,
- Focus on the essence and spirit,
- Elaboration, refining and developing ideas.
- Remain open – guard against a closure of thinking.

### 10.1. Heelbreindenke.

Die uitdaging vir kreatiewe denke is om uit die beperkings van gekondisioneerde maniere van dink los te kom. Deur die werking van die brein, in die besonder die verdeling linker- en regterbrein te verstaan, sal nie net lei tot nuwe perspektiewe nie maar ook kreatiewe oplossings en deurbrake moontlik maak (Neethling 2004:52).

Die brein word beskryf as die beheersentrum van denke, gevoel, spiritualiteit en kreatiwiteit. Die wye verskeidenheid funksies noodsaak kennis oor die brein (Neethling 2005:65). Die verstaan van die werking van die brein word beskryf aan die hand van verskillende fisiese verdelings van die brein. Die onderskeiding van die verskillende dele word gekoppel aan verskillende funksies. Neethling (2005:66 e v) verwys na McLean se drie-ledige verdeling asook die onderskeiding tussen die regter- en linkerhemisfere van die brein. Hierdie onderskeiding van die funksies van die onderskeie hemisfere van die brein is belangrik in die verstaan van heelbrein denke.

Die ontdekking van die verskillende funksies van die linker en regter hemisfere van die brein deur Sperry en andere (Edwards 1986:10 e v; Neethling 2004:54) vorm die basis van die heelbrein teorie. In navorsing met epilepsie lyers is gevind dat die linker hemisfeer van die brein die regterkant van die liggaam beheer en verantwoordelik is vir funksies wat te doen het met taal, spraak en logiese en analitiese denke. Die regter hemisfeer van die brein is verantwoordelik vir die linker kant van die liggaam, en beheer funksies soos visualisering en holistiese ongestruktureerde take. Verdere navorsing oor breinvoorkeure (vgl Edwards 1986; Alder 1993; Neethling 2004; 2005) het gewys dat mense geneig is om een deel van die brein meer as die ander deel te gebruik. Die geneigdheid beïnvloed mense se fisiese en verstandelike funksionering asook hulle persoonlikheid en benadering van mense en probleemoplossing. Neethling het 'n reeks omvattende toepassings van die breinvoorkeure van mense uitgewerk wat toegepas word op bykans elke dimensie van menswees.

Oor die algemeen word mense wat regterbrein dominant is, geag om kreatief te wees, en mense wat linkerbrein dominant is logies en rigied. 'n Volledige onderskeiding van die verskillende eienskappe van die hemisfere word deur Neethling (2001:47 e v) en Buzan (2000:34) gedoen. Hiervolgens kan die volgende aspekte en vaardighede van menswees aan die funksionering van die linkerhemisfeer van die brein toegeskrywe word:

- Taal wat woorde en syfers insluit,
- spraak,
- analitiese denke,

- logika,
- volgorde,
- liniariteit en
- lyste.

Aan die regter hemisfeer van die brein word die volgende vaardighede en eienskappe toegeskryf:

- visuele vermoë,
- holistiese denke of gestalt,
- ongestruktureerdheid,
- ritme,
- ruimte,
- verbeelding en drome,
- kleur en dimensie.

Neethling verbreek die eksklusiewe onderskeid wat mense as linker- of regterbrein denkers klassifiseer, asook die invloed wat die onderskeid sou hê op die bepaling van hulle kreatiewe vermoëns. Alle mense, ongegeag van hulle breinvoorkeure, is in staat tot beide kreatiewe én logiese denke. Hierdie potensiaal tot kreatiwiteit en logika word verhoog deur heelbrein denke.

Kreatiwiteit is aanleerbaar en word beïnvloed deur kultuur, omgewing en ruimte. Kreatiwiteit gaan egter nie net om aangeleerde vaardighede en tegnieke nie, maar om die oorwinning van struikelblokke en die hantering van die lewe in die algemeen (Neethling 2004:53 e v). Met die oog hierop het Neethling breinprofiel-instrumente ontwikkel waarmee breinvoorkeure van mense bepaal word. Die doel van die instrumente is om mense in staat te stel om die werking van hulle brein te verstaan en vaardighede aan te leer met die oog op heelbrein funksionering (vgl Neethling 2004 en 2005).

Die resultate van die breinprofiel instrumente word op bykans elke lewensdimensie toegepas. Die resultate word aangewend met die oog op leiding vir beroepskeuses, leierskapontwikkeling, menseverhoudinge, leerpatrone en ouerskap. Breinvoorkeure word ook op ekonomiese terrein verken en aangewend (vgl Neethling 2004). Die

uitgangspunt is dat mense se verstaan van hulle eie brein voorkeure en nie-voorkeure, hulle in staat stel om die nie-voorkeur aspekte van hulle menswees te ontwikkel en hulle voorkeur funksies uit te brei en toe te pas. Die uitdaging is om van linker- of regterbreindenke na heelbreindenke te beweeg en om die verskillende implikasies vir alle lewensdimensies en verhoudinge te verreken.

Neethling het 'n hele aantal oefeninge en aktiwiteite ontwikkel wat bedoel is om mense te help om kreatiwiteit te stimuleer en aan te leer. Die aanname is dat indien mens in staat is om jou gedagtes te beheer, mens in staat kan wees om jou lewe te beheer. Die oefeninge en aktiwiteite is dan juis ontwerp om mense te bemagtig om die hele brein te benut (vgl Neethling 2004:116 e v; 2005:121 e v).

## 10.2. Samevatting.

Neethling se werk kom vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief oor kreatiwiteit wat die benadering kontekstueel relevant maak. Die hantering van die konsep van heelbreindenke is veel meer omvattend as die van Buzan wat in die vorige afdeling bespreek is.
Neethling se ontwikkeling van breinprofiel instrumente is veral waardevol om die ontwikkeling van heelbreindenke te bevorder en aan te leer. Sy siening van kreatiwiteit as 'n ervaring, neem kreatiwiteit vanuit die teoretiese perspektief na die praktyk van die lewe. Die beskrywing van kreatiwiteit as 'n vars, nuwe benadering tot die lewe, bring 'n verruiming van die toepasbaarheid daarvan vir alle fasette van menslike bestaan. Die omvangryke toepasbaarheid vir die totale menslike lewe strek vanaf die persoonlike tot by 'n universele dimensie. Neethling se denke word nie beperk tot veld van die opvoedkunde as oorspronklike terrein nie, maar word ook uitgebrei om uiteenlopende velde soos sport en besigheid in te sluit. Met hierdie wye veld van toepassing word die deur geopen om heelbreindenke ook in die teologiese konteks van toepassing te maak.

Die klem op kreatiwiteit as vars benadering tot die lewe in die mees omvattende sin, asook die aanmoediging tot openheid vir die kreatiewe moontlikhede "daar buite", lok die kreatiewe denker om ook wyer as die beperkinge van eie konteks te beweeg. Neethling se beklemtoning van die aanleerbaarheid van kreatiwiteit, asook die

praktiese metodes en tegnieke tot die bevordering van kreatiwiteit, help om daarvan ‘n toeganklike dissipline te maak.

Neethling se hantering van die eienskappe van kreatiwiteit sluit aan by die van Torrance. Vloeiendheid, of vlotheid van idees, oorspronklikheid, fokus op die essensie en uitbreiding of verfyning van idees, word aangevul met openheid van denke. Om nooit op te hou om die nuwe te verwag nie maar altyd op die uitkyk te wees vir vars nuwe benaderings en beskouings.

Neethling se fokus op die ontwikkeling van heelbreindenke is ‘n betekenisvolle moment vir die verstaan en toepassing van kreatiewe denke. Waar Buzan se benadering heelbreindenke aanmoedig, dien Neethling se meetinstrument om die voorkeure van mense te bepaal en te verduidelik met die oog op groei na heelbreindenke.

Die relevansie van Neethling se bydrae tot kreatiwiteit vir die teologie en in besonder vir die prediking, is uiteenlopend. Die eerste belangrike insig is vir die prediker tot verbetering van eie vaardighede. Kennis van eie breinvoorkeure kan daartoe lei dat persone met vrymoedigheid volgens eie voorkeur kan leef en werk. Verbeterde selfaanvaarding, sowel as begrip vir ander mense met verskillende voorkeure, behoort tot wedersydse verstaan en aanvaarding te lei, wat ook in die prediking kan neerslag vind.

Begrip vir die verskillende dimensies van breinvoorkeure sal ook impak maak op die prediker se omgang met mense. ‘n Sensitiwiteit by die prediker vir die agt verskillende groeperinge mense waarvoor die breininstrument voorsiening maak, sal impak hê op die aanbiedingstyl en die verpakking van die inhoud van preke. Mense met verskillende voorkeure het verskillende behoeftes en reageer verskillend op aanbiedings.

Die gevaar van die gebruik van die breinprofiel instrumente is dat mense in verskillende kategorieë getipeer word. Die resultate van die instrument word weergegee met die kodes R1, R2, L1, L2 (vgl Neethling 2004:89 e v). Elk van die kategorieë word verteenwoordig deur twee tipologieë van mense. L1 word

onderskei as *realisties* en *analities*. Dit is moontlik dat mense as 'n linkerbrein of regterbrein getipeer word of onderskei word as realis of analis en dan beperkend beskou word as een of die ander. Die tipering van die een of die ander kategorie, kan ook lei tot verskonings vir leemtes. 'n Persoon kan homself beskryf as 'n L1, met die implikasie dat eienskappe wat by L2 of R2 voorkom, verwaarloos word. Mense is veel meer as net 'n tipologiese beskrywing wat deur 'n meetinstrument bepaal of geklassifiseer word.

## 11. Lemons. Kreatiwiteit en improvisasie.

Lemons (2005) pas elemente van improvisasie in die proses van kreatiwiteit toe. Kreatiwiteit word hanteer aan die hand van vier konsepte nl: "the creative product, the creative environment (often called "press" for the purpose of alliteration), the creative person, and the creative process." (Lemons 2005:26).

### 11.1. Die kreatiewe produk.

Die mate waarin 'n produk 'n kwaliteit van ongewoonheid (novelty) vertoon, word as maatstaf vir die bepaling van kreatiewe produkte aangelê. Die woord "novelty" word algemeen gebruik om die uniekheid van die kreatiewe te omskryf. Die woord dra die betekenisse van *nuutheid, nuwigheid uitheemsheid*, *noviteit* . Saam met die begrip word die terme, *oorspronklikheid en bruikbaarheid* ("utility or social usefulness") gebruik. "If the product fits the needs of society, it is more likely to be recognized and accepted" (Lemons 2005:26).

### 11.2. Die kreatiewe omgewing.

Kreatiwiteit voltrek binne die sosiale milieu of omgewing. Die omgewing het 'n invloed op kreatiwiteit aangesien mense wat kreatief wil wees, met die idees en die oortuigings van die gemeenskap in pas moet wees. Deel van die omgewing en die eise wat daarmee gepaard gaan, word beskryf as die invloed van die "cultural, economic, and political zeitgeist" (Lemons 2005 :26).

## 11.3. Die kreatiewe persoon.

Kreatiewe persone word beskryf in terme van menslike eienskappe. Dit sluit in, ‘n “creative personality”, “cognitive abilities or creative process” wat kreatiwiteit moontlik maak. In terme van menswees word hulle beskryf as “...confident in their abilities and ... a tolerance for ambiguity. Creators also have a general lack of cognitive and behavioral inhibitions, are open to different experiences, and are willing to take risks.” (Lemons 2005:26). Kreatiewe persone kan volgens hierdie tipering beskryf word as waagmoedige mense wat met paradokse kan saamleef en dit gebruik. Kreatiewe persone is mense wat die grense van die bekende, deur vrye denke kan oorbrug, mense wat bereid is om risiko’s te neem.

## 11.4. Kreatiewe proses.

Die doel van die kreatiewe proses word aangedui as die bewerking van transformasie. Sentraal in die proses van transformasie is ‘n verandering van persepsie of waarneming. Die beskouing of persepsie van ‘n voorwerp word verander deur ‘n herstrukturering van die konsepte of die idees daaroor. Om die verandering te bewerk kan behels dat addisionele informasie oor die voorwerp ingewin word. Dit kan ook teweeg gebring word deur aandag te gee aan voorheen verwaarloosde informasie of die opheffing van beperkings (Lemons 2005:26).

‘n Belangrike moment wat Lemons tot die proses van kreatiwiteit bydra, is die konsep van doelgerigtheid. Doelgerigtheid in die kreatiewe proses impliseer passie, belangstelling en ‘n doelwit wat dien om die individu in die kreatiewe taak te motiveer. Lemons beskryf die verbinding tussen kreatiwiteit en passie as volg: “the creative mind plays with the object it loves.” Kreatiwiteit en passie is gevolglik onlosmaaklik aan mekaar verbonde (Lemons 2005:27).

## 11.5. Improvisasie.

Improvisasie as kreatiewe gebeure, begin met ‘n tema of onderwerp wat gekies word as wegspringpunt. Die verskil tussen improvisasie en kreatiwiteit lê juis in die wegspringpunt. “Improvisation is not just a seat-of-your-pants, create-something-from-nothing performance. Successful improvisation consists of chosen activities: a

theme, a headline, an exercise, a melody that gets the action started" (Lemons 2005:27). Die reeds bestaande temas, of logika van 'n bepaalde onderwerp word in improvisasie hanteer met die oog op 'n verbetering. Dit gaan om werk wat binne 'n bepaalde struktuur gedoen word in samewerking met ander. "... improvisation is spontaneous, works within a structure, builds on what has already been introduced, and functions under the guise of performance" (Lemons 2005:27).

Navorsing om te bepaal watter elemente van die innovasieproses kreatiewe en innoverende denke stimuleer, vind dat kommunikasie, spanwerk, risiko of uitdaging, veiligheid, eerlike emosionele uitdrukking, selfaktualisering en vreugde deurslaggewende motiewe is vir improvisasie (Lemons 2005:28). Die elemente word in verband gebring met die vyf konsepte van kreatiwiteit soos deur Lemons aangedui. Kreatiwiteit en innovering word in noue verband met mekaar gebring. Beide kreatiewe en innoverende gedrag is aanleerbaar. Innovering vorm in baie gevalle die basis vir kreatiwiteit (Lemons 2005:30). Deur mense uit te daag om innoverend te dink oor 'n bepaalde onderwerp lei meestal tot buitengewone idees en gedagtes wat nuwe horisonne van verstaan en moontlikheid open.

### 11.6. Samevatting.

Kreatiwiteit verskil van improvisasie in die sin dat improvisasie uitgaan van reeds bestaande temas of voorwerpe. Kreatiwiteit speel wel 'n rol in improvisasie met die oog op die ontdekking van nuwe perspektiewe. Lemons se onderskeiding van die vier elemente van die kreatiewe gebeure word aangevul met die vyfde element van doelgerigtheid. Kreatiwiteit word gevolglik nie beoefen ter wille van kreatiwiteit nie maar met die oog op 'n spesifieke doel of uitkoms.

Lemons se beskrywing van die kreatiewe persoon kan die idee laat posvat, dat kreatiewe mense eksentrieke tipe mense is wat inhibisielose waaghalse is, veral waar die omgewing nie ontvanklik is vir nuwe idees en gedagtes nie. Die beskrywing van die kreatiewe proses as die herstrukturering van konsepte kan insinueer dat kreatiwiteit nie werklik iets nuut na vore kan bring nie. Kreatiwiteit, soos reeds aangetoon, gaan juis daaroor om nuut te kyk en die verrassende potensiaal te ontdek.

Improvisasie is aangedui as 'n belangrike element vir kreatiwiteit. Meeste van die uitdagings vir die lewe vind oorsprong in bepaalde konkrete omstandighede of belewenisse. Wanneer 'n prediker met 'n teks gekonfronteer word waarin beelde of moeilike uitdrukkings gebruik word is improvisasie die wegspringpunt om nuut daarna te kyk. Improvisasie as stimulus vir kreatiwiteit sou inderdaad kon bydra tot nuwe kreatiewe ontdekkings vir die praktiese teologie en die prediking.

## 12. Adair. Om te sien soos nog nooit tevore nie.

Kreatiwiteit is meer as 'n bepaalde volgorde of reeks stappe in 'n proses, dit speel af in die gedagtewêreld. Waarnemings, idees en gevoelens word gekombineer in 'n konsep of visie, waarna die kunstenaar, komponis of skrywer oor die vaardigheid moet beskik om die dinge saam te voeg. Adair (2007) huldig die standpunt dat 'n mens nie iets uit niks kan voort bring nie, aangesien die roumateriaal vir die nuwe reeds bestaan. "The creative mind sees possibilities in them or connections that are invisible to less creative minds" (Adair 2007:6). Die uitdaging van kreatiwiteit is gevolglik om die moontlikhede van dit wat reeds bestaan, raak te sien en aan te wend.

Kreatiwiteit word gedefinieer as "...the faculty of mind and spirit that enables us to bring into existence, ostensibly out of nothing, something of use, order, beauty or significance" (Adair 2007:8). Hierdie proses word verwoord in 'n "natuur model" waarvolgens nuwe idees en gedagtes na analogie van natuurverskynsels ontwikkel word. Die ontwikkeling van radartegnologie het byvoorbeeld gebeur deur gebruik te maak van die natuurlike beginsels uit die natuur, soos dit voorkom by die vlermuis (Adair 2007:12 e v). Die voorbeeld dien as bewys dat bruikbare modelle reeds in die natuurlike omgewing bestaan en bloot toegepas moet word in verskillende situasies. Die toepassing van die natuurlike beginsels en die ontwikkeling daarvan tot bruikbare voorwerpe, gebeur deur analogiese denke. Analogie is gevolglik sentraal in kreatiewe denke. "Everything has been thought of before, but the problem is to think of it again" (Goethe in Adair 2007:14). Alles wat vreemd of onbekend is, word bewustelik of onbewustelik met die bekende vergelyk. Die onbekende word verken deur dit in verband te bring met die bekende deur middel van analogie.

In die hantering van bekende onderwerpe, stel Adair voor dat die bekende soos die onbekende benader moet word, aangesien mens nie elke dag aktief oor die dinge wat reeds bekend is dink nie. Die bekendheid van onderwerpe of sake is juis die doodsteek vir kreatiewe nuwe idees. Adair verwys na 'n Sjinese spreekwoord wat lui, "...last night I thought over a thousand plans, but this morning I went my own way" (2007:19). Volgens die spreekwoord, word nuwe drome en idees verdring of versmoor deur gevestigde gedagtepatrone en gewoontes asook deur 'n verslaafdheid aan die bekende. "The essence of the creative act is to see the familiar as strange*."*(Adair 2007:19).

Die uitdaging van die benadering is dat mense bevry moet word van denke met beperkte relevansie vir die eie professie of veld. Adair daag denkers uit om grense tussen industrieë oor te steek en 'n wyer relevansie te ontwikkel deur nuwe verbindings raak te sien (Adair 2007:24). Die onverwagte moet verwag en gevind word, selfs wanneer daar nie bewustelik daarna gesoek word nie. Die nuwe moet ontdek word, waarna die doel waarvoor dit aangewend kan word, ondek moet word. Die ontdekkingsproses vereis voorbereidheid om nuwe ontdekkings te maak.

Baie van die belangrike wetenskaplike ontdekkings van die afgelope eeu het terloops plaasgevind. Adair verwys na Pilkington en die ontdekking van glas, Flemming se ontdekking van penisillien en Goodyear se ontdekking van die gevulkaniseerde rubber proses. Hoewel al die genoemde ontdekkings "per ongeluk" plaasgevind het, was die ontdekker gereed gewees om iets nuut te sien. Die waarde van 'n voorbereide gedagtewêreld word gedemonstreer in 'n aanhaling wat Adair aan Louis Pasteur toeskryf: "Where observation is concerned, chance favours only the prepared mind*." (*Adair 2007:29).

Om die nuwe te kan raaksien vereis sensitiwiteit en waarnemingvermoëns. Kennis sonder voorveronderstellings word benodig om die leidrade wat gevind word, te interpreteer en hulle waarde te besef. Verbeeldingryke denke en 'n gewoonte om na

te dink oor die onverklaarde, sowel as 'n eienskap wat Adair "original flair" noem (Adair 2007:32), is 'n noodsaaklikheid.

Ander eienskappe wat kreatiewe denkers benodig:

- Nuuskierigheid. Die "eager desire to learn and know." (Adair 2007:34). Kreatiewe denke is opsigself 'n manier om iets nuut te leer.

- Observasie. Enige iets wat waargeneem word sal getransformeer word deur 'n kreatiewe persoon wat die waargeneemde assosieer en kombineer met nuwe moontlikhede. "... we tend to see what we already know" (Adair 2007:41). Alles wat ons waarneem word gekleur deur ervaring en vorige waarneming.

Dit volg dan dat mens alles sien en interpreteer in terme van voorafbestaande kennis. Adair (2007:41) haal Gustav Flaubert aan, "There is an unexplored side to everything, because instead of looking at things with our eyes we look at them with the memory of what others have thought". Die uitdaging is gevolglik om te sien soos daar nog nooit te vore gesien is nie.

### 12.1. Samevatting.

Kreatiwiteit is 'n gedagtespel en nie 'n proses wat stapsgewys uitgevoer moet word nie. Die bestudering van kreatiwiteit kan maklik verval in die identifisering van 'n aantal resepte wat tot 'n bepaalde uitkoms moet lei. Die waarde van die siening is dat kreatiwiteit losgemaak word om in enige konteks op enige tyd te kan funksioneer. Die kombinasie van waarnemings en idees, met gevoel, bring 'n andersoortige karakter tot kreatiwiteit. Die term "gutfeeling" wat 'n soort aanvoeling aandui word in die konsep van gevoel vasgevang. Adair se benadering skep ruimte vir die onpeilbare subjektiewe "gutfeeling" wat ook plek in denke oor kreatiwiteit verdien.

Die idee dat alles reeds bestaan en bloot wag om ontdek te word, skep 'n verwagting dat daar altyd hoop op iets nuut kan wees. Adair se beskrywing van die eienskappe van die kreatiewe produk as nuttig, ordelik, mooi en betekenisvol, gee aanduiding

dat die resultate van die kreatiewe proses ernstig benader word. Die afleiding dat nie alles wat nuut is, noodwendig kreatief is nie, kan ook gemaak word.

Die voorbeelde van die natuurmodel vir kreatiwiteit, bevestig die siening dat nuwe opsies reeds bestaan en net wag om ontdek te word. Ook die voorbeelde van die terloopse uitvindsels wat ontdek is in ander prosesse, bevestig die standpunt. Wie kreatief wil wees moet gevolglik kreatiwiteit met verwagting benader. Kreatiewe pogings behoort ook nie aan bande gelê te word deur allerlei grense nie, en die kreatiewe persoon moet gevolglik bereid wees om ook moed aan die dag te lê om die nuwe te verken.

Die voorwaardes en eienskappe wat Adair beskryf werp lig op van die faktore wat kreatiwiteit kan verhinder. Voorveronderstellings wat nie bekend is nie en wat nie getoets word nie kan kreatiewe vooruitgang belemmer. Nuuskierigheid om te verstaan en die nuwe te ontdek, blyk ook belangrik te wees. In die era van tegnologiese vooruitgang kan 'n gevoel van gerusstelling intree, dat alles wat ontdek moet word reeds ontdek is. Die Prediker se uitspraak dat daar niks nuut onder die son is nie, is dan tegelyk waar en onwaar. Daar mag niks nuut onder die son wees nie, maar dit is nie te sê dat alles wat moontlik is, reeds ontdek is nie.

Vir die teologie en die veral die prediking het die siening verrykende gevolge. Geen teoloog of prediker kan in die gerustheid verval dat alles reeds bekend is nie. Die bestaande sienings en gedagtes moet voortdurend nuut beskou en bedink word met die verwagting dat daar meer is om te ontdek. Die verwagting dat daar ander maniere is om uitdrukking te gee aan die bestaande, en dat daar ander moontlike maniere is waarop handelinge uitgevoer kan word. Die moontlike onontdekte, onontginde fasette van alles moet self bekyk en bedink word in onafhanklikheid van die gedagtes en herinneringe van ander mense.

## 13. Kreatiwiteit. 'n Teologiese raamwerk.

Kreatiwiteit is nie 'n vreemde konsep in die teologie nie (vgl Firet 1987, Cilliers 1998; Schweitzer 2001; Lanser 2007; Troeger 2007). Dit was egter nie altyd so nie en die konsep word steeds beskou, as 'n buitestaander tot die teologiese dissipline

(Schweitzer 2001:3). In hierdie afdeling word die voorkoms van kreatiwiteit in teologiese raamwerk nagegaan.

### 13.1. Firet – Kreatiwiteit as sorgende aandag.

Firet (1987) het ‘n opstel onder die titel *Theologische creativiteit* in sy bundel prakties-teologiese opstelle ingesluit, waarin aangedui word dat die saak van kreatiwiteit nog altyd noodsaaklik was in die teologie. Die stelling word begrond met verwysing na die feit dat werk wat in die teologiese beroep verrig word, beskryf kan word met “een nieuw uitzicht openen, mensen helpen ‘in nieuwheid des levens te wandelen (Rom 6:4)...” Die noodsaak van kreatiwiteit word beklemtoon in die lig van Durkheim se “anomie” “...een toestand van desintegratie en desoriëntatie, ontstaan door het krachteloos worden en wegvallen van oude interpretatiekaders en oriëntatiepunten” (Firet 1987:45). Vrae wat geen antwoorde het moet beantwoord word. Die prediking moet tuiskom in ‘n wêreld ver verwyderd van die wêreld van die Bybelskrywer, ‘n wêreld waarvoor die teologie nie aangelê is nie. Hierdie omstandighede noodsaak dat die predikant in die situasie self teologies kreatief moet wees (Firet 1987:46).

Teologie is die sistematiese geloofsbesinning ten dienste van geloof, geloofsbesinning wat die lewe uit die geloof van ander omskryf (Firet 1987:47). Teologie word opgesom: “theologie heeft te maken met het (leren) kennen van God in de concrete werkelijkheid en het (leren) kennen van de concrete werkelijkheid vanuit het geloof in God.” Met die verstaan van teologie volg die gevolgtrekking dat kreatiwiteit onontbeerlik is vir die teologie. Die teoloog is in ‘n aktuele situasie op soek na wat nuut is “nieuw in de zin van *anders en verrassend en die horizon van het bestaan doorbrekend*” (Firet 1987:48). Die kreatiewe proses genereer ervaringe wat nooit te vore ervaar is nie, dit sny woorde op nuwe maniere. Van die teoloog kan mens verwag om in ‘n aktuele situasie tot ‘n verassende ervaring gelei te word. Teoloog wees en kreatiwiteit gaan vir Firet hand aan hand.

‘n Teoloog moet iemand wees wat bekwaam is om teologies te handel. Firet verwys na ‘n teologiese handelingskompetensie wat al die elemente van kennis en vaardigheid wat nodig is saamvat, sodat dit ‘n persoonlike verwerkliking van teologie

word (1987:49). Teologiese handelingskompetensie bevat drie eienskappe. Dit is *realisties*, want dit werk met die werklikheid. Dit is *krities*, want dit bring die werklikheid in verhouding met God, dit is *kreatief*, omdat dit gerig is op verandering en vernuwing van die werklikheid. Indiwidue en gemeenskappe word daardeur gehelp om nuwe denkskemas te ontdek en te ontwerp, wat die nuwe wyse van lewe en belewenis laat realiseer.

Firet vra na die gepastheid van kreatiwiteit in die raamwerk van die teologie. Die omgewing waarin kreatiwiteit ontstaan het, nie strook met die teologie nie. Kreatiwiteit is ontwikkel as middel tot 'n doel wat insluit, die verhoging van produktiwiteit, omset en die verbetering van die *concurrentiepositie*, sake wat ver van die doelwitte van die teologie is (Firet 1987:50).

### 13.2. Firet se teologiese opmerkings oor die begrip kreatiwiteit.

Die woord kreatief is gevorm uit die begrip skepping wat van oorsprong binne die teologiese raamwerk val. Firet verwys na twee moontlike lyne waarvan hy die eerste by Paulus vind in Romeine 4:17, God *maak* Abraham tot Vader van baie nasies. Die tweede lyn vind hy in die gedagte dat God dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur 'n woord. Firet fokus op die skepping deur woord of bevel. God het gespreek en dit was so (vgl Psalm 33:9 en 148:5). God se skepping het in menslike terme of wêreld, geen gelyke nie.

In aansluiting Sartre en Hengstenberg vind Firet die konsep van vryheid sentraal en haal die volgende afleiding aan, "bevrijd zijn tot vrijheid is conditie voor alles wat kreatief is." Firet sluit aan by die christelike vryheid van Galasiërs 5:13, en bring die vryheid in Christus uit by vryheid in denke, wil en gevoel. Die hele mens is vry. Wil, intellek en gevoel is die instrumente waardeur 'n mens sy vryheid verwerklik (Firet 1987:52).

> "Die mens kan niet creatief zijn, die onvrij is in zijn denken, vasgelegd op vaste denkpatronen en opvattingen (dogmatisme); die onvrij is in zijn willen, vastgelegd in een beperkte kring van motieven (starheid); die onvrij is in zijn affectiviteit (enghartigheid)." (Firet 1987:52).

Teoloë moet bewus word van wat hulle konkreet bind en vashou in hulle denke, wil en gevoel, sodat 'n weg tot vryheid gevind kan word.

Die tweede lyn ten opsigte van skepping het te doen met God as die Skepper en Bevryder in die geskiedenis. God se skeppingshandelinge is heilshandelinge, God se verlossing uit nood is skeppende handelinge. Firet verwys na Job 38:4 en Psalm 104 se skeppingsberigte en maak die afleiding dat God se skeppingswerk nie net "iets nieuws maken" nie, dit is "de chaos, het geweld en de ondergang keren. Schepping is: de aarde bewoonbaar, het leven leefbaar maken . De Schepper is de Bevrijder." (Firet 1987:53). Kreatiwiteit gaan teologies gesproke om 'n gerigtheid op vryheid, heil en lewe.

'n Ondersoek na kreatiwiteit kan gerig wees op die persoon, produk of die proses. Daar kan ook gevra word na die motief vir kreatiwiteit, sowel as die sosiale voorwaardes vir daarvoor. Die kernvraag, is die vraag na die proses. In die verband is die klem op die vraag na die wyse van die interaksie tussen 'n persoon en sy omgewing. Firet lê klem op die verhoudingsmatige geaardheid van die persoonlike verhouding en som dit op as 'n verhouding van omgee. Dit gaan om 'n interaksie met die omgewing wat openlikheid van die persoon betrokke vra (Firet 1987:55). Firet sluit die artikel af met die gedagte dat "creativiteit ontstaat mede aan de creativiteit van anderen die mij ontmoeten willen. Want wat is creativiteit anders dan 'zorgende aandacht'?" (Firet 1987:57).

### 13.3. Samevatting.

Kreatiwiteit is noodsaaklik vir die teologie aangesien teologie, nuwe insigte vir mense moet open waaruit hulle kan lewe, in 'n wêreld wat ver verwyder is van die Bybelse wêreld. Die fokus van kreatiwiteit is gevolglik om nuwe moontlikhede te open.

Kreatiwiteit word beskryf as een van die eienskappe van teologiese handelingskompetensies. Op 'n dieper vlak sou dit egter nie bloot net 'n kenmerk kan wees nie, maar een van die teologiese handelingskompetensies self. Die fokus op die nuwe insigte en moontlikhede wat die teologiese werksaamheid moet open, is deel van die opgaaf van kreatiwiteit. Om kreatief te kan dink met die oog op die

onsluiting van nuwe insigte en moontlikhede, behoort een van die wesentlike vaardighede van beoefenaars van die teologie te wees.

Firet se teologiese begronding van kreatiwiteit in die skeppingsverhale van die Bybel, is ‘n relevante manier om aansluiting te vind in die teologie. Die klem op die verhoudingsaard van kreatiwiteit kan verbreed word om verhoudinge tussen mens en omgewing ook in te sluit. Na aanleiding van die aanhaling in verband met vryheid, sou die vraag ontstaan of die teoloog werklik vry is in die ware sin van die woord. Kan die gebondenheid aan die kerklike tradisies nie as hindernis vir kreatiwiteit beskou word nie? Is die risiko vir die kreatiewe teoloog nie daarin geleë, dat nuwe antwoorde deur die teologiese gemeenskap verwerp kan word, juis omdat dit anders as die tradisionele is nie?

### 13.4. Lanser – kreatief verby dit wat reeds is.

Die bestudering van kreatiwiteit is noodsaaklik vir die praktiese teologie. Die teologie en die tyd moet weer in *rapport* (Lanser 2007:65) met mekaar gebring word en daarvoor sal die ontwerpvermoë van kreatiwiteit onmisbaar wees. Lanser benader kreatiwiteit vanuit die godsdienspedagogiek en meer spesifiek die leerteorie.

Kreatiwiteit word oor die algemeen beskou as eienskap van mense wat onverwagse, oorspronklike skeppings in die kunste vorendag bring. Lanser verwys na mense wat gemaklik is met die “primaire denkproces” (Lanser 2007:67). Die primêre denkproses beskryf ‘n toestand waarin mense droom, of onder vorme van hipnose verkeer, wat meebring dat hulle in beelde, eerder as konsepte dink. Mense wat die beeldende en die konseptuele met mekaar kan verbind, word as kreatief beskou (Lanser 2007:67). Die kombinering van die twee verskillende invalshoeke lei tot die ontstaan van iets onverwags en nuut. Lanser beklemtoon dat kreatiwiteit iets is wat alle mense kan beoefen. Die is nie gereserveer vir beroemde kunstenaars alleen nie. Eenvoudige beplanning in soos wat volgende gedoen moet word vra reeds om kreatiwiteit. So behels elke voorneme, nuwe idee en elke plan, een of ander mate van kreatiwiteit.

Kreatiwiteit en teologie behoort bymekaar. Die rede agter die stelling word gevind in die assosiasie tussen die begrip skepping en kreatiwiteit. Hierdie assosiasie stel kreatiwiteit as 'n tipies teologiese begrip. "Creativiteit als menslijke mogenlijkheid – en zeker als theologish concept – is verbonden met Genesis, met de schepping van hemel en aarde"(Lanser 2007:68).

In die teologiese uiteensetting van kreatiwiteit en skepping, word daar uitgegaan van 'n trinitariese skeppingsteologie, waarvolgens God die Skepper is soos in die skeppingsverhale vervat. Christus is die verlosser wat genade bring en die geleentheid skep om telkens 'n nuwe begin te kan maak. Die Heilige Gees is die bron van krag en inspirasie wat in die hede opnuut, die skeppingswerk voort sit. Die boodskap van die trinitariese skeppingsleer impliseer "...schepping en creativiteit is ook in onze handen, de schepping gaat voort waar de geest waait."(Lanser 2007:69).

Kreatiwiteit geskied teen die agtergrond van die tyd en die verhoudinge waarbinne mense met mekaar staan.

> "we kunnen creatief zijn, scheppend in het leven staan, als individu activiteiten initiëren en beschikken over persoonlike vermogens, maar we zijn ook altijd verbonden met en afhankelijk van medemensen, contexten en de tijd waarin we leven (Lanser 2007:71).

Met die stelling as agtergrond ontwikkel Lanser die gedagtes oor kreatiwiteit binne die konteks van die "sociaal-constructivisme." Alle lewensprosesse is konteks en tydsgebonde. Menswees behels dat mense word wat hulle is in interaksie met medemens en omgewing. Kreatiwiteit vind altyd plaas binne die interaksie. Dit is trouens die interaksie wat kreatiwiteit moontlik maak. Binne die interaksie leer mense saam met mekaar en skep hulle betekenis saam met mekaar. In die konstruktiwistiese opvatting, vind Lanser die ruimte vir kreatiwiteit, omdat mense in elke nuwe situasie op grond van wat hulle reeds ervaar het en op grond van die nuwe waardeur hulle nou uitgedaag word, nuwe denke en handelinge voortbring.

Kreatiewe leerprosesse gaan nie om dit wat mens reeds weet nie, maar om 'n ketting van transformatiewe gebeurtenisse (Lanser 2007:72). Lanser maak die aanname dat die mens 'n informasieverwerkende sisteem is met rasionaliteit en

kreatiwiteit. Verder word die afleiding gemaak dat die mens kreatief is, en oor die vermoë beskik om meer kreatief te kan word. Mense is in staat om te leer by ander en ook in staat is om self kennis te kan konstrueer. Die leervermoë asook die vermoë om terug te kyk en te sien hoe leer plaasgevind het, bied vir die Lanser die ruimte om maniere te ontdek of ontwerp, waardeur kreatiwiteit gestimuleer kan word.

Kreatiwiteit word gedefinieer as "de menselijke mogelijkheid te handelen voorbij wat al is"..."Het gaat om het ontwerpen van iets op basis van wat er is, waarbij in de menselijke ontwerpende activiteit de werklijkheid getransformeerd wordt." Dit is dus in die aktiwiteit of die proses waar die transformasie plaasvind, in die interaksie tussen die betrokke faktore, waaruit iets nuuts te voorskyn gebring word. Die faktore wat beskryf word sluit in, konteks, persoon, gedagtes, perspektiewe en teorieë. Hierdie faktore vorm die basis van waar die nuwe optredes of idees gelanseer word (Lanser 2007:73).

In die beskrywing van kreatiwiteit, binne die dinamiek van die teorie en praktyk waarmee die praktiese teologie besig is, wys Lanser op 'n aantal belangrike beginsels. Kreatiwiteit is tegelyk iets wat mense oor beskik, en iets wat aangeleer en ingeoefen kan word. Daar word verwys na navorsing wat aantoon hoe mense wat geleer is om kreatief te wees en daartoe aangemoedig word, beter prestasies lewer as die wat nie kreatiwiteit aangeleer het nie. Begeleiers van kreatiwiteit word uitgedaag om die vastigheid te bied wat nodig is, sonder om die kreatiewe ruimtes in te perk.

Lanser verwys ook na kreatiewe algoritmes, metodes wat die kreatiewe denke stimuleer. Onder die algoritmes word verwys na 'n aantal teorieë of vaardighede wat kreatiewe vermoëns kan verbeter. Die voorbeelde sluit aan by die konsep van laterale denke en die tegniek van divergente denke (Brainstorming), asook die konsep van die breinkaart (Mindmap) as heuristiese hulpmiddel.

### 13.4.1. Samevatting.

Lanser dui die verband tussen kreatiwiteit en teologie duidelik aan. Kreatiwiteit vervul 'n belangrike rol om rapport te bewerkstellig tussen die teologie en die huidige

tyd. Dit gaan om die skepping van nuwe relasies tussen die geloofstradisie en die eietydse kultuur (Lanser 2007:65). Kreatiwiteit funksioneer as brugbouer tussen verlede en hede. Dit is betrokke in alles wat ontwerp en uitgedink word en behels die kombinering van verskillende invalshoeke met iets onverwags en nuut as resultaat.

Kreatiwiteit is vir alle mense. Mense beskik daaroor, kan dit aanleer en ook verder ontwikkel. Die afwysing van kreatiwiteit as iets wat net in die sogenaamde primêre denkstaat van drome en dagdromery geskied, bring die perspektief van kreatiwiteit as 'n rasionele gebeure. Alle dimensies van die lewe word op een of ander manier geraak deur die behoefte aan kreatiwiteit ongeag of dit die eenvoudige keuse is om iets vir ete voor te berei, of die komplekse keuse is om te bepaal wat om tydens 'n vakansie te doen.

Lanser se teologiese begronding is meer omvattend. Kreatiwiteit word teologies begrond in die skeppingsverhale, sowel as vanuit 'n Trinitariese perspektief. Die pneumatologiese klem is 'n bydrae, hoewel die verbintenis op 'n baie lukrake wyse gedoen word.

'n Belangrike insig van Lanser se denke oor kreatiwiteit is die perspektief van die konstruktiwistiese leerteorie. Die idee dat nuwe ervaringe of situasies vereis dat mense nuwe denke moet volg en nuwe maniere van optrede moet skep, is 'n belangrike aspek in die verstaan van kreatiwiteit. Hierdie benadering tot kreatiwiteit bevestig die noodsaak van doelgerigte en opsetlike kreatiewe gedrag, asook die rol wat die faktore wat die konteks bring in die kreatiewe proses vervul. Kreatiwiteit geskied gevolglik nie binne 'n vakuum nie. Vir die denke oor kreatiwiteit en prediking, sou die faktore wat 'n rol speel in kreatiewe prediking, beskryf kon word as die konteks en leefwêreld van die prediker en die gemeente, opleidingsvlakke van prediker en gemeente, die aard van die teks en die manier van omgaan daarmee, asook die teologiese agtergrond waarteen dit preek geskied. Kreatiwiteit in prediking sou gevolglik van konteks tot konteks verskil. Die konstruktiwistiese denke verleen die ruimte dat elke konteks 'n eie uniekheid in die uitkoms van die kreatiewe proses sal vertoon.

### 13.5. Cilliers. Kreatiwiteit as visioenêre proses.

Cilliers (1998:97e v) spreek die onderwerp van kreatiwiteit binne die konteks van die prediking aan. Kreatiwiteit is vir Cilliers die proses, waardeur bestaande elemente innoverend met mekaar gekombineer of geassosieer word, met bruikbare toepassing (Cilliers 1998:97). Hoe meer ongewoon en verrassend die kombinasie of die assosiasies, hoe groter is die bruikbaarheid en ook die kreatiwiteit daarvan. In aansluiting by De Bono word die essensie van kreatiwiteit opgesom in terme van die afwyking van die patroon. Waarneming is bepalend vir die proses van skepping. Cilliers (1998:99) maak die gevolgtrekking dat ‘n predikant maklik sy eie persepsie as die enigste geldige persepsie kan beskou, wat die verbeelding van gemeentes kan inperk.

Cilliers maan dat mens nie te hard moet probeer om kreatief te wees nie, aangesien daar ‘n onverwagsheid in die kreatiewe proses is, deurdat kreatiewe gedagtes ontstaan wanneer en waar dit die minste verwag word. Predikers moet nie alleen hard werk met die teks nie, maar ook “sag om die teks heen kan ontspan” (Cilliers 1998:100). Kreatiwiteit is vir Cilliers ‘n visioenêre proses. Predikers moet soos kunstenaars leer om dieper en fyner waar te neem, sodat hulle uiteindelik die *onsienlike God* sien, hulle moet deur die bril van die Skrif na die onsienlike God kyk met oë wat deur die Gees geopen is. “Onderliggend aan al drie hierdie ‘visioenêre prosesse is ‘n *nuwe kreatiwiteit*, ‘n kreatiwiteit wat as gawe van God aan ons geskenk word, maar waaraan *ons as mense met alles tot ons beskikking ook moet meewerk.”* (Cilliers1998:100).

Cilliers se nadenke oor kreatiwiteit sluit af met ‘n aantal mites oor kreatiwiteit wat mense verhinder om kreatief te kan wees. Die mites kan as volg opgesom word: “ek moet die regte antwoord vind; dis nie logies nie; ek moet die reëls volg; ek moet prakties wees; om te speel is kinderagtig; dis nie my terrein nie; ek moet dubbelsinnighede vermy; ek mag nie dwaas wees nie; dis verkeerd om ‘n fout te maak; ek is nie kreatief nie.” (Cilliers1998:100e.v).

### 13.5.1. Samevatting.

Die verwantskap tussen die prediking en kreatiwiteit word duidelik uitgespel in hierdie beskrywing van kreatiwiteit. Cilliers sluit aan by ander skrywers in die veld van kreatiwiteit, deur te werk met die konsep van nuwe assosiasies en kombinasies van die bestaande elemente, met die oog op die ontdekking van verrassende nuwe patrone. Kreatiwiteit het 'n misterieuse karakter in die beskrywing van Cilliers, dit is iets visioener wat gebeur wanneer die prediker met die teks ontspan, kreatiwiteit word duidelik met die werksaamhede van God verbind. Mense moet met God meewerk deur die gawe van kreatiwiteit.

## 13.6. Metaforiese taal en menslike verbeelding in diens van die prediking.

### 13.6.1. Metafore

In die kommunikering van die evangelie aan die gemeente vervul taal en verbeelding 'n noodsaaklike funksie. Hierdie kombinasie tussen taal en verbeelding in die prediking, word deur Vos (1996a:126) gemaak. Vos (2005:321 e v) hanteer die gebruik van metaforiese taal. Die funksie van die gebruik van metafore word omskryf in terme van die ontsluiting van nuwe betekenis. Deur die gebruik van metafore word mens bevry van gebruiklike betekenisse van woorde en frases, sodat nuwe betekenismoontlikhede ontsluit word. 'n Metafoor behels gewoonlik dat 'n woord of uitdrukking in buitengewone konteks aangewend word. In Aristoteliaanse terme bestaan 'n metafoor daarin om die naam van een voorwerp aan 'n ander toe te ken, "giving the thing a name that belongs to something else... on grounds of analogy" (Thiselton 2009:236; cf. Van der Watt 2000:8; Lischer 2005:119 e v). Hierdie definisie impliseer verandering en beweging, 'n verplasing van betekenis. "Metaphors allow two semantic domains to interact creatively" (Thiselton 2009:236). Dit is juis in die kreatiewe interaksie waar betekenis geskep, en verandering teweeg gebring word.

'n Metafoor is bedoel om iets op 'n nuwe manier te sê. Van der Watt (2000:6-11) hanteer Aristoteles se siening van metafore as inleiding tot die studie van metafore in die Johannes Evangelie. Hiervolgens sou die gebruik van gewone taal niks meer

as die gewone wat reeds bekend is kan kommunikeer nie. Deur die gebruik van metafore word die potensiaal geskep om vars en nuwe insig in ‘n gegewe konteks te onthul. “...it is from metaphor that we can best get hold of something fresh.” Die samevoeging van twee verskillende konsepte of beelde van uiteenlopende agtergronde, sal noodwendig moet lei tot ‘n gevoel van inkongruensie in ‘n metafoor. In die verband maak Van der Watt (2000:8) die opmerking dat die betekenis van die metafoor nie in die konvensionele geleë is nie, maar juis in die onkonvensionele. Die betekenis van die metafoor is nie alleen opgesluit in die betekenis van die begrippe of beelde nie, maar veral ook in die ervaring wat dit vir die hoorder meebring. “The meaning .... is neither the denotation nor the referent but the mental experience which the word evokes in a listener....The metaphor differs from literal language in its affective or evaluative denotation.” ‘n Metafoor is gevolglik meer as net ‘n woordspel, dit is ‘n kreatiewe kommunikasie middel.

Vos wys op die buitengewone potensiaal van metafore om die werklikheid op so verrassende wyse te beskryf, dat mense daardeur aangeraak word. Poësie is byvoorbeeld ‘n manier om die gewone op ‘n ongewone wyse te beskryf. Die bekende metafoor “die Here is my herder, ek kom niks kort nie” word gedekonstrueer tot “die Here is nie my herder nie, ek kom alles kort” (Vos 2007a:16). Op dié wyse word die leser se oë vir die verrassende, die onverwagse oopgemaak. Vos (2007:22) beskryf hierdie verrassende effek van die metafoor op treffende metaforiese wyse, “Metaphors are *explosive* and their *force hurls* people towards new insights and *blasts* open new worlds” [eie kursiering]. Hierdie funksie van die metafoor as ontsluiting of ontploffing van nuwe betekenis, en die aanwending daarvan in die konteks van die prediking, plaas dit binne die raam van kreatiwiteit en teologie. Die metafoor bring nuwe moontlikhede van verbeelding en visie na vore en verhoog die moontlikheid om nuwe betekenis te skep, soos die metafoor van Vos in die aangehaalde frase.

Vos (2005:322) gee ‘n opsomming van die funksionaliteit van metafore. Die metafoor word gebruik om die onverstaanbare verstaanbaar te maak. Metafore maak objekte meer toeganklik en slaan ‘n brug tussen beeld en werklikheid. Die

voorbeeld van die beeld van God as Rots, plaas God en rots in ‘n komplekse spanning waar die ooreenkomste en die verskille tussen beeld en werklikheid, en tussen letterlike en figuurlike betekenis, die verstaan van God verhelder. Vos verwys spesifiek na die ruimte wat metafore skep vir verbeelding (Vos 2005:323), en die nuwe assosiasies wat tussen die verwysingsraamwerk van die luisteraar en die onderwerp geskep word.

Die werking van die metafoor berus op die beginsel dat die onbekende aan die hand van die bekende verduidelik word. Die linguistiese spanning wat geskep word tussen die twee kante van die metafoor gee erkenning aan beide die saak en die beeld wat die saak verhelder. Die interaksie in die spanningsveld tussen die saak en beeld skep die ruimte waarbinne verbeelding kan floreer (vgl Vos 2007:23).

Die funksionaliteit van metafore kan in terme van ‘n aantal eienskappe of werkinge daarvan opgesom word. Metafore se effektiwiteit is afhanklik van die konteks waarbinne dit gebruik word. Die metafoor is ‘n vorm van oop kommunikasie waarin die hoorder ook betekenis genereer en toeken. Die hoorder mag ook die kommunikasie of bedoeling van die metafoor misverstaan (vgl van der Watt 2000:13). In die lig van laasgenoemde is dit logies dat metafore funksioneel moet wees. “They serve to communicate, because they are an essential and creative part of forming meaning.” (Van der Watt 2000:5). Metafore moet dus ook gepas wees. Van der Watt (2000:8) wys op Aristoteles se vermaning in die verband. Metafore moet doelmatig gebruik word. Tog is metafore nie versierings wat ingevoeg word om iets interessant te maak, of ‘n skyn van kunstigheid te verleen nie. Thiselton (2009:235) merk op dat “...metaphors of a creative kind do not merely constitute illustrations or ornament, nor do they substitute for other analogies, but they may convey cognitive truth.”

Metafore is tydsgebonde. Smit (2008:107) gebruik die begrip *metafoorverspringing* om hierdie tydgebondenheid aan te dui. Die inhoud van metafore is nie tydloos nie, dit kan ook betekenis verloor. Selfs interpretasie van metafore kan lei tot

wanpersepsies en stoornisse in kommunikasie. Metafore behoort dus nuut geskep te word vir die tyd en die geleentheid waarvoor dit benodig word. Metafore is beeldspraak wat sin maak vir mense wat uit ‘n gedeelde historiese konteks kom. Dit maak sin vir daardie mense se belewenis van die werklikheid (vgl Van Aarde 2010:1).

Die verbintenis tussen die gebruik van metafore as instrumente van betekenisontdekking en die gebruik van verbeelding, noodsaak ‘n verkenning van verbeelding.

### 13.6.2. Verbeelding.

Die mens word van alle ander lewensvorme onderskei op grond van die vermoë om komplekse gedagtes en simbole te genereer en sigbaar daaraan uiting te gee deur middel van kuns, musiek, digterlike skeppings en ander vorme van kunstige uitdrukking (vgl Van Huysteen 2006:190). In die hantering van die vraag na die uniekheid van die mens, neem Van Huysteen die kuns van prehistoriese mense as vertrekpunt, en maak die afleiding dat hierdie kuns die resultaat is van “the complexity of the cognitively fluid human mind” (Van Huysteen 2006:xvii). Dit is juis die “vloeibaarheid” van die kognitiewe vermoë wat as die bron van verbeelding en menslike kreatiwiteit beskou word. Die oorsprong van kreatiwiteit kan beskryf word as die verbeelding, waar komplekse gedagtebeelde en simbole geskep, en in nuwe kombinasies met mekaar gebring word. Van Huysteen (2006:190) beskryf die basis van verbeelding en kreatiwiteit, “...to create a world in the mind and then recreate it in the real world outside themselves.”

Verbeelding vervul ‘n belangrike rol in die religieuse lewe van mense. Van Huysteen (2006:187 e v) maak die verbintenis tussen menslike behoefte om uitdrukking te gee aan hulle waardes en geloof op sigbare manier, en die rotstekeninge soos aangetref in grotte in die Suid-Weste van Frankryk. Die tekeninge is die konkretisering van die beelde wat in mense se gedagtewêreld bestaan het. Die beskrywing van God in antropomorfiese terme is die resultaat van menslike verbeelding. Mense beskik oor geen ander manier om van God te praat as deur middel van dit wat in die

ervaringswêreld beskikbaar is nie. "We continue to imagine God in our own image simply because, no matter how much we may pride ourselves in our capacity for abstract thought, we are unable to do otherwise." (Van Huysteen 2006:193). Daar is gevolglik altyd beperkinge in menslike konsepte van God. Die konsepte weerspieël niks meer as die beperkinge van verbeelding en ervaring nie.

Vanuit 'n ander hoek word die noodsaak van verbeelding beskryf in terme van die verstaan en aanvaarding van bestaande leerstukke van die geloof. Nadeau (2001:25) stel verbeelding as vereiste vir die aanvaarding van leerstukke soos die inkarnasie en opstanding van Christus. Uitsprake soos die van Matteus 25, waar Jesus die stelling maak "*Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen*." (Matteus 25:39 NAV), vereis verbeelding van die leser om die betekenis daarvan in te sien. Verbeelding kan gevolglik beskryf word as krag van verstaan. Sonder die krag van verbeelding sal die instellingswoorde van die Nagmaal "...*Neem, eet; dit is my liggaam...*" en *"...Drink almal daaruit, want dit is my bloed...*" (Matteus 26:26 e v, NAV), maklik misverstaan word en tot groot verwarring aanleiding gee (vgl Florence 2008:116 e v).

Hierdie verklaring van die rol van verbeelding in die religieuse ervaringe, uitdrukking van geloof en die verstaan van geloofskonsepte, noodsaak elke teoloog om aandag te gee aan die menslike kapasiteit vir simboliese, verbeeldingryke uitdrukkingsvermoë.

> "Theologians are now challenged to take seriously....that our very human ability to respond religiously to ultimate questions through ....worship and prayer, is deeply embedded in our species' capacity for symbolic, imaginative behavior, and in the embedded minds that make such behavior possible." (Van Huysteen 2006:267).

Die sigbaarmaking van die onsigbare abstrakte denke deur betekenis toekenning as een van die oudste eienskappe van die spesie Homo sapiens, is ook deel van die teologiese soeke na die verstaan van menslike belewenisse van God. Belewenisse wat beliggaam word na aanleiding van die ver-*beeld*-ing daarvan in die sfeer van die onsigbare van die menslike gedagtegang. Florence (2008:117) se beskrywing van die noodsaak van verbeelding as geloofshandeling, word gemotiveer met verwysing

na geloof as vashou aan die onsigbare sekerheid van dit wat nog nie bestaan nie en hoop op dit wat nog nie gebeur het nie. Verbeelding stel mens in staat om deur die geloof te kan lewe. Verbeelding is nie die inhoud of die werklikheid wat geglo word nie. Dit is wel die kontakpunt tussen God en mens, die plek waar God ontmoet kan word. Verbeelding is die moment van interpretasie waar menslike ervaring met God gesien, ontvang en deel van die lewe gemaak word (vgl Florence 2008:118).

### 13.6.3. Prediking en verbeelding.

Florence (2008:116) wys op die sterk reaksies wat die begrip verbeelding in die konteks van die prediking ontlok. Reaksies wat wissel van suspisie tot opwinding. Troeger (1990) hanteer die onderwerp van verbeelding en prediking op 'n praktiese manier. Hy lê die verband tussen verbeelding en teologie en beskryf "Imaginative theology":

> "Imaginative theology employs the visionary and integrative capacities of the mind to create theological understanding. It uses the powers of observation to become receptive to the Holy Spirit, who works upon our consciousness through patterns of association and juxtaposition." (Troeger 1990:26).

Verbeelding lei na 'n herkenning van die werklikheid (Troeger 1990:28). Hierdie herkenning is nie die gevolg van verbeelding alleen nie, maar wel verbeelding wat deur die Gees aangewakker word, deur die Skrifte georden word, deur homiletiese wysheid verryk word en deur die nood van die wêreld bekragtig word. Beelde is in staat om die werklikheid te "recreate" (Eslinger 2002:30), wat impliseer dat die prediker met die herroeping van die werklikheid, met 'n empatiese verbeeldingskrag in die prediking teenwoordig moet wees. Die prediker moet gevolglik sensitief wees vir die soort beelde wat in die gedagtes van lidmate in herinnering geroep kan word tydens die prediking.

Troeger (2007:60) beskryf verbeelding as "image-generation" of "image-creation." "Imagination is the ability to create and hold before the mind's eye an image of something that is not actually present." Dit is die Godgegewe kapasiteit van die menslike brein om beelde van die onsigbare in die gedagtenis te skep. Troeger (2007:62) wys daarop dat die verbeelding vir baie lank in die geskiedenis of

geïgnoreer of verwerp is. Verbeelding as begrip, word op ‘n kontrasterende maniere gebruik. Aan die een kant word iemand se vrese vir iets bygelê deur dit toe te skryf aan verbeelding. Die antwoord, “dit is net jou verbeelding”, of “jy verbeel jouself” dui op ‘n onwerklikheid. Aan die ander kant word besondere kreatiwiteit geloof word as verbeeldingryk. In die opsig dui die woord verbeeldingryk op iets buitengewoon oorspronklik. Troeger se antwoord vir die veelsinnigheid van die begrip verbeelding te ondervang, is om ‘n positiewe teologie van verbeelding te ontwerp.

Die basis vir ‘n teologie van verbeelding lê op drie vlakke, waarvan die eerste in die Bybelse gebruik van beeldryke en verbeeldingryke taal geleë is. In die beeldryke taal word nie net teologiese feite weergegee nie, maar word ‘n mens gelaat met ‘n beeldryke visie van God en sy omgang met mense. Troeger (2007:64) wys op die bediening van Jesus waarin stories en beelde ‘n belangrike rol speel. Predikers word aangemoedig om by bybelskrywers te leer hoe om die verbeelding aan te wend op maniere wat verhelderend, inspirerend en teologies diepsinnig is.

Die tweede vlak gaan om die betekenis van die beskouing van die mens as beeltenis van God. Troeger (2007:65) fokus op die betekenis van die beskrywing van die mens, as “created to create.” Die eerste verwysing na God in die Bybel handel oor die skeppingsgebeure. In die vertelling word God voorgestel as Gees wat oor die chaos sweef. ‘n Beskrywing van God as onsigbare. Die eerste konkrete beeld wat in die verhaal van God beskryf word, is dat mense God se beeld en gelykenis is. Die beeldlose God is ‘n skeppende God, wat daartoe lei dat die mens as sy beeltenis, ook as skeppende wese beskou moet word. Die mens as beeld van God se eerste taak is ‘n skeppende taak wat benoeming van die verskillende diere behels. ‘n Konnotasie tussen skepping en taal, en taal en verbeelding word gemaak wat op predikers toegepas word. Predikers moet verbeelding gebruik om hulself en die hoorders daaraan te herinner dat hulle geskep is, om te skep op maniere wat God se beeld weerspieël as die Skeppergees wat die nuwe tot stand bring. Klem word gelê op die kreatiewe vermoëns wat in harmonie is met die Bron van al wat goed en volmaak is.

Die derde vlak waarop Troeger (2007:66) ‘n teologie van verbeelding bou, lê op die terrein van pastorale leierskap. “The pastoral imagination is decribed as “...‘a way of seeing into and interpreting the world’ that in turn, ‘shapes everything a pastor sees

and does'..." Die pastorale leierskap is nie slegs verteenwoordigers van die kultuur van die geloofstradisie nie, hulle is ook agente of bouers van die kultuur, in die verandering van die dinamiek in die globaliserende wêreld. Die noodsaak vir voortdurende aanpassing by die veranderende omstandighede vereis dat pastorale leiers met verbeelding sal omgaan en optree. Die hele samelewing gaan trouens voortdurend deur die prosesse waarin die bestaan op die planeet nuut ver-beeld en beskryf moet word. Om met die andersheid van verskillende groepe om te gaan vereis empatiese verbeelding (Troeger 2007:68), dit vra dat die leier in ander se skoene sal kan staan of anders gestel, met *hulle* oë na die wêreld sal kyk.

Verbeelding moet geoefen word. Mense leef in die wêreld volgens die manier waarop hulle die wêreld verbeeld of in hulle gedagtes waarneem. Troeger (2007:68) verduidelik dat die manier waarop 'n mens lewe, met sy visie van die wêreld waarin hy leef, sal ooreenstem. Die ver-*beeld*-ing van die wêreld bepaal gevolglik die leefstyl in die wêreld. Daarom vra Troeger (2007:69) vir 'n verbeelding van die wêreld in die lig die Skrif en uitgebreide menslike kennis. 'n Ander aspek in die oefening van verbeelding, gaan oor die omgang met die wêreld. Deur noukeurige aandag aan die aktuele wêreld, en wat Troeger die tekens van die tyd noem, word die verbeelding op nuwe maniere gestimuleer. Mense word egter aan bande gelê en beperk deur eie ontdekkings. Die voortdurende verdeling van aandag deur die tegnologie wat vereis dat vele take gelyktydig verrig moet word, noodsaak juis verhoogde aandag aan die mense en omgewing wat bewoon word. In aansluiting by *Mary Catherine Hilkert* verken Troeger (2007:70) die begrip "Sacramental imagination." Dit gaan om die krag van herdefiniëring van die werklikheid deur alternatiewe lense, wat lei tot die ervaring van 'n hele nuwe realiteit, wat weer lei tot nuwe verbeelding. In die toepassing op die prediking word die resultaat samevattend verwoord.

> "We nurture our visionary powers by attending to nature and society in light of God's word and the expansion of human knowledge, and as a result we open ourselves to see visions and dream dreams that are ultimately the gift of the Spirit" (Vos 2007:70).

### 13.6.4. Samevatting.

Metafoor en verbeelding hoort by mekaar soos 'n linker en regter handskoen bymekaar hoort. Metafore is funksioneel in die ontsluiting van betekenis. Dit behels die aanwending van woorde of beelde uit verskillende kontekste of betekenisraamwerke, met die oog op die skepping van nuwe betekenis. Die klem in die aanwending van die metafoor as tegniek, is op verandering, beweging en betekenisverplasing.

Die metafoor se funksioneer nie alleen in die hand van die skrywer of spreker nie, maar ook in die konteks van die ontvanger of luisteraar. Die luisteraar as ontvanger van die metafoor ken self betekenis aan die boodskap toe. Die metafoor kan gevolglik beskou word as essensiele kreatiewe kommunikasie.

Die metafoor is funksioneel in die verduideliking van die onverstaanbare. Dit is 'n onontbeerlike instrument in die raamwerk van die teologie om uitdrukking te gee aan die onsigbare, onbeskryfbare elemente van die geloof. Vanuit die faktore wat die gebruik of die verstaan van die metafoor beïnvloed, moet die teoloog veral rekening hou met die konteks en tydgebondenheid van metafore. Die feit dat die beelde wat metafore gebruik om moeilike konsepte mee te verduidelik, ook betekenis kan verloor (metafoorverspringing), noodsaak die hersiening en herverbeelding van metafore wat in die kerklike lewe in omgang is. Om as waarheidsontsluitende instrument geldig te bly, moet die metafore wat gebruik word om die essensiele van menslike verstaan van God te verduidelik, verstaanbaar en toepaslik wees vir die omstandighede waarbinne dit aangewend word. Hierdie vraag na toepaslikheid se antwoord is in die teologie as hermeneutiese aktiwiteit geleë.

Die rol van verbeelding as deel van die belewenis en verstaansuitdrukking van die geloof op kreatiewe wyse, is duidelik aangetoon. Verbeelding as bron van komplekse gedagtes en simbole wat deur kreatiwiteit in verskillende uitdrukkingsvorme sigbaar gemaak word, is 'n essensiele deel van teologiese

werksaamheid. Die essensie van verbeelding as deel van menswees, word verhoog indien verbeelding as onderskeidende eienskap van die spesie Homo sapiens beskou en aanvaar word. Teologie is besig met menslike gedagtes en ervaringe van God, gedagtes en ervaringe waarvan die betekenis indiwidueel deur eie verbeelding sigbaar gemaak word.

Teologiese verbeelding is beskryf in terme van die visioenêre en integrerende vermoëns van die brein met die oog op teologiese verstaan. Waarnemingsvermoëns word ontvanklik gemaak deur die werking van die Heilige Gees in menslike bewussyn, deur patrone van assosiasie en disassosiasie. Ver-*beeld*-ing is beskryf as die oproep van beelde in die gedagte wêreld van iets wat nie vantevore aanwesig is nie. 'n Teologie van verbeelding word gebou op die elemente van die Bybelse patroon van beeld en verbeeldingrykheid, die mens as beeltenis van God se skeppingsroeping, en die verbeeldingryke waarneming van die wêreld deur pastorale waarnemers, wat 'n veranderende wêreld nuut interpreteer. Die beoefening van teologiese verbeelding is noodsaaklik vanweë die belangrike invloed daarvan op die visie van, en leefstyl in die wêreld in die lig van Skrif en menslike kennis.

Die belang van die rol van verbeelding as deel van die kreatiewe proses, ook in teologiese verband, is 'n duidelik aangetoon. Vos (2007:25) benoem kreatiwiteit as bron van verbeelding. "Imagination allows us to reach deeper layers of our inner being than we could ever have accessed with our reason." Die omgekeerde van hierdie uitgangspunt is dat verbeelding as bron vir kreatiwiteit dien. Verbeelding en kreatiwiteit, ongeag die beskouing van watter een die bron is, is ten nouste aan mekaar verbind. Die geloofsuitgangspunt met betrekking tot die rol van die Heilige Gees in die samespel van verbeelding en kreatiwiteit deur die waarnemingsvermoëns van menselike bewussynsprosesse, bring 'n nuwe addisionele perspektief. Verbeelding, kreatiwiteit en die werking van die Heilige Gees is onlosmaaklik aan mekaar verbonde in die onderskeie aktiwiteite van die beoefening van teologie.

Verbeelding en verbeeldingrykheid kry nuwe betekenis in die lig van die voorafgaande. ‘n Verbeeldingryke lewe is nie ‘n sprokiesagtige ideaal-bestaan nie, maar die voortdurende herverbeelding van lewe en geloof tot nuwe lewensmoontlikheid. Verbeeldingryke prediking is nie prediking wat keurig versier is met mooi gesegdes en uitbeeldings nie, maar prediking waar die verstaan en ervaring van die lewe en geloof van die prediker onder leiding van die Gees, en die verstaan en ervaring van die hoorder onder leiding van die Gees, mekaar ontmoet. Uit die ontmoeting word nuwe gestalte aan lewe en geloof gegee, wat gepas is vir die tyd en geleentheid waar dit geskied. Metafoor en verbeelding is hermeneutiese noodsaaklikhede in elke menslike geloofhandeling en behoort in die sentrum van enige benadering tot die praktiese teologie en die prediking.

## 14. Samevatting.

Kreatiwiteit is ‘n uiteenlopende veld van studie. Die idees en teorieë daaroor word vervolgens gesistematiseer met die oog op onderskeid van algemene temas en komponente, sodat ‘n logiese oorsig van die geheel daarvan gegee kan word. Die konsep, elemente daarvan asook die verstaan in teologiese verband word vervolgens kernagtig weergegee. Dit word gevolg deur afleidinge in die vorm van konklusies oor die verskynsel van kreatiwiteit.

### 14.1. Die konsep van kreatiwiteit.

Konsensus dat kreatiwiteit iets is wat aangeleer kan word, en deur tegnieke en metodes aangewakker en verhoog kan word, is ‘n algemene uitgangspunt (vgl Baer 1993; De Bono 1996; Cilliers 1998; Buzan 2001; Neethling 2004; Lanser 2007). Dit beteken dat alle mense kreatiwiteit behoort te kan bemeester en gebruik.

Verskillende perspektiewe het na vore gekom oor die betekenis van die konsep kreatiwiteit. Verskillende benaderings tot kreatiwiteit is in die literatuur onderskei. Kreatiwiteit is egter ‘n dinamiese gebeure wat ruimte vir nuwe beskrywings of

betekenismoontlikhede laat, wat verdere uitbreiding in die verstaan van die konsep toelaat. Die onmoontlikheid van 'n enkelvoudige definisie (vgl Neetling 2001) beteken dat die omskrywing wat uit hierdie studie voortvloei tydelik is en soos 'n wegspringpunt vir verdere omskrywing kan dien.

Die omvangryke betekenismoontlikhede van die begrip, onderskei 'n aantal sentrale betekenisse vir die konsep van kreatiwiteit. Die werkwoorde wat die handelinge wat met kreatiwiteit verband hou, lees soos 'n opsomming van menslike vermoëns. Die beskrywing van kreatiwiteit kan algemeen saamgevat word in die handelinge van waarneming, denke en insig.

Die begrippe: transformeer, ontdek, konnekteer, assosieer, kombineer, manipuleer en integreer, verleen 'n dinamiese kwaliteit aan die handelinge van waarneming, denke en insig. Elkeen van die dinamiese beskrywings verraai iets van die kompleksiteit, of meervoudigheid van betekenis van die konsep kreatiwiteit.

In die onderskeie definisies is daar 'n aantal beskrywende begrippe wat die uitkoms of kwaliteite van die handelinge en resultate beskryf. Woorde soos nuut, oorspronklik, betekenisvol, onverwags, andersoortig, verrassend, waardevol en uniek, help om iets van die uiteenlopendheid van die onverwagte uitkomste van kreatiwiteit te snap.

Verskillende elemente van die konsep kreatiwiteit, word beskryf in terme van handelinge, doelwitte of verlangde resultate, asook vereistes waaraan die resultate moet voldoen. Kreatiwiteit is 'n doelgerigte optrede of handeling. Kreatiewe resultate word nie bereik deur terloopse of toevallige sameloop van optredes nie, hoewel dit soms vir die eksterne waarnemer so mag voorkom.

> Kreatiwiteit is 'n menslike vermoë wat aangeleer en ontwikkel kan word. 'n Doelgerigte, dinamiese gebeure of aktiwiteit, wat met behulp van

waarneming, denke, insig en tegniek nuwe, onverwagte en betekenisvolle resultate oplewer.

## 14.2. Die elemente van kreatiwiteit.

### 14.2.1. Kreatiwiteit en waarneming.

Kreatiwiteit en waarneming is nou aan mekaar verwant. Om kreatief te wees behels 'n nuwe manier van sien (vgl Neethling 2005). Kreatiwiteit behels doelgerigte waarneming met die oog op die onderskeiding van iets wat nog nie raakgesien is nie (vgl Neethling 2005), die sigbaarmaking van die onsigbare (vgl Adair 2007). Kreatiwiteit gaan om die onderskeiding van die oorspronklike (vgl Bohm 1998), die waarneming van bestaande patrone van organisasie en ordening (vgl De Bono 1996).

Waarneming is 'n doelgerigte handeling wat iets nuut, iets oorspronklik (Bohm 1998) voortbring. Nuwe patrone (vgl De Bono 1996) word geskep deur die *kombinasie* van ou en nuwe interessante idees en invalshoeke, die *verbreking* van gevestigde patrone, die *manipulasie* (vgl Amabile 1996) van die bestaande en die *assosiëring* van uiteenlopend verskillende elemente. Die nuwe idees, as uitvloeisel van die waarneming, het potensiaal om te lei tot produkte wat 'n karakter van andersoortigheid en onverwagsheid vertoon. Die produkte kan konkreet of abstrak wees, verbaal of nie-verbaal van geaardheid. Produkte van waarde en betekenis. Die waarnemingsproses wat tot die totstandkoming van die nuwe lei, geskied met sensitiwiteit, intuïsie, openheid en verbeelding.

### 14.2.2. Kreatiwiteit en denke.

Kreatiwiteit is voorgestel as 'n visioenêre proses wat fyn en diep waarneming verwag (vgl Cilliers 1998). Saam met die waarneming is 'n manier van dink ingesluit. Die waarnemer moet in die proses aandagtig betrokke, wakker, nugter, bewus en sensitief wees (vgl Bohm 1998), om te kan onderskei wat werklik nuut is. Die

waarskuwing dat 'n verslaafdheid aan die bekende, drome en idees versmoor, lei daartoe dat mens op die onverwagse voorbereid of ingestel moet wees (vgl Adair 2007). Diegene wat kreatiwiteit nastreef moet sensitief bly om nie net die nuwe waar te neem nie, maar om ook in die denkprosesse op die nuwe bedag te wees. 'n Ingesteldheid van nuuskierigheid, is as een van die noodsaaklike eienskappe in die proses aangedui, veral omdat mense geneig is om net te sien wat hulle reeds gesien het en ken (vgl Adair 2007).

Kreatiewe denke het baie te doen het met idees en persepsies. Die fokus in die denkproses is verandering (vgl De Bono 1996). In die denkproses is die vermoë tot refleksie en abstrakte denke noodsaaklik. Refleksie is in staat om nuutheid te onthul wat verandering steun (vgl Feldman et al 1994). Die kreatiewe denkstaat is vergelyk met die denke van 'n jong kind wat oop is om die nuwe te ontdek en te leer, verskille en ooreenkomste te sien en nuwe ordes en strukture te aanvaar. Geykte patrone van dink en verstaan moet verander word om in staat te wees om nuut te kan waarneem (vgl Bohm 1998).

Kreatiewe denke word gedra deur kreatiwiteitsvaardighede (vgl Amabile 1996). Om kreatief te wees vra dat mens anders sal *sien*, nuut sal *dink* en *oop* sal wees om nuwe komplekse idees te verstaan en aanvaar, nie te gou te oordeel wat aanvaarbaar of reg is nie, maar so wyd as moontlik te dink en akkuraat te kan onthou.

Die benadering tot kreatiwiteit word gekenmerk deur 'n openheid en verwagting vir dit wat nuut, oorspronklik en anders is. Die soort ingesteldheid kan beskryf word as waagmoed om die onbekende nie alleen te sien of te bedink nie maar om dit te onthul as die nuwe.

### 14.2.3. Breinteorie.

Die benadering van kreatiwiteit aan die hand van brein teorie word deur Buzan (2001) en Neetling (2004) hanteer as komponent van kreatiwiteit. Die verstaan en die ontwikkeling van die vermoëns van die brein, is ‘n belangrike sleutel in die ontsluiting van kreatiewe vermoëns. Die belang van die benutting van die hele brein is onderstreep deur beide outeurs. Die feit dat kreatiwiteit deur oefening van die brein aangewakker kan word is sentraal in die brein teorie benadering.

### 14.2.4. Kreatiwiteit en insig.

Om die waarnemings wat gemaak word en die denkprosesse wat nuutheid verwag met mekaar te integreer, verlang insig. Insig sluit aan by die intergrasie van nuwe informasie in nuwe patrone (vgl De Bono 1996). Ook die vermoë om assosiasies tussen onverwagte gedagtes vanuit verskillende kontekste te kan maak verlang insig (vgl Amabile 1996, Lanser 2007). Kreatiewe insig gaan om die raaksien van die onverwagse en die onwaarskynlike, asook die onderskeiding en kombinering van idees uit verskillende kontekste. Dit beteken om moontlikhede en kombinasies te kan sien wat vir ander onsigbaar is (vgl Adair 2007).

### 14.2.5. Kreatiwiteit en verbeelding

Verbeelding as essensiele menslike eienskap is die vermoë om komplekse gedagtebeelde en simbole te skep en in kombinasie met die werklikheid te bring. Verbeelding is gevolglik diensbaar aan die verstaan en verklaring van abstrakte en moeilike verskynsels. Verbeelding werk deur die integrasie van die verbeeldingsvermoë van die brein, wat abstrakte konsepte deur middel van kreatiwiteit sigbaar en verstaanbaar maak. Verbeelding is beskryf as die kontakpunt waar die onsigbare God ontmoet kan word. Die negatiewe konnotasie met die begrip verbeelding as iets wat onwerklik of net ‘n illusie is, kan lei tot ‘n skeptiese ingesteldheid oor die aanwending daarvan. Die uitdaging vir die kreatiewe prediker is om die skatkamers van die verbeelding te ontsluit, om nie net die skatte wat daarin is self te ontdek nie, maar ook ander mense in staat te stel om verbeeldingryk te kan

glo en lewe. Die verbeeldingsirkel moet geaktiveer word om die werklikheid te herdefinieer deur verskillende lense, wat tot nuwe ervaringe kan lei en wat opnuut die verbeelding stimuleer tot nog nuwe beskouings van die werklikheid.

### 14.2.6. Meetbaarheid van kreatiwiteit.

Kreatiwiteit word meetbaar voorgestel aan die hand van ‘n aantal eienskappe. Die subjektiwiteit in die beoordeling van wat as kreatief beskou kan word, kan problematies wees. Beoordeling van die mate van kreatiwiteit is ‘n saak van “*gepaste waarnemers*” (vgl Amabile 1996). Kreatiewe produkte is beskryf as “bruikbaar, mooi of betekenisvol” (vgl Adair 2007), kwaliteite wat deur die *waarnemer* daaraan toegeskrywe is. Dit word algemeen aanvaar dat ‘n gemeenskap bepaal wat kreatief is of nie (vgl Boden 1994). Die aanklag van die subjektiwiteit van die waarnemer is nie heeltemal ongeldig nie, tog bly die behoefte aan maatstawwe vir die bepaling van kreatiwiteit ‘n werklikheid. Verskeie van die teorieë gee aanduidings van maatstawwe wat aangelê kan word vir die bepaling van kreatiwiteit (vgl Baer 1993; Torrance 1994; Buzan 2001; Neethling 2004; Lemons 2005).

Die vier sentrale maatstawwe wat in meeste teorieë voorkom om die resultate of produkte te meet is die van “Fluency, flexibility, originality, elaboration.” Die basiese lys word uitgebrei met die elemente van openheid, herdefiniëring en assosiasie.

- *Fluency* is beskryf as “smooth and agile thinking”. Dit kan vergelyk word met ‘n stroom water wat vloei, of met iemand wat vlot en flink kan lees. Vlotheid of vloeiendheid gaan oor die voortbring van baie uiteenlopende idees. Die spoed waarmee die nuwe ontdek word is hierin saamgevat.

- *Flexibility* gaan om die ryke verskeidenheid van resultate. Die denker openbaar ‘n soepelheid van denke. Die klem val op die andersheid of die variasie in die resultate.

- Die derde eienskap is beskryf as *originality*. Dit dui op andersoortige, unieke of ongewone resultate. Die produkte is verrassend anders en die ongewoonheid of nuutheid daarvan herinner aan ‘n varsheid.

- Die laaste eienskap, *elaboration*, dui op die uitbreiding van idees. Die daarstelling van 'n unieke resultaat is nie die einde van die kreatiewe pad nie. Dit wat voortvloei uit die waarnemings, denke en insig, word verder uitgebrei en verfyn om nog nuwe vlakke van oorspronklikheid te kan bereik.

Kreatiwiteit word ook meetbaar gemaak in terme van die persoon wat dit beoefen, die produkte wat voortgebring word, die prosesse in die bereiking van die resultate, asook die reaksie van ander daarop (vgl Amabile 1996). Kreatiwiteit word beoordeel na gelang van die verskillende vaardighede wat daarvoor benodig word en elemente, soos die domein waarbinne dit val. Wat in een domein kreatief geag word is nie noodwendig kreatief in ander domeine nie. Kreatiwiteit word ook medebepaal deur die kreatiewe vaardighede wat benodig word vir die taak, asook die motivering van die persoon wat dit doen (vgl Feldman 1994, Amabile 1996).

> Kreatiwiteit is 'n doelgerigte dinamiese gebeure wat met behulp van waarneming, denke en insig, heelbreindenke en verbeelding, nuwe, onverwagte betekenisvolle resultate oplewer.
>
> Kreatiwiteit is meetbaar aan die teenwoordigheid van die elemente: opinie van gepaste waarnemers, vloeiendheid van idees, oorspronklikheid, fokus op die essensie, uitbreiding en verfyning van idees en openheid van denke.

### 14.2.7. Kreatiwiteit in teologiese raamwerk.

Teologie en kreatiwiteit is ten nouste aan mekaar en aan die werk van die Heilige Gees verbonde (vgl Lanser 2007). Kreatiwiteit is noodsaaklik vir die teologie (vgl Firet 1987). Hierdie noodsaaklikheid spruit voort uit die aard van teologie as die leer ken van God in die werklikheid en die geloofswerklikheid. Kreatiwiteit vervul 'n noodsaaklike rol binne die konteks van vrae sonder antwoorde en 'n werklikheid wat geken word deur radikale vernuwing en verandering. Die teologiese beroep het die taak om mense te help om 'n nuwe lewensmoontlikheid te aanvaar en te beoefen, wat die kreatiwiteit vir die beroep onontbeerlik maak (vgl Firet 1987). Om kreatief te wees vereis vryheid in denke, opvatting, wil en gevoel. Kreatiwiteit as teologiese

begrip, is vir Firet gerig op vryheid, heil en lewe, en word beoefen in verhouding met ander mense.

Om die teologiese tradisie en eietydse kultuur nader aan mekaar te bring, word kreatiwiteit as vereiste vir alle teoloë voorgehou (vgl Lanser 2007). Die verwantskap tussen skepping en kreatiwiteit bring die teologiese konnotasie van kreatiwiteit na vore (vgl Lanser 2007). Kreatiwiteit in teologiese verband word deur Lanser as interaktief van aard, beskryf. Interaksie tussen mense lei tot skepping van betekenis wat as kreatiewe aktiwiteit beskou kan word. Ook die interaksie tussen reeds ervaarde situasie en die ervaring van nuwe uitdagings, word as kreatiewe gebeure omskryf (vgl Lanser 2007). Verbeelding as basis van kreatiwiteit kan in teologiese verband beskryf word as menslike vermoë wat in diens van die Gees aangewend word, om nuwe moontlikhede en ervarings op die onsigbare vlak van menswees te verbeeld, sodat dit in die interaksie met medemense in die konkrete werklikheid sigbaar gemaak kan word.

Hierdie beginsels dien as basis vir die afleiding dat alle mense inherent kreatief is en kreatiwiteit kan aanleer. Kreatiwiteit dien om te help met die skepping van nuwe verbande tussen die geloofstradisie en die eietydse kultuur, verbande waarsonder tradisie dood sal wees.

In die teologiese konteks word die begrippe waarneming en denke aktief ingespan om die kreatiewe gebeure te begryp (vgl Cilliers 1998). Kreatiwiteit is beskryf as 'n visioenêre proses, waarin fyner en dieper waarneming ingespan word, om die onsienlike God deur die bril van die Skrif waar te neem met oë, wat deur die Gees geopen is (vgl Cilliers 1998). Hiermee word kreatiwiteit in die raamwerk van die werking van die Gees geplaas.

> Kreatiwiteit kan in teologiese terme opgesom word as daardie noodsaaklike deel van die teologie, waar antwoordlose vrae en radikale lewensveranderinge, op verbeeldingryke wyse hanteer word. Kreatiwiteit is op interaktiewe wyse gerig op vryheid, heil en die lewe in verhouding met God en medemens, waar dit dien om die onsigbare, onder leiding van die Gees

sigbaar te maak. Deur die lens van die praktiese teologie is die kreatiewe proses ‘n hermeneutiese gebeure, wat nuwe verbeeldingryke verstaansmoontlikhede in die ontmoeting tussen teologie en tyd open.

# HOOFSTUK 4

## Empiriese ondersoek na kreatiewe prediking

### 1. Inleiding.

Die doelstellings van hierdie studie is in die eerste hoofstuk as volg uiteengesit:

- om tot die wese van die proses van kreatiwiteit deur te dring,
- om te verstaan hoedat kreatiwiteit binne die ruimte van die preekingewingsproses as instrument van die Heilige Gees funksioneer om van prediking kreatiewe prediking te maak.

Die momente wat die raamwerk van die ondersoek uitmaak is as volg aangedui:

- Ondersoek die pneumatologie vanuit prakties-teologiese gesigspunt met die oog op bydrae tot die homiletiek.
- Verken die terrein van kreatiwiteit en formuleer ‘n prakties teologiese perspektief op kreatiwiteit vir die homiletiek.
- Bring die pneumatologie en die kreatiwiteit in gesprek met die oog op die daarstelling van ‘n prakties-teologiese teorie vir kreatiewe prediking.
- Operasionaliseer die teorie en toets deur kwalitatiewe navorsing in die praktyk.

Die bydrae van die pneumatologie tot die homiletiek is opgesom in terme van prediking as die verkondiging van die Woord van God aan die gemeente deur middel van hermeneutiese en kommunikatiewe metodes soos deur die prediker toegepas. Dit is die gebeure waardeur die Gees direk en indirek, met en deur mense, deur middel van hulle sintuie, gawes en bedieningsinstrumente werk. Hierdie gebeure geskied binne die ruimte van ‘n wederkerige verhouding tussen God en mens. God neem die inisiatief deur saam met mense as medewerkers, deur middel van hulle gawes en vermoëns, die geïnspireerde Woord van God by mense tuis te bring.

Kreatiwiteit is in die volgende stelling saamgevat: Kreatiwiteit is ‘n menslike vermoë wat aangeleer en ontwikkel kan word. ‘n Doelgerigte, dinamiese gebeure of aktiwiteit, wat met behulp van waarneming, denke, insig en tegniek nuwe, onverwagte en betekenisvolle resultate oplewer.

In teologiese konteks is kreatiwiteit beskryf as, daardie noodsaaklike deel van die teologie, waar antwoordlose vrae en radikale lewensveranderinge, op verbeeldingryke wyse hanteer word. Kreatiwiteit is op interaktiewe wyse gerig op vryheid, heil en die lewe in verhouding met God en medemens, waar dit dien om die onsigbare, onder leiding van die Gees sigbaar te maak. Deur die lens van die praktiese teologie is die kreatiewe proses ‘n hermeneutiese gebeure, wat nuwe verbeeldingryke verstaansmoontlikhede in die ontmoeting tussen teologie en tyd open.

Noudat die fasette van beide pneumatologie en kreatiwiteit gekonseptualiseer is moet die belewenisse van predikers daaroor ondersoek word. In die inleiding is ‘n werkswyse voorgestel waarvolgens predikers op ewekansige metode gekies word om vrywillig deel te neem aan half-gestruktureerde onderhoude, om hulle verhale oor die belewenis van die preekgebeure te deel. Hierdie metode is gekies vanweë die ruimte wat dit skep vir dinamika en vloeibaarheid wat vir die vertel van die verhale benodig word, en omdat dit een van die metodes is wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word.

## 2. Data-insameling.

### 2.1. Onderhoudvoering.

‘n Onderhoud is ‘n twee-rigting gesprek waardeur die navorser data insamel en leer oor die idees, opvattings, sienings, opinies en gedrag van die deelnemer (Maree 2007:87). Die wins van onderhoudvoering is geleë in die geleentheid om groot hoeveelhede data baie vinnig te bekom, asook in die geleentheid om die betekenisse wat mense oordra in die onderhoud verder te kan ondersoek (Marshall en Rossman 1999:108). Die metode het ook beperkinge, wat onder meer die gewilligheid van die deelnemers tot samewerking insluit, geleentheid vir misverstand

en selfs die moontlike verdraaiing van die waarheid (Marshall en Rossman 1999:110).

Die doel van die kwalitatiewe onderhoud is om die lewe deur die oë van die deelnemer te sien. Weiss (1994:1-14) beskryf die motief vir onderhoudvoering as om te leer van kultuur, waardes, betekenisse en ervarings, asook om prosesse, gebeure en handelinge te verstaan. Die rede waarom onderhoudvoering hierdie doelstellinge goed dien, is omdat detail beskrywings van die saak wat ondersoek word, ingewin kan word. Standpunte en opinies kan geïntegreer word en prosesse kan deeglik en volledig beskryf word.

### 2.2. Die keuse van respondente.

Die keuse van respondente is 'n noodsaaklike element van die navorsing wat die uitkoms daarvan beïnvloed. In die keuse van respondente word rekening gehou met die informatiewe aard van die onderhoude. Die sentrale vraag is gevolglik: Wie het die potensiaal om die meeste relevante inligting oor die onderwerp verskaf?

'n Volgende belangrike aspek van die keuse van deelnemers, is die mate waarin hulle as verteenwoordigend gereken kan word, as kundiges oor die onderwerp (Maree 2007:88). Vereistes waaraan deelnemers moet voldoen, sluit in kennis en ervaring van die onderwerp, die vermoë om daaroor te kan reflekteer en die gewilligheid om aan die navorsing deel te neem (Flick, von Kardorf & Steinke 2004:169). Weiss (1994:17 e v) beskryf die eerste uitdaging vir suksesvolle onderhoudvoering as die samestelling van 'n paneel van kundige deelnemers, waaruit 'n verteenwoordigende groep gekies kan word.

Die primêre onderwerp van ondersoek is kreatiewe prediking, met spesiale fokus op kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die preekgebeure. Onderhoude moet gevoer word met aktiewe predikers. Vir die doeleindes van die studie is onderhoude gevoer met aktiewe predikers in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

In die keuse van predikers bestaan die versoeking om predikers te kies wat allerweë bekend staan as kreatiewe predikers. Die risiko van die opsie is dat die subjektiewe

belewenisse, of opinies wat mense ten opsigte van kreatiwiteit en kreatiewe prediking huldig, die norm vir keuses word. Ter wille van geldige resultate, is deelnemers volgens die kerklike geografiese indeling van gemeentes in verskillende sinodes en ringe, gekies. 'n Ring is 'n geografiese groepering van 'n aantal gemeentes. Die groepering verleen 'n mate van ewekansigheid in die keuse van deelnemers. Dit behoort 'n gebalanseerde uitkoms en breër basis van inligting te voorsien, wat die uitkoms van die navorsingsresultate positief sal beïnvloed. Die Ring van Birchleigh in die Kempton Park omgewing is gekies as deelnemers aan die ondersoek. Die leraars in die verskillende gemeentes is voltydse predikante wat op gereelde basis die prediking beoefen.

### 2.3. Die onderhoud.

Die onderhoud geskied aan die hand van 'n halfgestruktureerde onderhoudsmodel. Die model van halfgestruktureerde onderhoude is veral geskik waar data uit ander databronne getoets moet word (Maree 2007:87). Die onderhoude geskied aan die hand van pertinente oop vrae wat fokus op die verlangde kennis. Ruimte word gelaat vir die verdere verkenning van informasie en opinies wat uit die onderhoud na vore kan kom.

Maree (2007:88) gee 'n aantal riglyne wat noodsaaklik is vir 'n suksesvolle onderhoud. Die keuse van gekwalifiseerde kandidate as mense wat die vrae sal kan antwoord en die nodige informasie kan verskaf, deelnemers se instemming om deelname, sowel as die versameling van ryk beskrywende informasie oor die onderwerp. Hollway & Jefferson (2000:26) wys op potensiele slaggate in die onderhoudsproses. Navorsers moet rekening hou met moontlike verskille tussen die verwysingsraamwerke van navorser en deelnemer. Die geneigdheid dat 'n deelnemer hom of haarself sou wil beskerm deur nie volledige of eerlike antwoorde te verskaf nie, is 'n wesentlike gevaar. Navorsers moet ook daarmee rekening hou, dat mense opinies huldig oor onderwerpe, sonder dat hulle noodwendig weet hoekom hulle die opinies huldig.

Navorsingsvrae moet duidelik geformuleer word en meer as 'n blote *ja* of *nee* as antwoord ontlok (Maree 2007:88). Die hoeveelheid vrae moet beperk word tot die noodsaaklike wat aangevul kan word met verkennende en verhelderende vrae na aanleiding van die response. Volgens Hollway & Jefferson (2000:8) beperk geslote vrae die horison van die deelnemer se gedagtes. Hollway & Jefferson (2000:34 e v) hanteer die verskillende soorte vrae, en waarsku teen vrae wat lei tot intellektualisering. Vrae wat *hoekom* van die deelnemers vra, dwing hulle om 'n rasionaal te verskaf wat nie noodwendig geldig of toetsbaar is nie. Vrae moet daarom so geformuleer word dat dit openheid laat vir die gebruik van opvolgvrae wat aspekte of momente van die antwoord, verder kan verken. Die uitdaging is om oop vrae te vra wat ruimte skep vir opvolgvrae, sodat belangrike informasie dieper ontgin kan word. De Klerk (2007:179) wys op die "more flexible conversation" wat teweeg gebring word deur oop vrae en half gestruktureerde formate van inligtingversameling. Hierdie buigsaamheid is van onskatbare waarde in die verkenning van die verhale van predikers oor die preek gebeure.

Die onderhoud moet deur 'n kort, realistiese, nie-bedreigende inleiding wat nie die navorsing deur navorsersvoorkeure bevooroordeel nie, ingelei word (vgl Fletcher 1988:201 e v). Onderhoude vloei van die algemene na die besondere deur nie-bedreigende vrae aan die begin van die onderhoud aan die orde te stel. Die raamwerk van die onderhoud bestaan uit 'n aantal basiese vrae wat skakel met die teorie soos dit reeds geformuleer is. Ruimte word geskep vir vrae wat verskillende fasette van die informasie dieper kan verken ("probing questions").

### 2.4. Betroubaarheid van resultate

Die belang van die vrae in die onderhoud is reeds aangespreek. Vrae in die onderhoud moet dieselfde betekenis vir al die deelnemers dra. Die navorser moet die onderhoudskonteks verreken tydens die omgang met die resultate aangesien die konteks 'n bepalende invloed op die resultate kan uitoefen(vgl Richardson; Dohrenwend & Klein 1965:40 e v). Wanneer al die vereistes vir betroubare vrae verreken is moet die navorser steeds aanpasbaar en buigsaam wees in die insameling van die data. "If a respondent's views on a topic are in fact unstable, a

question with fixed wording gives the response only a spurious stability and, hence, no validity." (Richardson et al 1965:48). Die navorser behoort fyn te luister en omsigtig met die antwoorde van die respondente om te gaan, om die bes moontlike resultate te bereik.

'n Volgende uitdaging vir die betroubaarheid is die verskynsel van reaktiwiteit (vgl Mouton en Marais 1989:76). Die mense wat deel uitmaak van die ondersoek weet dat hulle deel van 'n ondersoek is en kan geneig wees om dienooreenkomstig te reageer. Van die verskynsels van reaktiwiteit wat aan deelnemerskant genoem word, sluit in: weerstand teen onderhoudvoering, onverskillige respondering, onakkurate inligting as gevolg van apatie, moedswilligheid, verandering van gedrag of selfs doelbewuste misleiding.

Ook die navorser kan reaktiwiteit veroorsaak. Navorser-effekte sluit die navorser se affiliasie, beeld, afstand van die subjek asook die navorser-oriëntasies in. Navorser-oriëntasie gaan oor die vooroordele, verwagtings, menings en oortuigings wat die navorser self huldig (vgl Mouton & Marais 1989:81 e v). Reaktiwiteit is een van die grootste bedreigings vir die geldigheid van bevindinge.

## 2.5. Die hoofsaak van die ondersoek.

Die hoofsaak van ondersoek is die belewenis van, ervaring met, of opinie oor, kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die preekproses. In wese gaan dit om kreatiewe prediking en die toepassing daarvan in die praktyk, asook die verstaan en die belewenis van die werking van die Heilige Gees in die gebeure.

Die inleidende probleemstelling omskryf die navorsingsprobleem as volg:

Die kerklike praktyk van die verkondiging van die boodskap van die Bybel deur middel van prediking te midde van omstandighede van radikale verandering, is sentraal in die formulering van die navorsingsprobleem. Dit is die taak van die prediker om die lig van God se Woord, wat in ou bronne en geykte tradisies gekleë is, in 'n nuwe wêreld aan nuwe mense te bring. Die uitdaging om verandering kreatief te hanteer, vereis nuwe denke, benaderings en verwoording van die prediker. Hierdie werklikheid stel besondere eise aan die kreatiewe vermoëns van

die prediker in die voortbring van 'n preek. *Die nood van prediking in die tyd waarin ons leef is 'n gebrek aan kreatiewe prediking.*

Die probleem is verder uitgebrei en aangevul met gedagtes oor kreatiwiteit as onderdeel van die prediking, asook die noodsaaklikheid van die verstaan van die werking van die Heilige Gees. Die tema van die studie is geformuleer as:

> Kreatiewe prediking: Kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die ingewing van die preek.

Vervolgens word die temas, kreatiwiteit en die werking van die Heilige Gees soos gekonseptualiseer, in vrae uitgewerk wat die navorsingsproses verder kan dien.

### 2.5.1. Die werking van die Gees in die prediking.

Wat is die rol van die Heilige Gees in die prediking? Vanuit die teoretiese verkenning van die werk van die Gees en die prediking, word aanvaar dat elke prediker op een of ander manier bewus sal wees van die werk van die Heilige Gees. Die vraag aan predikers is:

Op watter maniere word die teenwoordigheid van God deur die Heilige Gees in die proses van prediking ervaar?

Die opgaaf van die navorsing is onder andere om die teenwoordigheid van die Gees in die prediking, teologies en teoreties te omskryf. In die onderhoud moet predikers se ervaring van die Heilige Gees in die preekproses, na vore gebring word.

- *Hoe verstaan die prediker die werking van die Gees in die taak van prediking*? Die vraag handel oor die prediker se verstaan van die werk van die Gees, sodat dit met die verskillende sieninge wat reeds geformuleer is in gesprek gebring kan word.
- *Hoe word die preek as die instrument van die Gees in die verkondiging van die evangelie beskou?* Met die vraag word die prediker en die instrument van die prediking op mekaar betrek in die verhouding van teonome wederkerigheid.

Die volgende merkers sou, indien dit na vore kom, verdere invra op die temas kan aanmoedig:

Die Gees bring die prediker in beweging.

Die Gees bemagtig die prediker.

Die Gees inspireer, roep en verlig.

Die verhouding van teonome resiprositeit.

Die prediker as volledige mens met al sy gawes en vermoëns in diens van God in die prediking, as mengsel van Goddelike en menslike werk.

Die grondhouding van die prediker as afhanklikheid, soos verbeeld in die gebed om die koms van die Gees (Veni Creator Spiritus).

Die Gees en Woord verhouding, asook die invloed van die Gees in die verstaan van die Woord.

Die instrument van die Gees, inspirasie van Woord, prediker en hoorder. Die Gees as die geheim van die aktualiteit van die Woord en die realisering van die Woord.

Die Gees wat mens en Christus by mekaar uitbring, as realiseerder van die heil.

### 2.5.2. Kreatiwiteit.

Vraagstelling oor kreatiwiteit is beide teoreties en prakties.

- *Wat verstaan of weet die prediker van kreatiwiteit?* Die doel van die vraag is om die kennis van die prediker oor kreatiwiteit te bepaal.
- *Watter rol speel kreatiwiteit in preekvoorbereiding gewoontes?* Die moontlikheid bestaan dat die prediker reeds iets doen om kreatiewe preke voort te bring.
- *Hoe integreer die prediker kreatiwiteit in preekvoorbereiding en aanbieding?* Watter tegnieke of metodes word gebruik. Die vraag kan lig werp op die praktiese van die gebruik van kreatiwiteit. Dit kan ook lig werp op moontlike leemtes wat in die verband bestaan.

- *Hoe sou die prediker die essensie van die verstaan van kreatiewe prediking kon opsom?* Die vraag is bedoel om insig te gee aan die prediker se verstaan van die konsep, kreatiewe prediking.

Tydens die onderhoud moet die volgende merkers in gedagte gehou word met die oog op dieper ondervraging:

Almal kan  kreatief wees of, kreatiwiteit is nie vir almal beskore nie.

Kreatiwiteit is iets wat aangeleer word of, dit is iets waaroor sekere mense reeds beskik.

Die maniere van waarneming, denke en insig wat deur die prediker toegepas word met die oog op doelbewuste nuwe resultate.

Tegnieke of hulpmiddels wat predikers gebruik.

## 2.6. Die strukturering van die onderhoud.

### 2.6.1. Uitnodiging tot deelname.

Deelnemers is gekontak en versoek om deel te neem aan ‘n navorsingsgesprek wat handel oor predikers se verhale oor prediking.

### 2.6.2. Inleiding tot die onderhoud:

Tema stelling: Die studie handel oor kreatiewe prediking met besondere fokus op kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees.

Die gebruik van die bandopnemer vir die doeleindes van die verwerking van die onderhoud is verduidelik.  Deelnemers het skriftelik tot deelname aan die onderhoud ingestem (vgl bylaag 1).  Deelnemers is verseker dat hulle anonimiteit onder alle omstandighede beskerm sal word.

## 2.7. Verslag van die kwalitatiewe onderhoud

### 2.7.1. Profiel die deelnemers

| | Ouderdom | Geslag | Hoogste Kwalifikasie | Jare Ervaring | Preke per maand |
|---|---|---|---|---|---|
| Deelnemer 1 | 28 | V | M Div (UP) | 5 | 6 |
| Deelnemer 2 | 37 | M | BTh (UOVS) | 13 | 3-4 |
| Deelnemer 3 | 55 | M | Dipl Teol (UP) | 26 | 3-4 |
| Deelnemer 4 | 54 | M | DD (UP) | 28 | 4 |
| Deelnemer 5 | 53 | M | MDiv (UP) | 26 | 4 |
| Deelnemer 6 | 43 | M | MA (UP) | 16 | 8 |
| Deelnemer 7 | 52 | M | MTh (UOVS) | 20 | 4 |
| Deelnemer 8 | 54 | M | PhD (UP) | 26 | 6 |
| Deelnemer 9 | 54 | M | DD (UP) | 27 | 4 |

### 2.7.2. Onderhoudsvrae

Die onderhoud is ingelei met die volgende stelling: *Vertel jou preekverhaal van begin tot einde*. Die algemene vraagstelling is gevolg deur die temas, wat handel oor die predikers se verstaan en ervaring van die werk van die Heilige Gees en kreatiwiteit. Predikers is laastens ondervra na hulle verstaan van die konsep van kreatiewe prediking. Geleentheid vir gesprek rondom die onderskeie temas is deurlopend oopgelaat. Die merkers wat voorheen aangedui is, is tydens die onderhoude nagespeur soos dit na vore gekom het en word as deel van die resultate weergee.

## 3. Hooflyne van die predikers se reaksies op die verskillende temas.

In hierdie afdeling word die inhoud van die empiriese navorsing opgesom, gesistematiseer en tematies weergegee. Hierdie opsomming geskied aan die hand van die groot vrae wat die buitelyne van die onderhoude bepaal het. Die hooflyne van die opsomming is as volg:

- Verhale van predikers.
- Predikers se verstaan en ervaring van die werk van die Heilige Gees in die preekverhaal.
- Predikers se verstaan en ervaring van kreatiwiteit.
- Predikers se verstaan en ervaring van kreatiewe prediking.

## 3.1. Benadering van die preekverhale.

Aangesien 'n onderneming aan die deelnemers gemaak is dat hulle identiteit beskerm sal word, word daar in die opsomming en analise van die onderhoude bloot na predikers verwys. Verwysings na predikers geskied in die manlike vorm hoewel een van die deelnemers 'n vrou is. Die keuse reflekteer nie bevooroordeling ten opsigte van geslagtelikheid nie, maar dien om die anonimiteit van die vroulike deelnemer te beskerm. Direkte aanhalings uit die verhale van predikers word telkens in *skuinsdruk* formaat weergegee.

## 3.2. Verhale van predikers.

Predikers is gevra hulle preekverhale van begin tot einde te vertel. Hierdie verhale vertoon drie basiese momente wat opgesom word as:

- Tekskeuse.
- Bestudering van die teks.
- Verwerking van die roumateriaal tot 'n preek.

### 3.2.1. Tekskeuse

Die eerste uitstaande moment in die preekverhale van predikers is die keuse van 'n teks. Al die predikers gebruik die Bybel as primêre bron vir die prediking. Meeste van die predikers maak gebruik van *'n leesrooster* as hulp in die keuse van die teks of tema vir die prediking. Sommige van die predikers het dit duidelik gemaak dat hulle die leesrooster uitsluitlik met die oog op die keuse van 'n teks of tema benut. Ander het aangedui dat die eksegetiese en homiletiese materiaal van die leesrooster 'n belangrike hulpmiddel is.

Naas die gebruik van ‘n leesrooster is *die kerklike jaar* oor die algemeen ‘n belangrike faktor in die keuse van tekste vir die prediking. Predikers hou daarvan om by die seisoene van die kerklike jaar aan te sluit en die algemene ritme daarvan te volg.

*Die lewensomstandighede van die gemeente* beïnvloed predikers in hulle tekskeuses. Van die predikers vermeld dat hulle *eksegese van die gemeente en die samelewing* doen. Die gebeure op plaaslike vlak in die gemeentes en die gemeenskap, soos onder meer in die koerante weerspieël, word aangedui as belangrike invloed op die keuse van teks en tema. Hierdie aspek word benadruk as aanduider van die relevansie van prediking vir die gemeentelike lewe.

*Die persoonlike ervarings* van prediker het ‘n belangrike invloed op die tekskeuse. Predikers se daaglikse omgang met die Skrif, die ervaringe in die omgang met lidmate sowel as die wel en weë van hulle persoonlike familie en gesinslewe, het ‘n beduidende invloed op die keuse van tekste en temas. Die persoonlike omgang met die Skrif is vir predikers ‘n belangrike moment in die keuseproses. Dit weerspieël die gedagte van ‘n *persoonlike deurleefdheid*, of *aangespreek* wees deur die teks, wat deur predikers beklemtoon is. Indien die prediker nie self eers deur die Woord in ‘n bepaalde omstandigheid aangespreek is nie, sou dit vir hom moeilik wees om die gemeente met dieselfde Woord te bedien. Tekskeuses wat uitsluitlik op grond van persoonlike ervaring gedoen word, hou volgens een van die predikers ,‘n risiko vir die prediking in. Die risiko bestaan daarin dat die prediker *bloot gunsteling tekste* as preektekste kan gebruik. Hy wys op die noodsaak daarvan dat die *volle rykdom en omvang* van die Skrif as bron vir die prediking benut moet word.

Naas die persoonlike ervaring van die predikers met die Skrif, is *persoonlike ervaringe in die gemeente*, die gemeenskap, asook ervaringe binne gesinsverband, genoem as ‘n belangrike invloed op die keuse van teksgedeeltes. Die begrip *deurleefde boodskap* is algemeen deur predikers gebruik as aanduiding van hulle *in*

*voeling wees* met die lewe. Sommige predikers is nie skaam om hulle belewenisse, persoonlike omstandighede en ervaringe, aan te wend in die prediking nie.

*Belewenisse saam met lidmate* speel ook ‘n bepalende rol in die keuse van ‘n teks. Predikers ervaar ‘n reeks gebeure saam met lidmate. Een van die predikers stel dit so: *kontak met mense, daar is die beste bron van gedagtes en aanvoeling vir mense se lewens...* Die prediker kan gevolglik nie net tussen die studeerkamer en die kansel beweeg nie, betrokkenheid by die lidmate is noodsaaklik vir die relevansie van die prediking. Nog ‘n prediker verwoord ‘n soortgelyke gedagte: *sodat ek dit Sondag relevant kan oordra. Dit moet relevant wees vir my en die kerkganger*. Dié prediker sluit aan by mense se emosionele behoeftes en *die goed wat met hulle gebeur*. Van die voorbeelde wat genoem is, sluit lidmate se belewenisse van gebeure soos motorkapings, gewapende roof, geweld, krisisse en sterftes in.

Die laaste belangrike tema rakende die tekskeuse kan opgesom word as die beweging van die Heilige Gees. Slegs enkele predikers noem die rol van die Gees in die tekskeuse as ‘n pertinente moment. Dit blyk tog uit die geheel van die onderhoude dat die Gees ‘n belangrike faktor vir die prediking is. Predikers wat dit spesifiek noem verwoord die beweging op verskeie maniere. Een van die predikers se preekverhaal begin met die frase: *Dit begin by gebed om die salwing van die Heilige Gees*. ‘n Ander sê: *dit is asof mens daardie goddelike aanraking kry van hoe om dit te sê en wat om te sê,* en verduidelik dit as sy verstaan van die beweging van die Gees. *Daar skop iets in*, iets wat opgesom word as *‘n tema of ‘n frase of ‘n gedeelte*. Elders in die onderhoude beskryf een van die predikers dit so: *die Here bring oor tyd heen ‘n teks of tema*.

### 3.2.2. Bestudering van die teks.

Die volgende uitstaande tema in die preekverhale is die predikers se omgaan met die teks of tema. Elkeen van die predikers doen moeite om die teks te verstaan. Sommige erken dat hulle nie die oorspronklike tale nagaan soos hulle *seker behoort te doen* nie, behalwe waar daar dalk onduidelikheid is. Meeste van die predikers gebruik kommentare en verwante bronne in die eksegetiese arbeid. Oor die

algemeen kan afgelei word dat predikers die leesrooster se eksegetiese materiaal vertrou. Een prediker verwys spesifiek na die nagaan van *inleidingsvraagstukke* as noodsaaklike deel van sy voorbereidingswerk.

Naas die eksegetiese arbeid met die oog op die verstaan van tekste, doen die predikers *leeswerk* vir die stimulering van moontlike temas en verdelings van tekste. Enkele van die predikers meld dat die internet vir hulle waardevolle webwerwe bied wat die eksegetiese proses ondersteun. Gedagtes word *neergepen* en temas word ontwikkel. Die predikers is dit oor die algemeen eens dat die bestudering van die teks en ander relevante leeswerk 'n belangrike fase in die preekvormingsproses is.

### 3.2.3. Die verwerking van roumateriaal tot 'n preek.

In die verwerking van die roumateriaal vir die preek, speel *ander mense* 'n belangrike rol in die predikers se preekverhale. Idees en gedagtes oor die tekste en moontlike temas word deur van die predikers saam met hulle gesinne oordink. Ander predikers maak die punt maak dat gesprekke met kollegas oor die tekste belangrik is. Die doel van die gesprekke is om gedagtes te bespreek, met die oog op die vorming en die toetsing van idees vir die preek. Van die predikers betrek lidmate om te help met die voorbereiding en vervaardiging van "*voorbeelde en goed*" wat uitgedeel word tydens of na die preek. Twee van die predikers meld dat die keuse van musiek en liedere vir die erediens deur ander mense gedoen word. In die een geval is dit die orrelis wat die taak verrig, terwyl die ander se eggenoot daarvoor verantwoordelik is. Een van die predikers noem dat potensiële temas met lidmate tydens Bybelstudie en ander groepsbyeenkomste bespreek en behandel word. Die bespreking help om die behoeftes van die lidmate te bepaal.

'n Volgende belangrike moment in die verwerking van die roumateriaal is die *vind en aanwending van hulpmiddels*. Gebruikers van visuele uitbeeldings vermeld dat die voorbereiding van "powerpoint" skyfies tydrowend is aangesien prentjies gesoek, en aanbiedings ontwerp moet word. Ander materiaal wat predikers versamel sluit in: anekdotes, verhale, gedigte, musiek, asook voorwerpe wat as aanskouingslesse kan dien. Van die predikers vertel dat hulle deurlopend materiaal versamel met die oog

op aanwending in die prediking. "*Wanneer ek iets gelees of gesien het wat moontlik bruikbaar is word dit in 'n lêer gebêre*."

Predikers benadruk die vind van eietydse en geleefde voorbeelde deurgaans baie sterk. Die egtheid van die voorbeelde word deur die predikers beklemtoon. Een van die predikers verwoord dit so: *ek hou van daaglikse en geleefde voorbeelde. Ek stoei self met goed en verstaan gevolglik iets van die lewe van die lidmate*. Nog een van die predikers beklemtoon die aspek van egtheid in verband met kreatiwiteit, *opregte lewenservaringe is die moment van kreatiwiteit, en dit het meer waarde as ander. Ek sien dit in die woorde wat gepraat word, die geleefde goed is die sterkste*.

Predikers doen baie moeite met die formulering van *preekmanuskripte.* Die manuskripte word op verskillende maniere deur die predikers benut. Vir sommige is die preekmanuskrip slegs die basis waaruit 'n raamwerk of *outline* saamgestel word, wat tydens die lewering van die preek as basis gebruik word. Ander predikers beklemtoon die belang van die preekmanuskrip, aangesien dit so te sê *een honderd persent woordeliks* voorgedra word.

Predikers vertel van verskillende ervarings tydens die lewering van die preek. Teenoor diegene wat die preekteks so ver moontlik letterlik volg staan die ander wat 'n vrye rede voorstaan. Laasgenoemde groep vertel dat hulle op die kansel, terwyl die preek gelewer word nuwe gedagtes, beelde en interpretasies vind en gebruik. In 'n volgende afdeling wat handel oor die predikers se verstaan van die werking van die Heilige Gees, kom die aspek weer ter sprake en sal daar in fyner besonderhede op die saak ingegaan word.

Een van die laaste opvallende aspekte van die verhale van predikers wat aandag verdien is die feit dat meeste van die predikers 'n ervaring van benoudheid as deel van hulle preekverhale beskryf. Predikers vertel van 'n gevoel van spanning voor hulle die preek moet lewer. Vir meer as een prediker is die gevoel van *vrees en bewing* 'n teken van hulle eie swakheid. Op 'n ander manier word die vrees ook geteken as 'n erkenning van hulle behoefte aan die werking van die Heilige Gees.

Iemand verwoord die gedagte deur te sê dat as hy nie *bewerig* is nie, is hy bekommerd dat hy *te selfversekerd* is. *Wanneer ek nie reg voel nie dan is ek reg, en as ek reg voel dan is ek juis nie reg nie*. Die gevoel is toegeskryf aan die groot verantwoordelikheid om te moet sê: *so sê die Here*. Nog 'n prediker verwoord dit so: *die knop op die maag gee kalmte, as ek te selfversekerd is, is ek bekommerd dat die preek dood gaan wees. My eie aandeel is nie so belangrik nie.* Die prediker verklaar dat dit nie *senuwees* is nie, want hy is gemaklik en geniet die lewering van die preek. Die prediker voel tog *'n versigtigheid* aan op die kansel. *Die gevoel is die bevestiging dat God in beheer is*.

## 3.3. Predikers se verstaan en ervaring van die werk van die Heilige Gees in die preekverhaal.

### 3.3.1. Die misterie van die werking van die Gees

Die predikers maak dit onomwonde duidelik dat hulle nie van enige *buitengewone* of *bo-natuurlike* ervarings van die werking van die Gees kan getuig nie. Die Heilige Gees werk binne die normale gang van die lewe. Een prediker beskryf dat die Gees sedert sy aanvanklike roeping reeds besig is om hom voor te berei vir die werk. *Die Gees was reeds in my studiejare besig om my voor te berei vir die werk wat ek moet doen, en is steeds besig om my te vorm van dag tot dag*. Hoewel daar van geen buitengewone gebeure sprake is nie, huldig die predikers die standpunt dat die werking van die Gees van begin tot einde steeds 'n misterie bly. Die werking van die Gees word as *onvoorspelbaar* beskryf, 'n werking wat *mens met 'n verwondering oor God laat*. Die werking is sigbaar en tegelyk ook onsigbaar. Sigbaar in die aanvoeling en ervaring van leiding aan die een kant, onsigbaar en misterieus in die impak van die lewe van die hoorders aan die ander kant. Die onsigbaarheid word verwoord in die bekende verstaan van die Gees as *wind*, *onsigbaar maar tog ook duidelik aanvoelbaar*.

Die onvoorspelbaarheid en misterie van die Gees word deur van die predikers aan die hand van 'n *a-ha-ervaring* beskryf. Ander predikers het dieselfde begrip in die konteks van kreatiwiteit en kreatiewe prediking gekommunikeer, waar die ervaring weer aan die orde sal kom. Een van die predikers verstaan dat die mens *dink,*

*probeer en werk* en so betrokke is deur te skep, *dan kom die Gees wat mens uit jou boksie uithaal*. Hierdie uithaal deur die Gees is vir die prediker die *a-ha-ervaring*.

Predikers beskryf hulle verstaan en ervaring van die Gees in terme van subjektiewe ervarings wat nie altyd verwoordbaar is nie. Die prediker *beplan* om *een ding* te sê en *sien* dan 'n *ander* moontlike formulering of boodskap raak. Uiteindelik word "iets anders" ontdek, wat dit wat hulle beplan het om te sê, in iets heeltemal anders verander. Hierdie verandering word aan die werking van die Heilige Gees toegeskrywe. Die werkinge van die Gees is beskryf as *iets wat nie noodwendig volgens aanvaarde logika geskied nie*. Dit is nie 'n *geordende gebeure* of selfs *kognitief verklaarbaar* nie. Een van die predikers beskryf die werking as *irrasioneel*. Die Gees se werking word in *gevoel* of die *emosie* beleef en nie noodwendig in die redelike nie.

Van die predikers gebruik beelde om iets van die vreemdheid van die werking van die Gees in die prediker te verduidelik. 'n Prediker word beskryf as die *spreekbuis, instrument en kanaal* waardeur die Gees werk. Nog een van die predikers verduidelik die werk van die Gees aan die hand van 'n musikale beeld. *Die Gees is die Dirigent wat al die instrumente lei om saam die musiek te maak. Die Gees is die Komponis, hy maak 'n ander konsert* as die wat die prediker in gedagte gehad het.

### 3.3.2. Die Gees gebruik die prediker se gawes en vermoëns.

Teenoor die vorige standpunt verduidelik sommige van die predikers dat *die Gees nie buite om wat jy lees, werk nie*. Die Gees gebruik die menslike verstand, gawes en talente sodat die mens volledig deel van die proses van die werking van die Gees kan wees. *Dit is die Gees wat mens uit die kassie haal en in die nuwe konteks loslaat*. Een van die predikers lê die klem op die werking van die Gees met die volledige mens, *die Gees gebruik die volledige mens met al sy gawes en talente, natuurlik nooit los van die konteks en nooit los van die Woord van God nie*. Die Gees werk deur die voorbereiding en die verstand van die prediker. Van die predikers beklemtoon hulle afhanklikheid van Gees deur die doelbewuste gebed om die leiding van die Gees.

Oor die gebed en die werking van die Gees kom daar twee temas na vore. Die *prediker se gebed* om die leiding van die Gees in die voorbereiding en aanbieding van die preek, en die *gebed van die ontvangers* van die preek. Meeste van die predikers het dit nodig geag om die aspek van doelbewuste afhanklikheid van prediker en hoorder te onderstreep. Daar kan *geen preek sonder gebed* kan wees nie. Gebed is vir die prediker die *sleutel* wat die prediking en die gebeure rondom dit ontsluit. Ook die hoorders se gebede en voorbereiding vir die prediking word benadruk. Van die predikers verwoord dit dat die hoorder se gebed vir die prediking die Woord laat vrug dra.

### 3.3.3. Die Gees ontsluit die boodskap vir die preek.

Afhanklikheid van die Gees is noodsaaklik om die Woord te kan verstaan. Die predikers verklaar dat dit die Gees is wat die prediker lei tot verstaan. Soos die Gees die prediker met die tekskeuse in beweging bring, is dit die Gees wat die prediker deur die Woord aanspreek. In die formulering van die boodskap is dit uiteindelik ook die Gees wat die prediker lei oor *wat om weg te laat of by te sit*. Die Gees laat die gedagtes van die prediker vrug dra, deur dit wat oor jare heen daar gevestig is deur vorming, ter sprake te bring. Ook die insig in die omstandighede en die toepassing van die Woord daarin, word aan die werking van die Gees toegeskrywe. Predikers verklaar ook dat hulle self aangespreek voel deur die Gees. *Die deurleefde Woord is werk van die Gees*. Een van die predikers beskryf die werk van die Gees as hermeneuties, omdat die Gees die Woord *verstaanbaar* laat grondvat in die lewe van die prediker sowel as die hoorder.

Soos met die noodsaak van die gebede van die hoorders, word die werking van die Gees ook nou verbind aan die *ontsluiting van die boodskap* aan die hoorder. Dit geskied deurdat beide prediker en hoorder aangeraak is. Oor die hoorders verklaar die prediker dat *die hoorder afhanklik moet wees van die Gees, om die woord bekend te maak*. Indien hulle nie afhanklik gaan wees nie gaan dit net nog 'n preek wees wat gebeur. *As die hoorder voorbereid en met verwagting kom sal hulle verander word*. Die Gees is die *brugbouer tussen Woord en mens*, en ook tussen prediker en hoorder. Die Gees berei die harte voor deur die boodskap van die Skrif

by prediker en hoorder te ontsluit. Soos een van die predikers dit stel, *as die Gees met my werk moet hy met die hoorders ook werk*.

Van die predikers het die verband tussen die werk van die Gees en die verskynsel van kreatiwiteit vroeg in die gesprekke verwoord. Kreatiwiteit word aan die werking van die Gees toegeskrywe langs die weg van die geloof dat die Gees by die skepping reeds betrokke was. Die kardinale rol wat aan die Gees in die skepping toegeskrywe word, lei tot die afleiding dat geen kreatiwiteit sonder die werking van Gees moontlik kan wees nie. Oor die werking van die Gees in die verband, beskryf een van die predikers die verband tussen doelbewuste tegnieke vir kreatiwiteit en die werking van die Gees. *Geeslose tegnieke is nutteloos*, wat impliseer dat die kreatiewe pogings sonder die werk van die Gees net so wel gelaat kan word. Dit is die Gees wat *verwagtinge skep* en *geleenthede ontsluit.* Die Gees skep 'n *ongemak* by mense en maak mense *unruly* sê 'n ander, daarom dat mense ongemaklik raak wanneer die Gees begin werk en die boodskap begin tuis kom.

Een van die predikers benadruk die belangrikheid van sy *geloof* dat die Gees werksaam is. *Geloof in die Gees is belangrik in die gebeure*. Dit behels die geloof dat die Gees die prediker help om te verstaan en dat Gees die prediker se hulpmiddels gebruik. Die geloof sluit in dat die Gees in die hoorders werk, asook die geloof dat die hoorders gelowig voorbereid moet wees. Hierdie *geloof* in die werking van die Gees, gee vir die prediker die moed om die kansel te bestyg en taak van die prediking met groter vrymoedigheid aan te pak. Aan die ander kant van die geloof is die element van onsekerheid, tog steeds teenwoordig. Die verband tussen die misterie om die werking van die Gees en die sogenaamde *a-ha-ervaring* is reeds uitgewys. Die beskouing van die misterie van die Gees, kom ook in ander verbande uit die onderhoude na vore waar dit spreek van onsekerheid. Aan die een kant word die buitengewone, of misterieuse van die werking van die Gees beklemtoon, terwyl dit aan die ander kant tog deur predikers van misterie gestroop word. Wat die misterie van die werking van die Gees betref, stel een van die deelnemers dit in terme van die manier waarop hy insig in die teks en die omstandighede vind: *ek weet nie presies hoe nie, dit is seker maar die werk van die Gees*. Die ander kant van hierdie onsekerheid word deur een van die ander predikers verduidelik aan die

hand van die werking van die mens se denke. *Die Gees werk gestruktureerd deur ons denke*.

Die predikers se verstaan van die werking van die Gees vertoon 'n bepaalde subjektiwiteit. Dit wil soms voorkom asof dit wat nie verklaarbaar of logies in die preekproses verduidelik kan word nie, sondermeer aan die werking van die Gees toegeskryf word. Een van die predikers verduidelik 'n afwyking van die voorbereide manuskrip tydens die lewering van die preek as die werking van die Gees. *Mens beplan iets en sê dan iets heeltemal anders*. Nog 'n prediker verwoord die gebeure soos volg: *Jy dink wil iets sê, en wanneer jy klaar is het jy iets anders gesê, dit is die werk van die Heilige Gees*. 'n Ander sê: *Mens kry ingewings op die kansel as jy die mense sien. Na die tyd werk jy uit wat het die Here in jou kop gelê, wat jy gesê het*. Die verskynsels word toegeskrywe aan *Goddelike aanraking*. Nog 'n deelnemer sê: *die Here berei die grond voor vir die prediker om te plant, maak die mense gewillig om te hoor*.

### 3.4. Predikers se verstaan en ervaring van kreatiwiteit.

Ter inleiding word predikers se beskouings van kreatiwiteit verbatim weergegee. Die weergawe verteenwoordig antwoorde op die vraag: Wat verstaan jy onder die begrip kreatiwiteit? Die antwoorde word in geen spesifieke volgorde gestel nie.

Wat verstaan jy onder die begrip kreatiwiteit?

- *Kreatiwiteit dui op iets uniek en interessant wat mens kan aanhaal by die prediking om dit bietjie meer lewe te gee, soos 'n storie of 'n gedagte, of 'n tema of iets prakties, soos iets wat mens kan doen met mense.*

- *Ek het 'n baie eng verstaan van kreatiwiteit en prediking. Kreatief is wanneer mens iets ter illustrasie vertoon, 'n bal of suigstokkie of iets saamvat, iets buiten die gesproke woord.*

- *Kreatiwiteit is dinge wat gebeur buite die teks om wat vir jou net lekker oomblikke is. Vroeër was dit moeiliker, vandag is dit beter, ek stel my oop vir nuwe moontlikhede. Kreatiwiteit is baie meer as net die "powerpoint" of die visuele.*

- *Kreatief is om te kan afwissel, om verskeidenheid te kan gebruik en funksioneel te kan wees, maar uiteindelik is kreatief om die erediens op nuwe maniere te laat gebeur.*

- *Kreatiwiteit is om nie net te preek soos dit altyd in die ou dae gebeur het, soos lopende kommentaar op die Woord lewer nie, mens kan dit nie net so oordoen soos iemand anders nie, soos om die preke van die internet afhaal nie.*

- *Om dieselfde waarheid op 'n nuwe en vars manier aan die mense te bring met behulp van hulpmiddels soos die data-projektor. Na die preek gemaak is word die hoofpunte "gepowerpoint", ek soek foto's en beelde om die gedagte visueel voor te stel, dis kreatief maar dit vat ekstra tyd.*

- *Ek is nie 'n baie kreatiewe mens nie maar in my geval gaan dit sover dat ek probeer om dinge so te formuleer op maniere wat nie geykte clichés gebruik, of wat ek dink mense het dit nog nie so gehoor nie. Kreatiwiteit is om 'n moeilike ding makliker te sê. Kreatief is nie visuele tegniese hulpmiddels en "slideshows" nie. Ek is 'n woordkunstenaar en gebruik verskillende mediums, ervarings, ervaringsleer ensovoorts om aan te haak by mense se lewens ook in die erediens, voorbeelde uit mense se lewens met hulle toestemming, Kreatiwiteit is meer... erediens is belewenis vir jouself en vir ander, ek gebruik ander goed – visuele goed, kruise, takke wat in die kerk ingebring word, spykers om uit te deel ensovoorts. Ek gee goed waarmee mense kan aanhaak en saamvat.*

- *Ek dink in beelde, simbole en prentjies, die situasie vorm 'n prentjie wat denke stimuleer. Ek soek doelbewus na moontlikhede en alternatiewe.*

Vervolgens word die verskillende gedagtes en opinies van die deelnemers georden en saamgestel met die oog op 'n geheelbeeld van die verskillende sienings oor kreatiwiteit. Die informasie word aan die hand van 'n aantal temas georden.

### 3.4.1. Kreatiwiteit en waagmoed.

Een van die uitstaande opmerkinge oor kreatiwiteit is dat dit waagmoed van die beoefenaar vereis. Waagmoed om die grense van eie ervaring sowel as die grense van die gemeente te toets en te skuif indien nodig. Predikers moet *wyd lees en wyd leen* om gestimuleer en vars te bly. Nogtans moet daar gewaak word dat kreatiewe pogings nie die sentrale fokus van die erediens word nie. *Kreatiwiteit mag nooit ten koste van die sentraliteit van die Woord nagejaag word nie*.

### 3.4.2. Vernuwende denke.

Kreatiwiteit gaan om vernuwende denke. Die prediker moet in staat wees om iets uit 'n ander konteks oor te neem en dit toe te pas ter illustrasie of verheldering van die boodskap. Een van die predikers noem dat vernuwende denke gaan om *ou goed in nuwe kontekste* te gebruik, om die ou goed oorspronklik en nuut te kan sê. Aanwending van materiaal en voorbeelde uit rolprente in die prediking is 'n goeie voorbeeld van die verskuiwing van iets van een konteks na 'n ander. Predikers gebruik ook materiaal uit die digkuns. Een het die opmerking gemaak dat hierdie verskuiwings *buite die boks* denke is. Voorheen onontginde moontlikhede moet ontgin word, met die oog op die prediking. 'n Ander prediker wys op die vars gebruik van woorde*, om woorde te gebruik en in te klee dat dit nie noodwendig 'n cliché is nie*. Die prediker poog om nuwe ervaringe te skep vir die hoorder.

### 3.4.3. Kreatiwiteit as visuele gebeure.

Kreatiwiteit is oorwegend as 'n visuele gebeure beskryf. Predikers maak gebruik van uitbeeldings, hulpmiddels, prentjies in die vorm van foto's en skilderye wat oor die

algemeen elektronies geprojekteer word. In die verband het die neem van risiko's weer ter sprake gekom. Sommige van die deelnemers gebruik "powerpoint" aanbiedinge. Die opmerking is gemaak dat die prediker hulpmiddels met oorleg moet gebruik. Die prediker moet daarteen waak dat preke nie *lesing-agtig* aangebied word nie. Een van die deelnemers praat van die *powerpoint-effek*. Dit word bereik wanneer daar nie verskil is tussen die prediker se aanbieding en die aanbiedinge waaraan mense deur die loop van die week blootgestel is nie. Predikers moet aandag gee aan die uniekheid van die aanbieding van preke. Dit blyk uit die gesprekke met deelnemers, dat balans in die gebruik van hierdie visuele medium gevind moet word.

Die gebruik van rolprent- en videogrepe is gewild by sommige van die predikers. Die redenasie is dat die wêreld beeldgedrewe is, en dat veral die jonger generasie eerder deur beelde as woorde aangespreek word. Enkele van die predikers beklemtoon egter dat kreatiwiteit meer as net die gebruik van visuele tegniese hulpmiddels en skyfievertonings is. Oor die algemeen blyk dit dat predikers se kreatiewe vermoëns beperk of oorheers word, deur die visuele aspekte van aanbiedings.

### 3.4.4. Kreatiwiteit en multi-sensoriese ervarings.

Een van die predikers gebruik die konsep *multi-sensories,* in verband met kreatiwiteit. Kreatiwiteit in die verband, word veral aangewend in terme van die verryking van die belewenis van die prediking. Die uitdaging vir die prediker is om die belewenisse van die preek te verbreed. Mense moet in staat gestel word om nie alleen die preek te hoor nie, maar dit ook te beleef deur middel van hulle sig, reuk, smaak en tas sintuie. In die verwysings na kreatiwiteit is die predikers oor die algemeen beperk of gefokus op die sintuie van hoor en sien. Maniere moet gevind word om die belewenis aspek te vergroot, om smaak, tas en reuk sintuie ook te betrek as deel van die sensoriese ervaring van die preek.

### 3.4.5. Kreatiwiteit, iets uniek interessant.

*Kreatiewe goed,* is deur een van die predikers verduidelik as daardie *goed,* wat die preek lewe gee. Die bedoeling is dat *enige iets* meer as net die gewone voordrag van die preek as kreatief beskou kan word. Die *kreatiewe goed* behoort nie altyd op dieselfde manier of op dieselfde plek in die erediens te geskied nie, aangesien dit ook gou weer gewoonte sal word. Wat die variasie van *kreatiewe goed* betref word daarop gewys dat die unieke in die erediens afgewissel moet word. Hierdie aanname plaas druk op die prediker om voortdurend met iets uniek, nuut en interessant vorendag te kom. *Kreatiewe goed,* is volgens die belewenis van hierdie prediker, *enige iets* wat anders gedoen of gebruik word.

### 3.4.6. Kreatiwiteit is ‘n doelbewuste daad.

Uit die gesprekke met predikers blyk dit dat kreatiewe gebeurtenisse, as deel van die prediking en die erediens, oor die algemeen ‘n doelbewuste gebeure is. Die predikers wat getuig van kreatiwiteit praat van *harde werk* en *doelbewuste versameling van idees en materiaal.* Dit gebeur aan die einde van die preekproses. *Eers teks, eers basis, eers boodskap en dan kry jy iets wat jy daaraan kan haak wat hulle kan laat onthou*. Kreatiwiteit is 'n doelbewuste byvoegsel, *iets wat smaak verleen, soos die souse op die tafel in die restaurant*. Nadat die preek voltooi is word dit bygevoeg. Een van die predikers verwoord kreatiwiteit as ‘n doelbewuste daad, *iets wat niemand anders nog gedoen het nie*.

### 3.4.7. Kreatiwiteit moet funksioneel wees.

Sommige van die predikers het ‘n woord van waarskuwing oor die kreatiewe gehad. Een van die predikers het die onoordeelkundige gebruik, van wat hy verstaan het as *kreatiewe goed*, baie skerp veroordeel. Die prediker vertel ‘n verhaal waarin hy die ondergang van ‘n gemeente aan die *creative leraar* toegeskryf. Die leraar se *onoordeelkundige* gebruik van *foefies*, word as die rede aangevoer vir die leegloop en uiteindelike ontbinding van ‘n gemeente. Hy lewer die volgende kommentaar: *Mens moet sensitief wees vir die mense en hulle vermoëns, anders dryf dit die mense weg*.

'n Ander prediker maan ook tot versigtigheid: *Kreatiwiteit kan ook afbreek doen as die mense net lag*. Die doel van die preekgebeure kan deur die hulpmiddels en kreatiewe pogings ondermyn word. *Kreatiwiteit en hulpmiddels moet funksioneel wees en nie die doel opsigself nie*. Nog 'n prediker waarsku dat daar geen plaasvervanger vir *goeie prediking* is nie. Kreatiewe momente en hulpmiddels is noodsaaklik, maar hoort nie die hoofmoment van die erediens nie te word nie. *Dit kan ook die aandag so aftrek, dat jy die mense verloor langs die pad en hulle net daar op daardie oomblik fokus*. 'n Ander prediker meld dat die daar rekening gehou moet word met grense. Die prediker kan so kreatief probeer wees, dat die erediens en preek hulle wesentlike karakter as aanbiddingsgeleentheid en bediening van die Woord van God, verloor. Predikers moet hulle perke, asook die perke van die preekgebeure ken.

### 3.4.8. Kreatiewe hulpmiddels.

Predikers beskryf 'n aantal vorme waarin hulle uitdrukking gee aan hulle kreatiwiteit. Van die sake wat hier genoem word, oorvleuel met ander onderafdelings, maar is tog noodsaaklik ter wille van die verstaan van die manier waarop kreatiwiteit deur predikers toegepas word.

Twee van die deelnemers aan die navorsing, beskryf hulleself as *storievertellers* wat kreatief gebruik maak van verhale. Die wese van hulle kreatiewe optrede is om stories en verhale te vertel wat aansluit by die boodskap van die preek, as versterking of ondersteuning daarvan. Die belang van eenvoud is in die verband beklemtoon. Van die predikers het ook verwys na die gebruik van gepaste metafore. Hulle uitdaging is om die beelde en vergelykings te vind wat by preke kan aansluit. Beelde wat kan verhelder en verduidelik en waarmee hoorders in staat gestel kan word om die preek beter te onthou en toe te pas.

Stories en metafore is 'n noodsaaklike deel van die gebeure. Meer as een van die predikers verwys na die gebruik van 'n lêer waarin knipsels, verhaaltjies en bronne gebêre word, met die oog op kreatiewe gebruik in die erediens.

Die gebruik van visuele hulpmiddels is reeds in 'n vorige paragraaf aangespreek en word hier weer vermeld ter wille van volledigheid. Predikers gebruik voorbeelde in die vorm van *aanskouingslesse*. Die betrokke prediker demonstreer gedagtes met

behulp van fisiese objekte wat tydens die preek gebruik word, of na afloop van die diens aan lidmate uitgedeel word.

### 3.4.9. Die a-ha-ervaring.

Die konsep van 'n a-ha-ervaring het by 'n paar van die deelnemers na vore gekom. Dit gaan in die ervaring om 'n onvoorspelbare moment van insig. In die woorde van een van die predikers: ...*na baie gelees en gedink dan tref daar iets spesiaals jou, dan besef jy hier is iets meer as die gewone*. Die predikers was dit eens dat die gebeure uitsonderlik is, *die momente is nie so baie nie, ook nie voorspelbaar nie*. Daar is nie noodwendig so ervaring vir elke preek nie. 'n Ander prediker beklemtoon dat die a-ha-ervaring nie vanself kom nie. Hy gebruik die uitdrukking van die verhouding tussen perspirasie en inspirasie, *dit is soos met perspirasie en inspirasie, negentig persent is perspirasie en tien persent is inspirasie*. Die ervaring kom deur *waarneming* en deur *worsteling,* volgens 'n ander prediker. *Mens dink en lees en dan skielik gaan die lig aan en mens kom dan by iets uit.* Nog 'n prediker sê, *ek stoei met die stof en gaan soek na ietsie op die internet en dan neem ek verskillende goed uit verskillende plekke en dan begin die ding 'gel'*. 'n Ander prediker vertel dat die a-ha-ervaring in die *skryfproses* gebeur *waar dinge saamkom*. Hy begin om die preek te formuleer en dan is dit asof dit outomaties vorm aanneem tot dit gereed is. Een gebruik 'n beeld van die Heilige Gees as die *dirigent van die a-ha-oomblik*. As hy *begin tik dan is dit partykeer of daar iets gebeur*. Dan beleef hy of daar inspirasie deurkom en *formuleer dit op maniere wat dit nie vantevore gedoen is nie*. Die prediker wys ook op die feit dat die *a-ha-ervaring* nie elke keer gebeur nie.

## 3.5. Faktore wat kreatiwiteit by deelnemers aan bande lê.

In die volgende paragrawe word aandag gegee aan dit wat predikers as belemmering van hulle kreatiwiteit ervaar.

### 3.5.1. Die persoonlike faktor

Die eerste faktor kan beskryf word as die persoonlike faktor. Dit gaan om dinge wat in die persoonlike, sowel as die gesins- en familielewe van die prediker gebeur wat hulle eie lewens beïnvloed. Een van die deelnemers sê: *die goed wat in my*

*persoonlike lewe gebeur, siekte of frustrasie het 'n besondere invloed op my kreatiwiteit*. Eie gemoedstemming is vermeld as faktor wat 'n belangrike rol speel in die belemmering of bevordering van kreatiewe vermoëns. Wanneer die gemoedstemming *af* is word kreatiwiteit benadeel. Meer as een prediker het *moegheid* aangedui as 'n negatiewe invloed op hulle kreatiewe vermoëns. In die woorde van een van die predikers, *moegheid, wanneer mens moeg is het jy nie energie vir snaakse goed nie*. Ander persoonlike hindernisse sluit in frustrasie, siekte van die prediker of familielede, uitsigloosheid en emosionele dreinering.

### 3.5.2. Die tyd van die dag.

Die tyd van die dag waarop die prediker werk het 'n bepalende invloed op sy kreatiewe vermoëns. Dit blyk dat predikers soms baie laat in die week, maar ook laat in die nag aan hulle preke werk. Een prediker merk op dat hy op 'n Saterdag die meeste van die werk aan die preek doen en dat dit soms eers laat in die nag voltooi is.

### 3.5.3. Beskikbare tyd.

Op verskillende maniere is kreatiwiteit as 'n tydsame proses voorgestel. Die tyd wat benodig word om te dink en voor te berei, saam met moegheid sou as van die grootste belemmerings vir kreatiwiteit van die leraars aangedui kon word. *Druk van die gemeentelike program* is 'n veroorsakende faktor. Predikers werk hard om die ander bedieningstake af te handel en het gevolglik minder tyd om aan die voorbereiding van preke te bestee. *Hoë werksdruk* en *oorvol programme* is belangrike eksterne faktore wat kreatiwiteit by predikers aan bande lê.

### 3.5.4. Die prediker se luiheid of persoonlike ingesteldheid.

Een van die predikers skryf gebrek aan kreatiwiteit toe aan sy *eie luiheid.* 'n Ander deelnemer stel dit sagter: *Kreatiwiteit is harde werk en mense is gewoon bang vir harde werk.* Nog 'n prediker verwoord sy gebrek aan kreatiwiteit as: e*k is nie regtig ingestel nie*, wat daarop dui dat kreatiewe vaardighede vir die prediker saamgaan met 'n houding of gereedheid vir kreatiwiteit.

Persoonlike *versigtigheid* as hindernis word deur ‘n prediker aan die bestaan van *gemaksones* toegeskryf. *Mens raak gemaklik met wat jy reeds ken*. Iemand anders skryf die versigtigheid toe aan vrees, ...*dalk is daar ‘n element van vrees. Eie vrees om te doen wat die Gees jou lei om te doen, of dalk die stemme van ander mense, mense naby aan jou kan jou ook verhinder*. ‘n Ander prediker som dit so op: “*Allerhande vrese – vrees vir verwerping is op die voorgrond – vrees jy gaan moeilikheid kry*. Versigtigheid is laastens aan die prediker se persoonlike siening van kerkwees toegeskryf, *jou eie konsep van die kerk of beeld van wat hoort of nie*. In die verband gaan dit om die prediker se eie siening van wat gepas is of nie, dalk selfs ‘n element van wat reg is of nie.

### 3.5.5. Die invloed van ander mense.

Buiten ‘n vol gemeentelike program het ander mense ‘n bepalende invloed op op die predikers se kreatiewe vaardighede. Die dreinerende geaardheid van die werk met mense, asook die houdings wat sommige predikers van mense beleef, bemoeilik die uitleef van hulle kreatiwiteit. Een van die predikers gebruik in die verband woord *waagmoed*. Predikers moet waagmoed aan die dag lê om aan hulle kreatiewe vermoëns uiting te gee. Waagmoed hang nou saam met die kritiese ingesteldheid van mense as belemmering van kreatiwiteit. Predikers moet nie alleen waag ten opsigte van die nuwe ter wille van hulleself nie, soms moet hulle stroomop waag teen dit wat mense bereid is om te absorbeer. Een van die predikers meld dat kritiek van buite ‘n ernstige invloed op sy kreatiewe vermoëns het. *Wanneer mense negatiewe opmerkings maak oor die pogings om dinge beter te doen breek dit my spoed*.

In aansluiting by die houdings van mens word versteurde verhoudinge genoem. Die een prediker stel dit baie sterk: *mense krap my om*. ‘n Ander noem *onnodige kritiek, hicups oor kerksake en ‘ructions’ met gemeente lede, alles breek vrymoedigheid....verhinder mens om jouself te wees*. Hy praat ook van die *houdings* van mense wat hom affekteer. Dit blyk dus dat dit nie alleen die persoonlike of vaardigheidskomponent is wat kreatiwiteit beïnvloed nie, maar ook mense as weerstandfaktor in verskeie gestaltes.

Die *ander mense* faktor word ook aan ander ervaringe deur die predikers gekoppel. Dit blyk dat *persepsies en verwagtinge van mense* oor die erediens en die prediking ook 'n groot impak op predikers het. Mense se siening oor wat 'n erediens of 'n preek behoort te wees, of wat hulle dink hulle behoort te kry of ervaar, het 'n impak op predikers. In die verband is die verskynsel van die *generasie gaping* genoem. Een van die predikers maak die afleiding dat ouer mense nie van kreatiewe pogings in die erediens hou nie. Die persepsie word versterk wanneer predikers noem dat die gebruik van *kreatiewe goed* beperk word tot die geleenthede waar jeug-gerigte-eredienste plaasvind. Een van die predikers verwys spesifiek dat die bewussyn van die *gaping* 'n *oorversigtigheid* meebring in die benutting van iets wat nuut of anders is.

Eksterne faktore wat predikers se kreatiwiteit verhinder het oor die algemeen die gebruik van tegnologie geraak. In die eerste plek het die afwesigheid van tegnologiese hulpmiddels uitgestaan as die mees algemene belemmering van kreatiwiteit van predikers. Predikers in diens van gemeentes wat nie oor visuele projeksie toerusting beskik nie, het veral na die aspek verwys. Hulle voel dat hulle nie so kreatief kan wees soos hulle dalk sou kon wees nie. Hierdie aspek hang nou saam met die persepsie van die assosiasie tussen kreatiwiteit en die visuele sintuie van mense.

### 3.5.6. Toerusting.

Naas die gebrek aan elektroniese toerusting, is die geleenthede waar hierdie toerusting die deelnemers in die steek gelaat het algemeen. Die *kragonderbreking*, of *die rekenaar wat nie wil saamwerk nie*. Dit blyk dat predikers soms oorafhanklik van die hulpmiddels kan wees en dat dit wat skeefloop daarmee, die uitkomste bederf. Op 'n ander vlak noem een van die predikers die tyd wat dit soms neem om *die toerusting reg op te stel in die kerkgebou. Dit neem tyd om die skerms en die projektor reg in te stel*.

'n Ander prediker wys daarop dat die gebruik van die hulpmiddels, veral die "powerpoint-skyfies", deelnemers aan die erediens se eie kreatiewe vermoëns inperk. Mense kry nie die geleentheid om self te dink oor die erediens en dit wat

daar gebeur nie, want hulle word *gevoer* met die beelde en gedagtes van die prediker.

### 3.5.7. Die grootte van die groep.

Die grootte van die groep waarvoor die kreatiewe eredienste beplan word is aangedui as ‘n belangrike hindernis. *Wanneer daar te veel mense is word die deelname van mense beperk*. Hierdie prediker gebruik simboliese aktiwiteite waar deelnemers spesifieke handelinge as deel van die erediens verrig. Indien die groepe te groot is neem dit te veel tyd in beslag en die ervaring gaan verlore. Mense wat deelneem voel gefrustreer omdat dit te lank neem om uit te voer.

### 3.5.8. Die uitleg van die fasiliteite.

‘n Laaste fisiese hindernis vir kreatiwiteit word aangewys as die uitleg van ouer kerkgeboue. Die ouer geboue beperk die gebruik van hulpmiddels. Die plasing van die kansel en die uitleg van die sitplekke bemoeilik die gebruik van hulpmiddels. Ook in die verband is die aanwending visuele hulpmiddels weer beklemtoon. *Mense kan nie altyd sien wat voor die kansel gedoen word nie*.

## 3.6. Faktore wat kreatiwiteit by deelnemers aan die navorsing bevorder.

In die hantering van die faktore wat kreatiwiteit by deelnemers bevorder word aangesluit by die antwoorde op die vraag: Wat bevorder jou kreatiwiteit? Geen spesifieke volgorde word gevolg in die weergawe van reaksie nie. Die verskillende temas is die resultaat van die interpretasie van die antwoorde van predikers.

### 3.6.1. Sintuiglike stimulering.

Predikers vertel dat die stimulering van hulle eie sintuie baie bydra tot die stimulering van hulle kreatiwiteit. Die klem val op die visuele aspek, *die dinge wat ek sien*. Een van die predikers verwys na die rol van *kleure wat betekenis het.* Verskillende kleure wek verskillende emosies wat ‘n rol speel in die interpretasie en veral uitbeelding van dinge. Ander predikers fokus op die gebruik van die visuele elemente in die aanbiedings wat gedoen word. Die gebruik van die visuele sluit die

*mooi goed* wat predikers sien wat hulle *inspireer* en wat bruikbaar is vir die prediking in. Mooi of aangrypende beelde en prente stimuleer hulle denke verder om anders te dink. Visuele uitbeeldings, veral in die medium van die rolprent, word genoem as inspirasie. Van die predikers gebruik grepe uit rolprente in die prediking om 'n punt tuis te bring of te verduidelik.

Musiek word ook genoem as belangrike stimulus vir die prediker en die hoorder. *Musiek wat iets in mense losmaak, positief of negatief,* word gebruik in die erediens. Musiek word gebruik om atmosfeer te skep met die oog op die opwekking van 'n bepaalde belewenis. Van die predikers beklemtoon die invloed wat musiek op hulle het, *mens hoor musiek by jou kinders, soms reaksionêre musiek, soos Disselblom, waarvan die melodieë en die inhoude bruikbaar is.* Die musiek inspireer en stimuleer die prediker tot groter kreatiwiteit. Hy gebruik die woorde of speel 'n snit voor as deel van die prediking.

### 3.6.2. Handelinge wat stimuleer (die goed wat predikers doen).

Predikers vertel van spesifieke goed wat hulle doen om hulle kreatiwiteit te stimuleer. Een vertel dat hy graag foto's neem saam met sy kinders. Hulle ry na plekke om foto's te neem, en so word hulle deur mekaar se foto's gestimuleer. 'n Ander prediker doen iets wat anders is as die normale gang van die dag. *Ek werk in die tuin of krap in die grond. Gaan slenter in 'n mall, breek roetine en sien iets anders raak. S*ommiges predikers lees poësie, prosa en biografieë om iets anders te doen met die oog op stimulering. Een van die predikers vertel van die invloed van verandering van omgewing op sy denke, *om buite die normale opset te 'chat', te gaan kuier en 'chat' met mense uit verskillende lewensvlakke.* 'n Prediker noem dat gewone ontspanning goed is vir sy kreatiwiteit, terwyl 'n ander spesiale klem lê op die soek en versameling van materiaal, veral visuele materiaal, met die oog op die prediking.

### 3.6.3. Ander mense en gebeure.

Ander mense en selfs insigte uit ander dissiplines of velde van belang, stimuleer predikers se kreatiwiteit. Een van die predikers wys in die besonder na die invloed van die mense wat *bedien* word. *Die mens met wie jy werk – veral tieners help my*

*om kreatief te wees, daar kan grense deurbreek word.* Die prediker werk baie met tieners en jong mense en vind omgang met hulle stimulerend vir kreatiwiteit. 'n Ander prediker vind stimulering in die *omgewing* waarin hy woon en werk. Hy ag die goed wat hy lees en ervaar as belangrike elemente van die omgewing. *In die week as daar goed gebeur wat jou laat dink, lidmate se vrae, koerante lees, om dan kreatief sake aan te spreek*. Die koerant en die nuus beïnvloed die prediker se denke asook sy kreatiwiteit. *E-pos-boodskappe met snaakse of interessante goed* bevorder die prediker se idees en gedagtes. Een van die predikers noem dat hy graag humor gebruik om mense se aandag te hou en te fokus. Hy vind dit ook self stimulerend om oor iets te lag en dit te onthou. Predikers het oor die algemeen positief verwys na die invloed van kollegas se inspirasie, soos ervaar in situasies van medeleraarskappe. Daar is reeds gewys op die rol van kollegas as klankbord vir die toets van idees. Kollegas inspireer mekaar egter ook tot groter kreatiwiteit wat die prediking aanbetref.

### 3.6.4. Die teks self en die werking van die Gees.

Predikers verwys na die preekteks en die werking van die Gees as bron van kreatiewe inspirasie. Die teks en die omstandighede van die teks, is 'n bron van kreatiewe stimulering vir predikers. Verskillende literatuursoorte vereis verskillende benaderings. *Die teks of die tema, soms is daar 'n ding in die teks wat jou net aan die gang sit*. Een van die predikers noem dat ons in 'n *kreatiewe tyd* lewe wat kreatiewe omgang met die Skrif vergemaklik.

*Die Here lei deur sy Gees. Sekere goed is net meer inspirerend.* Dit is die Gees wat die prediker tot kreatiwiteit aanspoor deur inspirasie. Die prediker wys egter ook op die noodsaak van die prediker se eie harde werk in die verband. Die prediker kan nie net agteroor sit en verwag dinge moet vanself gebeur nie, selfs al werk die Heilige Gees. *Tyd is belangrik, ek weet nie hoe mens Sondag kreatief kan wees as jy eers Saterdagaand begin nie.* 'n Ander prediker beklemtoon hierdie feit, *dit* (kreatiwiteit) *begin vroeg in die proses en as jy iets moet maak dan het jy tyd nodig en voorbereiding*. Nog 'n prediker koppel tyd en die werk van die Gees, kreatiwiteit gebeur terwyl daar gewag en gewerk word.

### 3.6.5. Die ingesteldheid van die prediker.

Van die predikers het hulle eie ingesteldheid as invloed op hulle kreatiwiteit benadruk, *as jy opgewonde is gaan jy meer entoesiasties wees.* Die prediker koppel sy eie entoesiasme aan die sukses van die gebeure, *as ek 'down is, of 'geestelik af' is, is dit asof preekmaak net nog 'n proses is, voel ek nie soos iemand met 'n spesiale boodskap nie.* Om bloot meganies deur die stappe van die preekproses te gaan is vir die prediker nie 'n goeie ervaring nie.

'n Ander prediker beskryf die ingesteldheid van leerbaarheid, *mens moet 'n teachable spirit hê*. As die prediker nie bereid is om te leer en geleer te word nie, gaan die openheid vir kreatiwiteit nie daar wees nie. Hiermee saam is die uitspraak van 'n ander 'n prediker wat reken dat *nuuskierigheid* 'n voorwaarde vir kreatiwiteit moet wees. Die prediker moet *meer wil weet*, moet *anders wil dink*, en *bereid wees om te eksperimenteer*. Een van die predikers noem dat hy in *beelde, simbole en prentjies* dink. Hy hou daarvan om 'n prentjie van 'n situasie in sy gedagtes te skep wat hom stimuleer om anders en nuut daaroor te dink. Die prediker meld dat hy doelbewus soek na nuwe moontlikhede en alternatiewe opsies.

### 3.6.6. Die motief waarmee die prediking aangepak word.

'n Paar van die predikers het *die besef van die werk wat gedoen word* in die prediking as motiverende faktor tot kreatiwiteit aangedui. Hierdie besef kan as die geestelike motief vir die prediking beskryf word. Predikers het 'n geestelike motief vir kreatiwiteit aangedui, gegewe die doel en die fokus van die prediking as verkondiging van die Woord van God. Hierdie bewussyn dat die preek diens aan God is laat die prediker harder werk en meer moeite doen.

## 3.7. Predikers se verstaan en ervaring van kreatiewe prediking.

In hierdie afdeling word die reaksies van predikers op die vraag na hulle verstaan van die konsep van kreatiewe prediking weergegee. In die eerste deel word die kernreaksies van predikers woordeliks weergegee. Die weergawe volg geen spesifieke volgorde nie.

Kreatiewe prediking is:

- Kreatiewe prediking is *nie 'n bestaande geykte preek wat net so toegepas word sonder enige inspraak van die omstandighede nie. Dit is 'n proses.*

- Kreatiewe prediking is *iets wat iemand anders moet doen. Dit is om op 'n manier vars te wil wees, meer insit en moeite doen. Kreatiewe prediking klink vir my na harde werk*

- Kreatiewe prediking is *mens se belewenis van ander ouens se prediking. 'It is a work in progress'. As ek 'n goeie preek ervaar met alles wat daarin is dan is dit kreatiewe prediking. Die hele proses, as ek luister en die ander ou het kreatief te kere gegaan is dit kreatief. Baie ouens sal sê, ek is nie kreatief nie, kreatiewe prediking is nie vir my nie want ek is nie. Mense beleef dit in die produk wat gelewer word.*

- Kreatiewe prediking is *iets meer as wat ek doen, dit is nie net om die Skrif uit te lê toe te pas en van 'powerpoint' te gebruik nie. Dit is ook om mense betrokke te kry met ander hulpmiddels, 'n oorspronklike manier van doen. Dit moet verstaanbaar en maklik wees.*

- Kreatiewe prediking is *ou evangelie nuwe waarhede, bykomstige waarhede, die oopskuif van die hemel, nuwe kyk op God van die ander kant, 'n nuwe dimensie. Mens moet dit sien soos nog nooit tevore nie.*

- Kreatiewe prediking is *die moment wanneer die akademiese werk tuiskom. Die vereiste daarvoor is die 'a-ha-moment'. Daar is ouens wat gaan sit en kreatiwiteit gaan skep, wat kan ons doen? Daai ding van om 'n regterbrein-ding te skep.*

- Kreatiewe prediking *kom uit die teks self, dit is om jou kreatiwiteit so oor te dra dat die gemeente ook die boodskap op kreatiewe manier kan verstaan.*

- Kreatiewe prediking is *moeite, dit is belewing wat entoesiasme kweek. Dit is meer as gewone prediking*

- Kreatiewe prediking is *Skrifgetrou, nuut, vars, anders, effektief, duidelik, oordraagbaar, woordkuns, onbeperk, geen belemmering, moeite, vry, geïnspireerd, kunstig, variasie van media.*

Vervolgens word die sieninge en die gedagtes van predikers georden en saamgevoeg met die oog op die vorming van 'n geheelbeeld oor hulle verstaan van kreatiewe prediking..

### 3.7.1. Kreatiewe prediking as uitkoms van doelbewuste kreatiwiteit.

Die meeste van die predikers huldig die siening dat kreatiewe prediking 'n doelbewuste poging is. Een van die predikers sê, *daar is ouens wat gaan sit en kreatiwiteit gaan skep. Wat kan ons doen? Daai ding van om 'n regterbrein ding te skep*. 'n Ander prediker stel dat kreatiewe prediking meer is as *die geykte bestaande preke*. Nog 'n prediker los die kreatiewe werk vir die einde van die preekproses, wanneer daar doelbewus gesoek en gewerk word om kreatief te wees. Daar is 'n doelbewuste poging tot versameling van stof en bruikbare verhale by sommige van die predikers wat aan die navorsing deelgeneem het. Een van die predikers waarsku egter dat die doelbewuste pogings tot kreatiwiteit kan lei tot blote *Geeslose tegniek,* terwyl 'n ander gebieg het dat doelbewuste kreatiewe pogings te veel harde werk vra. Hierdie prediker stel dit dat hy tog een of ander tyd die doelbewuste keuse moet uitoefen sodat hy nie "stagneer" in die prediking nie. Nog 'n prediker stel kreatiewe prediking gelyk aan afwisseling van die gewone, *kreatief, om te kan afwissel, om verskeidenheid te kan gebruik en funksioneel te kan wees*. 'n Ander prediker sien weer die moment van kreatiewe prediking as die *moment waar akademiese werk tuiskom*, die prediker doen die werk en dan realiseer dit in die preek as resultaat, 'n resultaat wat as sodanig kreatief van aard is. Teenoor diegene wat doelbewus kreatief probeer wees is daar ander wat eerder spontaniteit in die preekproses voorstaan. In 'n volgende afdeling sal meer aan die aspek aandag gegee word.

### 3.7.2. Kreatiewe prediking begin by die teks.

Teenoor die siening dat predikers doelbewus sal poog om kreatiwiteit in die prediking toe te pas, staan die siening dat dit die teks self is wat die prediker se kreatiwiteit stimuleer. *Kreatiewe prediking kom uit die teks self, wat staan uit die teks uit, wat stimuleer.* Vir die prediker is die kreatiewe moment in die teks self opgesluit. Verskillende tekste het verskillende aksente wat die prediker op kreatiewe vlak sal aanspreek, ...*elke teks (is) uniek*. Kreatiewe prediking kan gevolglik *niks anders as egte Skrifprediking* wees nie. Dit is reeds genoem dat daar geen alternatief vir *goeie prediking* is nie. Een van die predikers beklemtoon die samehang van die eenheid tussen liturgie en prediking as deel van kreatiewe prediking. Die preek word gedra en gevorm deur teks terwyl die liturgie voortspruit uit die preek en die inhoud daarvan. Kreatiewe prediking as Skrifprediking kan in die woorde van een van die predikers saamgevat word, *Skrifgefundeer, anders, nuut*, die *ou evangelie met nuut verwoorde waarhede*. Enige kreatiewe gedagtes word hiervolgens uit die omgang met die teks gebore. *Die Skrif staan altyd sentraal in die prediking. Dit is die verskil tussen die funksionele en vermaak. Mense kan net die vermaak nastreef, daarom is die Skrif altyd sentraal, anders vervlak die goed*.

### 3.7.3. Kreatiewe prediking, raakvlakke tussen konteks, lewe en teks.

Kreatiewe prediking is om in eie konteks die raakvlakke tussen leefwêreld en belewingswêreld te kan trek en sien. Kreatiewe prediking vorm volgens een van die predikers deel van ‘n *kreatiewe bediening*. Kreatiewe prediking wat bloot by die gebeure van die prediking opsigself eindig, dien nie die gemeente as *missionêre of gestuurde* gemeente nie. Volgens die prediker is dit die essensie van die kreatiewe prediking om die hermeneuties brug tussen die Skrif en die werklikheid te slaan. Die prediking moet neerslag vind in die bediening van die gemeente in totaliteit.

‘n Ander prediker raak aan ‘n soortgelyke gedagte, die gemeente moet die preek *kreatief verstaan.* Dit impliseer dat die boodskap van kreatiewe prediking nie bloot geleë is in die voorbereiding of aanbieding daarvan nie, maar ook in wyse waarop die hoorder kreatief daarmee omgaan. Die hoorder moet die boodskap kan implementeer in die daaglikse handel en wandel sowel as in die konteks van die gestuurde gemeente, as deel van die totale bediening van die gemeente. Die doel

van kreatiewe prediking is om die verband tussen die lewe, die konteks en die teks te verbind sodat die teks op 'n nuwe manier in die lewe van die gemeente en die indiwidu kan grondvat.

### 3.7.4. Kreatiewe prediking is meer as 'truuks' en 'foefies'.

Die konsep van 'n 'foefie', wat in Afrikaans op 'n "voorwendsel", "slimpraatjie", "slimmigheid" of "streek" dui, word deur meer as een van die predikers in verband met kreatiewe prediking gebruik. Dit blyk uit die verhale van predikers of daar predikante is wat toertjies doen as deel van die prediking. Een van die predikers verwys na predikante wat '*fake' goed doen*. Die voorbeeld wat aangehaal word is van 'n boemelaar wat voor die aanvang van die erediens by die kerkgebou staan en bedel. Hy word deur van die kerkgangers sleg behandel. Net voor die erediens begin kom die boemelaar die kerk binne en word as die predikant 'ontmasker'. Die gemeente word beskaam oor hulle kras en koue optrede teenoor die vreemdeling. Hierdie vorm van '*toertjies*' is volgens die deelnemer nie die wese van kreatiewe prediking nie maar eerder 'n vorm van mislyding.

Daar is reeds verwys na die deelnemer wat die sluiting van 'n gemeente, aan die *creative leraar* toegeskryf het. Van die voorbeelde waarna die deelnemer verwys, bestempel hy as *foefies*. 'n Ander prediker verwys na die *verbruikerskultuur* wat in die samelewing heers as oorsaak vir predikante se gebruik van toertjies in die erediens. Wedywering tussen gemeentes en selfs predikante onderling om lidmate te behou, kan daartoe lei dat gemeentes op die *cutting edge van tegnologie* moet bly. Predikers moet gevolglik elke week die gemeente op nuwe maniere, met nuwe goed vermaak. Een van die predikers verwys na *te veel tegnologie* as deel van die probleem. Die tegnieke en die tegnologie, die verskillende mediums wat gebruik word, word later 'n doel opsigself en die prediking as gewone *goeie prediking* verloor sy krag aan *truuks en foefies*. *Kreatiwiteit is 'n foefie as ons nie die boodskap oorbring van wie is God nie. As ons nie die boodskap oorbring dat ons deur die geloof verlos is van ons sonde*.

'n Ander prediker praat van kreatief as om *buite die boks te dink*. Hy beskryf dit as denke wat *nie noodwendig die status quo handhaaf nie, om nie altyd te dink binne*

*die aanvaarbare verstaanbare en die gangbare nie, om op 'n manier te dink waar jy ander moontlikhede kan ontgin wat nog nie tevore ontgin is nie, dit het niks te doen met foefies nie*. Kreatiewe prediking gaan uiteindelik nie oor die dinge wat sigbaar anders , uniek of selfs skouspelagtig is nie, maar eerder oor 'n bepaalde benadering tot die prediking, 'n nuwe manier van dink oor die prediking.

### 3.7.5. Kreatiewe prediking is die heraanwending van die bestaande.

Verskeie predikers noem die gebruik van bestaande gedagtes op nuwe maniere in verband met kreatiewe prediking. *Ook ou goed kan kreatief aangewend word*. In kreatiewe prediking gaan dit nie net oor nuutheid nie, maar oor die proses waarin mens alternatiewe moontlikhede na vore bring. Een van die predikers sê dat die *bestaande ook in beweging gebring moet word*. Hy beskryf dit met verwysing na Gregory Bateson se *Mind and nature* as, *a difference that makes a difference*. Dit is soos die onverwagte die slaggat in die pad, *dit maak 'n verskil wat 'n verskil maak, 'n verskil in die pad maar ook 'n verskil in jou bestuursvernuf*. Kreatiewe prediking is die 'in beweging bring' van die bestaande, die verskil wat 'n verskil maak. Die heraanwending van die bestaande word deur 'n ander prediker verwoord in terme van *moeite en die harde werk*. Om weer nuut met iets om te gaan, vra *inspanning dat dit nie weer dieselfde sal wees as vantevore*. Die prediker se *tyd en passie* word benodig.

Een van predikers het die moed gehad om te erken dat hy *ou preke* uit vorige kontekste herformuleer. Die voorbeelde en die gebruike word gewysig en aangepas vir die nuwe konteks. "*Ek skroom nie om 'n preek oor en oor te doen nie*. Hierdie prediker voeg by dat hy beleef dat hy telkens self nuut aangespreek word in die lewering van die preek, selfs 'n *ou preek*. Nog 'n prediker het 'n opinie gehad oor die gebruik van *ou goed*. *Ou goed kan nuut toegepas word en dit is kreatief*. Die prediker sien *innovering as skepping van nuwe konsepte.* Hy is innoverend in die sin dat hy *die grense van die gemeente toets* met die nuwer goed wat hy probeer. *Mens kan ou goed in nuwe kontekste toe pas of nuwe goed in die bestaande konteks*.

### 3.7.6. Kreatiewe prediking is meer as gewone prediking.

Een van die predikers gebruik 'n metafoor om die buitengewone aard van kreatiewe prediking te verduidelik. Hy vergelyk die prediking met 'n toebroodjie. *Dit (*die prediking*) is soos om brood te eet, jy kan 'n snytjie brood met botter eet of, jy kan iets meer bysit wat van die sny brood 'n maaltyd* maak. Die prediker verduidelik dat die regte bykomstighede, 'n gewone broodjie in 'n feesmaal kan omskep. Kreatiewe prediking is om van 'n broodjie-preek 'n feesmaal-preek te maak. Hy gebruik die Engelse begrip *exitement*, en vra of die preek soos brood en botter is, of soos 'n luukse toebroodjie wat 'n hele maaltyd word, 'n eet-ervaring opsigself? Die uitdaging is dat die prediker uit die groef van die gewone moet kom. Gewone prediking is die soort prediking wat van altyd af geken word. Kreatiewe prediking moet telkens op 'n ander manier geskied. Die prediker onderstreep dat die kreatiwiteit steeds in diens van die essensiele van die preekgebeure moet gebeur, *kreatiwiteit moet altyd in diens van die essensie bly van waaroor dit werklik in die prediking gaan.*

### 3.7.7. Kreatiewe prediking is 'n proses.

Kreatiewe prediking is deel van 'n proses. Predikers verwys onder meer na die *preekproses*, die *skryfproses*, die *denkproses* en die *kreatiewe proses*. Dit is 'n proses waarin die prediker en *sy hele menswees* betrokke is, 'n proses waarin *afhanklikheid van die Here* 'n bepalende rol speel. Die meeste van die predikers is dit eens dat kreatiewe prediking nie 'n ingewing van die oomblik is nie, maar dat dit tyd en harde werk neem om 'n kreatiewe preek tot stand te bring. Daar is reeds gewys op die momente van versameling van gepaste gegewens, asook op die noodsaak dat die prediker dit wat nie beskikbaar is nie moet versamel of vervaardig. Een van die predikers wys daarop dat hy kreatiewe prediking verstaan as leengoed, *kreatiewe prediking is iets wat jy by ander leen*, die prediker gaan deur 'n studie- en leesproses en onderskei wat bruikbaar is. Dit blyk dat die prediker graag van ander leer en dit wat hy by ander nuut ervaar in eie geledere toepas. 'n Ander prediker het ook die aspek beklemtoon as die proses van *wyd lees en wyd leen*. Hy sluit graag aan by dit wat reeds bestaan, veral dit wat in die leeswerk gevind word. Kreatiewe prediking is die uitkoms van 'n omvattende proses wat baie verskillende elemente bevat. 'n Proses wat nie noodwendig vir elke deelnemer aan die navorsing, dieselfde verloop nie.

### 3.7.8. Kreatiewe prediking is om risiko's te neem.

In die verhale van die predikers oor die prediking, staan die elemente van *waagmoed* en *risiko* oor die algemeen uit. Een van die predikers verduidelik kreatiewe prediking as die waagmoed om *iets te doen wat nog nie in die kerk gedoen is nie*. Dit blyk dat die predikers ‘n risiko moet neem om die *erediens op ‘n nuwe manier te laat gebeur*. Volgens een van die predikers is kreatiewe prediking *om kreatief te wees, dit eis waagmoed om risiko’s te neem. Dit gaan om die skuif van grense*. Nog ‘n prediker som dit so op, *dit gaan oor waagmoed, ons dink mense sal dit negatief ervaar, om gewoon waagmoed te hê om iets te doen wat nie nuut is nie, maar om dit in die kerk te doen is ook kreatief*. Die prediker verwys na die moed om iets van buite in te voer, ‘n tegniek of metode wat die prediking op *‘n ander vlak laat gebeur.* ‘n Ander prediker verwoord die waagmoed in terme van die betrokkenheid van mense. Betrokkenheid in die erediens sowel as betrokkenheid in die voorbereiding en die formulering van die boodskap.

## 4. Analise van navorsingsresultate.

In die hierdie afdeling word inhoud van die vier temas van die onderhoude bespreek en gesistematiseer. Die doel is om opsommende stellings te formuleer wat die essensie van die inhoud van die navorsing kan weergee.

### 4.1. Die verhale van predikers.

### 4.1.1. Keuse van ‘n preekteks.

Die keuse van ‘n preekteks is een van die uitstaande momente van die preekverhale. Prediking is omskrywe as die verkondiging van die Woord van God aan die gemeente. Al die predikers se preekverhale begin by die moment van die tekskeuse wat daarop dui dat predikers steeds die Bybel as primêre bron vir die prediking gebruik. Hierdie gebruik van predikers is in lyn met die teoretiese uitgangspunt oor die belang van die Bybel in die prediking (vgl Bartow 1997:3; Cilliers 2004:25; Grözinger 2008:253).

Verskillende faktore beïnvloed die predikers in die keuse van ‘n teks vir die prediking. Die leesrooster en die kerklike jaar het ‘n belangrike invloed op die keuse

van predikers en dit blyk dat die gebruik goeie neerslag onder die deelnemers aan die navorsing gevind het. Die leesrooster en die aansluiting by die kerklike jaar is omvattend deur Bothma (2004) ondersoek en behandel. Die gebruik van 'n leesrooster gee aan predikers die geleentheid om wyer met die Skrif om te gaan as bloot die tradisionele of geliefde gedeeltes. Die gevaar bestaan dat die gemeente, as ontvangers van preke, net so ver aan die boodskap van die Skrif bloot gestel sal word as wat die prediker daarmee omgaan. Die gebruik van 'n leesrooster bring vir die prediker variasie deurdat minder algemene gedeeltes in die leesrooster ter sprake gebring word. Hierteenoor moet die opmerking gemaak word dat die uitsluitlike gebruik van die leesrooster vervreemding kan meebring tussen die lewe en die alledaagse konteks waarin die gemeente bestaan. Die belangrikheid van die gemeente as ruimte waarbinne die preekgebeure voltrek word is grondig in die teorie hanteer (vgl Vos 1996:238 e v; Cilliers 2004:136 e v; Grözinger 2008:99).

Die predikers besef die invloed van die gemeentelike situasie en die gemeenskap in die preekgebeure. Predikers doen moeite met die verstaan van die konteks van die gemeente. Tisdale (2008:76 e v) beklemtoon die belang van hierdie deel van die preekproses. In die verband is die beginsels van die omgang met die konteks, soos in die hermeneutiese teorie vervat, algemeen bekend (vgl Pieterse 1979; Pieterse 1993; Heitink 1993; Thiselton 2009). Predikers gebruik die inligtingsbronne wat in die omgewing beskikbaar is om op hoogte te bly van die nuus en gebeure in die gemeenskap en betrek dit as deel van die preekproses. Predikers wat aan die ondersoek deelgeneem het, doen oor die algemeen moeite om die omgewing waarbinne die preek voltrek word, te verreken in die voorbereiding.

Predikers word deur hulle eie persoonlike omstandighede beïnvloed in die aanloop tot die preekproses deur omgang met die Skrif en persoonlike belewenisse. Aan die een kant verleen dit vir predikers die geleentheid om sekere outentieke ervaringe van die verhouding met God en die lewe met die gemeente te deel. Hierdie faset kan as die noodsaaklike deurleefdheid van die predikers in die boodskap beskou word wat 'n geleentheid tot egtheid skep. Aan die ander kant kan die persoonlike ervarings ook die prediking belemmer. Waar predikers se persoonlike omstandighede die oorwegende faktor in die tekskeuse word, en die gemeentelike

konteks verwaarloos word, sal die gemeente vervreem word van die toepaslikheid van die prediking. Die vervreemding tree in waar die konteks van die gemeente en die gebeure in die gemeenskap, nie in die preekgebeure verreken word nie. Waar temas oorwegend beperk word tot die persoonlike belewenisse van die prediker, vernou die fokus van prediking tot die beperkte, beskermde wêreld van die prediker (vgl Grözinger 2008:123 e v).

Die ervaringe van predikers saam met die lidmate in hulle omstandighede, is ‘n noodsaaklike aspek wat in die navorsing na vore kom. Hierdie ervarings en meelewing met lidmate se omstandighede, beïnvloed die relevansie van die preekgebeure. Goeie kontak met die gemeente en die lewensomstandighede van die lidmaat stel die prediker in staat om die hartklop van die gemeente te kan ken. Tisdale (2008:83 e v) se sewe simbole in die gemeentelike lewe, wat die eksegese van die gemeente rig, is in die verband relevant. Kennis van die geskiedenis, demografie, stories, ritueel en liturgiese patrone, argitektuur en kuns, mense en gemeentelike gebeure en aktiwiteite, word deur die prediker saam met die lidmate ervaar en geskep. Deur goeie kontak sal die prediker op hoogte wees van die teologie van die gemeente, lidmate se godsbeelde, mensbeskouing en verstaan van roeping.

Die beweging van die Heilige Gees is nie spesifiek uitgelig as bron van die preekteks nie. Later in die gesprekke het dit wel na vore getree as deel van die gebeure. Vir diegene wat dit vermeld vervul dit ‘n noodsaaklike rol.
Die keuse van ‘n teks behoort beïnvloed te word deur ‘n kombinasie van faktore waarin die beweging van die Heilige Gees ‘n belangrike rol behoort te vervul. Die deurleefdheid van die boodskap by die prediker (persoonlik aangespreek deur die Skrifwoord), sowel as die relevansie daarvan in die konteks van die gemeente onder leiding van die Gees, is belangrik. Die Skrif behoort “bevraag” te word deur die lewensomstandighede van die prediker en die gemeente, op soek na die boodskap vir die lewenswerklikheid.

**Stellings:**

- Predikers gebruik steeds die Bybel as primêre bron vir die prediking.

- ‘n Verskeidenheid faktore beïnvloed die prediker in die keuse van die preekteks. Faktore sluit in die persoonlike omstandighede van die prediker, lidmaat, konteks en die werk van die Heilige Gees.
- Erns met die lewensomstandighede van gemeente en samelewing, asook die prediker se afhanklikheid van die Gees is essensieel in die preekproses.

### 4.1.2. Bestudering van die teks.

Die bestudering van die teks is ‘n belangrike onderdeel van die proses van prediking soos blyk uit predikers se preekverhale. Predikers maak erns met die verstaan van die teks in die vorm van eksegetiese arbeid, wat ondermeer die lees van kommentare, inleidingswerke, leesrooster materiaal en ander hulpmiddels insluit. Hierdie aspek is tydens die literatuurondersoek reeds uitgewys as noodsaaklik, veral waar betekenisverlies as gevolg van vertaling van die teks teweeg gebring kan word (vgl Lose 2008:52 e v; Thompson 2008:70; Wilson 2008:187). Die gaping tussen die teks en huidige tyd kan alleen verstaan en oorbrug word deur harde, toegewyde werk. Verstaan as hermeneutiese aktiwiteit is die essensie van die homiletiese aktiwiteit in hierdie fase van die preekproses.

**Stellings:**

- Grondige bestudering van die teks in al sy fasette, is ‘n noodsaaklike element in die verstaan van die teks en die onderskeiding van die boodskap daarvan.
- Die ontsluiting van temas en die boodskap van die teks as kreatiewe aktiwiteit begin reeds by die grondige bestudering van die teks.

### 4.1.3. Van roumateriaal tot preek.

Vier momente is onderskei in die predikers se preekverhale wat deel is van die weg van roumateriaal tot preek.

- Die rol van ander mense.
- Versameling van hulpmiddels
- Die preek manuskrip
- Die behoefte aan die werk van die Gees tydens die lewering van die preek.

#### 4.1.3.1. Die rol van ander mense in die beweging van roumateriaal tot preek.

Die navorsing bring die rol van ander mense in die preekgebeure aan die lig. Die mense vervul ‘n informele rol in die verwerking van die roumateriaal vir die prediking. Predikers gesels met gesinslede, kollegas en gemeentelede oor die temas en tekste vir die prediking. Die rol van mense herinner aan die konsep van preekwerkgroepe, met die verskil dat hier nie sprake van formele groepe is nie. ‘n Aantal vrae kan oor rol van ander mense gevra word. Is dit nog moontlik om mense op gestruktureerde manier in die preek proses te betrek, sonder om dit noodwendig formeel te organiseer? Is dit vir alle predikers prakties moontlik om sulke geleenthede te skep? Sommige van die predikers het gemeld dat hulle soms op onmoontlike tye aan preke werk, terwyl ander met die realiteit van hoë werksdruk moet rekening hou. Predikers wat nie gereeld saam met kollegas vergader of wat nie kollegas het nie, ervaar waarskynlik ‘n leemte in die verband. Predikers het in die onderhoude die voordeel van gesprek met kollegas beklemtoon. Die opsie van aanlyn-gespreksgroepe via internet met ander predikers, sou ‘n moontlike oplossing vir hierdie leemte kon bied.

**Stellings:**

- Predikers kan nie in isolasie met die preekarbeid besig wees nie, ander mense behoort daarin betrek te word met die oog op ‘n breër basis van opinies en insigte in die omgang met die roumateriaal vir die preek.

#### 4.1.3.2. Die vind en aanwending van hulpmiddels in die beweging van roumateriaal tot preek.

Die versameling van hulpmiddels vir die prediking kom gereeld in die preekverhale na vore. Predikers doen moeite, veral ten opsigte van die visuele materiaal vir die preek. “Powerpoint” aanbiedings word gereeld genoem en dit blyk dat die medium ekstra moeite van predikers vereis. Ander materiaal wat versamel word is anekdotes, verhale, gedigte, musiek en voorwerpe wat in aanskouingslesse aangewend kan word. Predikers versamel en kompileer bundels van hulpmiddels vir die prediking.

Die egtheid van voorbeelde word sterk beklemtoon. Predikers gebruik voorbeelde uit eie lewensomstandighede as geleefde voorbeelde. Opregte lewenservaring word veral deur die jonger predikers beklemtoon. Elders in die gesprekke word byvoorbeeld gewaarsku teen die valsheid (*fake goed*). Ons leef in die tyd van die elektroniese media waar tegnologiese vooruitgang aan die orde van die dag is. Die internet en ander mobiele kommunikasie tegnologie, maak dit moontlik dat mense byna enige iets vinnig en maklik kan bekom (Vgl Sweet, McLaren & Haselmeyer 2003). Die wêreld is beeld gedrewe, "*Visual ideas rather than scripts are today's story lines* (Sweet 2003:53). Dit is dus byna vanselfsprekend dat predikers ook wat hierdie aspek aanbetref ingelig en op datum sal wees. Tog is die woord balans veral in die verband gepas. Lisher (2005:107 e v) waarsku teen illustrasies as "emotional gratification – pleasure." Om die werklike lewe in drama, literatuur en selfs preke te ervaar is lekker, tog is dit nie die taak van die prediker om "bunches of substitute stories, which in the end deflect our attention from the searing reality from the person before God..." te bring nie. Die fokus van die prediker moet op die "storie", wat alle stories in die prediking vooraf gaan, wees (vgl Lischer 2005:110). Later in die onderhoude kom dit ter sprake dat hulpmiddels 'n doel opsigself kan word met die gevolg dat die medium die boodskap word, met noodwendige verlies aan die boodskap.

**Stellings:**

- Die versameling van materiaal vir die illustrasie van preke is 'n belangrike, tog tydrowende komponent, in die preekproses.
- 'n "Hulpmiddel bundel" of versameling van bruikbare gedagtes met die oog op die prediking, is 'n belangrike bron vir die prediker.
- Egte en geleefde voorbeelde verhoog die eietydse kwaliteit van die prediking, veral die opregte lewenservaringe van predikers met die lewe in breër verband (vgl Lisher 2005:109; Tisdale 2008:80; Grözinger 2008:133-134).
- Balans moet gevind word tussen die soeke na hulpmiddels en die grondige voorbereiding van die preek, sodat die hulpmiddels nie die middelpunt van die preekgebeure inneem nie.

#### 4.1.4. Die rol van die preekmanuskrip in die beweging van roumateriaal tot preek.

Predikers benadruk die formulering van preke, maar verskil oor die aanwendig van die manuskrip. Vir sommige predikers is die manuskrip die buitelyn of riglyn vir die aanbieding, terwyl ander die manuskrip akkuraat navolg tydens die lewering van die preek. Van die predikers verklaar dat hulle op die kansel, terwyl die preek gelewer word, nuwe gedagtes, beelde en voorbeelde vind en gebruik. Die stelling kan gemaak word dat die preekvoorbereiding nooit afgehandel is nie, maar voortgaan selfs terwyl die preek gelewer word. Predikers skryf hierdie ervaring toe aan die werking van die Heilige Gees. Vanuit hierdie ervaringe van predikers sou die aanname gemaak kan word dat nuwe insigte die werk van die Gees is, wat teenoor die prediker se eie werk wat in die studeerkamer staan. Tog het ander predikers die werking van die Heilige Gees beskryf as iets wat reeds in die studeerkamer gebeur.

Die gebruik van ondeurdagte voorbeelde wat op die ingewing van die oomblik "ontvang" word, word bevraagteken. Dit skep die geleentheid dat die prediker kan voort-rammel sonder om die gedagtes te weeg of te toets. Predikers wat sodanig vry met die manuskrip omgaan, skryf tog die nuwe gedagtes aan die werking van die Heilige Gees toe. Wanneer die opmerking gemaak word dat die prediker na afloop van die diens moet hoor wat hy kwyt geraak het, kan daar terug verwys word na die verstaan van die werking van die Gees in die Nuwe Testament. *Onvoorbereide en spontane ontvangs van boodskappe is ook nie meer eg as voorbereide deurdagte boodskappe nie.* "...God may work through processes of preparatory reflection, just as God may work through unexpected, instant revelation." *(Thiselton 2007:447).* Die assosiasie tussen profetiese spraak en die rol van bewustelike gebruik van verstandelike vermoëns, word juis volgens 1 Korintiërs 14:19 en 23 beklemtoon. Die vraag kan gestel word, of die manuskrip navolger 'n aanspraak kan maak op die werk van die Gees? Die gebruikers van manuskripte loop die risiko, dat slaafse gebruik van die manuskrip hulle van spontaniteit kan beroof en dat die aanbieding van die preek 'n meganistiese gebeure word. Ten opsigte van die gebruik van die manuskrip behoort ruimte vir balans gelos te word. Goeie voorbereiding van die manuskrip, sal die prediker help om weldeurdagte en goed beredeneerde voorbeelde en metafore te gebruik, tydens die lewering van die preek.

Oor die realiteit van die lewering van die preek en die noodsaak van die tegniek van gesproke woord, liggaamstaal en stemgebruik het die predikers niks te sê gehad nie. Tog is die aanbieding van die preek ook deel van die preekverhaal. Dit is ‘n faset wat volgens Brown (2008:101-115) baie noodsaaklik is. Die taal van die prediker, die manier waarop die boodskap gefraseer of uitgedruk word in woorde, het ‘n daadwerklike impak op die hoorders en hulle ontvangs daarvan. Miskien is die predikers wat deelgeneem het aan die navorsing sodanig ervare dat hier faset vir hulle ‘n vanselfsprekendheid geword het. Tog bly die vraag, watter rol speel die formulering en die voordrag as deel van die preekgebeure in kreatiewe prediking?

Oor die algemeen benadruk die predikers die deurlopende werking van die Gees vanaf die tekskeuse tot die lewering van die preek en daarna. Die moontlikheid dat die prediker op die ingewing van die oomblik iets kan sê wat hoorders kan verwar, of selfs dit op ‘n manier kan uitdruk, wat nie die betekenis of die bedoeling van die teks of die tema ondersteun nie, bly ‘n wesentlike gevaar. Die vraag kan met reg gevra word of die subjektiewe gerammel van die prediker en sy ondeurdagte spel met woorde op die kansel, nie dalk juis die luisteraars frustreer nie ?

**Stellings:**

- Die preek manuskrip as raamwerk vir die preek, of woordelikse model daarvoor is steeds ‘n belangrike komponent van die preekvoorbereiding en lewering.
- Predikers moet waak teen ondeurdagte gerammel van allerlei spontane “ditjies en datjies”, sowel as teen ondeurdagte nuwe insigte.
- Predikers moet waak teen meganistiese, slaafse, manuskripgebonde lewering van preke.
- Preekmanuskripte kan bevrydend of belemmerend op die prediker inwerk, en behoort hanteer te word in ooreenstemming met die prediker se eie gemaklikheid en styl as prediker.
- Die risiko bestaan dat ondeurdagte idees of beelde die luisteraars kan frustreer of selfs vervreem van die bedoeling van die preek.
- Die Heilige Gees werk ook tydens die lewering van die preek deur aan die prediker nuwe beelde en gedagtes bekend te maak. Na al die kritiek op die

spontane aanhalings, behoort die bekende frase dat die “Gees waai waar hy wil” (vgl Joh 3:8), steeds in gedagte gehou word.

### 4.1.5. Die rol van die Gees in die beweging van roumateriaal tot preek.

Predikers se gevoelens van vrees voor die lewering van ‘n preek word in verband gebring met hulle behoefte aan die werking van die Gees. Die bewussyn van eie onvermoë en swakheid verhoog die behoefte aan die werk van die Gees, aangesien dit ‘n groot verantwoordelikheid is wat met die lewering van die preek opgeneem word. Predikers ervaar in hulle eie onsekerheid juis die realiteit dat God in beheer is, ook in die moment waar die preek gelewer word.
Hoewel een van die predikers dit benadruk dat hierdie gevoelens niks met “*senuwees*” te doen het, kan die vraag tog gevra word of die predikers se ervaring nie gewoon teken van hulle eie swakheid, opwinding of selfs verhoog-angs (plankekoors) is nie?

Predikers beskryf die gevoel as ‘n manifestasie van hulle nood aan die werking van die Gees, sommige het selfs beweer dat as die gevoel nie daar is nie, hulle bekommerd is dat die Gees afwesig kan wees. Die vraag bly steeds of die ervaring nie bloot ‘n natuurlike belewenis is wat geassosieer word met die optrede voor mense nie. Op ‘n ander manier mag die verwoording van die vrees aanduiding wees van die behoefte aan ‘n werklike belewenis van die werking van die Gees. In die opsig sou dit selfs met ‘n verlange of versugting na die werking van die Gees geassosieer kan word. Die vrees of bewing kan beskou word as ‘n soort afwagting op die groter gebeure wat moet volg.

**Stellings:**

- Om te preek is vir die predikers ‘n groot uitdaging wat hulle soms bevrees laat voel.
- Die ervaring van vrees voor die lewering van die preek word deur predikers geïnterpreteer as die bewussyn van afhanklikheid van die Gees.
- Die geloof dat die Gees aan die werk is in die prediking, word vir predikers bevestig in hulle belewenis van afhanklikheid van die Gees.

## 4.2. Samevatting.

Preekverhale begin by die tekskeuse wat deur 'n kombinasie van invloede gerig word. Die Bybel as bron, die lewensomstandighede van prediker en gemeente, asook die werking van die Heilige Gees is die belangrikste elemente in die hoofstuk van die preekverhaal.
Tekste word bestudeer aan die hand verskillende bronne as deel van 'n eksegetiese proses. Die verstaan van teks en konteks is belangrike sleutel met die oog op die ontsluiting van die boodskap van die teks in die tyd.

In die prediker se op-weg-wees na die preek kan hy nie bekostig om in isolasie te werk nie. Die opinies en insigte van 'n wye verskeidenheid mense is essensieel in die gebeure. Predikers versamel en gebruik hulpmiddels met die oog op die prediking, wat op al die verskillende menslike sintuie betrekking het. Egte, deurleefde voorbeelde is 'n noodsaaklike komponent. Die voorbeelde funksioneer steeds bloot as hulp, en nie as die sentrum of doel van die preekgebeure nie.

In die formulering van die preek dien die preekmanuskrip as hulpmiddel. Die formulering bied ook die geleentheid om van die preek 'n kunswerk te maak, in terme van die bewoording en aanbieding daarvan. Predikers ervaar die betrokkenheid van die Gees in die vorming van die manuskrip sowel as in die gebruik daarvan. Predikers moet waak teen 'n vrye gerammel van los ondeurdagte uitsprake, sowel as teen die slaafse meganiese voordrag van die manuskrip. Balans moet gehou word tussen die manuskrip gebondenheid en die aanwendig van die vrye rede.

Predikers ervaar die werking van die Gees in terme van hulle "verhoog-angs" voor die lewering van die preek. Geloof in die aanwesigheid van die Gees voor, tydens en na die preek, is 'n belangrike deel van die preekarbeid.
Die aanwesigheid van die Heilige Gees is 'n belangrike element in die preekverhale van die predikers. Die Gees is teenwoordig van die eerste tot die laaste moment.

## 4.2. Afleidinge oor die predikers se verstaan en ervaring oor die rol van die Gees in die prediking.

Die resultate van die gesprekke met predikers oor die verstaan van die werk van die Gees het in drie basiese hoofmomente uitgekristalliseer:

- Die misterie van die werking van die Gees.
- Die Gees en die gawes en vermoëns van die predikers
- Die Gees en die ontsluiting van boodskap aan prediker en hoorder

### 4.2.1. Die misterie van die werking van die Gees

Die predikers is dit eens dat die belewenis van die werking van die Gees nie in buitengewone belewenisse geleë is nie, maar in die gewone alledaagse gang van die lewe. Die predikers getuig nie van buitengewone of 'ekstatiese' ervaringe van die Heilige Gees nie, maar gee 'n rasionele verklaring vir die ervaring. Die Gees werk deur die alledaagse dinge en gebeure, soos onder meer hulle studie en leeswerk. Die werking van die Heilige Gees in die prediking word nogtans oor die algemeen, as 'n misterie beskou en ervaar, wat nie met logika of kognitiewe denke verklaar kan word nie. In die teoretiese verkenning van die werk van die Gees het talle outeurs die rol van die Gees in die preekproses behandel. Die Gees is deel van die preekproses (vgl De Roest 2006:182-186) en deel van die preek uitvoering (vgl Bartow 1997:44; Dingemans 2005:13; Van Dam 2007:82). God kom in die Woord deur die Gees na die gelowiges (vgl Runia 2001:34; Stark 2005:458).

Die a-ha-ervaring word as skielike belewenis van insig aan die werking van die Gees toegeskrywe. Die werk van die Gees is sigbaar en onsigbaar, beskryfbaar, en tog nie logies nie. Die predikers leef met die bewussyn van die teenwoordigheid van die Gees. Die beste manier om die werking te beskryf is deur die gebruik van beelde of metafore. Die werksaamheid van die Gees word as 'n *geloofswerklikheid* beskryf. Die verwoording van die ervaring van predikers se siening oor die Gees is moeilik om in presiese terme weer te gee. Dit is duidelik dat die subjektiewe belewing en verstaan van elke prediker 'n belangrike rol in hulle gedagtes vervul. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat gelowiges se belewenis van die Gees se werking, 'n persoonlike en indiwiduele gebeurtenis is, wat nie in 'n enkelvoudige beskrywing vervat kan word nie. Die kontras tussen verstaanbaar en onverstaanbaar, word die beste opgesom in die beskrywing van die Gees se werking

as misterie. Die beste manier bly uiteindelik om ruimte te laat vir persoonlike verstaan, ervaring en verwoording daarvan, aan die hand van beelde en metafore.

**Stellings:**

- Die Gees werk in die gewone of die normale gang van die lewe, nie noodwendig in buitengewone of ekstatiese ervaringe nie.
- Die werk van die Gees is buitengewoon en onpeilbaar, onvoorspelbaar en nie rasioneel verklaarbaar nie.
- Die a-ha-ervaring, wat dui op 'n skielike, onverwagte insig in sake, is die werking van die Heilige Gees.
- Die belewenis van die werk van die Gees is 'n subjektiewe gebeure wat verstaanbaar word in die persoonlike konteks van die een wat dit ervaar.
- Die verstaan van die ervaring van die Gees word die beste verduidelik aan die hand van 'n beeld of metafoor, as verwoording van 'n subjektiewe belewenis.
- Die aanvaarding en verklaring van die misterie van die gebeure tydens die preekarbeid is ten beste 'n geloofswerklikheid.

### 4.2.2. Die Gees en die gawes en vermoëns van die predikers.

Die Gees werk met die gawes en vermoëns van die predikers as volledige mense. Dit beteken dat die mens en sy volle wese onder die leiding van die Gees staan. Die Gees werk deur al die dimensies en met al die gawes en talente wat deel is van die prediker se menswees. Predikers leef die besef van hulle afhanklikheid van die leiding van die Gees uit, deur middel van die beoefening van gebed. Predikers glo dat hulle nie alleen gelei word deur die Gees nie, maar ook aangeraak en aangespreek word, deur middel van die Woord en die omstandighede as instrumente van die Gees.

Die openheid van die prediker as volledige mens vir die werking van die Gees, lei tot die logiese gevolgtrekking dat die hoorder op dieselfde manier daarvoor oop moet wees. Wat presies bedoel word met die beeld "oop wees vir die Gees" het nie duidelik in die verhale na vore gekom nie. Dit het ook nie aan die lig gekom hoe en wanneer mense weet of hulle oop is vir die Gees of nie. Wat wel uit die verhale na vore kom is die belang van die geloofsuitgangspunt van die persoon ter sprake.

**Stellings.**

- Die Gees werk met en deur die volledige mens.
- Die Gees werk met die prediker se gawes, talente en algemene vermoëns teen die agtergrond van die teks en die prediker se belewenisse.
- Menslike afhanklikheid van die Gees word verwoord in terme van gebedshandelinge, sowel as die predikers en hoorders se oop wees vir die Gees.
- Insig in die omstandighede, en die toepassing van die Woord daarin, is die resultaat van die werking van die Gees.

### 4.2.3. Die Gees en die ontsluiting van die boodskap aan die prediker en die hoorder

Die Gees ontsluit die boodskap van die preek aan prediker en hoorder. Volgens die preekverhale geskied dit deur die prediker en hoorder se afhanklikheid van die Gees. Die Gees se werksaamheid word in verband gebring met die formulering van die boodskap, die aanspreek van prediker en hoorder, asook verstaan as hermeneutiese gebeure. Instrumente of handelinge wat hierin funksioneer word genoem as gebed en kreatiwiteit. Die Gees is beskryf as brugbouer, bekendmaker en voorbereider van harte. Ook in die verband is die geloof in die Gees as 'n noodsaaklike element bestempel. Predikers se geloof in, en verstaan van die werk van die Gees, dien as verklaring van gebeure in die ontsluiting van die boodskap. Predikers veronderstel 'n doelbewuste ingesteldheid van afhanklikheid van die Gees.

**Stellings.**

- Die Gees is betrokke in die siklus van tekskeuse, voorbereiding, verwoording en prediking, as ontsluiter van die boodskap.
- Die werk van die Gees is hermeneuties van aard, met die oog op verstaan en die tuiskom van die boodskap in die lewe van prediker en hoorder.
- Die Gees is die brugbouer tussen Woord en mens.
- Die Gees ontsluit die kreatiewe vermoëns van die prediker as Skeppergees.
- Sonder die Gees is kreatiewe tegniek niks meer as blote tegniek.

- Die geloof by die prediker dat die Gees werk, is 'n noodsaaklike element van die verstaan van die werksaamheid van die Gees.

## 4.3. Samevatting.

Predikers verstaan dat die werk van die Heilige Gees logies en begrypbaar is aan die een kant, en misterieus en onbegrypbaar aan die ander kant. Die Gees werk in die alledaagse sonder buitengewone of ekstatiese belewenisse. Die Gees is sigbaar en tegelyk ook onsigbaar, kenbaar en tog onvoorspelbaar, 'n misterie. Belewenis van die Gees se werk is subjektief. Dit is verstaanbaar teen die agtergrond van die een wat dit ervaar, en gevolglik beste beskryfbaar deur 'n metafoor of beeld wat binne 'n bepaalde geloofswerklikheid funksioneer.

Predikers verstaan dat die Gees met hulle en die hoorders as volledige mense werksaam is. Die Gees werk met die mens en met al sy vermoëns, talente en gawes. Afhanklikheid van die Gees is noodsaaklik vir prediker en hoorder en word beskryf as openheid vir die werking van die Gees.

Insig in die Woord en die omstandighede is die resultaat van die werking van die Gees. Die Gees ontsluit die boodskap en is van begin tot einde in die preekproses teenwoordig. Die werk van die Gees word verstaan as hermeneuties, oorbruggend en skeppend deur die kreatiewe vermoëns van predikers.

Geloof in, en afhanklikheid van die Gees, is die kern van die lewenshouding van die prediker. Die prediker beskik nie oor die Gees nie, maar is in alles afhanklik deur die geloof in die werksaamheid van die Gees.

## 4.4. Predikers se verstaan en toepassing van kreatiwiteit.

Vanuit die weergawe van predikers se aanvanklike antwoorde op die vraag wat kreatiwiteit is, word die volgende stellings geformuleer:

- Kreatiwiteit behels die gebruik van unieke, interessante, illustratiewe en funksionele *voorwerpe* wat in die prediking gebruik word.
- Kreatiwiteit is ervaringe, denke of maniere van doen.

- Kreatiwiteit is handelinge wat woordkuns en formulering van idees, wat vry van clichés is, insluit.
- Die doel van kreatiwiteit is om die preek lewe te gee, nuwe moontlikhede te vind, die erediens nuut te laat gebeur, gedagtes visueel voor te stel en doelbewuste alternatiewe te skep.
- Kreatiwiteit is meer as "powerpoint" aanbiedings" en visuele uitbeeldings.

Die predikers se verstaan van die konsep kreatiwiteit word aan die hand van die nege verskillende temas van die preekverhaal opgesom.

**4.4.1. Kreatiwiteit en waagmoed.**

Predikers beskou waagmoed as eienskap om kreatief te kan wees. Waagmoed om die persoonlike en gemeentelike grense te toets en te skuif. Waagmoed om as predikers vars te bly sonder om die sentraliteit van die Woord in die preek in gedrang te bring.

Die gedagte van moed het in verskillende verbande na vore gekom. Black (1995:21) beskryf kreatiewe leiers as "risk takers, curious about many things, challenge most things, willing to go against the norm or the accepted ways of doing things." Indien predikers die Woord op nuwe en vars maniere wil verkondig is 'n element van waagmoed nodig. In 'n volgende afdeling oor die faktore wat kreatiwiteit belemmer sal aangetoon word hoedat mense predikers ontmoedig. Daaruit blyk dat dit soms die gemak van die bekende en getoetste is wat predikers verhinder om 'n nuwe tree te gee. Predikers behoort nie net uit eie beweging aangemoedig te voel tot kreatiewe denke nie, maar ook deur kerkrade as werkgewers en lidmate as hoorders tot waagmoed aangemoedig word.

**Stellings.**

- Kreatiwiteit is om die waagmoed aan die dag te lê om grense te toets.
- Kreatiwiteit is die moed om vars en nuut te wees in die prediking sonder om die sentrale plek van die Woord in gedrang te bring.

### 4.4.2. Kreatiwiteit gaan om vernuwende denke.

Om kreatief te wees is om vernuwend te kan dink. Om kreatief te wees beteken om gedagtes vanuit ander kontekste met jou eie konteks te kan assosieer, met die oog op die skepping van iets oorspronklik en nuut. Predikers verwys na praktyk om idees binne die kontekste van rolprentwese en die digkuns te neem en dit aan te wend in diens van die prediking.
Vernuwende denke behels die ontginning van onontginde moontlikhede, sodat vars woorde beelde en ervaringe geskep kan word.

In die teoretiese bespreking van kreatiwiteit is reeds aangetoon dat kreatiwiteit vaardige denke vereis. “You must think faster than the horse; or else you will go where the horse wants to go” (Bohm 1998:23). In baie van die sienings van predikers is kreatiwiteit omskrywe in terme van voorwerpe, ervaringe en handelinge wat die preekpraktyk nuwe lewe gee. In die ordening van die gedagtes van predikers oor kreatiwiteit blyk dit dat die denkproses vir meeste ‘n onbewuste gebeure is. Predikers wend doelbewuste pogings aan om kreatief en nuut te wees, sonder om die grond van hulle pogings te verstaan.

Senge (2006:163) beskryf die konsep van “mental models” in die konteks van organisasie bestuur. Die konsep is toepaslik op vernuwende denke vir die preekarbeid. “...new insight fail to get put into practise because they conflict with deeply held internal images of how the world works, images that limit us to familiar ways of thinking and acting.” Om kreatiwiteit as deel van predikers se gereedskap te maak sal vereis dat denkprosesse aangeleer en toegepas word. Vernuwende denke kan predikers in staat stel om nuut na ander kontekste te kyk, soos van die deelnemers in die navorsing dit reeds regkry en aanwend. Vernuwende denke is bepalend vir die ontdekking en ontginning van dit wat nog verborge is.

### Stellings.

- Om kreatief te wil wees vereis dat predikers vernuwend sal begin dink oor die preek en die inhoud daarvan, sowel as die benadering tot die voorbereiding.
- Vernuwende denke as kreatiewe vermoë, behels die kuns om tussen verskillende kontekste assosiasies te maak met die oog op die nuwe.

- Onontginde moontlikhede moet ontgin en bedink word om nuwe ervaringe vir die hoorder te skep.
- Onveranderde denke oor vernuwing kan die beste praktiese pogings tot kreatiwiteit kelder.

### 4.4.3. Kreatiwiteit is ‘n visuele gebeure.

Meeste predikers beskou die visuele as hoogste vorm van kreatiwiteit. *Powerpoint* aanbiedings is die mees algemene vorm waarin dit gestalte vind. Waarskuwings met betrekking tot die gebruik van *powerpoint* aanbiedings is deur die predikers gedoen. *Powerpoint* aanbiedings moet met oorleg benut word, nie lesingagtig nie, ook nie op stereotipe wyse nie. Daar moet ‘n uniekheid wees aan die kerklike aanwending van die medium.

Video en rolprentgrepe is ‘n volgende gewilde medium. Predikers gebruik die medium aangesien die meeste mense vandag in die videosfeer funksioneer. Kritiek is uitgespreek deur sommige predikers dat ‘n oorbeklemtoning van die visuele aspekte, die hoorder se kreatiewe vermoëns inperk.

Die moderne wêreld is ‘n visuele wêreld. Dit is gevolglik natuurlik dat die visuele hantering en uitbeelding in die besonder benut sal word. Dit wil egter voorkom of daar ‘n oorbeklemtoning van die visuele ten koste van ander sintuiglike vermoëns kan wees. Die waarskuwings van predikers in die verband is betekenisvol. Vrae wat ontstaan is of die gebruik van die visuele nie die lidmaat se vermoë tot verbeelding inperk nie. Verarm die uitsluitlike gebruik van visuele hulpmiddels nie die totale sensoriese ervaring van mense nie? Lisher (2005:24 e v) kritiseer die beklemtoning van die visuele ten koste van die ander sintuie. Wanneer die brein met klank en beeld gekonfronteer word sal die visuele beeld bo die klank verkies word. Die gesproke woord beskik vir Lischer oor die beste potensiaal vir diepte kommunikasie. Die opsomming van preke in hoofpunte, wat elektronies geprojekteer word, maak van die preek ‘n suiwer rasionele gebeurtenis waaruit die gespreksmatige dialektiese karakter weggeneem word. Daarby beweer Lischer dat die gebruik van elektronika die onthou vermoë van die luisteraar negatief affekteer.

Die benutting van rolprentgrepe, is dit volgens Lischer (2005:27) niks meer as die invoering van iets reeds op ander plekke bestaan nie. "The very presence of such media serves to associate the sermon (and church and preacher) with the glamour, power, and authority of the same technology that rules the world" (Lisher 2005:27). Tegnologie word beskryf as die nuwe magsimbool. Lischer is kras in sy beoordeling van die gebruik van tegnologiese hulpmiddels. Indien daar net staat gemaak word op die gebruik van die hulpmiddels mag sy beoordeling daarvan geldig wees. Predikers wat deelneem aan die navorsing toon tog 'n omsigtigheid in die aanwending van die visuele hulpmiddels. Elke hulpmiddel het voor en nadele. Predikers hoort te streef na balans in die aanwending daarvan, sonder om die hoofdoel van die prediking te ondermyn.

**Stellings:**

- Die visuele medium is een van die mees algemene vorme waarin kreatiwiteit uitgeleef kan word.
- Visuele uitbeeldings, wat met oorleg aangewend word, is een van die beste mediums om die boodskap sigbaar te maak.
- Balans tussen die fokus op die visuele sintuig en die ander sintuie moet nagestreef en gehandhaaf word.
- Die wêreld is beeldgedrewe met die gevolg dat die nuwe generasie heel waarskynlik beste deur die visuele aangespreek sal word.
- Oormatige klem op die visuele uitbeeldings verarm hoorders en predikers se kreatiewe vermoëns.

### 4.4.4. Kreatiwiteit en multi-sensoriese ervarings

Kreatiwiteit word benodig om die multi-sensoriese ervaring van mense in die prediking te verhoog. Al die verskillende sintuie van mense moet in die prediking aangeraak kan word. In die gesprekke met predikers is die aspek bloot genoem deur van die predikers. In aansluiting by die kreatiewe benutting van die visuele aspekte in die preek, is die multi-sensoriese belewenis 'n aspek wat verder uitgebou en ondersoek moet word.

Die bevordering van die multi-sensoriese aspekte as deel van die preek, sal nog alternatiewe nuwe roetes open om predikers te "translokeer." Cilliers (2004b:9) stel dit so: "Kreatiewe interpretasie (transendering) open nuwe roetes in geykte patrone. In hierdie sin help dit ons (ook as liturge) om te translokeer, om uit ons vaste posisies te skuif, om ons standpunte (letterlik: ons staanplekke) te herevalueer." Hy beskou kreatiwiteit as die "unieke gawe" wat "ons help om 'n werklikheid te ontdek of te konstrueer wat dieper lê as alle waarneembare realiteite of beelde" Estetika is nie alleen te vinde in wat ons sien of hoor nie maar ook in wat ons ruik, proe en aanraak. Die benutting van al die sintuie is 'n onontginde terrein in die prediking wat predikers kan help om vaste bestaande posisies te verskuif.

**Stellings:**

- 'n Volledige kreatiewe belewenis van die preek sal al die menslike sintuie in die gebeure aanspreek of inkorporeer.
- Benutting van al die menslike sintuie in die preek neem die prediker na 'n vlak dieper as waarneembare realiteite en beelde.
- Die benutting van al die sintuie is 'n onontginde terrein in die prediking wat predikers kan help om vaste bestaande posisies te verskuif.

### 4.4.5. Kreatiwiteit is uniek en interessant

Beskrywings van predikers oor kreatiwiteit lei tot die afleiding dat kreatiwiteit iets uniek en interessant is. Vir predikers behels kreatiwiteit die gebruik van woorde, prente, objekte of enige iets anders wat buitengewoon of meer is as gewone preekvoordrag. Dinge wat die preek lewe gee. Die gedagte dat die kreatiewe momente die preek lewe moet gee laat mens wonder oor die aard van dooie preke. Wanneer is 'n preek dood en wanneer is dit lewend? In die beskouing van die bedoeling van kreatiwiteit lyk dit asof predikers tred verloor met vroeëre verklarings dat die Heilige Gees preke lewendig maak. In die lyn van denke word kreatiwiteit niks meer as 'n dekorasie.

Die gedagte dat *enige iets* bygevoeg kan word verdien ook aandag. Die vraag moet gevra word na die funksie van die byvoegsel. Is dit die doel van sjokolade sous om wit roomys 'n ander kleur of karakter te gee? Of word die sjokolade sous bygevoeg word om die roomys se geur met die sjokolade se geur te komplimenteer? Die gevaar dat kreatiwiteit as dekorasie beskou kan word, kan afbreuk doen aan die doel en inhoud van die prediking. Uit die verhale van sommige deelnemers wil dit voorkom of hulle elke week onder druk is om een of ander aankoulike buitengewone ervaring aan die gemeente te bied. Dat die unieke en interessante met gesonde afwisseling van aanwending, 'n deel van elke preekgebeurtenis kan wees, is moontlik. Dan moet dit egter 'n funksionele deel van die geheel wees en nie net 'n byvoegsel nie.

Kreatiwiteit is meer as net 'n byvoegsel. In die hantering van die teorie van kreatiwiteit is reeds aangetoon dat kreatiwiteit *'n menslike vermoë is wat aangeleer en ontwikkel kan word. 'n Doelgerigte, dinamiese gebeure of aktiwiteit, wat met behulp van waarneming, denke, insig, en tegniek nuwe, onverwagte en betekenisvolle resultate oplewer.* Florence (2008:123) wys dat kreatiwiteitsontwikkeling vergelykbaar is met die ontwikkeling van 'n spier in die liggaam. Dit vra tyd, inspanning en oefening. Dit gaan om die ontwikkeling van kreatiewe gewoontes.

**Stellings.**

- Kreatiwiteit verleen 'n unieke en interessante karakter aan die prediking.
- Enige iets kan as kreatief beskou word solank dit uniek en interessant is, en waarde toevoeg tot die gebeure.
- Om kreatief te wees beteken nie dat predikers, soos kulkunstenaars, elke week 'n ander "*haas uit die hoed"* moet haal nie.

### 4.4.6. Kreatiwiteit is 'n doelbewuste gebeure.

Kreatiwiteit vereis doelbewuste harde werk, en voortdurende versameling van nuwe idees en voorbeelde. Dit is 'n doelbewuste byvoegsel tot die preek wat smaak

verleen en word vooraf gegaan deur die tradisionele preekproses. Dit is 'n byvoegsel tot die preek van iets wat nog nie vantevore gedoen is nie.
Die predikers se bewussyn dat kreatiwiteit doelbewus nagestreef moet word is 'n belangrike gedagte op pad na kreatiewe prediking.

Predikers het egter gereeld in die onderhoude erken dat hulle nie hulleself noodwendig as kreatief beskou nie. Dit impliseer dat daar ruimte is om predikers te leer hoe om kreatief te dink en te funksioneer (vgl Florence 2008:120). Volgens die literatuur is kreatiewe vermoëns iets wat aangeleer en ontwikkel kan word (vgl Baer 1993; De Bono 1996; Cilliers 1998; Buzan 2001; Neethling 2004; Lanser 2007).

**Stellings.**

- Kreatiwiteit is 'n doelbewuste poging van die prediker se kant.
- Kreatiwiteit is die laaste fase van die preekproses waar die unieke nuwe tot die preek bygevoeg word.
- Kreatiwiteit is 'n vermoë wat aangeleer en ontwikkel kan word.
- Doelgerigte ontwikkeling van kreatiewe vermoëns is 'n belangrike faset in die bevordering van die toepassing van kreatiwiteit in die preekproses.

### 4.4.7. Kreatiwiteit is funksioneel.

Predikers se insig dat onoordeelkundige kreatiewe goed skade kan doen is 'n belangrike moment in die denke oor kreatiwiteit. Dit raak die funksionaliteit van kreatiwiteit in die preekproses. Kreatiewe pogings kan gemeentes seermaak en afbreuk doen aan die erediens, as die kreatiewe moment die middelpunt word. Die aanwending van kreatiwiteit moet funksioneel wees en nie die doel opsigself nie. Daar is geen alternatief vir goeie prediking nie. Die kreatiewe momente is noodsaaklik maar nie die middelpunt van die erediens nie en daarom met die prediker rekening hou met grense. Die erediens en die preek mag nie hulle wesentlike karakter as aanbiddings- en bedieningsmoment verloor nie.

Een van die eienskappe van kreatiwiteit wat algemeen in die literatuur voorkom is die van funksionaliteit (vgl Adair 2007:8). Predikers se gelykstelling van *foefies en kreatiwiteit* toon dat daar baie voorbeelde bestaan waar skouspel, slimmighede en

toertjies afbreuk doen aan gebeure. In die volgende afdeling oor kreatiewe prediking sal die punt weer ter sprake gebring word. Die afleiding kan gemaak word dat die prediker se kreatiwiteit in diens van die taak staan wat uitgevoer word. In die geval van die prediking kan die logika uitgebrei word na die feit dat die preek onder die leiding van die Heilige Gees geskied, en dat die prediker se kreatiewe vermoëns gevolglik in diens van die Heilige Gees gestel word. Wanneer die prediker se kreatiewe vermoëns so aangewend word, kan dit as funksioneel tot die prediking beskryf word.

**Stellings:**

- Kreatiwiteit is funksioneel in die preekproses tot hulp en verbetering van die kommunikasie van die evangelie.
- Onoordeelkundige kreatiewe pogings kan die gemeente skaad en afbreuk doen aan karakter van die erediens as aanbiddings- en bedieningsmoment.
- Kreatiewe pogings sonder goeie prediking is opsigself nutteloos.
- Kreatiwiteit word funksioneel aan die prediking, waar dit in diens van die Gees gestel word.
- Kreatiewe pogings opsigself is nie die sentrum van die erediens gebeure nie.

### 4.4.8. Kreatiewe hulpmiddels.

Predikers gebruik ‘n aantal hulpmiddels om aan hulle kreatiewe vermoëns gestalte te gee. Verhale wat aansluit by die boodskap en dit versterk of aanvul, word deur die storievertellers gebruik. Metafore, beelde en vergelykings wat aansluit by preke word deur sommige predikers ingespan. Versamelde idees, gedagtes, anekdotes wat in ‘n bundel versamel word is ‘n goeie kreatiewe hulpmiddel. Visuele hulpmiddels in die vorm van ondermeer prente en filmgrepe is as handig aangedui. Fisiese objekte wat as aanskouingslesse aangewend tydens die preek, of na afloop daarvan as herinnering uitgedeel word dra by tot die onthou van die boodskap.

Die feit soveel van die predikers steeds hulpmiddels gebruik wat wyer gaan as die visuele wat vroeër genoem is, is bemoedigend. Predikers doen reeds moeite om die gebeure van die prediking op ander manier te verryk en aan te vul. Indien predikers

se kreatiewe vermoëns opgeskerp en uitgebrei word gaan hulle waarskynlik meer kan doen om die prediking anders te laat gebeur.

**Stellings:**

- 'n Wye verskeidenheid van media, voorbeelde en ander hulpmiddels is beskikbaar vir kreatiewe aanwending in die prediking.
- Uitbreiding en ontwikkeling van predikers se kreatiewe vermoëns kan bydra tot verryking van die preekgebeure.

### 4.4.9. Die "a-ha-ervaring."

Die a-ha-ervaring is 'n onvoorspelbare, onverwagse moment van insig wat aanbreek nadat die prediker gelees, gedink en gewerk het. Dit is 'n moment wat nie noodwendig by elke preekgebeure plaasvind nie. Die a-ha-moment val volgens predikers nie uit die lug nie, maar gaan gepaard met harde werk, waarneming en worsteling. Dit is 'n gebeure wat in die skryfproses kan gebeur of wanneer die prediker met iets anders besig is. Predikers beskryf dit as die 'n moment waarvan die Heilige Gees die dirigent is, 'n moment van inspirasie wat splinternuwe insigte na vore bring.

Die verband tussen die a-ha-ervaring en die bewussyn van die werk van die Gees is 'n betekenisvolle moment in predikers se verstaan van kreatiwiteit. Ook die bewussyn dat die ervaring gepaard gaan met harde werk, beklemtoon die verantwoordelikheid van die prediker in die preekproses.
Goswami (1999:43) beskryf die ervaring as deel van die illuminasiefase in die kreatiewe proses. Die a-ha moment is beskryf as die skielike sterwe van 'n ou gedagtepatroon en die ontwaking van 'n nuwe in plek daarvan. Hierdie gebeure is beskryf as 'n sprong vanuit die bestaande konteks na 'n nuwe waarde konteks wat 'n nuwe produk tot gevolg het.

**Stellings:**

- Die a-ha-ervaring is die ervaring van die onverwagte, onvoorspelbare moment van insig.

- Die a-ha-ervaring vloei voort uit harde werk, waarneming en worsteling, wanneer alles bymekaar kom met nuwe insig.
- Die a-ha-moment is vir predikers deel van die werking van die Heilige Gees in die preekproses waar nuwe moontlikhede binne nuwe kontekste van verstaan geopen word.

## 4.5. Belemmerende faktore vir kreatiwiteit van predikers.

Faktore wat die kreatiwiteit van predikers beïnvloed kan in terme interne en eksterne faktore verdeel word. Interne faktore is daardie belewenisse en ervaringe wat predikers se menswees raak, terwyl eksterne faktore van buite ‘n invloed uitoefen. Predikers het uit die aard van die werk waaroor dit gaan die vrae in die konteks van die preekgebeure beantwoord.

### 4.5.1. Interne faktore

- Persoonlike omstandighede. Gebeure en omstandighede in die wêreld van die prediker soos persoonlike gesondheid, gesinsomstandighede, gemoedstemming en moegheid.
- Ingesteldheid. Party predikers moet die regte gesindheid of ingesteldheid aankweek om kreatief te wees. Ander skryf die gebrek aan kreatiwiteit toe aan luiheid.
- Die gemaksone van die prediker. Versigtigheid en gemak met die bekende, asook vrees vir die onbekende belemmer predikers se kreatiwiteit.
- Eie sienings van kerkwees en die prediking is ook genoem as hindernis vir kreatiwiteit.

Die beklemtoning van die invloed van persoonlike faktore op die preekgebeure word nie noodwendig in die teorie van die prediking aangespreek nie. Grözinger (2008:122 e v) gee aandag aan die persoon en die persoonlikheid van die prediker in terme van kommunikasie vaardighede, in aansluiting by die transaksionele analise. Min aandag word egter geskenk aan die invloed van die wel en weë van die prediker op die preekgebeure.

Baie aandag word aan die ontwikkeling van persoonlike en teologiese vaardighede vir die prediking geskenk (vgl Long & Tisdale 2008). Daar is egter meer faktore wat 'n rol speel in die prediker se vermoëns as vaardigheid om 'n preek te kan maak en voordra, soos dit in die onderhoude met predikers na vore gebring is.

Wat die ingesteldheid en die gemaksones van predikers betref, sou predikers bloot uitgedaag kon word om hulle grense te verskuif en bewus te raak van die belemmering. Die beginsel van waagmoed wat reeds bespreek is, asook die bewussyn dat kreatiwiteit 'n doelbewuste gebeure is, behoort predikers reeds ten opsigte van die twee fasette te inspireer.

Die persoonlike omstandighede as belemmering vir kreatiewe vermoëns verdien meer aandag. Die vraag ontstaan of die ander rolspelers in die preekgebeure altyd bewus is van die persoonlike omstandighede van die prediker? Dit wil voorkom asof die ou gesegde van "the show must go on" ook op predikers van toepassing is, ongeag hulle persoonlike omstandighede.

Predikers se eie sienings van kerkwees en prediking, wat as hindernis vir kreatiwiteit dien, dui daarop dat predikers voortdurend met die ontwikkeling van hulle vaardighede besig moet wees. Predikers verval in 'n gemaksone vanweë 'n gebrek aan stimulering oor die lewe en die prediking. Die vraag kan tereg gevra word of predikers genoegsaam aandag skenk aan voortdurende ontwikkeling van vaardighede, vir een van die aktiwiteite wat meeste inset van hulle vra.

**Stellings.**

- 'n Verskeidenheid persoonlike faktore kan aanleiding gee tot die belemmering van predikers se kreatiewe vermoëns.
- Predikers en hoorders moet daarop bedag wees dat persoonlike faktore en die hantering daarvan 'n belemmerende invloed op kreatiwiteit het.
- Predikers moet waagmoed aan die dag lê om die ingesteldheid en gemaksones wat kreatiwiteit belemmer te oorkom.
- Predikers behoort voortdurend aandag te skenk aan die ontwikkeling en instandhouding van preekvaardighede.

### 4.5.2. Eksterne faktore

- Tyd. Die kronologiese tyd in die sin van die uur van die dag sowel as tyd in terme van die hoeveelheid wat vir kreatiewe denke benodig word.
- Vol programme en druk vanuit die gemeente veroorsaak dat sommige predikers op onmoontlike tye van die dag kreatief moet probeer wees.
- Die mense faktor. Benewens die dreinerende aard van die predikante se werk met mense, het die ingesteldheid of houding van mense 'n negatiewe invloed op kreatiwiteit. Negatiwiteit, kritiek, weerstand teen verandering en vernuwing, asook gebroke verhoudinge is deel van die mensfaktor.
- Mense se persepsies en verwagtinge van die erediens en die preek, sowel as die lewensfase waarin hulle hulleself bevind het 'n negatiewe invloed op die kreatiewe vermoëns van die prediker.
- Fisiese hindernisse. Dit sluit die tegnologiese vermoë in, sowel as die uitleg van kerkgeboue wat nie ideaal is veral vir die gebruik van visuele hulp nie. Ook toerusting wat faal en gebeure soos kragonderbrekings belemmer predikante se kreatiewe vermoëns.
- Die grootte van die groep wat bedien word.

Die rol van tyd kan op twee vlakke bespreek word. Dit blyk dat predikers soms gebrekkige beplanning en bestuur van tyd beoefen. Kardinale take soos die formulering van 'n preek word as gevolg van swak tydsbestuur tot op die laaste uitgestel. Aan die ander kant moet die werksdruk en verwagtinge van gemeentes se rol in die tydsgebrek aangespreek word. Gemeentes oorlaai predikers met allerhande eise, wat hulle tyd om effektief aan die prediking te werk inperk. 'n Studie rondom die verwagtinge van kerkrade oor die preke van leraars, asook die persepsies van die preekarbeid en die tyd wat daarvoor benodig word, kan interessante antwoorde lewer.

Die mense faktor as belemmering vir kreatiwiteit. Die aanname dat hoorders ordentlik preke van predikers verwag, word veronderstel as deel van die mensfaktor. Predikers se ervaringe van kritiek dui daarop dat hoorders ongenaakbaar is in hulle omgang met predikers. Dit sou miskien die predikers kon help as hulle betroubare bronne van terugvoering onder die hoorders kon vind, kritici wat opbouend kommentaar kan lewer en wat self iets van die preekproses verstaan.

Ander hindernisse wat genoem is sou waarskynlik deur middel van kreatiewe denke of kreatiewe probleem oplossingstrategieë sinvol aangespreek kon word.

**Stellings.**

- Interne sowel as eksterne faktore kan belemmerend wees vir predikers se kreatiewe vermoëns. Predikers behoort ag te slaan op die faktore en dit, so ver moontlik, te bestuur saam met kerkrade en gemeentes.
- Predikers moet let op hulle eie beplanning en bestuur van tyd, sodat voldoende geleentheid vir die aanwending van hulle kreatiewe vermoëns moontlik gemaak word.
- Hoorders moet sensitief gemaak word vir predikers se belewenis van hulle onbegrip vir die preekproses en afbrekende kritiek.

## 4.6. Faktore wat kreatiwiteit bevorder.

Vanuit die reaksies van predikers is die faktore wat kreatiwiteit bevorder onder ses verskillende temas geformuleer.

### 4.6.1. Sintuiglike stimulering.

Predikers vind visuele stimulering deur kleure, mooi beelde en tonele wat inspireer, asook rolprente. Predikers word gestimuleer deur musiek wat op verskillende maniere kreatiwiteit aanmoedig.

Predikers behoort hulleself proaktief aan 'n reeks stimulerende ervaringe bloot te stel. Dit mag selfs die moeite loon om weekliks geleentheid in die program te skep vir belewenisse wat kreatiwiteit aanvuur. Soos predikers aangemoedig word om die lewenskonteks te bestudeer en te ken, behoort hulle aangemoedig te word om 'n wye reeks belewenisse deel van hulle lewens te maak, waardeur al hulle sintuie gestimuleer kan word. Florence (2008:122) moedig die ontwikkeling van verbeelding aan met die beeld van 'n danser. Die verbeelding moet soos die liggaam van die danser soepel en in oefening bly. "...before he can *see* anything in the text to dance, he has to *practice* seeing, which is going to translate into a lot of barre exercises while he learns to *pay attention to the world and the text with new and faithfull eyes*" (Florence 2008:122).

**Stellings.**

- Doelbewuste stimulering van al die verskillende menslike sintuie sal bydra tot verhoging van kreatiwiteit.
- Predikers moet geleenthede in hulle programme skep om hulle kreatiwiteit te verhoog deur doelbewuste sintuiglike stimulering.

### 4.6.2. Handelinge van die predikers wat kreatiwiteit bevorder.

Predikers se kreatiwiteit word gestimuleer deur deelname aan kreatiewe aktiwiteite soos fotografie, musiek en fliek. Predikers vind dat ander aktiwiteite wat nie noodwendig met preek verband hou stimulerend is. Aktiwiteite soos tuinwerk, of 'n besoek aan 'n inkopie sentrum is onder meer genoem. Omgang met ander kreatiewe media soos digkuns, poësie en humor asook gewone gesonde ontspanning is ook aangedui as bydraers tot verhoogde kreatiwiteit.

In aansluiting by die stimulering van sintuie, is die *ander* dinge wat predikers doen belangrik vir verhoging van kreatiwiteit. Doelgerigte blootstelling aan ander mense se kreatiwiteit in die vorme van musiek, rolprent, digkuns en humor is aan te beveel. Waarskynlik gaan predikers in die verband ervaar dat ander fisiese beperkings hulle aan bande gaan lê. Nogtans blyk dit dat doelbewuste blootstelling aan ander aktiwiteite noodsaaklik is. Dit blyk verder dat dit nie net kreatiewe ervaringe hoef te wees nie, maar gewone ervaringe wat die normale gang van sake onderbreek.

**Stellings.**

- Ander aktiwiteite wat nie noodwendig verband hou met die taak ter sprake nie, dien as stimulering van nuwe denke en gedagtes, en bevorder die kreatiewe vermoëns van die predikers.
- Predikers word aangemoedig om 'n diverse belangstellingsveld te ontwikkel. Deelname aan verskillende aktiwiteite is bevorderlik vir kreatiwiteit.

### 4.6.3. Ander mense en gebeure.

Teenoor die vorige hantering van die negatiewe invloed van mense, blyk dit dat daar tog ook positiewe energie van mense uitstraal wat kreatiwiteit bevorder. Die mense

wat bedien word stimuleer die kreatiwiteit van die prediker, in die besonder die jonger mense. Kollegas is genoem as ‘n belangrike bron van inspirasie vir kreatiwiteit. Omgewingselemente wat die leesmateriaal van die prediker, koerante, e-pos boodskappe en humor insluit het ‘n positiewe invloed op predikers se kreatiwiteit.

Die omgewing waarin die prediker funksioneer het ‘n bepalende invloed op die kreatiwiteit van die prediker. Predikers moet gevolglik daarop fokus om hulself ook met positiewe mense en gebeure te omring. Die werk van die predikant is meermale gevul met die nood en krisis van ander. Vroeër is daar verwys na die dreinerende aard van predikantswerk. Predikers moet dus moeite doen om die negatiewe wat oor hulle pad kom kreatief te hanteer. In essensie gaan dit om die skepping van ‘n positiewe stimulerende omgewing waar die prediker omring is met mense en ervaringe wat opbouend funksioneer.

**Stellings:**

- Goeie kontak met ander mense en die openheid om deur hulle geïnspireer te word tot kreatiwiteit, is ‘n noodsaaklike element in die lewe van die prediker wat kreatief wil wees.

- Die omgewing waar mens woon en werk en die goed wat daar gebeur soos dit in koerante en in omgang met mense ontdek word, is ‘n bron van kreatiewe stimulering.

- Predikers moet ‘n positiewe omgewing skep wat hulle kreatiewe vermoëns sal stimuleer.

### 4.6.4. Die teks en die werking van die Gees

Die teks self is deur predikers as ‘n bron van kreatiewe stimulasie uitgewys. Die literatuursoort, inhoud en die samestelling van die teks is belangrike elemente waarvoor die prediker op die uitkyk moet wees. Saam met die teks gaan die werk van die Heilige Gees. Die Gees werk saam met die prediker en is betrokke in die totale preekproses, onder meer as Inspireerder van die prediker se kreatiwiteit.

Belegging van tyd en harde werk in die voorbereidingsfase, en afhanklikheid van die Gees is aspekte wat nou aan mekaar verbind is.

Die verband tussen die tekskeuse en die werking van die Gees is reeds aangeraak. Moeite met die bestudering van die teks en die doelbewuste ondersoek van die teks met die oog op die kreatiewe geleenthede, is ‘n aanbeveling (vgl Lischer 2005:82). Predikers moet die gewoonte aanleer om te vra wat die inherente kreatiewe momente in die teks is. Die uitgangspunt dat die Gees, van begin tot einde, asook deur middel van die werksaamheid van die prediker aktief betrokke is in die preekgebeure, is reeds gestel. Vroeëre beskrywings van die konsep van teonome resiprositeit is van toepassing in die verband. Die prediker as volledige mens word in die ruime van teonome resiprositeit deur die Gees betrek as medewerker in diens van God.

**Stellings:**

- Spesiale aandag moet aan die teks gegee word om die inherente kreatiewe momente daarvan te ontdek, sodat daarop voortgebou kan word in die res van die preekproses.
- Die prediker moet bewus wees van die ruimte waarin die Gees met hom werksaam is. Die ruimte wat in teologiese taal as teonome resiprositeit beskryf is.

### 4.6.5. Ingesteldheid van die prediker

Predikers se eie benadering of ingesteldheid speel ‘n bepalende rol in hulle kreatiwiteit. Weer is die persoonlike omstandighede en die ervaring daarvan ter sprake. Om bloot meganies deur prosesse te gaan is nie bevorderlik vir kreatiewe vermoëns nie. Nuuskierigheid, bereidheid om te leer en te ontdek deur onder meer te eksperimenteer met alternatiewe, is deel van die ingesteldheid. Die doelbewuste gerigtheid van die prediker op kreatiwiteit het weer ter sprake gekom.

**Stelling:**

- Die prediker moet die ingesteldheid van ‘n ontdekkingsreisiger

aanneem wat doelbewus gaan soek na nuwe moontlikhede om die preekarbeid en ervaring, anders, kreatief te benader.

### 4.6.6. Die motief vir die prediking

Die besef van die werk wat gedoen word en die rede daarvoor, inspireer predikers tot nuwe ywer vir kreatiwiteit. Indien daar geen ander motiewe is wat kreatiewe optrede by predikers aanwakker nie, sou mens bloot kon volstaan met die motief waarmee die prediking beoefen word. Mens sou graag wou aanvaar dat alle predikers, soos die deelnemers aan die navorsing, onder die indruk van die geestelike betekenis van die preekhandeling verkeer.

Kreatiewe optrede deur die prediker het 'n dieper geestelike motivering wat nie net gaan om die hoorders en hulle reaksie nie. Dit gaan in die prediking om die Een wat die opdrag tot prediking gegee het. Dit geskied deur die prediker in afhanklikheid van die Parakleet – Gees.

**Stelling:**

- Hernude bewussyn van predikers se roeping as *verbei dei (Divini) Minister (V.D.M),* bediener van die Goddelike woord, is nodig om die noodsaak van kreatiewe optrede in prediking te bevorder.

## 4.7. Samevatting.

Predikers se verstaan van kreatiwiteit kan in definisie formaat as volg weergegee word:

> Kreatiwiteit word verstaan in terme van voorwerpe, ervaringe en handelinge wat aangewend word met die doel om 'n preek lewe te gee, nuwe moontlikhede te vind, die erediens nuut te laat gebeur, gedagtes visueel voor te stel en doelbewuste alternatiewe te skep.

Predikers se verstaan van kreatiwiteit word onder verskillende temas saamgevat, wat opgesom kan word in terme van die subjektiewe en objektiewe eienskappe. Objektief gesproke word kreatiwiteit beskryf as vernuwende denke oor prediking en die inhoud daarvan, wat lei tot assosiasie van verskillende kontekste met mekaar,

ontdekking van ontontginde potensiaal en skepping van nuwe ervaringe. Kreatiwiteit behels visuele uitbeeldings en unieke interessanthede wat ‘n karakter van vernuwing dra, wat waarde toevoeg aan ‘n gebeure. Kreatiwiteit is ‘n doelbewuste aktiwiteit wat aangeleer en ontwikkel kan word. Dit is funksionele byvoegsels wat die preekproses bevorder en verbeter. Kreatiwiteit gebeur waar die prediker hulpmiddels aanwend wat die prediking kreatief verryk.

Subjektief gesproke word kreatiwiteit uitgedruk in terme van die prediker se waagmoed om vars en nuut te wees sonder om die Woord in gedrang te bring. Kreatiwiteit word verwoord as die benutting en aanraking van al die menslike sintuie. Dit word in verband gebring met ervarings onverwagte onvoorspelbare momente van insig wat as die a-ha-ervaring beskryf word.

Predikers se kreatiwiteit word belemmer deur ‘n aantal interne en eksterne faktore. Interne faktore soos persoonlike omstandighede, gesondheid, persoonlike ingesteldheid, gemaksones en persoonlike vooroordele word genoem. Eksterne faktore wat genoem is behels tyd, mense en fisiese fasiliteite. Meeste van die eksterne faktore is hanteerbaar deur middel van bestuur en beplanning.

Predikers se kreatiwiteit word bevorder deur doelbewuste sintuiglike stimulering, deelname aan skeppende en ontspannende aktiwiteite, sowel as kontak met ander mense. Die prediker se ingesteldheid of wil om kreatief te wees, saam met die teks en die werking van die Gees, sowel as die bewussyn van sy roeping kan as die interne motiewe beskou word wat kreatiwiteit bevorder.

## 5. Kreatiewe prediking

In die eerste deel word die predikers se aanvanklike reaksie op die vraag wat kreatiewe prediking vir hulle beteken saamgevoeg en opgesom in kernbegrippe.

### 5.1. Kreatiewe prediking is...

Predikers se verstaan van kreatiewe prediking is verduidelik aan die hand ‘n aantal verbatim stellings. Om die stellings te reduseer tot ‘n enkele paragraaf is

problematies vanweë die uiteenlopende aard van die inhoud daarvan. Enkele gemeenskaplike temas is onderskei.

Die mees algemene reaksie by predikers was dat kreatiewe prediking *iets is wat iemand anders doen*. Daardie *iets* word geteken as harde werk en moeite, meer as wat deelnemers aan die ondersoek noodwendig doen. Tog is dit duidelik uit die geheel van die onderhoude dat predikers wel moeite doen om preke en eredienste kreatief in te rig. Die vraag is of die gebruik van kreatiewe metodes en selfs ervaringe, kreatiewe prediking aandui.

### 5.1.1. Kreatiewe prediking is 'n proses.

Predikers sien kreatiewe prediking as 'n proses waardeur weggebreek word van die geykte. Die proses impliseer moeite en harde werk, betrokkenheid van mense by die vorming van die preek, en die aanbieding daarvan met ondersteuning van hulpmiddels. Die proses behels die beweging waar die prediker ou waarhede op nuwe maniere oordra en nuwe dimensies ontdek. Om nuut te sien en kyk, is as deel van die proses beskryf.

Die stelling dat kreatiewe prediking harde werk is, kan van enige vorm van prediking gemaak word. Die kern is die wegbreek van die geykte. Predikers se insig dat ou waarhede op nuwe maniere oorgedra moet word deur nuut te kan sien en kyk, sluit aan by die definisies van kreatiwiteit.

**Stelling:**

- Kreatiewe prediking is 'n proses waarin die prediker deur harde werk en die gebruik van hulpmiddels ou waarhede op nuwe maniere sigbaar maak.

### 5.1.2. Kreatiewe prediking is 'n belewenis.

Kreatiewe prediking is vir sommige predikers iets wat ander doen. Hulle beleef ander se werk en beskryf dit as kreatief. In die sin sou kreatiewe prediking verduidelik kon word as enige prediking wat deur ander ervaar en beleef word as kreatiewe prediking. Die wat dit beleef se entoesiasme word daardeur gestimuleer.

Hierdie subjektiewe beskrywing van kreatiewe prediking as iets wat ander doen, en wat beleef moet word, bemoeilik die identifisering van wat presies kreatiewe prediking is. Die definiëring daarvan word uitgelewer aan individuele voorkeur. Volgens die teorie van kreatiwiteit berus die beoordeling van wat kreatief is in die gemeenskap. Die siening van die predikers dat hulle iets as kreatief beleef en dit gevolglik as kreatief beskryf strook met die maatstawwe vir beoordeling van kreatiwiteit.

Die subjektiwiteit van die beoordeling van wat kreatief is of nie, sal waarskynlik vir baie mense 'n ongemak meebring. Predikers se aanvaarding van ervaring as maatstaf vir die beoordeling van kreatiewe prediking is egter in lyn met die huidige tydsgees. Ervaring het in die tye 'n aanvaarbare maatstaf geword waaraan iets gemeet kan word (vgl Pieterse 2002:80; Stiller 2005:6; Thiselton 2009:327). Die subjektiewe belewenis as maatstaf is opsigself nie voldoende om die aard van kreatiewe prediking bloot te lê nie, aangesien wat vir een waarnemer kreatief en mooi is, vir 'n ander onkreatief en lelik kan wees.

**Stellings.**

- Kreatiewe prediking is iets wat beleef kan word beide deur die ontvangers en beoefenaars daarvan.
- Kreatiewe prediking stimuleer die entoesiasme van prediker en hoorder.

### 5.1.3. Kreatiewe prediking word geken aan...

Kreatiewe prediking word beskryf as prediking wat 'n vars nuwe benadering vertoon. Predikers bestempel dit as *nuut kyk*, *'n nuwe dimensie*. Kreatiewe prediking getuig van harde werk en gebruik hulpmiddels in die oordra van die boodskap. Dit openbaar 'n kwaliteit van oorspronklikheid.

**Stelling:**

- Kreatiewe prediking vertoon eienskappe soos: nuutheid, oorspronklikheid, harde werk en die gebruik van hulpmiddels.

### 5.1.4. Kreatiewe prediking as die uitkoms van doelbewuste kreatiwiteit.

Predikers beklemtoon dat kreatiewe prediking doelbewus nagestreef moet word. Predikers moet daaraan werk en spesifiek daarvoor gaan soek. Sommige predikers beskryf dit as die einde van die preekproses, wanneer stof wat doelbewus versamel is bygewerk en toegepas word.

Die doelbewuste kreatiewe benadering tot prediking is voorgehou as teenvoeter vir die stagnering deur die prediker. Doelbewuste afwisseling van die gewone deur ruimte vir funksionele verskeidenheid, is deel van die essensie van kreatiewe prediking. ‘n Waarskuwing is gerig dat doelbewuste kreatiwiteit die potensiele gevaar inhou, dat deur net te fokus op die poging tot kreatiwiteit, die essensie van die preekgebeure verlore kan gaan.

**Stellings.**

- Kreatiewe prediking is ‘n doelbewuste toepassing van kreatiwiteit in die preek proses.
- Kreatiewe prediking streef na doelbewuste ontdekking van nuwe, alternatiewe sieninge en insigte, wat as funksionele verskeidenheid, stagnering teëwerk.

### 5.1.5. Kreatiewe prediking begin by die teks.

Die kreatiewe momente is reeds in die teks opgesluit. Die teks stimuleer die prediker se kreatiwiteit om te ontdek wat reeds binne die teks aanwesig is. Aangesien elke teks uniek is en reeds kreatief gelaai, kan kreatiewe prediking niks anders as egte Skrifprediking wees nie.

Die kreatiewe momente wat in die teks is, dra ook by tot die kreatiewe momente van die res van die erediens. Die kreatiewe preek word gedra en gevorm deur die teks terwyl die res van die erediens gedra en gevorm word deur die inhoud van die preek. Kreatiewe prediking is Skrifgefundeer, nuut, anders en word uit die omgang met die teks gebore.

**Stelling.**

- Die teks is die bron van kreatiwiteit en maak van kreatiewe prediking egte Skrifgefundeerde prediking.
- Kreatiewe prediking word gedra en gevorm deur die teks wat ook as basis vir die res van die erediens dien.

### 5.1.6. Kreatiewe prediking sien die raakvlakke tussen konteks lewe en teks.

Kreatiewe prediking se fokus is wyer as net die gebeure van die prediking, dit moet ook 'n kreatiewe bediening in die gemeente tot gevolg hê. Die fokus op die missionêre gestalte van die gemeente bring prediking, teks, konteks en lewe met mekaar in gesprek. Kreatiewe prediking moet die brug tussen teks, kerk en gemeenskap konstrueer. Die ontvangers gaan kreatief met die boodskap om wanneer dit ontvang en geïmplementeer word binne die konteks van die gestuurde gemeente. Die doel van kreatiewe prediking is om die teks, konteks en lewe te verbind sodat die boodskap nuut en oorspronklik kan tuiskom.

**Stellings.**

- Kreatiewe prediking dien die gestuurde roeping van die gemeente deur teks, konteks en lewe met mekaar in gesprek te bring, met die oog op die realisering van die evangelie boodskap op 'n nuwe en verrassende wyse.
- Kreatiewe prediking stimuleer die hoorder om die boodskap van die preek op nuwe kreatiewe maniere in eie lewe en bediening van die gemeente te realiseer.

### 5.1.7. Kreatiewe prediking is meer as 'truuks' en 'foefies'.

Kreatiewe prediking bestaan nie uit allerhande slimmighede of streke nie. Wie deur toertjies die gemeente wil vermaak is besig met misleiding en tree bloot volgens die reëls van die heersende verbruikerskultuur op. Wedywering tussen gemeentes en leraars om die behoud van lidmate kan aanleiding gee tot slimmighede en streke. Daarom behoort elke prediker te waak teen die versoeking om goeie prediking te

verruil vir tegnologies belaaide prediking, waarin die doel die vermaak van die gemeente of wedywering met die bure is.

Kreatiewe prediking gaan nie om die skouspelagtige of fantastiese visuele uitbeeldings nie, maar om 'n benadering waar daar nuut oor die prediking gedink en gedroom word.  Hierdie vorm van prediking staan eerstens in diens van die doelstellings van die prediking as verkondiging van God se boodskap.  Die eis van egtheid is deur verskeie deelnemers benadruk en behoort een van die belangrikste eienskappe van kreatiewe prediking te wees.

**Stellings.**

- Slimmighede, streke en toertjies is deel van 'n spel wat volgens die reëls van die verbruikerskultuur gespeel word, en hoort nie gereken te word as deel van kreatiewe prediking nie.
- Kreatiewe prediking gaan nie om die skouspelagtige of fantastiese visuele uitbeeldings nie, maar om 'n benadering waar daar nuut oor die prediking gedink en gedroom word, met die oog op die realisering van die doelwitte daarvan.

### 5.1.8. Kreatiewe prediking is die heraanwending van die bestaande.

Die bestaande moet op nuwe maniere ter sprake gebring word.  In kreatiewe prediking is die essensie dat iets wat reeds gesê of gedoen is weer in beweging gebring moet word, en wel op 'n nuwe manier.  Die bestaande moet so geaktiveer word dat dit op nuwe maniere, 'n verskil wat 'n verskil maak sal teweeg bring.  Om dit te doen vra inspanning, tyd en passie.

In die heraanwending van dit wat reeds bestaan kom die begrip innovasie na vore.  Ou goed kan in nuwe kontekste nuut ter sprake gebring word om nuut daarin te funksioneer (vgl Lemons 2005:27 e v).  In die prediking is dit veral 'n noodsaaklikheid gegewe die herhalende geaardheid van die basiese sentrale boodskap van die evangelie (vgl Lischer 2005:127).  Dit gaan oor die heraanwending van die bestaande in nuwe kontekste van betekenis, sodat die boodskap nuut gehoor kan word.

**Stelling:**

- Kreatiewe prediking is in staat om dit wat reeds gesê is, nuut ter sprake te bring, op ‘n wyse wat ‘n verskil sal maak aan die hede.

### 5.1.9. Kreatiewe prediking is meer as gewone prediking.

Kreatiewe prediking is om van die gewone preek ‘n buitengewone preek te maak. ‘n Preek wat nuwe opwinding wek en uit die groef van die gewone breek. Kreatiewe prediking geskied telkens op ‘n ander manier sonder om die essensie van die preekgebeure as verkondiging van die evangelie uit die oog te verloor.

**Stelling.**

- Kreatiewe prediking wek nuwe opwinding vir die boodskap en breek uit die groewe van die alledaagse terwyl die sentrale plek van die evangelie gehandhaaf word.

### 5.1.10. Kreatiewe prediking behels die neem van risiko’s.

Die waagmoed en risiko wat kreatiewe prediking van die prediker eis, mag die enkele faktor wees wat predikers verhinder om kreatief te wil wees. Die moed om grense oor te steek in terme van die doen van nuwe dinge, verskuiwing van grense, aanwending van tegniek en tegnologie, is saam met die moed om mense betrokke te kry in die erediens, inderdaad ‘n uitdagende opsie. In die hantering van faktore wat predikers se kreatiwiteit aan bande lê, is gewys op die negatiewe invloed wat mense en die weerstand teen verandering, op die prediker uitoefen. In die bespreking van kreatiwiteit was moed juis een van die eienskappe wat met kreatiewe persone geassosieer is.

**Stelling.**

- Kreatiewe prediking verlang van predikers om soos dapper helde in ‘n oorlog onverskrokke op te tree, met die einddoel en fokus van die proses in gedagte, naamlik die onthulling van die nuwe horisonne wat die teks aan die hoorder wil wys.

- Kreatiewe prediking daag die prediker uit om grense oor te steek om deur middel van beskikbare tegniek en tegnologie, die verkondiging van die evangelie te dien en bevorder.

## 5.2. Samevatting.

Kreatiewe prediking kan opgesom word as proses waarin die prediker deur harde werk en die gebruik van hulpmiddels nuwe horisonne deur die prediking open. Die ou boodskap word in die proses op nuwe maniere sigbaar, hoorbaar en ervaarbaar gemaak. Die proses vereis harde werk, oorspronklikheid, innovering en moed, sowel as die doelbewuste toepassing van kreatiewe tegnieke met die oog op die ontdekking van die nuwe en die innovering van die oue. Kreatiewe prediking is egte Skrifprediking wat die teks as oorsprong en rigtinggewer benut. Dit verbind die teks met die lewenskonteks van die gemeente en klee die boodskap op 'n nuwe wyse wat die evangelie nuut in die gemeenskap laat grondvat. Kreatiewe prediking is nie 'n vorm van wedywering met die bure of die toepassing van die nuutste toertjies of tegnologie nie, maar eerlike en egte omgang met die doelwitte van die prediking, om die evangelie as bron van hoop en betekenis aan mense te kommunikeer. Kreatiewe prediking is nie sonder risiko nie, en vereis moed van die prediker, om nuwe wêrelde te ontdek en nuwe horisonne van hoop en troos te ontsluit.

# HOOFSTUK 5

## Kreatiewe prediking: Kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die ingewing van die preek.

In hierdie afdeling van die studie word die verskillende versamelings van inligting bymekaar gebring met die oog op die vorming van 'n relevante teorie vir kreatiewe prediking. Die inligting wat versamel is tydens die literatuurondersoek word vervolgens in verband gebring met die inligting wat bekom is tydens die empiriese ondersoek.

Die studie het in hoofstuk een met 'n aantal vermoedens van die navorser oor die praktyk van prediking begin. Die navorser het die dilemma van die prediking beskryf in terme van die probleem dat predikers met 'n basiese "ou" bron, die boodskap van die verlossing in Christus, in 'n veranderende wêreld moet bekend maak. Die risiko bestaan dat prediking, in die nuwe omstandighede waarin mense steeds behoefte het om die boodskap in die vorm van prediking te hoor, lewensvreemd word (vgl Runia 2000:101; Pieterse 2004a:72; Lischer 2005:5; De Roest 2006:178; Troeger 2007:59; Vos 2007:11). Die navorser het verder gevra of predikers, en selfs hoorders, nie een of ander tyd verveeld raak met preke nie en of die gevaar nie bestaan dat die prediking bloot herhaling van dieselfde boodskap is, wat net in ander woorde oorvertel word nie. Die vraag is ook gevra of predikers nie een of ander tyd "leeg gepreek" raak nie.

Die nood van die prediking is geformuleer as 'n gebrek aan kreatiewe prediking. Die navorsingsontwerp het die studie gelei om kreatiewe prediking te bestudeer onder die tema: Kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die ingewing van die preek. Die doel van die studie is,

- om tot die wese van die proses van kreatiwiteit deur te dring en,

- om te verstaan hoedat kreatiwiteit, binne die ruimte van die preekingewingsproses, as instrument van die Heilige Gees funksioneer om van prediking kreatiewe prediking te maak.

Om die doel te bereik, word die kreatiwiteit en die pneumatologie op hermeneutiese wyse tot gesprek gebring met die oog op die vorming van 'n praktiese teologiese teorie vir kreatiewe prediking, wat kan bydra tot die verbetering van die praktyk van die prediking. Die gesprek vind plaas binne die konteks van homiletiek. Binne die konteks, is die prediking beskryf as die verkondiging van die boodskap van die evangelie binne die konteks van die gemeente deur die prediker, met behulp van die gesproke woord, binne die konteks van die samelewing op estetiese wyse.

## 1. Die Pneumatologiese gesigspunt

### 1.1. Algemene samevatting van die pneumatologiese gesigspunt

Pneumatologie is ondersoek in terme van die Bybelse verstaan, belydenisskrifte, pneumatologiese insigte, praktiese teologie en nuwere insigte. In terme van die Bybelse verstaan van die Gees is die Bybel hanteer as getuienisse van mense se ervaringe van God. Aandag is gegee aan die beide die Ou en Nuwe Testamentiese getuienis oor die Gees.

In Ou Testamentiese verband word die woord *rûaḥ* met gees vertaal. Die woord kan ook wind, beweging of asem aandui. Die verskillende betekenismoontlikhede beskryf 'n element van dinamika wat in die verskillende konsepte na vore kom. Die konsepte wat daardeur beskryf word is ook konsepte wat nie onder normale omstandighede sigbaar is nie. Dit word primêr verstaan in terme van die resultate of gevolge van die werking of beweging daarvan. *Rûaḥ* is 'n term wat 'n onbegrypbare kragtige gebeurtenis of beweging beskryf. Wanneer dit van God gebruik word dui dit onder meer die volgende resultate aan, redding; oordeel; kragtige werking van God; andersheid; transendensie en kontras tussen God en mens. Die term word ook van mense gebruik en dui op lewensbeginsel; bron van emosie; intellek; houding en wil. *Rûaḥ* word ook in persoonlike verband gebruik en beskryf deur persoonlike eienskappe en kwaliteite. Dit kan ook eksistensie aandui (vgl Kleinknecht 1968; Dunn 2006; Thiselton 2007; 2, 1.1). *Rûaḥ* beskryf die lewegewende beginsel van God, die skeppermag, bron van oordeel en verlossing, maar ook bron van toerusting

vir ‘n verskeidenheid gawes aan mense. Die *rûaḥ* word beskryf as van God afkomstig, die verpersoonliking van God se teenwoordigheid, God self. Die werking van die *rûaḥ* word onder meer sigbaar in die toerusting aan leiers deur buitengewone gawes en die bemagtiging van profete met allerlei insigte. Die *rûaḥ* is die manifestasie van God se teenwoordigheid wat die geskiedenis en die lewensomstandighede van mens bepaal en beïnvloed. *Rûaḥ* is die teenwoordigheidstelling van God self, “The Beyond who is within” (Thiselton 2007:416). *Rûaḥ* funksioneer gevolglik as kragtige metafoor wat die volle omvang van God se misterie, werking en teenwoordigheid beskryf en benoem.

In Nuwe Testamentiese verband is die term *pneuma* as aanduider van die Heilige Gees nagegaan. Die term het ‘n betekenisveld soortgelyk aan die Ou Testamentiese *Rûaḥ*. Die begrip het in Bybelse en buite-Bybelse materiaal ‘n sterk geestelike konnotasie (vgl 3, 1.3). Die Bybelse voorkoms van die term *Pneuma* as beskrywing van Heilige Gees is uniek. Die uniekheid is geleë in die persoonlike gebruik van die begrip *pneuma* as aanduiding van die teenwoordige God. Pneuma word op verskillende maniere gebruik as aanduider van die menslike gees, geestelike verskynsels in die geesteswêreld en as aanduider van die Gees van God, die Heilige Gees. *Pneuma* is die bron van goddelike krag, bemagtiger van mense en van die Christus, sigbaar en hoorbaar in die gestalte van verskillende natuurlike en bo-natuurlike verskynsels, as simbool van geestelike werking.

Die beskrywing van die werking van *pneuma* word baie nou aan die persoon en werking van Jesus verbind. Die *pneuma* funksioneer as die bron van lewe, inspirasie en bemagtiging in die lewe en werke van Jesus. *Pneuma* is toerusting aan gelowiges waardeur hulle tot geloof kom, gawes ontvang en kennis tot verlossing verwerf. *Pneuma* is die permanente teenwoordigheid van God by gelowiges en staan in verwantskap met Jesus as Seun en met God as Vader. *Pneuma* het ‘n besliste toekoms gerigtheid in die verwagtinge wat daardeur by gelowiges geskep word. Die ervaring van die teenwoordigheid van die *Pneuma* word beskryf in terme van buitengewone ekstatiese ervaringe en verskynsels in die eerste verhale van die Christelike kerk. Die teenwoordigheid van die *Pneuma* bestaan nie noodwendig in die vertoning van uitsonderlike aanskoulike

geestesverskynsels nie, maar eerder in die Christelike lewenshouding en lewenswyse, wat beskryf word as die vrug of resultaat van die *Pneuma*.
Die werk van die Gees in teologiese perspektief is aangedui in terme van die lewe van Jesus voor en na Pase. In die tyd voor Pase word dit veral in terme van die hoofmomente van die Jesusverhaal verduidelik. In die tydperk na Pase kry dit 'n meer universele karakter, wanneer die voortsetting en die bevestiging van Jesus se middelaarsrol met die verhaal van die uitstorting van die Gees tydens Pinkster, vertel word.

Die Parakleet uitsprake van Johannes 14-16 werp lig op die verstaan van die werk van die Gees en die verhouding wat tussen Vader, Seun en Gees bestaan. In die konteks van Jesus se weggaan is die Parakleet-Gees teken van vertroosting. Sy koms is nou verbind aan die volgelinge se liefdevolle gehoorsaamheid aan God. Die Parakleet kom van die Vader, in die naam van Jesus, om by en in die volgelinge van Jesus te bly. Die Parakleet staan onder die gesag, verantwoordelikheid en mag van Jesus. Hy word ook die Heilige Gees genoem met die taak van die onderrig van die volgelinge, en herinnering aan die woorde van Jesus. Die Parakleet se getuienis word nou aan die konsep van waarheid verbind, hy is die betroubare getuie van Jesus.

Die Parakleet word in hegte verbintenis aan Vader en Seun geskets, soos afgelei uit die feit dat albei deel het aan sy koms. Hierdie stuur van die Parakleet sal gebeur wanneer Jesus weggaan. Die Parakleet sal vertroosting bied deurdat hy die skuld van die wêreld, die geregtigheid van Jesus en die afgehandelde oordeel oor die owerste van die wêreld sal bewys. Die Parakleet is die gids of die instrukteur Gees, hy is nie net die draer of oorverteller van die waarheid nie maar is self ook in die waarheid betrokke.

Die toepassing van dié uitsprake in die prediking kan in die volgende lyne gedoen word. Die teenwoordigheid van die Parakleet as *helper,trooster,advokaat en* voortsetter van die werksaamheid van Jesus, is 'n belangrike insig vir die prediking, waar dit besig is met die verkondiging van die evangelie van Christus. Die werksaamhede van die Parakleet kan teenwoordig gestel word in die aanloop tot, en in die proses van die prediking. Dit is die funksie van die Parakleet om te herinner

aan die woorde van Jesus, en om die volgelinge in die woorde van Jesus te onderrig. Die begrippe herinner en onderrig is wesenlik tot die prediking as verkondigingshandeling. Die Parakleet is ook beskryf as getuie. Prediking sou as getuienislewering bestempel kon word waarin die Parakleet, as betroubare getuie wat inspireer met waarheid tot getroue getuienis, funksioneer. Die Prediking is ‘n troosgebeurtenis vir mense wat daagliks die nood van die alledaagse lewe in die wêreld moet aanskou en beleef. Hierin funksioneer die troos van die Parakleet ten opsigte van die geestelike nood van skuld, die versekering van geregtigheid in Christus en die afhandeling van die oordeel oor die owerste van die wêreld. Die Parakleet is egter ook die *helper en voorspraak*. In hierdie omstandighede is die prediking die instrument wat hulp, troos en bemoediging vir die gelowiges genereer deur die teenwoordigstelling van die Parakleet.

Die prediking kan ook beskryf word as ‘n toerustingsgeleentheid, waar die Parakleet as gids en begeleier van die waarheid, as instrukteur en onderriggewer deur versekering van sy persoonlike teenwoordigheid, in die preekgebeure sigbaar gemaak word. Elk van die verskillende dimensies van die werksaamheid en teenwoordigheid van die Parakleet, kan in die konteks van die prediking sinvol aan die orde gebring word. Die Parakleet Gees is die draer en die ondernemer van die preekgebeure.

In die hantering van die werking van die Gees na Pinkster word die nuwe manier van God se teenwoordigheid beklemtoon. God is teenwoordig en werksaam deur die Heilige Gees onder en in gewone mense, op ‘n permanente manier. Hierdie mense ontvang gawes in diens van God. Die fokus van die gawes is nie die mense self nie maar God as gewer daarvan en die gemeenskap as voordeeltrekkers daarvan. Mense word ook bemagtig met die vrug van die Gees, wat as menslike eienskappe, dui op die teenwoordigheid en die effek van die werking van die Gees.

In die nagaan van die geloof in die Heilige Gees soos in die belydenisskrifte van die kerke vervat, word ‘n ontwikkeling van die geloof in die Gees opgemerk. Die vroeëre belydenisse verklaar bloot ‘n geloof in die Heilige Gees. Met verloop van tyd word aandag gegee aan die verstaan van die oorsprong, werking en die rol van die Gees in die persoonlike verhouding met God.

Uit pneumatologiese gesigspunt is die verstaan van die verhouding Vader Seun en Gees vanuit die Trinitariese invalshoek verken. Die verstaan van God as Vader, Seun en Gees word begrond in die ervaring van God as Vader, Seun en Gees. Die Bybelse verhale vertel van ‘n verhouding tussen Vader en Seun, ‘n verhouding tussen die Seun en die Gees sowel as tussen die Vader en die Gees. Die verhale van die Nuwe Testament waarin die samewerking van Vader Seun en Gees op verskillende maniere beskryf word, lei uiteindelik tot ‘n trinitariese teologie as afleiding of interpretasie van die verhale. Die essensie van die verstaan van die leerstuk van ‘n Drie-enige God bestaan nie uit ‘n gekompliseerde optelsom waarin drie persone in een wese vervat moet word nie. Dit bestaan uit die ervaringe van mense wat deur die verhale van die Nuwe Testament gerig word in die verwoording van hulle verstaan van God. Die wese van die trinitariese verstaan van God is dat die “entiteite of persone” van God, nie los van mekaar naas God beskou word nie. God is die gewer van die heil wat deur Christus verwerf en deur die Gees gerealiseer word.

Oor die verband van die Gees, Woord en geloof is geloof aangedui as die wyse waarop die regverdiging van Christus ontvang word en die inwoning van Christus deur die Gees aanvaar word. Geloof, Woord en Gees is onlosmaaklik aan mekaar verbonde (Webster 2003:45) en vorm gevolglik ‘n belangrike band met die prediking. Hierdie verband is beskryf in terme van die Gees wat deur die prediker se geloof en deur die verligting in die Woord, die gebeure van die prediking moontlik maak. Ook in die ontvangs van die prediking as die woord van God, vervul die Gees ‘n kardinale rol deur die Woord te laat grondvat en die lewensverandering in mense te bewerk. Wat die Woord betref, word dit deur die Gees gedra as Woord van God. Die gesag en die effek van die Woord is ten nouste afhanklik van die werking van die Gees.

Die noue verwantskap tussen die werk van Jesus en die werk van die Gees is duidelik aangetoon. Die werkinge van die Gees en van Jesus is uniek. Hoewel dit afhanklik van mekaar is gaan dit nooit in mekaar op nie. Die selfstandigheid van die werkinge moet gehandhaaf word.

Die Pneumatologiese basis vir die Praktiese teologie is te vind in die konsep van teonome resiprositeit (vgl Van Ruler 1969:181; Bohren 1971:76 e v; Rebel 1981:141; Vos 1984:278;Cilliers 1994:68; De Wet 2005:511). Die konsep dui op ‘n God geïnisieerde verhouding waarin mense as volledige mense, met hulle gawes en vermoëns deur God aan die werk gesit word as sy medewerkers. Hierdie in diens neem van mense, geskied deur die Gees as die een wat aanstel om te werk, die bron van inspirasie en vaardigheid, die helper en begeleier in die taak. Die Gees is vir die praktiese teologie die bron van openbaring, voltrekkende krag vir die tuiskoms van die evangelie, en die voedingsbron vir die voortbestaan daarvan. Die praktiese teologie reflekteer oor dit wat aan die werking van die Gees toegeskryf word (De Roest 1998:34), en word deur die werking daarvan beïnvloed. Die prediking is deel van die opgaaf waarmee die praktiese teologie besig is. Die verband tussen die werk van die Gees en die prediking, is gebaseer op die verhale van die werking van die Gees wat in die boek Handeling opgeteken is. Die Gees is aktief betrokke (De Roest 2006:182-186) in die prediking, waardeur mense in die kragveld van Gees ingetrek word om seën, genesing, vergifnis en lewensverandering te ervaar (vgl Burger 2009:23). Die betrokkenheid van die Gees word geskets as uitvoering van die preek (Floor 1987:8-11; Bartow 1997:44; Dingemans 2005:13; Van Dam 2007:82); as effektuering van die heil (vgl Runia 2001:34 e v; Stark 2005:458 e v) en skenker van geloof (vgl De Roest 2006:137).

Hierdie gebeure van die indiensneming van gelowiges voltrek in die gemeente as ruimte waarin die Gees werksaam is. Die Gees is in die geloofsgemeenskap deur God se Woord en mense skeppend werksaam (De Roest 2006:71 e v). Dit is die ruimte waarin God deur die Gees in die preek aan die woord kom (vgl Cilliers 2004:136, Grözinger 2008:99).

In die beskouing van die werksaamhede van die Gees is daar nuwe kontekste gevind waarbinne die werk van die Gees nuut beskou moet word. Praktiese teologie word beoefen teen die agtergrond van die heersende tydsgees (vgl 1, 9). ‘n Leemte bestaan in die verrekening van die hedendaagse verstaan van die wetenskap soos dit ontwikkel het aan die hand van die moderne wetenskapsteorieë (vgl Polkinghorne 1998a:50 e v; 2006:174). Die opgaaf van hierdie studie is weliswaar nie die bestudering of ontwikkeling van ‘n nuwe verstaan van die werking van die Gees,

teen nuwere wetenskaplike agtergronde nie. Dit is nogtans noodsaaklik om ook van hierdie leemte, ook in die praktiese teologie kennis te neem.

## 1.2. Die verstaan van die werking van die Gees soos afgelei vanuit die empiriese navorsing.

Vanuit die empiriese ondersoek is ‘n verskeidenheid perspektiewe op die verstaan en die ervaring van die werking van die Gees ontdek wat versterkend tot bestaande teorie bydra.

### 1.2.1. Die werk van die Gees is buitengewoon en onpeilbaar, onvoorspelbaar en nie rasioneel verklaarbaar nie.

In die literatuurstudie is die karakter van onpeilbaarheid en onvoorspelbaarheid aan die werking van die Gees toegeskryf. Die gebruik van die begrippe *Rûaḥ* en *Pneuma* om die Gees van God te beskryf dui daarop dat hierdie misterieuse karakter van die verstaan van die Gees, nog altyd deel is van die Joods-Christelike manier om uitdrukking te gee aan die onsigbaarheid van God. Vanuit die navorsing blyk dit dat predikers steeds onder die indruk van hierdie verstaan oor God dink. In aansluiting by die beskrywing van die verhouding van teonome resiprositeit, is die goddelike inisiatief wat in die verhouding voltrek, deel van die onverstaanbare misterieuse verstaan van God.

Hoewel die verstaan van die Gees steeds in misterie gehul is, het die navorsing aangedui dat die predikers die werk van die Gees onderskei in die gewone of die normale gang van die lewe. Uit die preekverhale het dit duidelik geword dat die Gees nie noodwendig deur buitengewone of ekstatiese ervaringe nie met die predikers omgaan nie. In terme van die beskrywing van die verhouding van teonome resiprositeit, is die indiensneming van mense as volledige mense beklemtoon.

### 1.2.2. Die a-ha-ervaring en die werking van die Heilige Gees.

Die a-ha- ervaring is beskryf as die skielike en onverwagte insig wat na ‘n tydperk van rus of besig wees met iets anders, eensklaps verskyn (vgl 5, 3.4.9. en 4.2.1.).

Van die predikers het die ervaring as die werking van die Gees beskryf (vgl 5, 3.3.1.). Die ervaring is veral in die konteks van kreatiwiteitsliteratuur verken (vgl 4, 8.1). Goswami (1999) beskryf kreatiwiteit as discontinuous jump out of the existing system. When this discontinuous jump out of a system involves a new context of value that manifests a new product, it is an act of fundamental creativity." (Goswami 1999:57). "Creative thoughts that shift our contexts or reveal new meaning are discontinuous leaps from our ordinary stream-of-consciousness thoughts" (Goswami 1999:67). Nuwe idees kom in kontekste verwyderd van die probleem soos weerligstrale tydens 'n storm, sonder dat mens noodwendig weet waar die idees vandaan kom. Die teorie agter die kwantum sprong help om hierdie diskontinue gebeure van kreatiwiteit te begryp. Dit word beskryf as 'n ou gedagtepatroon wat eensklaps sterf terwyl 'n nuwe gedagte patroon die plek daarvan onmiddelik inneem, sonder enige kousale of lokale verband tussen die twee gebeure (4,1.8).

In hierdie beskrywings van 'n ervaring wat aan werk van die Gees toegeskryf word, word die misterie van beide die werksaamheid van die Gees en die misterie van skielike insig in dieselfde ruimte betrek. Dit moet egter bygesê word dat mense wat nie binne die geloofstradisie staan nie, soortgelyke ervarings beleef. Die navorsing het egter gewys dat die belewenis van die werk van die Gees 'n subjektiewe gebeure is wat verstaanbaar word in die persoonlike konteks van die een wat dit ervaar. Hierdie ervaring is uiteindelik 'n persoonlike geloofservaring wat mag wissel van persoon tot persoon. In die verband kan aangesluit word by die verduideliking van Lanser (2007:71) in verband met die benutting van konstruktiwisme ten opsigte van kreatiwiteit. In hoofstuk 4 (13.4) is alle lewensprosesse as konteks en tydsgebonde beskryf, na aanleiding van Lanser (2007). Menswees behels dat mense word wat hulle is, in interaksie met medemens en omgewing. Kreatiwiteit vind altyd plaas binne die interaksie. Die interaksie is beskryf as die gebeure wat kreatiwiteit moontlik maak, aangesien mense daar saam met mekaar leer en betekenis skep. In die konstruktiwistiese opvatting vind Lanser die ruimte vir kreatiwiteit omdat mense in elke nuwe situasie op grond van wat hulle reeds ervaar het, en op grond van die nuwe waardeur hulle nou uitgedaag word, nuwe denke en handelinge voortbring (vgl 4,13.4). Die subjektiewe ervaring van die werk van die Gees en die geloof dat dit Gees is wat werk, sou ook in hierdie terme beskryf kan word. Predikers wat die a-ha-ervaring beskryf het, het dit verklaar as werking van

die Gees. Die belewenis van die werk van die Gees is ‘n subjektiewe gebeure wat verstaanbaar word in die persoonlike konteks van die een wat dit ervaar. Die aanvaarding en verklaring van die misterie van die gebeure tydens die preekarbeid is ten beste ‘n geloofswerklikheid.

### 1.2.3. Metafoor as instrument om die verstaan van die werking van die Gees te beskryf.

Predikers het gestalte gegee aan hulle verstaan van die werking van die Gees in terme van verskillende metafore (vgl 5, 3.3.1.). Die Gees is verstaan as komponis wat die bladmusiek verskaf waarmee die prediker moet werk. Die Gees is ook beskryf as die Dirigent wat die verskillende partye en instrumente saamtrek tot ‘n sinvolle geheel. Hierdie verskynsel om van die Gees in metaforiese terme te praat is nie ‘n vreemde verskynsel nie (vgl 3,1.1.). Die werking van die Gees in die Ou en Nuwe Testament word in metaforiese terme beskryf. In die behandeling van die verskynsel van metafore en metaforiese taal (vgl 4, 13.6.1.) is ‘n metafoor as ontsluiter van nuwe betekenis beskryf. Deur die gebruik van metafore word mens bevry van gebruiklike betekenisse van woorde en frases, sodat nuwe betekenismoontlikhede ontsluit word. ‘n Metafoor behels dat ‘n woord of uitdrukking in buitengewone konteks aangewend word. Die gebruik van gewone taal sal niks meer as die gewone wat reeds bekend is, kan kommunikeer nie. Deur die gebruik van metafore word die potensiaal geskep om vars en nuwe insig in ‘n gegewe konteks te onthul.

In die beskrywing van die werking van die Gees het deelnemers hulle ervaring en verstaan van die Gees, oor die algemeen in die geykte en bekende terme verwoord. Dit wil voorkom of predikers vasgevang is ‘n eenvoudige bekende manier van praat oor die verstaan van die Gees. In die verkenning van die werk van die Gees in die Bybelse materiaal is dit duidelik dat die werk van die Gees nie gereduseer kan word tot ‘n aantal eenvoudige begrippe nie. Die beskrywing van die Gees in terme van die parakleetuitsprake, bring die aard en die werksaamheid van die Gees as ‘n veelvuldige gebeurtenis met baie verskillende uiteenlopende dimensies aan die lig. Die talle beskrywings van die werkinge van die Gees in die Bybelse materiaal, sowel as die uiteenlopende maniere van verstaan daarvan in die teologiese konteks, lei tot die konklusie dat predikers inderdaad bemagtig moet word om teen die agtergrond

van die veranderende lewenswerklikheid, nuut te kan dink oor die verstaan van die teenwoordigheid en werking van God. Die ontdekking en skepping van nuwe metafore, wat die verstaan van die pluriforme werksaamheid van God kan verhelder en tuisbring in die alledaagse lewe, is die resultaat van kreatiewe denke in diens van die Heilige Gees.

### 1.2.4. Die Gees, die prediker en die preek.

Die empiriese navorsing beklemtoon die werking van die Gees in die prediker en die preekgebeure. Die afleiding is gemaak dat die Gees met en deur die volledige mens werk. Predikers se preekverhale toon aan hoe hulle as volledige mense deel is van die preekproses, deurdat hulle eie ervaringe, gesins- en familie omstandighede in die verskillende prosesse funksioneer (vgl 5. 4.1.). Die Gees werk met die prediker se gawes, talente en algemene vermoëns. Die Gees is betrokke in die siklus van tekskeuse, voorbereiding, verwoording en prediking, as ontsluiter van die boodskap. Die werking van die Gees is beskryf as hermeneuties van aard, wat die verstaan en die tuiskom van die boodskap in die lewe van prediker en hoorder aanspreek. Predikers verstaan steeds dat die Gees die brugbouer tussen Woord en mens is.

Ten opsigte van die realisering van die preek word die Gees verstaan as die ontsluiter van die kreatiewe vermoëns van die prediker. Die predikers het aangetoon dat hulle die teenwoordigheid en die werking van die Gees as van kardinale belang beskou in die preekgebeure. Sonder die Gees is tegniek niks meer as blote tegniek nie. Dit is die Gees wat die deurslag gee in die gebeure van die preek.

Die verstaan van die werking van die Gees is ‘n komplekse onderneming. Die werking van die Gees kan gevolglik bloot in terme van die resultate en belewenisse wat aan die werking toegeskryf word verduidelik word, soos in die geval van die belewenis van ‘n a-ha-oomblik. Die beste manier om uitdrukking te gee aan die verstaan van die werking van die Gees is deur die gebruik van ‘n metafoor. Die noue verband tussen die werksaamheid van die Gees, die Woord en die prediker is ‘n kardinale moment in die pneumatologiese beskouing van die preekgebeure.

## 2. Kreatiwiteit

### 2.1. Algemene samevatting van kreatiwiteit.

Kreatiwiteit is 'n aanleerbare vaardigheid (vgl Baer 1993; De Bono 1996; Cilliers 1998; Buzan 2001; Neethling 2004; Lanser 2007). Die beskrywing van kreatiwiteit kan algemeen saamgevat word in die handelinge van waarneming, denke en insig. Kreatiwiteit is ontdek as waarnemingsproses wat deur doelgerigte waarneming nuut kyk en sien, om die onsigbare en oorspronklike waar te neem. Dit wat gesien is, behoort so geïntegreer kan word dat dit produkte wat anders, onverwags en waardevol is, voortbring. Kreatiwiteit is ook as denkproses beskryf, wat deur wakker, nugter, bewustelike en sensitiewe denke, kan onderskei wat nuut is. Hierdie soort denke vereis eienskappe soos nuuskierigheid en openheid, denke wat soos die van kinders vol verwagtings is om te ontdek, om verskille en ooreenkomste te kan onderskei, en nuwe orde en strukture te kan skep en aanvaar.

Verbeelding as essensiele menslike eienskap, is die vermoë om komplekse gedagtebeelde en simbole te skep en in kombinasie met die werklikheid te bring. Kreatiwiteit is die resultaat van die verbeeldingsprosesse. Kreatiewe produkte en idees is die konkrete gestalte van dit wat in die verbeelding gebore is. Verbeelding is beskryf in terme van diensbaarheid aan die verstaan en verklaring van abstrakte en moeilike verskynsels. Verbeelding werk deur die integrasie van die verbeeldingsvermoë van die brein om abstrakte konsepte deur middel van kreatiwiteit sigbaar en verstaanbaar te maak.

Verbeelding is beskryf as die kontakpunt waar die onsigbare God ontmoet kan word. Die negatiewe konnotasie met die begrip verbeelding as iets wat nie werklik is, of net 'n illusie is, kan daartoe lei dat mense skepties oor die aanwending daarvan is. Die uitdaging vir die kreatiewe prediker is om die skatkamers van die verbeelding te kan ontsluit, om nie net die skatte wat daarin is self te ontdek nie, maar ook ander mense in staat te stel om verbeeldingryk te kan glo en lewe. Die verbeeldingsirkel moet geaktiveer word om die werklikheid te kan herdefinieer deur verskillende lense wat tot nuwe ervaringe kan lei, wat weer opnuut die verbeelding stimuleer tot nog nuwe beskouings van die werklikheid.

Die meetbaarheid van kreatiwiteit is beskryf in terme van die eienskappe van vlotheid van idees (flink denke); buigsaamheid (soepel, aanpasbare denke), oorspronklikheid en uitbreiding.  Kreatiwiteit kan ook meetbaar gemaak word in terme van die *persoon* wat dit beoefen, die *produkte* wat voortgebring word, die *prosesse* in die bereiking van die resultate, asook die *reaksie* van ander daarop (vgl Amabile 1996).

Kreatiwiteit is opgesom in definisie formaat wat vervolgens herhaal word.

> Kreatiwiteit is 'n menslike vermoë wat aangeleer en ontwikkel kan word.  'n Doelgerigte, dinamiese gebeure of aktiwiteit, wat met behulp van waarneming, denke, insig en tegniek nuwe, onverwagte en betekenisvolle resultate oplewer.
>
> Kreatiwiteit is meetbaar aan die teenwoordigheid van die elemente: opinie van gepaste waarnemers, vloeiendheid, of vlotheid van idees, oorspronklikheid, fokus op die essensie, uitbreiding of verfyning van idees, openheid van denke.

Kreatiwiteit is aangedui as 'n verskynsels wat ook in die teologie tuis is as werksaamheid van die Heilige Gees (vgl Lanser 2007). Kreatiwiteit vervul 'n noodsaaklike rol binne die konteks van die teologie waar vrae sonder antwoorde, en 'n werklikhede wat geken word deur radikale vernuwing en verandering oordink en ondersoek word.  Kreatiwiteit is beskryf as 'n visioenêre proses waarin fyner en dieper waarneming ingespan word om die onsienlike God deur die bril van die Skrif waar te neem met oë wat deur die Gees geopen is (vgl Cilliers 1998).  Kreatiwiteit is uit 'n teologiese perspektief opgesom as daardie noodsaaklike deel van die teologie, waar antwoordlose vrae en radikale lewensveranderinge op verbeeldingryke wyse hanteer word.  Kreatiwiteit is op interaktiewe wyse gerig op vryheid, heil en die lewe in verhouding met God en medemens, waar dit dien om die onsigbare onder leiding van die Gees, sigbaar te maak.  Deur die lens van die praktiese teologie is die kreatiewe proses en gebeurtenis, 'n hermeneutiese gebeure wat nuwe verbeeldingryke verstaansmoontlikhede in die ontmoeting tussen teologie en tyd open.

Kreatiwiteit kan opgesom word as aanleerbare vaardigheid wat deur denke, waarneming en insig, nuwe, onverwagse, waardevolle resultate lewer. Noodsaaklike elemente van kreatiwiteit sluit onder meer sensitiewe waarneming, nuuskierigheid en verbeelding in, as belangrikste komponente. Kreatiwiteit is meetbaar en beoordeelbaar. Kreatiwiteit kan teologies beskou word vanuit die geloof in God as skeppende God. Teologies gesproke is kreatiwiteit 'n visioenere proses waardeur die onsienbare sigbaar gemaak word en die onverklaarbare meer helder gemaak word. Kreatiwiteit stel die uitdaging om lewenskwessies verbeeldingryk te verwoord en hanteer.

## 2.2. Kreatiwiteit in die empiriese navorsing.

### 2.2.1. Kreatiwiteit as dekorasie teenoor kreatiwiteit as leefstyl.

Die predikers het oor die algemeen 'n objektiewe beskouing van kreatiwiteit, wat na vore kom in die stelling wat kreatiwiteit opsom as die doelbewuste gebruik van unieke, interessante, illustratiewe en funksionele *voorwerpe* in die prediking. Kreatiwiteit is vir predikers die laaste fase van die preekproses waar die unieke nuwe tot die preek bygevoeg word. Die siening staan teenoor die beskrywing van kreatiwiteit as proses van waarneming en denke wat onverwagte nuwe, waardevolle produkte oplewer. Die objektivering van kreatiwiteit in die vorm van die resultate dui daarop dat 'n noodsaaklike verstelling nodig is alvorens kreatiwiteit deel van die volle preekproses kan word. Solank die kreatiewe 'n byvoegsel is wat agterna tot die prediking gevoeg word, sal dit weinig meer as 'n dekoratiewe funksie vervul wat net sporadiese nuwe insigte oplewer.

Kreatiwiteit is verder geobjektiveer in die beskrywing daarvan as ervaringe, denke of maniere van doen. Dit is handelinge wat woordkuns, en formulering van idees wat vry van clichés is, insluit. Die verbruikersamelewing se klem op produkte en resultate kan as waarskynlike oorsaak van die beskouing aanvaar word. Predikers se beskouing van die doel van kreatiwiteit is opgesom as om die preek lewe te gee, nuwe moontlikhede te vind, die erediens nuut te laat gebeur, gedagtes visueel voor te stel en doelbewuste alternatiewe te skep.

Hier teenoor is kreatiwiteit volgens die teoretiese verkenning daarvan, eerder ‘n leefstyl (vgl 3, 2.2.). Kreatiwiteit is ‘n aanleerbare, ontwikkelbare vaardigheid, ‘n leefstyl waardeur lewenspotensiaal gerealiseer word. Dit word gekenmerk deur die vermoë tot vloeiende denke, buigsaamheid, oorspronklikheid en die uitbouing van idees en gedagtes. Denkvaardighede wat aangeleer en ontwikkel kan word sluit in, sensitiwiteit vir probleme of gapings; die vermoë tot vloeiende denke wat generering van die maksimum aantal idees aanmoedig; buigsaamheid of variasie om verskeidenheid van idees te bewerk; oorspronklikheid wat lei tot nuwe en innoverende idees; uitbreiding en uitbouing van gedagtes asook die vermoë tot herdefiniëring van die bestaande deur nuut sien en dink.

### 2.2.2. Kreatiwiteit is meer as visuele aanbiedings, dit is verbeelding.

Die visuele medium is een van die mees algemene vorme waarin kreatiwiteit uitgeleef word. Die predikers se verhale bevat deurlopend die elemente van die visuele. Hierdie aspek word grootliks bepaal die beskikbaarheid en benutting van elektroniese projeksie apparaat. Kreatiwiteit is egter meer as “powerpoint” aanbiedings” en visuele uitbeeldings. Ander media soos digkuns, musiek en verskillende vorme van illustrasies is ook genoem. Meestal val die klem egter op die visuele.

Predikers het self kritiek uitgespreek teen die verabsolutering van die visuele as kreatiewe hulpmiddel. Meestal blyk dit dat die kritiek veral te doen het met die werk wat daarmee gepaard gaan, sowel as met die tegnologiese uitdagings verbonde daaraan. Enkele praktiese opmerkings is gedoen in die vorm van waarskuwings dat aanbiedings nie lesingagtig of stereotiep nie, maar uniek aan die kerklike konteks moet wees.

Die benutting en stimulering van verbeelding het nêrens in die preekverhale na vore gekom nie. Dit mag wees dat die predikers tydens die onderhoude nie daaraan gedink het nie, maar dit mag inderdaad ook wees dat hulle nie bewus is van die krag van hierdie vorm van waarneming nie. Kreatiwiteit is meer as net visuele aanbiedings, dit is ook veral die stimulering van die verbeelding van mense. Die vermoë om ‘n bestaan in die gedagte wêreld te skep is aangedui in hoofstuk 3,

13.6.2. Van Huysteen (2006:187 e v) se hantering van die pre-historiese rotskuns as konkretisering van mense se verbeeldingswêreld, lei tot die gevolgtrekking dat verbeelding 'n noodsaaklikheid in die verstaan van komplekse aangeleenthede is. Verbeeldingskrag word onder meer vereis om die beeldryke taal van die Bybel te kan verstaan (vgl Florence 2008:116 e v). Van Huysteen(2006:267) se uitdaging aan teoloë om die menslike vermoë tot verbeelding ernstig op te neem, kan in die konteks van kreatiewe prediking ook op predikers van toepassing gemaak word. Kreatiwiteit is meer as visuele uitbeelding, dit is die vermoë om dit wat in die verbeelding ontstaan gestalte te gee, op 'n manier wat nuwe verbeelding by die hoorder aanmoedig. Kreatiwiteit is om met nuwe oë te kyk en dieper te sien as net dit wat voor oë is.

### 2.2.3. Kreatiwiteit as 'n manier van dink.

Predikers het insig getoon in die noodsaak van vernuwende denke. Vanuit die voorbeelde wat genoem is, is dit duidelik dat dit reeds toegepas word deur materiaal uit kontekste soos die rolprentwese, digkuns, musiek en dergelike in die prediking toe te pas. Vernuwende denke behels die ontginning van onontginde moontlikhede, sodat vars woorde beelde en ervaringe geskep kan word. Die noodsaak van die denke vir kreatiwiteit is aangedui met verwysing na Bohm (1998:23) se uitdaging dat die ruiter vinniger as die perd moet dink, om nie te gaan waarheen die perd wil gaan nie. Die noodsaak van die bewustelike denke is ook aangetoon met verwysing na die invloed van onbewuste denkmodelle soos in die werk van Senge (2006:163) aangetoon. Vernuwende denke, kan predikers in staat stel om nuut na ander kontekste te kyk, wat bepalend is vir die ontdekking en ontginning van dit wat nog verborge is. Predikers behoort vernuwend te dink oor die preek en die inhoud daarvan, asook oor die benadering tot die voorbereiding daarvan.

Vernuwende denke, as kreatiewe vermoë, behels die kuns om tussen verskillende kontekste assosiasies te maak met die oog op die nuwe. Die onontginde moontlikhede moet ontgin en bedink word met die oog op skepping van nuwe ervaringe vir die hoorder, om so die uitkoms van die preekgebeure diensbaar te wees.

Die uitdaging van kreatiwiteit is 'n uitdaging tot waagmoed om kreatiwiteit te beoefen, om die grense te toets deur vars en nuut te wees in die prediking, sonder om die sentrale plek van die Woord in gedrang te bring.

### 2.2.4. Kreatiwiteit, ontmoediging en aanmoediging.

Predikers identifiseer 'n aantal faktore wat kreatiwiteit ontmoedig, en 'n aantal wat dit aanmoedig. Persoonlike faktore soos die gesinsomstandighede, persoonlike gesondheid en motivering van die prediker, is aangedui as moontlike hindernisse vir kreatiwiteit. Hierdie faktore raak veral belangrik as kreatiwiteit as lewenswyse en denkwyse verstaan word. Goeie selfsorg en versorging deur die gemeenskap van gelowiges, behoort by te dra tot die bevordering van die prediker se kreatiwiteit en welsyn in die algemeen. Meer uitvoerige verwysing na die aspekte is gedoen by hoofstuk 4, 4.5.1. Van die eksterne faktore wat die swaarste weeg in die ontmoediging van kreatiwiteit, is die faktore wat met tyd en programme te doen het. In die verband gaan dit oor oorlading aan die een kant, maar ook skynbare slegte beplanning, aan die ander kant. Predikers moet kennis neem van die hindernisse op interne en eksterne vlak, aangesien dit nie net kreatiwiteit beïnvloed nie maar die totale menswees van die prediker.

Die bevordering van kreatiwiteit raak die stimulering van die prediker se sintuie op 'n verskeidenheid maniere. Dit blyk uit die preekverhale dat predikers self die belangrikste invloed op die bevordering van hulle kreatiwiteit uitoefen. Stimulering van sintuie, veral die verbeelding is belangrik. Predikers poog inderdaad om meer kreatief te wees. Doelgerigte blootstelling aan ander mense se kreatiwiteit in die vorme van musiek, rolprent, digkuns en humor het uitgestaan as belangrike momente, saam met die insette wat van ander mense, soos kollegas en familie verkry word. Positiewe verhoudinge met ander kreatiewe mense en 'n positiewe omgewing blyk van kardinale belang te wees. In die vorige afdeling is daar reeds gewys op die belang van die werking van die Gees as bron van kreatiwiteit. Predikers behoort gevolglik sensitief te wees vir die wyses waarop hulle die werking van die Gees ervaar en glo. Hulle moet soos ontdekkingsreisigers vir nuwe moontlikhede op die uitkyk te wees.

Die afleidings oor kreatiwiteit kan as volg opgesom word. Kreatiwiteit is nie 'n blote dekoratiewe byvoeging om iets mooi te laat lyk nie. Kreatiwiteit is 'n deurlopende proses wat alle aktiwiteite van begin tot einde volledig insluit. Kreatiwiteit is 'n lewenswyse wat menslike verbeelding aanmoedig en benut. Kreatiwiteit kan bevorder of belemmer word deur 'n aantal interne en eksterne faktore.

## 3. Kreatiwiteit en prediking:

Die vraag na die verband tussen kreatiwiteit en prediking is 'n vraag wat in die empiriese navorsing nagegaan is na aanleiding van die teoretiese aanduidings van die noodsaak daarvan (vgl Achtemeier 1980; Skinner 1990; Han 1996, Cilliers 1998; Joubert 2007; Niemandt 2007; Van Dam 2007, Lanser 2008).
Kreatiwiteit is benoem as noodsaaklike geloofspraktyk vir die kerk (Niemandt 2007:62). In die verband is verwys na die feit dat die verskynsels kreatiwiteit en verbeelding, nie goed gevestig is in die praktiese teologie nie en dat dit selfs nie ernstig opgeneem is, of belangrik geag is nie (Schweitzer 2001:3).

Die praktiese teologie en die Homiletiek is reeds besig met kreatiwiteit en verbeelding (vgl Ballard & Couture 2001). Die logiese afleiding is gemaak dat indien teologie en kreatiwiteit saam hoort, daar ook 'n noue band tussen die prediking as teologiese aktiwiteit en kreatiwiteit is (vgl Heyns en Pieterse 1990:14-19; Cooper & McClure 2003:1 e v). Hierdie verwantskap is verder verryk deurdat die werk van die Gees ten nouste aan die teologiese aktiwiteite verbonde is (vgl Noller 2002:111).

Vanuit die groter perspektief is 'n aantal moontlike definisies kernagtig saamgestel.

- "In preaching creativity occurs where a fresh, provocative, or especially insightful, interpretation of a biblical truth is presented attractively in a manner which differs from the normal" (Skinner 1990:37).
- 'n Kreatiewe erediens sal volgens Engemann (2002:38 e v) ruimteskeppend wees, die toekoms kan antisipeer en die hede met die oog daarop kan verander en die kreatiwiteit van die prediker toelaat in die vorm van die prediker as aktiewe, outentieke subjek in die prediking.

- *Kreatiewe* Prediking is die verkondiging van die Woord van God aan die gemeente deur middel van hermeneutiese, kommunikatiewe en *doelbewuste kreatiewe* metodes soos deur die prediker toegepas.

- Kreatiewe prediking gebeur waar die prediker teologiese waarhede in nie-teologiese taal verwoord, tydlose konsepte in eietydse taal weergee en onveranderlike Bybelse gedagtes of inhoud, in veranderlike tydelike vorme kan weergee (Rossow 1983:8).

- Kreatiewe prediking word gedra deur die werk van die Gees wat direk en indirek met en deur mense, deur middel van hulle sintuie, gawes en ander bedieningsinstrumente waaronder kreatiwiteit resorteer, werk.

- Kreatiewe prediking geskied binne die ruimte van ‘n wederkerige verhouding tussen God en mens waarin God die inisiatief neem deur mense te betrek om saam en aan mense met God mee te werk. Dit hou in dat menslike kreatiewe vaardighede of vermoëns in diens van God gestel word.

- Kreatiewe prediking geskied deur middel van die gebruik goddelike gawes en menslike vermoëns, waardeur die Gees prediker en hoorder tot innerlike en uiterlike hoor en aanvaarding van die heilswerk van Christus inspireer.

- Kreatiwiteit is een van die gawes of vaardighede wat aangeleer en ontwikkel kan word met die oog op kreatiewe prediking. Die prediker moet met vars oë na die bekende boodskap van die Bybel kyk, om die luisteraar te begelei tot die nuwe ver-beeld-ing van die boodskap vir die nuwe omstandighede.

- Kreatiewe prediking vertoon ‘n kwaliteit van oorspronklikheid (vgl Bohm 1998).

- Kreatiewe prediking is prediking wat die geykte patrone van prediking verbreek en oorskry (vgl De Bono 1999).

- Prediking wat nuwe assosiasies tussen die teks en die werklikheid kan maak met ander invalshoeke wat nuut en onverwags is, is kreatiewe preke (vgl Amabile 1996, Lanser 2007).

- Prediking, wat 'n nuwe woord spreek is kreatiewe prediking (vgl van Dam 2007:85).
- Prediking is kreatief wanneer dit die luisteraar se perspektief verander of die luisteraar met nuwe oë laat kyk.
- Kreatiewe prediking is prediking wat nuwe ruimtes skep waar die Woord en die situasie mekaar kan ontmoet.
- Kreatiewe prediking geskied waar predikers daarin slaag om ingewikkelde geloofsfeite aan hoorders te verduidelik deur gebruik te maak van treffende beelde en metaforiese taalgebruik (De Klerk & Nagel 2004:141).

### 3.1. Kreatiwiteit en prediking – perspektiewe uit die empiriese navorsing.

Die hooftemas wat by wyse van analise in die vorm van stellings in hoofstuk 4, 5.1 weergegee is word in die deel verwerk om 'n breë teoretiese basis vir die konseptualisering van kreatiewe prediking te dien.

#### 3.1.1. Kreatiewe prediking is 'n proses.

Kreatiewe prediking is beskryf as 'n proses waarin die prediker deur harde werk en die gebruik van hulpmiddels, ou waarhede op nuwe maniere sigbaar maak. In die preekverhale is die nuwe en die buitengewone as hulpmiddels aan die einde van die preekgebeure bygevoeg. Om kreatiewe prediking as proses te beskryf hou in dat die kreatiewe reeds aan die begin van die preekproses aanwesig moet wees. Wanneer die prediker oor die tema en teks besluit is die kreatiewe proses reeds aan die gang. De Bono (vgl 3, 1.) se denke oor kreatiwiteit gee aanleiding tot die idee dat kreatiwiteit eerstens in die denkprosesse begin waar vasgelegde patrone van informasie wat reeds bestaan en uitgedaag word. In terme van die proses van kreatiewe prediking sou die eerste stap die uitdaging van die bestaande roetine wees. Prediking kan vir die prediker 'n gewoonte handeling word wat volgens die leesrooster of die kerklike jaar voorberei word. De Bono se uitdaging is dat die bestaande gewoontes verbreek moet word om nuwe potensiaal te ontdek. Miskien

sou beswaar aangeteken kan word omdat iets wat werk tot verandering uitgedaag moet word. Die kreatiewe ingesteldheid vereis dat niks in droë roetine sal verval nie, aangesien dit uiteindelik tot stagnering kan lei. Kreatiewe prediking streef na doelbewuste ontdekking van nuwe alternatiewe sieninge en insigte, wat as funksionele verskeidenheid, stagnering teëwerk. Kreatiewe prediking daag die prediker uit om grense van die gebruikilike oor te steek en deur middel van kreatiewe waarneming, denke en insig asook beskikbare kuns, tegniek en tegnologie, die verkondiging van die evangelie op 'n nuwe wyse aan te pak en uit te voer.

Die beskrywing van kreatiwiteit as proses impliseer dat dit nie 'n byvoegsel is wat aan die einde van 'n ander proses gebeur nie. Kreatiwiteit behoort as proses verweef te wees met die proses van preekvoorbereiding wat begin by die keuse van 'n teks en tema en voortgaan deur die ontvangs en uitlewing daarvan deur die hoorder.

### 3.1.2. Kreatiewe prediking is stimulerende prediking.

Kreatiewe prediking stimuleer die entoesiasme van prediker en hoorder. Die ontdekking van iets nuut en anders is 'n stimulerende gebeure wat die een wat dit ervaar, positief stimuleer tot nuwe denke en dade. Kreatiewe prediking stimuleer die hoorder om die boodskap van die preek op nuwe kreatiewe maniere in eie lewe en bediening van die gemeente te realiseer. Hierdie stimulus berus in die feit dat kreatiewe prediking in staat is om dit wat reeds gesê is, nuut ter sprake te bring, op wyses wat 'n verskil maak aan die hede. Kreatiewe prediking is gevolglik iets wat beleef kan word beide deur die ontvangers en beoefenaars daarvan. Die belewenis rus nie net in die briljante aanbieding of die skerp innoverings nie, maar veral ook in die langtermyn gevolge van die prediking. Deur die kreatiwiteit van die prediker en die hoorder word die ruimtes waarbinne die Gees aktief werksaam kan wees vergroot.

Kreatiewe prediking vertoon eienskappe soos: nuutheid, oorspronklikheid, harde werk en die gebruik van hulpmiddels. Kreatiewe prediking is 'n doelbewuste toepassing van kreatiwiteit in die preek proses, wat nuwe opwinding vir die boodskap wek en uit die groewe van die alledaagse wegbreek, terwyl die sentrale plek van die

evangelie gehandhaaf word. In 'n wyer sin kan die eienskappe van kreatiwiteit op hierdie verstaan van kreatiewe prediking toegepas word om dit te verbreed. Die eienskappe van vlotheid of vloeiendheid van idees, buigsaamheid, oorspronklikheid en uitbreiding kan die prediking as kreatiewe prediking verryk. Ander eienskappe wat relevant is raak die prediker as persoon. In die verband noem Adair (2007:34 e v) eienskappe wat bevorderlik is vir kreatiwiteit naamlik, nuuskierigheid en waarnemingsvermoëns wat nie net die bestaande kan sien nie, maar ook dit wat nog nie bekend is nie.

### 3.1.3. Die teks as basis vir kreatiwiteit.

Die teks is die bron van kreatiwiteit en maak van kreatiewe prediking egte Skrifgefundeerde prediking. Kreatiewe prediking word gedra en gevorm deur die teks wat ook as basis vir die res van die erediens dien. Die teks dien as stimulus vir die kreatiwiteit van die prediker onder leiding van die Heilige Gees. Kreatiewe prediking dien die gestuurde roeping van die gemeente deur teks, konteks en lewe met mekaar in gesprek te bring met die oog op die realisering van die evangelieboodskap op 'n nuwe en verrassende wyse. Hierdie 'tot gesprek bring' van die verskillende elemente vereis kreatiwiteit en verbeelding van die prediker waar assosiasies tussen uiteenlopende temas en komponente soms vereis word.

### 3.1.4. Kreatiewe prediking is verbeeldingryke prediking.

Slimmighede, streke en toertjies is deel van 'n spel wat volgens die reëls van die verbruikerskultuur gespeel word, en hoort nie gereken te word as deel van kreatiewe prediking nie. Kreatiewe prediking gaan nie om die skouspelagtige, of fantastiese visuele uitbeeldings nie, maar om 'n benadering waar daar nuut oor die prediking gedink en gedroom word met die oog op die realisering van die doelwitte daarvan. Kreatiewe pogings opsigself is nie die sentrum van die erediens gebeure nie. Om kreatief te wees beteken nie dat predikers soos kulkunstenaars, elke week 'n ander "*haas uit die hoed"* moet haal nie. Onoordeelkundige kreatiewe pogings kan die gemeente skaad en afbreuk doen aan karakter van die erediens as aanbiddings- en bedieningsmoment.

Kreatiewe prediking gaan om die benutting van die verbeeldingsvermoë van die prediker en die hoorder as bron vir die ver-beeld-ing. Die vorming van denk-beelde en rasionele insig is deel van die kreatiewe proses (vgl Bohm 1998:41). Die kreatiewe verbeelding is ‘n gebeure waarin die nuwe as gedagtebeeld in die gedagtewêreld geskep word. Hierdie gedagtebeelde is die resultaat van die fyn waarneming en vinnige denke in die kreatiewe proses. Gedagtebeelde moet egter nie net in die gedagtes bly nie, anders is dit niks meer as dagdromery nie. Die verbeeldingswêreld moet dieper verken en bedink word met die oog op die realisering of toepassing daarvan binne ‘n nuwe realiteit.

Verbeelding lei na ‘n herkenning van die werklikheid (Troeger 1990:28). Hierdie herkenning is nie die gevolg van verbeelding alleen nie, maar wel verbeelding wat deur die Gees aangewakker word, deur die Skrifte georden word, deur homiletiese wysheid verryk word en deur die nood van die wêreld bekragtig word. Eslinger (2002:30) skryf dat beelde in staat is om die werklikheid te “recreate”, wat impliseer dat die prediker met die herroeping van die werklikheid, met ‘n empatiese verbeeldingskrag in die prediking teenwoordig moet wees. Die prediker moet sensitief wees vir die soort beelde wat in die gedagtes van lidmate in herinnering geroep kan word tydens die prediking. Die vermoë om iets te kan sien wat nog nie bestaan of teenwoordig is nie is die essensie verbeelding. Dit is ook die bron van kreatiwiteit. Kreatiewe prediking as verbeeldingryke prediking gaan om die krag van herdefiniëring van die werklikheid deur alternatiewe lense, wat lei tot die ervaring van ‘n hele nuwe realiteit, wat weer lei tot nuwe verbeelding.

### 3.1.5. Kreatiewe prediking: Kreatiwiteit in diens van die Gees in die preekgebeure.

Die begrip gees is geskets as die metaforiese beskrywing waardeur die verstaan van die misterie van die werking en die teenwoordigheid van God gedra word. God is op ‘n persoonlike wyse teenwoordig as Gees tussen en in mense, as die een wat menslike bestaansruimtes vul. Die Gees is teenwoordig en werksaam in en deur die alledaagse van die lewe.

In die Parakleetuitsprake is hierdie teenwoordigheid verduidelik as God se helpende, vertroostende nabyheid wat deur middel van onderrig, herinnering, getuienis, vertroosting en toerusting, op persoonlike manier teenwoordig gestel word. Hierdie Gees dra en besorg die woorde van God sodat dit op nuwe maniere in die lewens van mense tot troos en hoop kan grondvat. Hierdie Gees betrek mense in hierdie werksaamheid as medewerkers van God in die realisering van lewensverandering en lewensvervulling.

Menslike kreatiwiteit word in diens van God deur die Gees ingespan. Hierdie kreatiwiteit as verbeeldingryke denke en leefstyl, word as deel van menslike gawes in die preekarbeid betrek, om van prediking kreatiewe prediking te maak. Die Gees is die draer van die proses van kreatiewe prediking, die stimulus wat spreker en hoorder verlig tot nuwe insig en verstaan vanuit die teks as basis vir die verkondiging. Die Gees is prikkel van die verbeeldingsruimtes waar die Onsigbare binne die ruimtes van menslike verbeelding ontmoet kan word.
Hierdie gebeure is ‘n lewende kunswerk waar die prediker en gemeente die doek is, wat deur die Gees op verbeeldingryke wyse beskilder word. Op hierdie doek word die lewe en die troos vir die lewe in ‘n unieke onherhaalbare daad van verkondiging, onder leiding van die Gees, met kunstige hale geskilder. Deur die kunswerk van die Gees word die daaglikse lewe gedekonstrueer tot essensiele kleure en figure, sodat dit gerekonstrueer te kan word tot die prent waar die Parakleet-Gees op nuwe wyse met troos, hoop en lewensvervulling teenwoordig is. Hierdie teenwoordigstelling word gekonstrueer in beelde van God as Vader wat versorg en omgee, die Christus wat lewensopofferend die liefde van God ten toon stel en die Gees wat Goddelike teenwoordigheid versimboliseer.

## 4. Slot.

Aan die einde van hierdie studie is die navorser oortuig van ‘n nuwe waardering vir die omvangryke pogings wat deur verloop van eeue aangewend is om die teenwoordigheid en die werking van God in die lewe te beskryf, verstaan en te ervaar. Nadat baie bladsye gevul is met die informasie ontstaan nuwe vrae oor die verstaan van God teen die agtergrond van die veranderende wêreld van die een en twintigste eeu. Meeste van die konsepte en beelde wat van God gebruik word, word

aanvaar in die huidige kerklike opset. Die vraag is of daardie konsepte in die toekoms steeds die geloofsgemeenskap sal kan dien om sinvol oor 'n verhouding met God te kan nadink. Hier aan die einde blyk dit dat kreatiwiteit 'n noodsaaklike deel van elke teoloog se mondering moet wees om die vrae wat nog nie gestel is te kan ontdek en beantwoord.

Die navorser is diep onder die indruk van die noodsaaklikheid van kreatiwiteit as lewenswyse. Die uitdaging is om die toepassing van die teorie sodanig te kan uitwerk dat kreatiwiteit deel van menslike mondering vir die toekoms sal wees. Die kerk in Suid-Afrika, in die besonder die tradisionele kerk, staar groot uitdagings in die gesig vir die toekoms. Die vraag bly of die kerk en haar lidmate in staat sal kan wees om te midde van radikale nuwe lewensomstandighede met nuwe oë te kyk na die omgewing en die uitdagings wat dit aan die verstaan van geloof en hoop stel.

Die rol wat verbeelding vervul in die belewenis van die werklikheid open vir die navorser nuwe potensiaal vir aanwending in die praktyk van predikantwees. Verbeelding is steeds 'n begrip wat wantroue kan wek gegegewe die verstaan daarvan as iets onwerklik. In die vermaaklikheidswêreld word die konsep van verbeelding effektief benut as medium. In die rolprentbedryf prikkel rolprente soos Inception, Avatar, Golden Compass, Stardust, die Harry Potter reeks, Star Wars, Alice in Wonderland en Toy Story reeds die verbeelding van die wêreld. Hierdie suksesvolle benutting van die verbeelding, nie alleen deur die vervaardigers, maar ook deur die kykers dui daarop dat daar 'n onontdekte kosmos in die kerk bestaan. Die toekoms van die kerklike bediening sal bepaal word deur die manier waarop die verbeelding ingespan sal word om lewensbetekenis vir gelowiges te bewerk.

Kreatiewe prediking is aangedui as 'n noodsaaklikheid. Dit is egter steeds bloot 'n teoretiese konsep waarvan net die oppervlak geraak is. Die vrae aan die einde van die studie behels die hoe en die wat van kreatiewe prediking as proses waarin menslike kreatiwiteit in diens van die Gees van God gestel word.

Bylaag 1.
**Toestemmingsvorm**

J S Botha (82349224)
Ph.D. (Praktiese Teologie).
Tel : (011) 976-5128
Sel: 083 7856-056

Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria.
Promotor: Prof. C.J.A. Vos.
Medepromotor: Prof. H. J. C. Pieterse

Kreatiewe prediking: Kreatiwiteit ten dienste van die Heilige Gees in die ingewing van die preek.

Hierdie ondersoek vorm deel van navorsing vir die Graad Ph.D. aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

Geagte deelnemer,

Hiermee vra ek vriendelik u toestemming om deel te vorm van my navorsing in verband met kreatiewe prediking. U bydrae sal dien om navorsing in verband met die prediker se kreatiwiteit in diens van die Heilige Gees in die preekingewing te toets en te verhelder.

U deelname aan hierdie ondersoek is vrywillig en dit hou geen risiko's vir u in nie. Daar is ook geen vergoeding van enige aard daaraan verbonde nie. Hierdie is 'n vrywillige deelname aan my ondersoek en is u geregtig om enige tyd u te ontrek van die ondersoek.

Hierdie vorm, sowel as die aantekeninge en dokumentasie wat in die navorsing gegenereer word, sal veilig bewaar, én na afloop van die ondersoek vernietig word om u anonimiteit te verseker.

Met dank

Ds. J S Botha.

**TOESTEMMING**:

Hiermee stem ek die ondergetekende in tot deelname aan die navorsing soos versoek deur Ds. J S Botha.

Handtekening. Datum.

# Bibliografie

Achtemeier, E 1980. *Creative preaching. Finding the words.* Nashille: Abingdon.

Adair, J E 2007. *The art of creative thinking : how to be innovative and develop great ideas.* London; Philadelphia: Kogan Page.

Alder, H 1993. *The right brain manager.* London: Piatkus.

Algemene kommissie vir die erediens, 1988. *Handboek vir die erediens van die Nederduitse gereformeerde kerk.* Kaapstad:NG-Kerk-uitgewers.

Amabile, T M 1996. *Creativity in context.* Oxford: Westview.

Baer, J 1993. *Creativity and divergent thinking: a task specific approach.* Hillsdale, New Jersey: Lawrence Erlbaum associates publishers.

Ballard, P & Couture, P (reds) 2001, *Creativity, imagination and criticism: The expressive dimensions in practical theology*. Cardiff: Cardiff academic press.

Barnard, A C 1985. *Die erediens.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Barnard, P H 2009. Relevante prediking in ‘n veranderende wêreld van relatiwiteit: ‘n ondersoek na deelnamie aan die erediens en die houding teenoor kerk en prediking onder gelowiges in die konteks van die Paarl. PhD Proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Barth, K 1963. *Evangelical Theology: an introduction.* Edinburgh: T&T Clark.

Bartow, C L 1997. *God’s human speech.* Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K: William B Eerdmans publishing company.

Behm, J 1967. *s.v. παράκλητος* in Kittel G & Friedrich, G 1967. *Theological dictionary of the New Testament*. Vol V, 800-814. Grand Rapids Michigan: Eerdmans.

Berkhof, H 1986. *Christian Faith.* Michigan: W B Eerdmans.

Berkouwer, G C 1966. *De Heilige Schrift. Deel 1.* Kampen: Kok.

Berkouwer, G C 1967. *De Heilige Schrift. Deel 2.* Kampen: Kok.

Bettenson, H 1967. *Documents of the Christian church*. London, Oxford, New York: Oxford university press

Black, R A 1995. *Broken Crayons.* Athens, Georgia: Cre8ing places press.

Boden, A M (ed) 1994. *Dimensions of creativity.* Cambridge, Massachusetts: MIT Press.

Bohm, D 1998. *On Creativity*. London & New York: Routledge.

Bohren, R 1971. *Predigtlehre.* Munchen: CHR Kaiser.

Bothma, G 2004. *'n Prakties-teologiese ondersoek na die kerklike jaar in die prediking van Nederduitse Gereformeerde kerk.* PhD proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Bowen, G A 2005. Preparing a qualitative research-based dissertation: Lessons learned. *The Qualitative Report, 10*(2), 208-222. Geraadpleeg op 30 Mei 2009, http://www.nova.edu/ssss/QR/QR10-2/bowen.pdf

Brown, C (ed) 1986. *The new international dictionary of New Testament theology. Vol 3.* Grand Rapids. Michigan: Zondervan.

Brown, R E 1984a. *The gospel according to John. Vol 1.* London: Geoffrey Chapman.

Brown, R E 1984b. *The gospel according to John. Vol 2.* London: Geoffrey Chapman.

Brown, T F 2008. The use of language, in Long, T G & Tisdale, L T (reds). *Teaching preaching as a Christian practise. A new approach to homiletical pedagogy, 101-115*, Louisville, London: Westminster John Knox press.

Brueggemann, W 1989. *Finally comes the poet. Daring speech for proclamation.* Mineapolis: Fortess Press.

Brueggemann, W 1995. Preaching as reimagination. *Theology today.* 52(3), 313-329.

Brümmer, V 2005. *Atonement, Christology and the Trinity. Making sense of Christian doctrine*. England : Ashgate.

Burger, C W 1991. *Praktiese teologie in Suid- Afrika. 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak.* Pretoria : RGN.

Burger, C W 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees.* Stellenbosch: Buvton.

Burger, C W 2009. Ontdek die belang van die erediens, in Wepener, C & Van der Merwe, J 2009. *Ontdekkings in die Erediens.* 15-29, Wellington: Lux Verbi B.M.

Burgess, S M 1984. *The Spirit and the church: Antiquity.* Peabody Massachusetts : Hendrickson Publisher Inc.

Buzan, T 2000. *The mind map book.* London: BBC.

---, 2001. *The power of creative intelligence.* London: Thorsons.

Calvyn, J 1536. *Institusie van die Christelike Godsdiens.* Vertaal deur Simpson, H W 1980, Potchefstroom: PU vir CHO.

Cilliers, J 1994. Pneumatologie en metodologie: 'n Homiletiese perspektief. *NGTT* 35(2), 251-255.

---, 1994a. Prediking as resepsie-estetika: 'n verkenning. *NGTT* 35(4), 583-588.

---, 1996. *Die uitwissing van God op die kansel.* Kaapstad: Lux Verbi.

---,1998. *Die uitwysing van God op die kansel.* Kaapstad: Lux Verbi.

---, 2004. *Die lewende stem van die evangelie.* Stellenbosch: SUN Press.

--- , 2004b Fides quaerens imaginem. Estetika as uitbeelding van die publieke kerk: Liturgie op soek na beelde(1). *PTSA 19(1):1-18.*

Conradie, E M 2009. Pneumatologiese kantaantekeninge rondom eietydse diskoers oor God se handelinge in die wêreld. *NGTT* 50, 322-335.

Cooper, B Z & McClure, J S 2003. *Claiming theology in the pulpit.* Louisville, Kentucky: Westminster John Knox press.

Couchman, D 2002. *Facing the challenge of our time.* Southhampton: Focus Radio.

Cox, H G 2006. Make way for the Spirit, in Volf, M & Welker, M (reds). *God's Life in the Trinity.* Minneapolis: Fortress press.

De Bono, E 1996. *Serious creativity.* Londen: Harper Collins Business.

--- , 1999. *Six thinking hats.* Londen: Penguin.

---, 2007. *How to have creative ideas.* Londen: Vermillon.

De Klerk, B J 2007. Preaching hope within a societal context of hunger and affluence, in Vos, C J A; Hogan, L L & Cilliers, J J (reds) 2007. *Preaching as a language of hope. Studia Homiletica 6,* 177-202. Pretoria: Protea.

De Klerk, B J & Nagel, C J 2004. 'n Beperkte empiriese ondersoek van kreatiewe prediking in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig* 38(1),125-144.

De Klerk, J J 1977. *Prediking.*Pretoria: N G Kerkboekhandel.

De Roest, H 1998. *Communicative identity. Habermas' perspectives of discourse as a support for practical theology.* Kampen: Kok.

---2006. *En de wind steekt op. Kleine ecclesiologie van de hoop.* Zoetemeer: Meinema.

De Wet, F W 2005. Om in die Gees te begin en in eie krag te eindig – die noodsaak van 'n Skrif-gefundeerde prakties-teologiese Pneumatologie. *In die Skriflig 39(3), 505-525.*

Dingemans, G D J 2005. *De stem van de roepende.* Kampen: Uitgeverij Kok.

Dunn, J D G 1998. *The Christ and the Spirit. Vol 2 Pneumatology.* Edinburg: T&T Clark.

Dunn, J D G 2006. Towards the Spirit of Christ: The emergence of the distinctive features of Christian pneumatology, in Welker, M (red), *The work of the Spirit, 3- 26.* Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K: William B Eerdmans publishing company.

Du Randt, J A 1990. *Johannese perspektiewe. Deel 1.* Pretoria: Orion.

Edwards, B 1986. *Drawing on the artist within.* Great Britain: Fontana/Collins.

Elliot, M B 2000. *Creative styles of Preaching*. Louisville Kentucky: Westminster John Knox Press.

Engemann, W 2002. On man's re-entry into his future. The sermon as a creative act, in Immink, G & Stark, C (reds). *Preaching creating perspective*. Utrecht: Societas Homiletica.

Eslinger, R L 2002. *The web of preaching. New methods in homiletic method.* Nashville: Abingdon press.

Fee, G D 1994. *God's empowering presence. The Holy Spirit in the letters of Paul.* Peabody, Massachusetts: Hendrikson.

Fee, G D 2000. *Listening to the Spirit in the text*. Grand Rapids MI, Cambridge U.K: William B Eerdmans.

Feldman, D H; Czikszentmihalyi, M & Gardner, H 1994. Changing the world. A framework for the study of creativity. Westport: Praeger.

Firet, J 1987 Spreken als een leerling. Kampen: Kok.

Fletcher, J 1988. *Effective interviewing.* London: Kogan Page

Flick, U; Von Kardorff, E & Steinke, I 2004. *A companion to qualitative research.* London: Sage

Floor, L 1987. Die Heilige Gees en die prediking. *In die Skriflig.* 21(81), 8-18.

---,1988. *Persoon en werk van de Heilige Geest.* Kampen: Kok.

Florence, A C 2007. The preaching imagination, in Long, T G & Tisdale, L T (reds). *Teaching preaching as a Christian practise. A new approach to homiletical pedagogy,* 116-133, Louisville, London: Westminster John Knox press.

Friberg, T, Friberg, B & Miller, N F 2000. *Analytical lexicon of New Testament Greek, 4 vols.* Grand Rapids: Baker books.

Garhammer, E 2000. *Am Tropf der Worte – literarisch predigen.* Paderborn: Boniftius.

Gaybba, G 2004. *God is a community. A general survey of Christian theology.* Pretoria: Unisa press.

Goswami, A 1999. Quantum creativity. Waking up our creative potential. Cresskill. New Jersey: Hampton press.

Grözinger, A 2007. The parables of the kingdom as fictions of hope, in Vos, C J A; Hogan, L L & Cilliers, J J (ed) 2007. *Preaching as a language of hope. Studia Homiletica 6. 91-100.* Pretoria: Protea.

Grözinger, A 2008. *Homiletik.* Güntersloh: Gütersloher Verlag.

Grözinger, E 2002. Preaching as a lifelong process of creating perspectives, in Immink G, & Stark C (reds) *Preaching: Creating perspective.* 167-183. Utrecht: Societas Homiletica.

Han, J H 1996. How does the Holy Spirit enter into preaching? *The living pulpit.* Vol 5(1), 24-25.

Harris, J H 2008. Interpreting the larger social context. In Long, T G & Tisdale, L T (reds) *Teaching preaching as a Christian practise. A new approach to homiletical pedagogy*, 90-100. Louisville, London: Westminster John Knox press.

Heitink, G 1977. *Pastoraat als hulpverlening.* Kampen: Kok.

---, 1993. *Praktische theologie. Geschiedenis- theorie – handelingsvelden.* Kampen: Kok.

---, 1998. *Pastorale zorg.* Kampen:Kok.

Heitink, G; Pieterse, H J C; Vos, C J A 2000. 'n Poging tot saamdink. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 15(2), 53-72.

Heron, A I C 1983. *The Holy Spirit. The Holy Spirit in the Bible, the history of christian thought and recent theology.* Philidelphia: Westminster Press.

Heyns, J A 1981. *Dogmatiek.* Pretoria: N G Kerk Boekhandel.

Heyns, J A; Jonker W D 1977. *Op weg met die teologie.* Pretoria: N G Kerk Boekhandel.

Heyns, L M; Pieterse, H J C 1990. *Eerste tree in die praktiese teologie.* Pretoria: Gnosis.

Hollway, W & Jefferson T 2000. *Doing qualitative research differently.* London: Sage.

Immink, F G 2005. *Faith a practical theological reconstruction.* Michigan: Eerdmans.

Immink, G & Stark C 2002. *Preaching: Creating perspective. Studia homiletica 4.* Utrecht: Societas homiletica.

Jonker, W D 1976. *Die Woord as opdrag.* Pretoria: N G Kerk Boekhandel.

Jonker, W D 1983. *Die Gees van Christus.* Pretoria: N G Kerk Boekhandel.

Joubert, J v D 2006. A comparative study of the Paraclete statements and references to the Holy Spirit in the Johannine gospel. PhD proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Joubert, S 2007 (red). *Die perfekte storm*. Vereeniging: CUM.

Kilian, J 1985. *Form and style in theological texts.* Pretoria: Unisa.
Kittel, G & Friedrich, G (red) 1967. *Theological dictionary of the New Testament*. Vol V. Grand Rapids Michigan: Eerdmans.

Kittel, G & Friedrich, G (red) 1968. *Theological dictionary of the New Testament*. Vol VI. Grand Rapids Michigan: Eerdmans.

Kleinknecht, H; Baumgärtel, F; Bieder, W; Sjöberg, E & Schweizer, E 1968. s v *πνεῦμα*. In Kittel G & Friedrich, G 1968. *Theological dictionary of the New Testament*. Vol VI, 332-455. Grand Rapids Michigan: Eerdmans.

Kok, J 2008. Siekte en gebrokenheid teenoor genesing en restourasie in Johannes. PhD proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Köstenberger, A J 2004. *John. Baker exegetical commentary on the New Testament.* Grand Rapids Michigan: Baker Academic.

Kurtzberg, Terri R 2005. Feeling Creative, Being Creative: An Empirical Study of Diversity and Creativity in Teams. *Creativity Research Journal* Vol. 17, No. 1, 51–65.

Lanser, A 2007. Die lange achtste dag. Creativiteit en theologie. *Praktische theologie. Nederlands tijdschrift voor pastorale wetenschappen.* 34(1), 65-81.

Lartey, E. The aesthetic as critical tool in practical theology, in Ballard, P & Couture, P (reds), *Creativity, imagination and criticism: The expressive dimensions in practical theology, 31-34*. Cardiff: Cardiff academic press.

Leijssen, L (ed) 1986. *De Heilige Geest en die liturgie.* Leuven: ACCO.

Lemons, G 2005. When the horse drinks: enhancing everyday creativity using elements of improvisation. *Creativity Research Journal* Vol 17, No. 1, 25–36.

Leopoldo, A S M 2003. God against us and for us: Preaching Jesus in the Spirit. *Word and World.* Vol 23(2), 134-144.

Lischer, R 2005. *The end of words.* Grand Rapids, Michigan: Wm.B. Eerdmans.

Long, T G & Tisdale, L T (reds) 2008. *Teaching preaching as a Christian practise. A new approach to homiletical pedagogy*. Louisville, London: Westminster John Knox press.

Lose, D J 2008. Teaching preaching as a Christian practice, in Long, T G & Tisdale, L T (reds). *Teaching preaching as a Christian practise. A new approach to homiletical pedagogy*, 41-57. Louisville, London: Westminster John Knox press.

Louw, D J 2003. The paradigmatic revolution in practical and pastoral theology: From metaphysics (sub-stantial thinking) to empirism (experiential thinking); from theism to theopaschitism (hermeneutical thinking). *PTSA* 18(2) 33-57.

Louw, J P &Nida, E A 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains.* Cape Town: Bible Society of South Africa.

Maree, K (ed.) 2007. *First steps in research.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

Marshall, C & Rossman, G B 1999. *Designing qualitative research. 3rd ed.* California: Sage.

McGrath, A E 2007. *Christian theology. An introduction.* Malden USA : Black-well publishing.

McIntyre, J 1997. *The Shape of pneumatology. Studies in the doctrine of the Holy Spirit.* Edinburg : T& T Clark.

Moltmann, J 2000. *Experiences in theology. Ways and forms in Christian theology.* London: SCM Press.

Moore, T 2008. *A life at work*. Great Britain: PIATKUS.

Moulton, W F, Geden A S & Moulton H K (reds) 1978. *A Concordance to the Greek Testament.* Edinburgh: T &T Clark.

Mouton, J & Marais, H C 1989. *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe.* Pretoria: RGN.

Muller, J C 1990. *Die erediens as fees.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nadeau, J G 2001. From the expressive to the receptive and critical dimensions of imagination, in Ballard, P & Couture, P (reds), *Creativity, imagination and criticism: The expressive dimensions in practical theology*, 25-29. Cardiff: Cardiff academic press.

Neethling, K; Rutherford R 2001. *Creative people can perform miracles.* Vanderbijlpark: Carpe Diem.

Neethling, K 1993. *Kreatiwiteit laat jou wondere verrig.* Pretoria: Benedic.

---, 2004. *Am I clever or am I stupid.* Halfway House: Solutionsfinding.

---, 2005. *Creativity uncovered.* Halfway House: Solutionsfinding.

Nicol, M 2002. The art of preaching versus the doctrine of God? The role dogmatics plays in preaching, in Immink, G & Stark C. *Preaching: Creating perspective. Studia homiletica 4,* 184-201. Utrecht: Societas homiletica.

Nicol, W 1986. Hoe direk lei die Gees? ‘n Dogmatiese en eksegetiese ondersoek rondom Romeine 8:14. *Skrif en kerk*. 7(2), 173-197.

Niemandt, N 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede.* Wellington: Lux Verbi.BM.

Noller. A 2002. A feminist perspective, in Immink G, & Stark C (reds) *Preaching: Creating perspective.* 95-111. Utrecht: Societas Homiletica.

Nürnberger, K 2009. *Die Bybel. Verantwoordelik lees is krities lees.* Wellington: Lux Verbi.BM.

Oberdorfer, B 2006. The Holy Spirit – A person? Reflection on the Spirit's Trinitarian identity, in Welker, M (red). *The work of the Spirit.* 27-46. Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K. : William B Eerdmans publishing company.

Osmer, R R 2008. *Practical theology. An introduction.* Grand Rapids Michigan: Eerdmans.

Osmer, R R & Schweitzer F L (reds) 2003. *Developing a public faith. New directions in practical theology.* St Louis , Missouri: Chalice press.

Pagitt, D 2005. *Preaching re-imagined.* Grand Rapids: Zondervan.

Pieterse, H J C 1979. *Skrifverstaan en prediking*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

---, 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN-Uitgewery.

---, 2002. Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*. 17(1), 75-99.

---, 2004. *Preaching in a context of poverty*. Pretoria: Unisa press.

---, 2005a. Hoe kom God aan die woord in die prediking? Die probleem-stelling. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* 20(1), 77 – 95.

---, 2005b. Hoe kom God aan die woord in die prediking? 'n Vaste vertroue op God se beloftes is teologies noodsaaklik. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* 20(2), 110 – 128.

---, 2005c. Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking. *In die Skriflig.* 39(3), 409-422.

Pieterse, H J C; Greyling, S, Janse van Rensburg, H 2004. Die implikasies van Ricoeur se handelingsteorie vir die homilitiek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika.* 19(1), 89-115.

Pieterse, H J C; Vos, C J A 1991. Pneumatologiese perspektiewe vanuit ‘n kommunikatiewe handelingsteorie. *Acta Theologica.* 11(2),1-18.

Polkinghorne, J 1989. *Science and providence. God’s interaction with the world.* Boston: Shambhala.

---, 1998a. *Belief in God in an age of science.* London: Yale University press.

---, 1998b. *Science and Theology. An introduction.* London: Fortress press.

---, 1991. *Reason and reality: The relationship between science and theology.* London: SPCK.

---, 1995. *Serious talk: Science and religion in dialogue.* London: SCM Press.

---, 2006. The hidden Spirit and the cosmos, in Welker, M (red), *The work of the Spirit, 169-182.* Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K: William B Eerdmans publishing company.

Polkinghorne, J & Welker, M (reds) 2000. *The end of the world and the ends of God. Science and theology on eschatology*. Harrisburg, Pensylvania: Trinity press international.

Rebel, J J 1981. Pastoraat in pneumatologisch perspektief. DD Proefskrif. Kampen: Kok.

Richardson, S A & Dohrenwind, B S & Klein, D 1965. *Interviewing, its forms and funcions.* New York: Basic books.

Rossow, F C 1983. *Preaching the creative gospel creatively.* St. Louis: Concordia publishing house.

Runia, K 2000. Preaching and the word of the Holy Spirit part 1. *Reformed theological review.* Vol 59(1) :101-111.

---, K 2001. Preaching and the word of the Holy Spirit part 2. *Reformed theological review.* Vol 60(1) :30-41.

Shults, F L 2008. Spirit and spirituality: Philosophical trends in late modern pneumatology. *Pneuma 30* : 271-287

Schweitzer, F 2001. Creativity, imagination and criticism: The expressive dimensions in practical theology, in Ballard, P & Couture, P (reds), *Creativity, imagination and criticism: The expressive dimensions in practical theology*, 3-15. Cardiff: Cardiff academic press.

Scobie, C H H 2003. *The ways of our God. An approach to biblical theology.* Grand Rapids Michigan: Eerdmans.

Senge, P M 2006. *The fifth discipline. The art and practice of the learning organization.* London: Random House.

Skinner, C P 1990. Creative biblical preaching. DTh thesis, University of South Africa, Pretoria.

Smit, D 2009. Ontdek die eie aard van die gereformeerde erediens, in Wepener, C & Van der Merwe, J. *Ontdekkings in die Erediens,* 87-108. Wellington: Lux Verbi B.M.

Smit, G 2008. Ekklesiologiese merkers vir missionêre gemeentebediening in 'n post-moderne wêreld. *NGTT* 49(1), 106-177.

Stark, C 2005. *Proeven van de preek.* Zoetenmeer: Boekencentrum.

Sauter, G 2003. *Gateways to dogmatics. Reasoning theologically for the life of the church.* Grand Rapids, MI, Cambridge, U.K: William B Eerdmans.

Stiller, B C 2005. *Preaching parables to postmoderns.* Minneapolis: Fortress press.

Sternberg, R J 2006. The Nature of Creativity. *Creativity Research Journal* . Vol. 18, No. 1, 87–98.

Sweet, L 2007. Bestorm die perfekte storm, in Joubert, S 2007 (red). *Die perfekte storm,* 17-44. Vereeniging: CUM.

Sweet, L; McLaren BD & Haselmayer J 2003. *A is for abductive*. *The language of the emerging church.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Thiselton, A C 2007. *The hermeneutics of doctrine.* Grand Rapids, Michigan/ Cambridge, U.K: William B.Eerdmans publishing company.

Thiselton, A C 2009. *Hermeneutics. An introduction.* Grand Rapids, Michigan/ Cambridge, U.K: William B. Eerdmans publishing company.

Thomas, J 1976. *Homiletische hulplijnen.* 's Gravenhage: Boekencentrum.

Thompson, J W 2008. Interpreting texts for preaching, in Long, T G & Tisdale, L T (reds). *Teaching preaching as a Christian practise. A new approach to homiletical pedagogy*, 61-74. Louisville, London: Westminster John Knox press.

Thompson, M M 2001. *The God of the gospel of John.* Grand Rapids, Michigan: W B Eerdmans.

Tisdale, L T 2008. Exegeting the congregation, in Long, T G & Tisdale, L T (reds), *Teaching preaching as a Christian practise. A new approach to homiletical pedagogy,* 75-89. Louisville, London: Westminster John Knox press.

Torrance, E P 1994. *Creativity: Just wanting to know*. Pretoria: Benedic books.

--- , 1995. *Why fly.* New Jersey: Ablex Publishing corporation.

Torrance, E P & Safter, H T 1999. *Making the creative leap and beyond….* Buffalo, New York: Creative Education foundation.

Troeger, T H 1990. *Imagining a sermon.* Nashville: Abingdon Press.

---, 2007. Seeing visions and dreaming dreams: The imaginative power of preaching hope, in Vos, C J A; Hogan, L L & Cilliers, J J (ed). *Preaching as a language of hope. Studia Homiletica 6.* 59-87. Pretoria: Protea.

Troeger, T H & Everding, H E 2008. *Preaching that engages the whole congregation.* Nashville: Abingdon press.

Turner, W C 2005. Preaching the Spirit: The liberation of preaching. *Journal of Pentacostal Theology.* 14.1. 3-16.

Van Aarde, A 2009. Theological trends in our postsecular age. *Verbum et Ecclesia* 30(1), Art #178, 8 pages. DOI:10.4102/ve.v30i3.178.

Van Aarde, A 2010. Kom ons bely: Jesus het opgevaar na die hemel.... *TEO* 317/1. http:/teo.co.za

Van Dam, G 2007. Creatief schrijven op een oorvolle achtste dag. Over creativiteit in het schrijven van een preek. *Praktische theologie. Nederlands tijdschrift voor pastorale wetenschappen.* 34(1), 82-95.

Van der Ven, J A 1993. *Practical theology an emperical approach*. Kampen: Kok Pharos

Van der Ven, J A 1988. Practical theology from applied to emperical theology. *JET* 1(1), 7-27.

---, 1998. *God reinvented? A theological search in text and tables.* Leiden: Brill.

Van der Watt, J G 2000. *Family of the King. Dynamics of metaphor in the gospel according to John.* Leiden, Boston, Köln: Brill.

Van Gemeren, W A 1997. *New International dictionary of Old Testament theology & exegesis. Vol 3.* Grand Rapids Michigan: Zondervan publishing house.

Van Huysteen, J W 2006. Alone *in the world? Human uniqueness in science and theology.* Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K: William B. Eerdmans publishing company.

Van Pelt, M V; Kaiser, Jr & Block D I 1997. s v *rûaḥ* in Van Gemeren, W A 1997. *New International dictionary of Old Testament theology & exegesis. Vol 3.* Grand Rapids Michigan: Zondervan publishing house.

Van Ruler, A A 1969. *Theologisch werk.* Deel 1. Nijkerk: Callenbach.

Vidu, A 2007. Habits of the Spirit: Reflections on a pragmatic pneumatology. *JETS* 50(1), 105-119.

Volf, M & Welker, M (reds) 2006. *God's Life in the Trinity.* Minneapolis : Fortress press.

Volf, M 2006. Being as God is. Trininty and generosity, in Volf, M & Welker, M (reds), *God's Life in the Trinity,* 3-13. Minneapolis : Fortress press.

Vondey, W 2009. The Holy Spirit and the physical universe: The impact on scientific paradigm shifts on contemporary pneumatology. *Theological studies.* 70:3-36.

Vos, C J A 1984. Die Heilige Gees as kosmies eskatologiese gawe. 'n Eksegeties-dogmatiese studie. DD Proefskrif. UP.

---, C J A 1985. 'n Uitsig op die kosmiese werk van die ruaḥ op die Pneumatologie? *Skrif en kerk.* 6(1), 70-89.

---, C JA 1991. *'n Vlammende lied. Metateoretiese en prakties-teologiese grondslae van die homiletiek.* Intreerede gelewer op 14 Februarie 1991 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Afdeling B aan die Universiteit van Pretoria. Pretoria: UP drukkery.

---, 1995. *Die blye tyding. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perpektief.* Pretoria: R G N uitgewers.

---, 1996a. *Die volheid daarvan 1. Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perpektief.* Pretoria: R G N uitgewers.

---, 1996b. *Die volheid daarvan. 2 Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perpektief.* Pretoria: R G N uitgewers.

---, 2005. *Theopoetry of the Psalms.* Pretoria: Protea Bookhouse.

---, 2007a. *Die afdruk van ons hande.* Pretoria : Protea Boekhuis.

Vos, C J A 2007. Preaching as language of hope, in Vos, C J A; Hogan, L L & Cilliers, J J (ed) 2007. *Preaching as a language of hope. Studia Homiletica 6.* 11-28. Pretoria: Protea.

Vos, C J A; Hogan, L L & Cilliers, J J (ed) 2007. *Preaching as a language of hope. Studia Homiletica 6.* Pretoria: Protea.

Vosloo, W 1983. Ruah/gees in die Ou Testament. *Skrif en Kerk.* 4(2), 40-68.

Waetjen, H C 2005. *The Gospel of the beloved disciple.* New York, London: T & T Clark.

Watt, D 2007. On becoming a qualitative researcher: The value of reflexivity. *The Qualitative Report*, *12*(1), 82-101. Geraadpleeg op 30 Mei 2009, by http://www.nova.edu/ssss/QR/QR12-1/watt.pdf

Webster, J 2003. *Holy scripture. A dogmatic sketch.* Cambridge: University press.

Weiss, R S 1994. *Learning from strangers. The art and method of qualitative interview studies.* New York: The free press.

Welker, M 1998. *God the Spirit.* Minneapolis: Fortress.

Welker, M (red) 2006. *The work of the Spirit.* Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K: William B Eerdmans publishing company.

Wepener. C 2009. Ontdek eietydse tendense en uitdagings rondom die erediens, in Wepener, C & Van der Merwe, J (reds). *Ontdekkings in die Erediens.* 181-194, Wellington: Lux Verbi B.M.

Wepener, C & Van der Merwe, J (reds) 2009. *Ontdekkings in die Erediens.* Wellington: Lux Verbi B.M.

Willis, D 2005, *Clues to the Nicene creed. A brief outline of faith.* Grand Rapids, Michigan. Cambridge, U.K: William B Eerdmans.

Wilson, P S 2008. Marks of faithfull preaching practice, in Long, T G & Tisdale, L T (reds). *Teaching preaching as a Christian practise. A new approach to homiletical pedagogy*. 185-190, Louisville, London: Westminster John Knox press.

Yong, A 2006. *Ruach*, the Primordial Chaos, and the Breath of Life: Emergence Theory and the Creation Narratives in Pneumatological Perspective, in M. Welker, red, *The Work of the Spirit: Pneumatology and Pentecostalism,* 183-204 Grand Rapids, MI: Eerdmans, 2006.

Zerfass, R 1974. Praktishe Theologie als Handlungswissenschaft. *Praktische Theolgie heute.* München: Kaiser / Mainz:Grünewald.